

Hartedief

WANNEER WOLKE BLOED REËN

**RUDIE VAN
RENSBURG**

Skrywer van **VLOEK** en **MERK**



Hartedief

WANNEER WOLKE BLOED REËN

**RUDIE VAN
RENSBURG**

Skrywer van **VLOEK** en **MERK**



RUDIE VAN RENSBURG
HARTEDIEF

Queillerie

'n Luggie waai van die see se kant af, maar plek-plek skroei die sand nog sy voetsole. Die kwik het vroeër vandag skuins duskant veertig grade gedraai.

Hy streel oor sy kaalgeskeerde kop, vies dat hy sy keps in die bakkie vergeet het. Ná twee jaar hier is hy die Weskus-son al goed gewoond, maar sy sensitiewe kopvel is nie altyd teen die venynige strale bestand nie.

Hy draf tot by die groot rots voor hy terugdraai. Die sweet brand in sy ooghoeke. Hy besluit om sy pas te versnel. Sy bene pomp nou reëlmatig.

Hy hardloop verby 'n laaste klompie sonsoekers op die strand, en party se koppe draai om hom dop te hou. Dit stem hom onrustig as mense na hom staan. Maak hom selfs effe paniekerig. Hy weet hy is net paranoïes, maar hy kan dit nie waag om ooit sy waaksaamheid te verslap nie.

Die laaste kilometer hardloop hy voluit. Sy asem jaag toe hy die steil bult na die parkeerplekke uitsukkel. Die sweet drup van sy voorkop af.

Hy sien Mercia eers toe hy bo kom. Sy staan tussen sy bakkie en haar sportmotor.

Sy blik skeer vlugtig oor die mooi vrou. Daar is 'n ligte blos op haar wange. Hy merk die fyn lagplooitjies langs haar bruin oë, haar sensuele mond en die wit rok wat haar dun middeltjie beklemtoon.

“Dareem moeilik om jou op te spoor, John! Wanneer skaf jy vir jou 'n selfoon aan?” vra sy glimlaggend. Haar rok se een skouerbandjie gly af, maar sy los dit so.

Hy lag verleë. “Nog nie so ver gekom nie.”

Sy gooi haar bruin hare oor haar skouers. “Het jy nie lus om vanaand oor te kom nie? Daar is ook 'n paar ander vriende van my. Ons braai snoek – sommer net 'n lekker kuieraand.”

Sy brein werk vinnig. “Ek ... ek het ongelukkig 'n ander afspraak. Ek kry 'n ou vriend van my op ... Jacobsbaai.”

“Dis nou 'n jammerte.” Hy kan die teleurstelling op haar gesig sien.

“Hy is net vanaand in hierdie geweste.”

“Ek verstaan.” Sy klim in haar motor en hy vang 'n glimp van haar bruingebrande bene. “Geniet jou aand,” sê sy deur die oop venster.

“Jy ... ook,” mompel hy.

Sy sê nog iets, maar die dreuning van die enjin doof dit uit. Hy kyk die motor peinsend agterna, klim ná 'n rukkie in sy bakkie en skakel die enjin aan. Die klippers kraak onder die beurende bande toe hy die petrolpedaal intrap.

Hoe lank gaan hy nog agter sulke papierdun verskonings kan skuil? Dis al die derde keer die afgelope maand dat hy 'n uitnodiging van haar van die hand wys.

Maar hy weet hy het so pas weer die regte besluit geneem. Hy kan dit nie eens oorweeg om 'n verhouding met haar aan te knoop nie. Buitendien sou hy vanaand net met 'n mond vol tande tussen haar vriende gesit het, soos elke keer wanneer hy in 'n groep beland. En hy is só moeg om vrae oor sy verlede te ontduik ... of daaroor te lieg.

Hy draai by die oprit in en hou agter die huis stil, waar sy bakkie nie van die straat af gesien sal kan word nie. Niemand sal weet hy is nié vanaand op Jacobsbaai nie. Hy is dankbaar dat die huiseienaar en sy gesin net met vakansies hier kom.

Hy stap met die klippaadjie langs na die agterste woonstelletjie wat hy huur en die afgelope twee jaar huis noem. Toe hy instap, ruik die plek bedompig en hy maak die groot venster oop.

In die beknopte badkamer stroop hy sy klere af en klim in die stort. Die spanning het in sy lyf opgebou, soos altyd wanneer hy sy gevoelens moet onderdruk. Die warm water doen niks om hom te laat ontspan nie. Die druppels kwes hom eerder, soos haelkorrels. Daarna droog hy met koorsige haas af.

Hy hoef nie meer in die spieël te kyk om sy kontaklense uit te haal nie – aanvanklik het dit maar sukkel-sukkel gegaan. Maar voor hy dit doen, bestudeer hy homself lank in die spieël, soos elke dag. Ná twee jaar is hy nog nie gewoond aan die kaalgeskeerde kop en baardlose gesig nie. Dit gee hom altyd 'n mate van gemoedsrus om homself só te beskou. Byna onherkenbaar.

Met die handdoek om sy lyf stap hy na die agterste venster en tuur uit na die grou landskap. Donker wolke het in die noorde opgestapel en die wind het plotseling opgesteek. Dit pluk met sterk, onstuimige vlae aan die boomtoppe. Die soort weer wat nie bevorderlik is vir sy geestestoestand nie.

* * *

Daar is 'n roesemoes van stemme in die klub se kroeg toe hy instap. Hy kyk nie na die aanwesiges nie en gaan sit op sy gebruiklike stoel aan die verste punt van die toonbank.

Dit is drukkend warm, nes eergister toe hy gedraf het. Daar is beslis weer 'n storm aan die broei.

Hy bestel 'n bier. Toe die kroegman dit bring, draai hy sy rug op die mense. Iemand tik hom op sy skouer toe hy sy tweede sluk neem. Hy kyk om. Mercia.

Sy staan amper teenaan hom. Hy ruik haar parfuim. Haar lewendige bruin oë glinster. “En hoe gaan dit vandag met ons dorp se geheimsinnige kluisenaar?” vra sy met 'n guitige glimlag.

“Goed ... dankie,” stamel hy.

“Ek wil jou iets reguit vra, John,” sê sy en raak liggies met haar vingerpunte aan sy voorarm, wat 'n warm sensasie deur sy lyf stuur. Sy leun vorentoe en fluister in sy oor: “Het jy iets teen my? Of hou jy net nie van brunette nie?”

Hy glimlag, antwoord aarselend: “Wat ... bedoel jy?”

“Jy het elke keer 'n ander verskoning as ek jou beter wil leer ken.”

“Almal was darem geldig.”

Haar blik is uitdagend. “Nou reg, kom ons kyk watter een jy dié keer gaan opdis. Kom eet vanaand by my. Net ek en jy. Geen vriende nie.”

'n Roekelose drif pak hom beet en sy ingewande trek saam. Sy stem klink vir hom skor toe hy praat. “Hoe laat moet ek by jou wees?”

Haar gesig helder op. “Seweur sal piekfyn wees.”

* * *

Hy bondel sy klere in twee tasse. Die gedruis van die reën op die sinkdak en die grouheid van die lug spoor hom aan om vinniger klaar te maak. Dit laat die adrenalien soos van ouds deur sy lyf bruis.

Hy sit die koevert met geld en 'n nota vir die huiseienaar op die koffietafel neer en trek die voordeur vir die laaste keer toe. Hy gooi sy tasse agter op die bakkie en trek die seil oor.

By die vulstasie maak hy die bakkie se tenk vol en 'n minuut voor sewe lui hy Mercia se voordeurklokkie.

Sy dra 'n sexy swart uitrusting. Haar lae hals laat nie veel aan die verbeelding oor nie.

Sy beduie na die rusbank oorkant die flikkerende TV-skerm in die klein sitkamertjie. “Jy kan solank sit. Die tyd het my ingehaal. Ek moet gou nog ’n paar dinge in die kombuis doen. Sal nou klaar wees.”

Hy gaan sit, hou haar dop toe sy met swaaiende heupe wegstap. Op die skerm praat ’n nuusleser oor die oorlog in Sirië, maar hy luister nie, sy gedagtes elders.

Dan verstar hy, toe sy gesig lewensgroot op die skerm verskyn. Toe daardie foto geneem is, was hy nog bleek en met ’n wilde boskasie, welige baard en snor, en sy diklensbril.

Die nuusleser se stem tril dramaties. “Dis vandag presies twee jaar gelede dat die reeksmoordenaar Pieter Vermooten uit ’n Johannesburgse psigiatriese inrigting ontsnap het. Hy is steeds op vrye voet. Vermooten was in die nuus oor die wrede moorde op sewe vroue in Gauteng. Hy het al sy slagoffers grusaam vermoor. Ná sy ontsnapping het hy spoorloos verdwyn. Die publiek word opnuut gewaarsku om op die uitkyk te wees vir Vermooten. Ondanks sy ernstige geestelike versteurdheid, was die meeste van sy slagoffers klaarblyklik smoorverlief op hom. Met sy gelykmatige en ingetoë houding het hy oral harte verower. Vermooten is lank, lenig en atleties gebou ...”

Hy kom stadig orent uit die rusbank. Sweetdruppels breek uit op sy voorkop en sy asem stoot branderig in sy keel op. Hy klem sy kake op mekaar terwyl hy voetjie vir voetjie kombuis toe loop.

Sylvia hou die man dop terwyl hy stelselmatig tussen ander kongresgangers deur na sy gereserveerde plek in die voorste gestoeltes beweeg. Daar is 'n gezoem van stemme in die reuselokaal.

Heelparty mense is gretig om met hom 'n geselsie aan te knoop, maar hy vertoef nie lank by een nie. Skud net vinnig hand, knik glimlaggend en beweeg aan. Hy moet seker al moeg wees van die aandag – almal wat eintlik net later by vriende wil spog dat hulle dié Benjamin Beyers se hand geskud het. Toe die media bekend maak dat die rykste sakeman in Afrika (en nommer sestig op Forbes se lys van die vyfhonderd rykste mense in die wêreld) die drie dae lange kongres gaan bywoon, was die sitplekke binne 'n japtrap uitverkoop.

Sylvia het 'n goeie vermoede waarom Beyers ingestem het om hier te wees. Dié spoggerige hotel in Somerset-Wes waar die duisend kongresgangers ook moet oornag, behoort aan die internasionale Beyers-groep. 'n Uitgeslape sakeman is hy beslis, al is die hotelbedryf maar net een klein skakel in sy magtige ryk.

Sylvia beur 'n pad oop deur die mense. Sy is gelukkig om 'n sitplek in die ry skuins agter Beyers te kry. Die verrigtinge begin en ná 'n kort verwelkoming skenk Sylvia weinig aandag aan die eerste spreker. Sy is nie hier om soos die ander na die gevolge van klimaatsverandering te luister nie.

Haar visier bly ingestel op die man skuins voor haar. Vyf-en-vyftig jaar oud, weet sy. Yl vaalbruin hare. 'n Gekromde, groot neus en 'n swak ken. Die fyn net van aartjies op die pofferige wang wat sy van hier af kan sien, is kenmerkend van iemand wat te diep in die bottel kyk. Glo 'n brandewynsuiper van formaat. Allesbehalwe 'n aantreklike man.

Toe daar 'n kort stilte heers voor 'n volgende spreker aan die woord kom, maak Sylvia van haar kans gebruik. Sy stamp die glas voor haar van die tafeltjie af. Dit val kletterend op die vloer.

Beyers kyk om. Hulle oë ontmoet. “Jammer,” fluister sy en glimlag liefies. Hy glimlag terug, sy een mondhoek wat wil-wil opkrul, sy blik wat haar vir 'n oomblik verorber.

Die nuwe spreker het 'n welluidende stem en oordrewe handgebare wat gou die gehoor se aandag aangryp. Maar uit die hoek van haar oog sien Sylvia hoe Beyers gereeld vlugtig na haar omkyk.

Die vis het gebyt. Nou moet sy hom net inkatrol.

* * *

Sylvia se liggaam sidder liggies van ingehoue spanning. Dit gaan 'n senutergende aand wees. En eers aan die einde daarvan sal sy weet of haar waagstuk om haar laaste spaargeld in hierdie sending te belê, die moeite werd was.

Haar navorsing was deeglik. Deur subtiële navrae by die regte mense het sy bevestiging gekry dat Beyers se reputasie as rokjagter nie blote stories is nie. Daaroor word egter net gefluister. Niemand waag dit om hom in die openbaar te beswadder nie. Jy trek nie aan 'n leeu se snorbaard sonder om jou hand in die proses te verloor nie, het een van sy teenstanders op sakegebied vir haar gesê. Maar dit skrik Sylvia nie af nie. Die feit dat Beyers 'n getroude man is, tesame met sy onaantreklikheid, maak van hom 'n sagte teiken – soos heelparty ander mans wat met haar te make gekry het al bewys het.

Terwyl sy alleen hier by 'n tafeltjie in die hotel se restaurant sit, is elke spier en sening in haar lyf snaarstyf gespan. Sy hou Beyers onderlangs dop waar hy pas in die hoek oorkant haar gaan sit het. Sy tafeltjie is die enigste een in die restaurant met 'n afskorting, háár tafeltjie die enigste met 'n uitsig daarop. Sy het al vroeg vanoggend hierdie plek bespreek.

Sy bestudeer die spyskaart, bewus daarvan dat Beyers haar dophou. Maar dinge gebeur vinniger as wat sy verwag het. Die kelner wat pas by Beyers was, kom reguit na haar aangestap. Hy leun oor en vra fluisterend: “Meneer Beyers wil weet of jy nie by hom wil aansluit nie?”

“Waarom sal ons twee nou so alleen sit?” wil Beyers weet toe sy oorkant hom inskuif.

“Dis 'n groot eer om saam met u te eet.”

“Los asseblief die ‘u’, noem my Benjamin.”

Hulle gesels oor ditjies en datjies. Sylvia merk dat Beyers nie sy oë van haar lae hals kan wegskeur nie.

In 'n stadium vra hy hoe oud sy is. “Vier-en-dertig,” sê sy.

Die verbasing op sy gesig lyk eg. “Kan nie wees nie! Jy is nie 'n dag ouer as vyf-en-twintig nie. Kan ek jou ID-nommer sien, want ek is seker jy jok

nou vir my.”

Sy dink eers hy maak ’n grap.

“Ek is ernstig, hoor,” sê hy.

Sy krap in haar handsak en oorhandig glimlaggend haar ID-kaart. “So wraggies!” sê hy kopskuddend. “Jy dra jou jare ongelóóflik goed.”

Voor hulle kos kom, raak hy doenig op sy selfoon. “Jammer, ek stuur net vir my vrou ’n whatsapp dat ek vanaand vroeg in die vere gaan klim en dat sy nie moet bel nie.” Sy skalkse glimlag vertel haar dat hy beslis nie van plan is om vroeg te gaan slaap nie. En ook nie alleen nie.

* * *

Sylvia maak nie ’n oog toe gedurende die nag nie – te bang sy verspil haar groot kans as sy dalk aan die slaap raak. Toe die oggendson uiteindelik deur die gordyne filter en die lig in die kamer voldoende is, haal sy haar selfoon versigtig van die bedkassie af.

Beyers snork nog terwyl sy in die waai van sy arm lê. Sy strek haar arm uit en neem sewe selfies. Sy maak seker dat hulle kaal bolywe duidelik op die foto’s gesien kan word. Daar moet geen twyfel bestaan oor wat hulle hier gedoen het nie.

* * *

Soos hulle vanoggend afgespreek het, kry Sylvia weer vir Beyers by sy tafel. Vanaand kon sy ook die sydeur gebruik wat vir hom gereserveer is om onopsigtelik die restaurant binne te kom.

Sy beskou hom onderlangs. Ná ’n nag saam met hom in sy kamer het haar laaste bietjie vrees vir dié magtige man verdwyn. Vanaand trek sy nie net aan die leeu se snorbaard nie, maar pluk sy dit uit. Soos haar ander slagoffers, gaan hy klei in haar hande wees.

Beyers wil aan haar hand vat, maar sy trek dit weg. Haar rol as verleidster is iets van die verlede. Sy haal die uitgedrukte foto’s uit haar handsak en sprei dit op die tafel voor hom uit. “Die keuse is joune,” sê sy. “Óf jou vrou ontvang só ’n stel foto’s in die pos óf jy betaal my ’n miljoen rand en ek vernietig dit.”

Hy reageer nie soos sy verwag het nie. Trouens, sy ontspanne laggie gooi haar van balans. “O, dan is jy ’n afperser. Jy is die derde een, weet jy.” Hy trek sy lippe op ’n dun strepie. “Tragiese gevolge vir jou twee voorgangers

gewees. Die een is in 'n tref-en-trap-ongeluk oorlede, die ander een is in haar bad doodgeskok toe 'n haardroër daarin beland het.” Hy maak klikgeluidjies met sy tong. “Siestog, nie een het eens kans gekry om my vrou te kontak nie.”

Paniek klop in haar binneste. Het sy hom onderskat? Of praat hy haar net bang? Sy stoot haar ken uitdagend uit. “Ek laat my nie so maklik bluf nie. Jy ken dalk my naam, maar as ek nou hier wegstap, sien jy my nooit weer nie.”

Hy tokkel met sy vingers op die tafelblad. “Dis waar jy die fout maak, my skat. Ek het nie gisteraand my vrou ge-whatsapp soos ek voorgegee het nie, maar jou ID-nommer vir een van my mense gestuur. Ons weet nou álles van jou af. Dis maar 'n voorsorgmaatreëltjie wat ek altyd tref om my teen mense soos jy te beskerm.”

Sy oë skroei haar. “En hoe tragies sal dit nie wees as jou vierjarige dogtertjie, na wie jou vriendin in Kampsbaai tydelik omsien, iets moet oorkom nie, nè? My man wat die huis nou dophou, sê juis sy is so 'n skattige ou krulkoppie met dieselfde mooi kuiltjies in haar wangetjies as haar ma.”

Hy leun vorentoe, sy gesig amper teenaan hare. Sy brandewynasem laat haar terugdeins. “Ek sê jou wat. Kom ons vergeet van die kos en gaan sommer reguit na my kamer.”

Kaptein Kassie Kasselmann is smoorverlief.

Hy het Amalia Keyser 'n maand gelede by die Filatelie-vereniging se kwartaallikse veiling in die Bellville-biblioteek ontmoet. Hulle het albei gestaar na 'n Penny Black-seël wat in 'n glaskas uitgestal is, maar nie deel van die veiling was nie. Hoewel daar baie Penny Blacks in die wêreld is, was dié seël – wat in 1840 in Brittanje uitgereik is – ongebruik.

“ 'n Ongebruikte Penny Black kan maklik vyftigduisend rand op 'n veiling haal,” het sy onderlangs gesê, klaarblyklik sonder om haar regtig aan Kassie te steur.

“Ek ... het een,” het hy gesê.

Haar kop het opgeruk, verbasing op haar gesig. “ 'n Ongebruikte een?!”

Hy't geknik.

Sy het geesdriftig begin babbel oor hoe “fantasties” dit is en dat sy hom beny. Sy het 'n laggie gegee. “Ek en my oorlede man het ses jaar gelede by 'n veiling in Sandton op 'n Rooi Mercurius gebie, maar ons het hier by honderdduisend rand koue voete gekry. Dis uiteindelik vir 'n halfmiljoen verkoop.”

Kassie was beïndruk. Die Mercurius-seëls wat in die 1800's gebruik is om koerante te pos, is in geel, blou en rooi gedruk. Die rooi weergawe was egter van korte duur en is in 1858 gestaak. Bitter min van hulle het oorgebly.

“Ek het 'n paar geles en bloues, maar daai rooie is ook buite my prysklas,” het hy gesê. “Dis nogal vir my nuus dat daar in Suid-Afrika 'n rooie op 'n veiling was.”

En só het hulle behoorlik aan die klets geraak oor gesogte seëls – die Onderstebo Dendermonde, die Onderstebo Jenny, die Baden 9 Kreuzer, die Hawaise Sendelinge, die Britse Guiana 1c Magenta ...

Hulle is later geselsend na die verversingstafel, waar Amalia amper in haar koffie gestik het toe Kassie sê hy het 'n volledige stel Kaapse driehoekseëls.

“Nee, dan is jy beslis in 'n ander liga as ek,” het sy bewonderend gesê.

Kassie het op 'n ander manier na haar begin kyk. Dié mede-seëlversamelaar was nogal 'n aantreklike vrou. Fyn gebou, kortgekapte blonde hare en hemelsblou oë. In haar laat veertigs, het hy geskat.

“Jy is welkom om eendag na my versameling te kom kyk,” het hy gesê. “Bliksis, Kassie, het jy gehoor wat ek sê?” skeur sy kollega, adjudant Rooi Els, sy gedagtes nou weg van Amalia.

Rooi staan by die deur in hulle kantoor.

“Sorry, ek het aan iets gedink,” sê Kassie.

Rooi snork liggies. “Jou gedagtes is deesdae gereeld op ander plekke. Jy het gister ook nie gehoor toe ek jou nooi om saam met my koffie te gaan drink nie. Wat's fout?”

“Niks nie. Maar wat het jy gesê?”

Rooi maak die deur oop. “Ons moet na brigadier Fortuin se kantoor toe. Klink of ons 'n joppie het.”

Hulle stap in die gang af. Rooi steek vas. “O ja, wou jou nog vra. Torretjie maak vanaand haar famous nachos ... daai dis met die mince en avokado en allerhande goetertjies in. Ek onthou jy het 'n paar jaar terug jouself oorhoeks geëet daaraan. Wil jy nie oorkom nie?”

“Dankie, Rooi, dis baie nice van julle om aan my te dink, maar ek het vanaand ongelukkig 'n ... seëlding aan.”

“Dis nou 'n jammerte.”

Kassie voel 'n bietjie skuldig oor die leuen. Maar hy is nie nou al gereed om met iemand oor Amalia te praat nie. Hy weet in elk geval nie hoe sy oor hom voel nie.

Hy troos hom daaraan dat dit darem so half as 'n “seëlding” kan kwalifiseer. Amalia het hom na haar woonstel in Seepunt genooi vir aandete. “Dan kan jy sommer ook na my versameling kyk,” het sy gesê.

Sy maag trek op 'n knop. Dit sal sy eerste besoek aan haar wees.

* * *

Brigadier Shaheena Fortuin is in haar element. Enige hoëprofielsaak wat na die Spesiale Spookeenheid in Kaapstad se kant kom, maak haar lirie gelukkig.

Dit staan vandag weer op haar gesig geskryf, sien Kassie.

“Dit was op al die koerantvoorblaaie en prominent op die TV-nuus. Die reeksmoordenaar Pieter Vermooten, wat twee jaar gelede uit 'n psigiatrisie

inrigting in Joburg ontsnap het, het skielik weer toegeslaan. 'n Week gelede is 'n vrou op Langebaan eers afgryslik vermink en toe vermoor," sê sy.

Kassie knik. Hy verbeel hom hy het so iets gehoor, hoewel hy die laaste tyd nie veel aandag aan die nuus gegee het nie. Amalia het sy aandag afgelei van alles wat op die aardbol plaasvind.

"Hoe seker is hulle dit was Vermooten?" vra Rooi.

"Doodseker. Vingerafdrukke van hom op die moordtoneel gekry, en die manier waarop hy sy slagoffer vermink het, strook met sy Gauteng-moorde."

Kassie frons. "Hoekom word ons betrek? Iemand anders moet tog al lankal voltyds aan só 'n groot saak werk."

Die brigadier gee 'n wrang laggie. "Ons Spookeenheid-kollegas in Johannesburg het destyds ná sy sesde moord die saak by 'n ander eenheid oorgeneem en uitstekende werk gedoen deur hom ná sy sewende moord vas te trap. Maar toe hy uit die psigiatriese inrigting ontsnap, het hy soos 'n groot speld verdwyn. Nou weet hulle hy was al die tyd onder 'n vals naam op Langebaan."

"En hulle vermoed hy is nog in daardie omgewing?" vra Kassie.

"Nee, hulle dink hy is in Kaapstad. 'n Langebaan-inwoner wat hom geken het, het gesien hoe hy ná die moord in die vroeë oggendure met sy blou Hilux die pad Kaap toe vat."

"Hulle het darem seker die Hilux se registrasienommer?" sê Rooi.

Die brigadier haal haar skouers op. "Dit weet ek nie. Die Langebaan-polisie het tot nou toe die saak hanteer. Ons neem dit by hulle oor. Beskou dit maar van nou af as 'n gesamentlike operasie van die Spookeenhede in Johannesburg en Kaapstad."

"Sal ons Langebaan toe moet gaan?" vra Rooi.

Sy knik. "Beslis. Môre al. Ek sal reël dat Lettie vir julle 'n gastehuis daar bespreek. Julle sal die saak van nuuts af moet ondersoek. Dit kan 'n paar dae duur. Sersant Gehasi April van die Langebaan-polisie was tot in hierdie stadium in beheer van die saak. Julle neem die dossier by hom oor, maar moet julle nie te veel aan daardie dossier se inhoud steur nie. Hy is 'n onervare stasiespeurder. Ek glo hy kon 'n hele paar dinge misgekyk het."

"Gehasi! Wat vir 'n naam is dit!" roep Rooi uit.

Kassie lag. "Ook die eerste keer dat ek daai naam buite 'n Bybelse konteks teëkom."

"Enige ander vrae?" vra die brigadier.

“Sal dit moontlik wees dat die Spookeenheid in Joburg vandag nog vir ons dossierafskrifte van Vermooten se moorde in Gauteng stuur? Kan help as ons dit onder oë kry voor ons Langebaan toe gaan,” sê Kassie.

Die brigadier skud haar kop. “Kaptein Callie van As, wat die hoofondersoekbeampte in Joburg was, wil dit juis nie nou al doen nie. Ek het reeds daardie versoek gerig voor julle na my kantoor toe gekom het. Hy verkies dat julle hierdie geval koud benader. Sy redenasie is dat die dossierinligting van die Gauteng-moorde julle kan beïnvloed om sekere aannames te maak wat julle ondersoek op Langebaan kan kontamineer, om sy spesifieke woorde te gebruik.”

“Hmm ... maak seker sin,” gee Kassie toe.

“As julle terug is van Langebaan, het hy onderneem om hierheen te vlieg met die dossierinligting. Hy wil julle graag persoonlik brief oor Vermooten se vorige moorde. Dan kan julle sommer notas vergelyk.”

Sy kom orent agter haar lessenaar. “Julle sal my nou moet verskoon, ek het ’n ander afspraak.” Sy kyk op haar horlosie. “Julle kan die res van die middag afvat om julle dinge vir die Langebaan-trip agtermekaar te kry. Iemand van die Middestad-polisie sal môreoggend agtuur ’n poelkar by Kassie se woonstel aflewer. Dit spaar julle die moeite om eers in te ry Kaap toe. En Lettie sal die gastehuis se besonderhede vir julle whatsapp.”

Sy stap saam met hulle deur toe. “En onthou om die slippies vir julle uitgawes te hou. Die Spookeenheid het ’n ordentlike budget vir dié saak. Die polisiehoof beskou dit as ’n topprioriteit.”

Kassie en Rooi stap terug na hulle kantoor. Rooi babbel onophoudelik, maar Kassie luister nie. Sy gedagtes is terug by Amalia.

Sê nou sy laat val vanaand dat sy ook vir hóm gevoelens het? In sulke situasies moet jy die yster smee terwyl hy warm is. Dit sal hy nie kan doen nie, omdat hy vir die moer alleen weet hoe lank op Langebaan gestrand gaan wees.

Sylvia sit koponderstebo oorkant Benita in dié se huis in Kampsbaai.

Haar kamermaat uit universiteitsdae se stem styg gevaarlik. “Jy kan nie so aangaan nie, Sylvia! Dis nie ’n bleddie lewe om deur getroude mans gespyker te word en hulle dan af te pers nie. Eintlik maak dit jou niks anders as ’n slinkse prostituut nie, om dit nou reguit te sê. Dat jy kon dink jy gaan aanhou daarmee wegkom, gaan my verstand te bowe! En om dit dan nog met ’n magtige man soos Benjamin Beyers te probeer, was totally waansinnig!”

Benita skud haar kop verwoed. “Jy het nie alleen jou eie lewe nie, maar ook jou kind s’n én myne in gevaar gestel. Ek kry koue rillings as ek dink wat Beyers se ou aan ons kon doen. Daardie soort mense het nie gewetes nie. Jy sê dan self vir my hoe wreedaardig die ander twee vroue wat Beyers wou afpers aan hulle einde gekom het.”

Trane wel in Sylvia se oë op. “Ek ... ek besef ek kan nie so aangaan nie, maar wat doen ek om geld te verdien? Ek is nie so gelukkig soos jy om met miljoene te sit nie.”

Benita snork. “Ek het elke sent van daai paar miljoen verdien. Om soveel jaar deur ’n man aangerand te word, was hel op aarde. Om nie eens te praat van die jaar lange hofstryd om die geld uit hom te wurg nie. Moet dus asseblief nie jou situasie met myne wil vergelyk nie.”

Sylvia beskou haar vriendin. Die lyne van swaarkry is ingeëts op haar gesig. Saam met die pofferigheid onder haar oë en glanslose hare laat dit haar lyk soos iemand in haar laat veertigs.

“Sorry, ek weet jy’s deur hel. Ek het maar net bedoel –”

Maar Benita onderbreek haar: “Moenie ’n jammergat-houding met my inslaan nie, Sylvia! Jy het álles in die lewe. Jy’s intelligent en jy lyk op ’n haar na soos ’n jong Elizabeth Taylor.” Sy gee ’n laggie. “As jy maar net weet hoe jaloers die girls op varsity op jou was. Jy kon met die klap van ’n vinger enige handsome ou optel.” Sy bly ’n oomblik stil. “Jy moes eintlik ’n model of aktrise geword het, maar nee, toe jy opskop, kies jy ’n sogenaamd makliker uitweg om geld te verdien. Hoeveel getroude mans was dit?”

“Ek weet nie. ’n Klomp. Ek is nie nou lus om een vir een ...”

“Shit, Sylvia, dis ’n skande dat jy nie eens uit die huis weet hoeveel nie! Maar kom ons los dit. Drink jou tee, dit word koud.”

Sylvia tel die koppie met ’n bewende hand op. “My probleem is dat ek nie ’n sent op my naam het nie. Ek kan nie eens ’n nuwe selfoon bekostig nie. Beyers het my oue vernietig.”

Haar vriendin se stem versag. “Ek hoop jy leer iets daaruit, want jy het ’n helse kopskuif nodig.”

“ ’n Kopskuif?”

“Dat jy nooit weer getroude mans gaan teiken nie.”

Sylvia glimlag wrang. “Dit het ek gemaak toe daai brandewynsuiper my dreig dat hy iets aan Cara gaan doen. Ek sweer, nooit weer nie. Probleem is, ek weet nie wáár om werk te begin soek nie. Sonder ’n graad ...”

“Jy het nie ’n graad nodig nie! Met jou sprankelende persoonlikheid én stunning looks gaan jy tjop-tjop ’n ordentlike job losslaan.”

Trane wel weer in Sylvia se oë op. “Dankie, Benita, jy gee my darem hoop. Maar ... ek weet net nie hoe ek met Cara gaan maak as ek ’n werk kry nie. Ek gaan nie ’n dagsorgsentrum kan bekostig nie. Daai plekke is onbetaalbaar duur in die Kaap. En ’n oppasser is ook buite die kwessie. ’n Goeie een gaan my duisende per maand kos.”

“Jou ma-hulle is nog relatief jonk en hulle is mos versot op hulle enigste kleindogter. Hulle gaan nie omgee om tydelik na Cara om te sien nie. Jy kan haar elke naweek sien. Malmesbury is tog net om die draai.”

Sylvia aarsel. “Dit ... is seker ’n opsie. Ek dink hulle sal dit eintlik verwelkom. Hulle het al in daardie rigting geskimp. Maar ek gaan Cara verskriklik mis.”

“Jy sal ongelukkig sekere opofferings moet maak. Gaan jy aanbly in jou woonstel?”

“Ek kan nie. Dit kos hopeloos te veel. Toe dit nog finansiële goed gegaan het, kon ek dit bekostig, maar nou dat hierdie ding met Beyers geboemerang het, sal ek dit moet opgee. Gelukkig is daar lang waglyste vir woonstelle in Rondebosch. Ek sal vinnig kan uittrek.”

“En waar bly jy dan?”

Sylvia glimlag. “My liewe pa tot die redding. Hy het al ’n tydjie gelede voorgestel dat ek in sy Groenpunt-woonstel gaan bly. Hy het dit jare gelede as ’n belegging aangeskaf. Tot nou was daar ’n langtermynhuurder, maar sy aanhoudende partytjies en lawaaiery in die aande het die ander inwoners in ’n flat spin. Hulle het tot ’n petisie opgetrek. Oor minder as ’n week moet

hy uit en dan kan ek daar intrek. My dierbare pa het selfs gesê ek hoef vir eers nie huur te betaal nie.”

“Nou daar het jy dit! Dis ’n fantastiese geleentheid om jou lewe om te keer, Sylvia!” Benita beskou haar ’n hele rukkie. “En dis dalk tyd dat jy ’n goeie man kry. Iemand wat na jou en Cara sal omsien. Jy is dit aan jou kind verskuldig om haar met ’n pa te laat grootword.”

Sylvia lig haar wenkbroue. “Daar bestaan nie goeie mans nie. Jy, van alle mense, behoort dit te weet.”

“Daar is tóg. Verander net jou ingesteldheid, dan gaan jy die regte man kry – een vir wie jy jou hart onvoorwaardelik kan gee, omdat jy hom liefhet en nie omdat hy geld het nie.”

* * *

Hy wou nie lank in sy eenslaapkamerplekkie vertoef nie. Omdat dit die enigste eiendom is wat hy besit, is die risiko’s te groot om langer as ’n paar dae daar te bly. Die bure kon lastige vrae begin vra.

Nou bekyk hy sy nuwe plek. Die enkele meubelstukke wat hy gekoop het, lyk maar karig in die ruim woonstel. Dit sal vir eers moet doen, besluit hy. Hy is in elk geval nie van plan om ooit mense hier te onthaal nie.

Hy was gelukkig om die plek so vinnig te kry. Staan skynbaar al vir ’n geruime tyd leeg. Hy het die woonstel vir twaalf maande gehuur. Die ligging is ideaal, met talle restaurante en winkels in die omgewing. Ook naby genoeg aan Seepunt om op die promenade te gaan draf.

Anders as op Langebaan, sal hy hier ’n lewe kan lei sonder om die aandag op hom te vestig. Baie makliker om met so ’n kosmopolitiese omgewing saam te smelt.

Hy is verlig dat sy bakkie so gou by sy kontak se chop shop ’n ander voorkoms kon kry: nou silwer, met nuwe bande, traliewerk aan die bak en ’n toesluit-bakkap. Saam met die identiteit waarop hy besluit het, het die nuwe nommerplate gekom. Was slim van hom om twee jaar gelede, net voor hy Langebaan toe is, op elk van sy sewe ongebruikte name ’n bakkie te registreer.

Nou is hy Johan Nel. Algemene naam en van wat nie vreemd op die oorval nie en – net soos “John Venter” op Langebaan – geen wenkbroue sal laat lig nie. Die woonstelhuur sal hy betaal deur een van die maatskappyrekenings wat hy nog nie voorheen gebruik het nie.

Daar is 'n ligte klop aan die deur. Seker die opsigter wat sy spaarsleutels bring. Hy sit vinnig sy bril op en trek die keps laag oor sy oë. Tot tyd en wyl sy hare uitgegroeï het, sal hy dit nie kan waag om sonder laasgenoemde gesien te word nie.

Hy maak die deur oop. Dis 'n bejaarde gryskopvrou. Sy hou 'n bord met koekies vas.

“Aangename kennis,” sê sy, “ek is Tanya van der Westhuizen, bly twee woonstelle van jou af. Ek bring net 'n paar tuisgebakte gemmerkoekies om ons nuwe intrekker welkom te heet.”

Sy steek haar vry hand uit.

Hy glimlag en neem dit. “Ek’s Johan Nel. Dankie vir die eetgoed. Dis baie bedagsaam van u.”

Haar gesig helder op. “Wonderlik! Ek is so verlig jy is 'n boerseun en nie die een of ander uitlander nie!”

Sy kom 'n tree nader, praat in 'n fluisterstem. “Die man hier in die woonstel langs jou is 'n Duitser. Hou elke liewe aand 'n paartie tot wie weet watter tyd in die nag. Ons ander inwoners het tot al 'n petisie opgetrek om kapsie aan te teken oor sy lawaaiery. Uiteindelik het die eienaar van die woonstel nou gehoor gegee aan ons besware en die vent se huurkontrak opgeskort.”

Sy tik hom op die arm, glimlag. “Nou hoef ons nog net 'n paar dae met sy lawaai opgeskeep te sit.”

Kassie bekijk homself vir die soveelste keer in die spieël in sy slaapkamer. Vandat hy agt kilogram afgeskud het, voel hy baie beter oor homself. Sy effense boepmaag is skaars sigbaar terwyl hy die sportbaadjie se onderste knoop vasmaak.

Dank die Vader hy het destyds hierdie baadjie gekoop toe hy tydens die Iskariot-saak halsoorkop verlief geraak het op daai klein bedriegster van 'n Vera Vos. Was dit nie daarvoor nie, sou hy nou ordentlike klere moes aanskaf, wat 'n bleddie plaas se prys sou kos.

Soms kry hy nog nagmerries oor Vos ... van hoe maklik sy hom om die bos gelei het. En dat hy so stupid was om vir so 'n bloedjong dingetjie te val.

Dis só anders met Amalia. Sy is sy portuur. En 'n opregte mens. Sy straal 'n warmte en spontaniteit uit. En dan is haar passievolle belangstelling in seëls natuurlik 'n helse groot bonus.

Hy stap sitkamer toe. Hy is hopeloos te vroeg klaar. Nou halfses, en hy moet eers seweur by haar wees.

Kassie gaan sit op die sitkamerbank wat hy inderhaas gekoop het 'n dag voor Amalia twee weke gelede sy seëls kom besigtig het. Die oue was 'n steen des aanstoots – stoffering het plek-plek by die rugleuning uitgepeul en daar was 'n groot Creme Soda-vlek op die een sitplek.

Hy wou darem nie heeltemal armlastig voorkom nie, want Amalia se blink BMW en die feit dat haar Seepunt-woonstel “ 'n wonderlike uitsig op die promenade en see het”, laat hom glo sy is welaf. Haar man – in lewe 'n sakeman, het sy gesê – moes haar oorgenoeg nagelaat het. Nie dat sy haar grênd hou nie.

Met haar besoek was sy in vervoering oor sy versameling. Hulle het vier uur lank onverpoos oor seëls geklets. Haar afskeidswoorde was dat sy lanklaas 'n aand só geniet het.

Dit was 'n uiters belowende begin.

En toe haar oproep verlede week, uit die bloute in werktyd. Sy het gesê sy is hier in Buitenkantstraat se omgewing en wou weet of hy 'n tydjie kan

afknyp om saam met haar koffie te drink. Kassie kon nie gou genoeg daar uitkom nie.

Dié keer het Amalia hom uitgevra oor speursake wat hy al hanteer het. Sy het verleë erken dat sy 'n bietjie op die internet op hom gespioeneer het en dat sy nie kon glo hoe 'n “famous” speurder hy eintlik is nie.

Toe hulle ná 'n uur groet, het sy liggies aan Kassie se hand gevat, wat elke haar op sy liggaam laat rys het. Terwyl hy in haar hemelsblou oë weggesink het, het sy gevra of hy nie die volgende Woensdagaand by haar wil kom eet nie. Vanaand.

Hy gee 'n lang gaap. Sedertdien het hy snags skaars 'n oog toegemaak.

* * *

Giraffe Bruinders is baie happy oor hoe dinge uitgedraai het. As die Wes-Kaap se magtigste gangster-baas het hy nou twee van die most important role players in die Police Service aan sy kant. Saam met hom in die kroegie in Mitchells Plain sit Peter Mukkadem, chieff van Crime Intelligence, en Vleis Restrepo, second-in-command by die Anti-Gang Unit.

Hy het geweet hy moet net soek en hy sal hulle kry. Corruption is 'n trademark van die South African Police Service – daar's nie verniet last year four thousand cops aangekla van crime en corruption nie.

Hy ken Mukkadem van skooldae af. Was maklik om hom om te koop. En soos hy gehoor het, het Mukkadem aspirations om die Western Cape se next police chieff te word, wat honderd persent by Giraffe se planne inpas. Maar hy het nog iemand gesoek, bang Mukkadem trek kleinkoppie as hy all alone moet operate.

Hy wou aanvanklik vir Leonard Witsand, chieff van die Anti-Gang Unit, target. Net soos Giraffe en Mukkadem, het hy ook in Manenberg grootgeword. Maar toe hoor hy by 'n contact dat Restrepo in sy dae as commanding officer op Hermanus deur die perlemoen-mafia omgekoop is om 'n blind eye vir hulle operations te gooi. Restrepo het net so gulsig soos Mukkadem gebyt aan die prospect van thirty K per maand in cash, wat geen traces in 'n bank account sal los nie.

En nou het Giraffe al die eerste fruit van sy investment gepluk. Die investigation na die verbyry-skietvoerval in Blue Downs van Brakkie Carelse, boss van die Laughing Boys, is nek omgedraai deur die twee manne hier saam met hom. Geen vinger wys na Giraffe nie en die

investigation is iewers in 'n bottom drawer gefile because of a lack of evidence.

“Eerstens, my bra’s, congrats met die Brakkie-storie,” begin Giraffe die gesprek. “Teen die einde vannie maand sal albei van jille ’n nice bonus kry vir ’n job bloody well executed.”

Hy sien hoe hulle greedy ogies glinster. Money is the name of the game, weet hy. Voer hulle net die jilleyd met pitte en hy secure everlasting happiness vir hom en sy gang.

Giraffe maak sy keel skoon. “Die most important ding waaraan jille nou attention moet gee, is die police chief hie’ in die Western Cape se warning dat hy vorentoe my nightclubs en van die ander s’n ga’ target. Daai kan ek nie afford nie. Dis waar my drug business flourish. Die chief krap nou onnodig aan my gat. Dis openly a declaration of war against me. Ek ga’ dit nie vattie. I want him discredited. Só erg dat hy gefire word.”

Restrepo fluit saggies deur sy tande en skud sy dik kop. “Dit gaan impossible wees om af te pull.”

Mukkadem knik. “Ek stem saam. Die kommissaris is te hand op die blaas met die nasionale kommissaris en die minister. Hy’s onaantasbaar.”

Giraffe vervies hom. “Fokol is impossible! Jille moet net bietjie meer creative dink. Ek sê nie ons moet hom nou al innie kop probeer skietjie, ma’ hy’t vir starters ’n paar heavy body blows nodig. Genoeg daarvan en die bullet sal uiteindelik sy target slat.”

“Body blows?” wil Restrepo weet.

“Ja, discredit sy confidants – daai police officers in high places in die Western Cape wat sy gat die jilleyd streel. As daai wiele van sy karretjie afval, is hy ’n ideal target vir ’n train smash.”

“Hoe gaan ons dit regkry?” vra Restrepo.

Giraffe is lus en druk sy brandende stompie in die fokker se vet gevreet dood, maar hy hou hom in.

“Dis wat jille twee sal moet uitfigure. Dis waarvoor ek jille betaal. Teen môre of oormôre se koers soek ek al proposals. Time is few.”

* * *

Sylvia druk haar selfoon met ’n glimlag dood. Haar ouers is verheug dat sy nou ’n “regte werk” gaan soek. Tot nou toe het sy hulle onder die indruk gehou dat sy op ’n vryskutbasis skakelwerk vir groot firmas doen.

“Vryskutwerk bied geen medies en aftreevoordele nie,” het haar pa altyd gebrom. “Op jou oudag gaan dit jou inhaal.”

Daarby is hulle bruisend opgewonde om na Cara om te sien.

“Dit sal net ’n tydelike reëling wees totdat ek in die nuwe werk gesettle is,” het Sylvia gesê.

“Vat so lank as wat jy wil, my hartjie,” het haar ma haar verseker. “Ons kan nie wag om Caratjie hier te hê nie. En dan kan ons jou darem ook elke naweek sien.”

Intussen het Benita aangebied dat Sylvia vir ’n paar dae by haar in Kampsbaai aanbly. “Lekker geselskap vir my en dan kan ek jou boonop help met jou aansoeke.”

Sylvia se groot vrees bly dat sy nie ’n ordentlike werk gaan kry nie. “Wat skryf ek op my CV?” het sy vir Benita gevra.

“Laat dit aan my oor. Ons hou dit vaag. En ons sit my naam op as jou enigste referent. Ek sal my voordoen as ’n formidabele sakevrou wat jou van tyd tot tyd op ’n kontrakbasis gehuur het om vir ’n maatskappy van my PR-werk te doen.”

Wat Sylvia sonder haar sou doen, weet sy nie.

Sy beskou haarself in die spieël in Benita se spaarkamer. Sylvia moet saamstem: sy trek nogal baie op ’n jong Elizabeth Taylor. Sy gooi haar donker hare oor haar rug, tuit haar mond verleidelik en stoot haar boesem uit soos sy graag maak in ’n potensiële prooi se teenwoordigheid.

Dan skud Sylvia haar kop vies. Sy moet by haar voorneme hou en afleer om soos ’n bleddie hoer op te tree. Sy moet haar lyftaal ernstig hersien.

Amalia is in vervoering oor die bos blomme wat Kassie na haar uithou toe sy hom binnenooi.

“Rooi rose is nog altyd my gunstelingblomme!” roep sy uit en gee hom ’n piksoen op die wang, wat hom amper sy balans laat verloor.

Die kosgeure uit die kombuis hang swaar in die vertrek. “Ek hoop jy hou van bobotie, rys, boontjies en soetpatats?”

“My all-time favourite kombinasie,” lieg hy. Groenbone laat hom nog altyd gril en daar is iets aan bobotie wat nie met sy smaaksintuig akkordeer nie.

“Ek gaan net gou ’n vaas vir die rose kry,” sê sy. Hy hou haar dop toe sy wegstap. Mooi gebou met welgevormde kuite wat onder haar liggroen rok uitsteek. Hy sluk. Hierdie vrou gaan sy hartritme vanaand heeltemal versteur.

Sy oë flits oor die ruim sitkamer. Uiteraars smaakvol, is sy onmiddellike indruk. Die bruin leerbanke het karakter, die skilderye teen die muur is groot en kleurvol, en die Persiese tapyt onder sy voete is strelend op die oog. Hy wil eerder nie dink wat haar indrukke van sy Goodwood-blyplekkie moes wees nie.

Die balkondeur staan oop en hy stap uit. Die uitsig is asemrowend – die oseaan donkerblou en glad soos ’n spieël met ’n paar skepe op die horison, die promenade wemelend van kleurvolle stappers en drawwers. Hy adem die geur van seebamboes in en voel die ligte soutbries teen sy vel.

Hy verstyf toe sy langs hom verskyn en liggies aan sy arm vat. Haar aanraking laat hom telkens fokken abnormaal reageer. Hy moet ontspan.

“Pragtige uitsig, nè? Regtig ’n groot voorreg om hier te bly,” sê sy.

“Ja, dis ’n ... ongefoog ... ongelooflike ... uitsig.” Hy klink vir homself soos iemand wie se lugpyp toegedruk word.

Sy trek aan sy baadjie. “Kom ek gaan maak jou jaloers op my Statebond-versameling. Ek gaan jou nie my ander wys nie, want jy het hulle almal en nog baie meer,” sê sy laggend.

Hy stap agter haar aan met stokkerige bene. Ontspan net, sê hy vir homself.

Haar studeerkamer is reusagtig, die een muur uitgelê met boekrakke. Die groot venster het 'n idilliese uitsig op die see.

Sy trek 'n smal laai van 'n houtkabinet uit, met seëls onder 'n glasblad uitgestal. "My Statebond-versameling," sê sy ooglopend trots.

Kassie fluit deur sy tande. "Hel, dis impressive!"

Daar is seëls met afbeeldings van talle Britse monarge, onder wie konings George V en George VI en koningin Victoria. Vinnig geoordeel, moet hy toegee dis meer volledig as sy eie Statebond-versameling.

"Ek het dit in 2015 laat waardeer vir negehonderdduisend rand."

"Dit kan nou baie meer werd wees, hoor," sê Kassie.

Dan lui die voordeurklokkie.

Sy stoot die laai toe. "Jy kan later weer kom kyk, maar ek dink Boet is nou hier."

Wie sou Boet wees? Haar broer?

Hy stap agter haar aan sitkamer toe. Hoekom sou sy 'n familielid ook genooi het? Om hom te help beoordeel, te bepaal of hierdie vaal speurdertjie 'n geskikte kêrel vir sy suster sal wees?

Sy keel trek effens toe. Hel, hy het nie vanaand nóg spanning nodig nie.

Toe die deur oopgaan, kan hy nie die persoon se gesig sien nie, want 'n reusebos blomme verberg dit.

"Oe, maar julle twee bederf my darem lekker," lag Amalia.

Eers toe sy die bos blomme by die besoeker neem, sien Kassie wie dit is. Fokken Boet Taljaard! Jare lank saam met hom op die Wes-Kaapse Filatelie-vereniging se bestuur gedien. En die een bliksem daar wat Kassie nie voor sy oë kon verdra nie. 'n Opperste ou windgat.

Hy deins instinktief terug toe Boet ook 'n piksoen op die wang kry.

Amalia kyk na Kassie, glimlag breed. "Toe Boet nou die dag in die hysbak vir my sê hy ken jou, het ek gedink dit sal lekker wees as ons drie saamkuier. Ons deel immers dieselfde belangstelling."

Boet, uitgevat in 'n blou blazer met 'n rooi sakdoek wat windmakerig by die sak uitsteek, knik net in Kassie se rigting. Sy yl hare is vorentoe gekam om sy bles te bedek. "Goed om jou weer te sien," sê hy met stywe lippies.

Kassie weet hy bedoel dit nie.

Amalia verdwyn met die bos blomme in die gang af.

Kassie verbreek die ongemaklike stilte. "Bly ... jy hier in dieselfde woonstelblok?"

Boet knik. “Maand gelede hier ingetrek. Ná my vrou se dood was daai kasteel van ’n huis van my in Constantia net te groot vir een mens. Maar het dit darem gou verkoop gekry teen ’n uitsonderlik goeie prys. Die uitlanders skrik mos nie vir ’n hele paar miljoen nie.”

Skaars ’n minuut hier en die ou windgat is al weer op sy stukke, dink Kassie.

Hy beskou Boet onderlangs. Hy moet in sy sestigs wees. Kassie sal nie kan meeding met sy miljoene nie, maar die fok weet, Boet is nie ’n oil painting nie. Daardie klein koppie het Kassie nog altyd aan ’n cocktail-frikkadelletjie herinner, en sy adamsappel maak ’n moerse prominente punt in sy lang, seningrige nek.

Amalia keer terug met Boet se blomme in ’n vaas wat sy op die koffietafel langs Kassie s’n neersit. Dit verdwerg sy paar rose heeltemal.

Sy beduie na die twee rusbanke. “Maak julle solank tuis. Ek het spesiaal vir jou Creme Soda gekoop, Kassie, en ek het ’n heerlike bottel rooiwijn vir my en Boet.”

Kassie gaan sit, wat hy te laat besef ’n helse fout was, want Boet lei Amalia aan die arm kombuis toe. “Laat ek vir jou die wyn oopmaak,” sê hy. Kassie besef hy kan nie nou wil opspring en agterna piekel nie.

“Nie geweet ’n mens kry in hierdie dae nog kinderkoeldrank soos Creme Soda nie,” hoor hy Boet sê.

* * *

Onder die stort was hy die sweet van sy lyf af. Die draffie op die promenade het hom die wêreld se goed gedoen. Die laaste bietjie spanning in sy lyf het finaal die wyk geneem.

Hy is steeds in sy noppies oor sy besluit om hier ’n woonstel te huur. Buiten vir die orige vrou wat die koekies gebring het, lyk dit nie of hier mense bly wat hulle aan hom gaan opdring nie.

Tot dusver het hy ook nog geen jong vrou gesien wat sy lewe gaan versuur nie. Dis meestal middeljariges. Jong enkellopendes sal nie maklik hier ’n plek kan bekostig nie.

Hy is nie van plan om weer holderstebolder die pad te moet vat soos op Langebaan nie.

Hy kners op sy tande. Hoekom trek hy vroue soos ’n magneet aan? Hy soek nooit hulle aandag nie. En hy het ook nie ’n behoefte aan hulle lywe nie. Daardie behoefte het lank gelede gesterf.

As hulle hom net kan uitlos, sal niemand seerkry nie.

* * *

In sy sitkamer by die huis is Vleis Restrepo nervous oor Giraffe se opdrag. Dit gaan hom en Mukkadem onder helse pressure sit. Maar hulle sal met 'n plan moet kom, want Giraffe is nie skaam om sy pitte rond te strooi nie. En hy wat Vleis is, gaan nie uitmis op die opportunity om daarvan te skep nie. Meen te sê, thirty K 'n maand is nie te versmaai nie. En dan dish Giraffe ook nog bonusse uit vir jobs well done.

Hy staar vir die soveelste keer na die papieruitdruk in sy hand van die Wes-Kaapse polisiestrukture. Hy tik met 'n dik voorvinger daarteen. Hulle sal moet konsentreer op die Crime Combating and Investigation Division en die Visible Policing Division. Daai is die important areas. If shit happens there, kom die police chief in die firing line. Niemand is gepla oor die Internal Stability Division, die Community Relations Division, die Support Services Division en die Human Resource Management Division nie.

Sy oë flits oor die name van die mense in daai twee divisions wat direk aan die chief rapporteer. Een naam pop sommer vanself op. Brigadier Shaheena Fortuin. Haar kop is permanent in die chief se gat opgedruk. En niemand laaik daai Ghost Unit van haar in any case nie – nie die Hawks nie, nie Crime Intelligence nie en ook nie die Anti-Gang Unit nie. Om nie eens van die units in die Visible Policing Division te praat nie.

Almal voel die Ghost Unit meng op ander se terreine in en dat die fokkers deesdae al hoe meer high-profile cases kry, want die chief dink die son straal uit Fortuin en haar detectives se gatte.

Dáái is die unit waarop hy en Mukkadem vir starters moet konsentreer, besluit Vleis.

Kassie het gevra dat Rooi Langebaan toe bestuur. Veiliger so, het hy gedink, want sy konsentrasie gaan nie vandag op die pad wees nie.

Hy staar na die selfoon in sy hand. Hy het pas vir Amalia 'n whatsapp gestuur om haar te bedank vir gisteraand se ete.

Kassie tuur by die venster uit. Hy het vannag amper weer niks geslaap nie. Dié keer nie oor Amalia nie, maar oor ou Boet Taljaard. Dit was gisteraand duidelik hy gooi ook flikkers by Amalia, en daarby het hy die mededingende voordeel dat hy op die verdieping net onder hare bly. Hy gaan 'n regte gatvlieg wees.

En die ou bliksem was tydens die ete weer onuitstaanbaar. Sestienmiljoen vir sy huis in Constantia gekry, “geld wat ek gelukkig nie nodig het nie en nou iewers sal moet belê om maksimum groei te waarborg”. Hy is 'n afgetrede prokureur, maar uit sy praatjies sou jy dink hy is 'n finansiële whizz-kid. Hy't Kassie tot die dood toe verveel met die verskillende beleggingsopsies wat hy oorweeg. Die ergste was dat dit gelyk het of Amalia aan sy lippe hang.

Toe hulle oor seëls begin gesels, was hy éers in sy element. Het vertel van sy versameling wat so groot is dat hy dit nie in sy Seepunt-woonstel kon huisves nie, maar 'n spesiale kamer in sy vakansiehuis op Stilbaai daarvoor moes inrig. Kassie het amper in die stilligheid 'n koronêr geskiet toe hy ewe vir Amalia sê sy moet tog een naweek saam met hom soontoe gaan “sodat jy dit self kan beleef”.

Nou weet hy ook nie meer wat om van Amalia te maak nie. As sy in hom belang gestel het, sou sy tog nie vir ou Boet ook vir ete genooi het nie. Die enigste positiewe aspek wat Kassie uit die aand kon wurg, was dat hy hom verbeel het die soen op sy wang het 'n bietjie langer geduur as die een wat ou Boet gekry het toe hulle laataand groet.

En wás dit vir jou 'n laat aand! Met die oog op vandag se trip en die feit dat hy nog sy tas moes pak, was Kassie nie van plan om tot middernag te kuier nie. Maar hy het besluit hy gaan nie sy ry kry voor ou Boet ook loop nie. Net die gedagte om haar alleen in die ou bliksem se geselskap te los,

het hom naar gemaak – nog meer as die moerse hoop groenboontjies wat Amalia vir hom ingeskep het.

Ou Boet se strategie was dalk soortgelyk aan syne. Dit was eers toe Amalia skimp dat sy nogal 'n lang dag agter die blad het, dat hulle in gelid opgestaan het.

Hy laat val amper sy foon toe dit 'n biep gee.

“Seker 'n whatsapp van die brigadier,” sê Rooi.

Dis Amalia. *Was heerlik om jou hier te hê, Kassie! XXX*

Kassie sluk. Moet hy enige betekenis aan die soene heg?

“Wat sê die brigadier?” vra Rooi.

“Was nie sy nie, somer een van my seëlvriende.”

“Jy weet, Kassie, hoe meer ek daaraan dink, hoe minder verstaan ek hierdie opdrag van ons.”

“Hoe so?”

“Eerstens weet almal wie die moordenaar is. Sy vingerafdrukke was op die toneel. Volgens die brigadier het hy sy slagoffer op dieselfde wyse gemartel as die voriges. Dit kan wees dat die Langebaan-polisie se dossier sekere gebreke het, maar dit gaan nie 'n aardskuddende verskil maak as ons bepaal sy modus operandi was 'n bietjie anders as hoe hulle bevind het nie. En volgens 'n ooggetuie het hy ná die moord die pad Kaap toe gevat. Wat gaan ons nou regtig uitvind wat die polisie op Langebaan nie reeds weet nie?”

“Dis nogal waar,” moet Kassie toegee. Hy voel eintlik skuldig dat hy nog nie weer oor die saak gedink het nie.

Hy peins 'n rukkie. “Ons grootste uitdaging gaan wees om te soek vir leidrade oor waarheen hy kon gevlug het. Die feit dat hy die Kaapse pad gevat het, beteken nie noodwendig dat hy in Kaapstad is nie.”

Rooi snork. “En waar gaan ons nogal sulke leidrade uitkrap?”

“Ons sal onderhoude moet voer met elke mens op Langebaan wat hom geken het. Dalk het hy teenoor een van hulle iets laat val wat ons kan help.”

“Sal die Langebaan-polisie dit nie al gedoen het nie?”

“Dit sal ons by sersant April moet uitvind.”

Rooi sug. “Ek hoop nie Gehasi stel ons teleur nie. As hy sy job goed gedoen het, kan ons môre op pad terug huis toe wees.”

Kassie hoop ook so, want met ou Boet ook nou in die Amalia-mix, kan hy nie bekostig om te lank op Langebaan te hanna-hanna nie.

* * *

Brigadier Shaheena Fortuin frons toe die twee offisiere uit haar kantoor stap.

Sy weet nog steeds nie waarom hulle haar só dringend wou sien nie. Vanoggend agtuur al die oproep van Vleis Restrepo gekry dat hy en Peter Mukkadem met haar wil gesels, en of negeuur haar sal pas. Sy moes inderhaas 'n ander afspraak kanselleer. As die grootbaas van Misdaadintelligensie en die Teenbende-eenheid se tweede-in-bevel jou kom sien, moet dit iets belangriks wees.

Maar dit was niks meer as 'n sosiale besoek nie. Die twee wou hulle bloot vergewis van waarmee die Spookeenheid hulle deesdae besig hou. “Net om 'n volledige prentjie te kry van wat in die Wes-Kaap aangaan,” het Mukkadem gesê. “Ons gaan by al die eenhede 'n draai maak.”

Sy het hulle toe breedvoerig ingelig oor die sake wat haar drie speurspanne tans hanteer.

En daarmee was die gesprek afgehandel.

Sy tuur voor haar uit. Sy hou van Mukkadem. Hy is 'n intelligente en afgeronde kêrel wat al diep spore in die polisie getrap het. Sy het in 'n stadium vir 'n kort rukkie by die Valke saam met hom gewerk.

Maar dit slaan haar nou nog dronk hoe Restrepo so 'n belangrike pos by die Teenbende-eenheid losgeslaan het. In sy tyd as stasiebevelvoerder in Mitchells Plain was die misdaadsyfer daar die hoogste in die geskiedenis. En gerugte doen die ronde dat hy in sy dae as stasiebevelvoerder op Hermanus bande met die perlemoensmokkelaars gehad het. Hy lyk nie net vir haar effe onnosel nie, maar ook bleddie skelm. Die soort polisieman wat in die Zuma-era opgang gemaak het. Seker maar iewers 'n kader hoër op in die polisiestruktuur wat toutjies getrek het.

Sy tel haar foon op. Sy moet die polisiehoof inlig dat Kassie-hulle al op pad is Langebaan toe en haar daaglik op hoogte sal hou oor hulle vordering. Sy weet die kommissaris is net so gretig soos sy dat haar speurders 'n deurbraak moet maak.

Die Vermooten-reeksmoordenaar se jongste daad is op almal se lippe. En soos dit maar in die polisie gaan, wil elk van die provinsiale kommissarisse die minister alte graag beïndruk.

Die hele spul leef nét vir bragging rights, en as sy eerlik moet wees, is dit iets wat sy self nogal geniet.

* * *

Hy het die agt bokse een vir een van die bakkie af opgedra, en beskou dit nou aandagtig waar hy dit in die sitkamer neergesit het.

Net 'n genade dat hy dit betyds hier in die Kaap gestoor het. Sy plan was maar altyd om hierdie kant toe te trek. Daarom dat hy toe op die stoorplek in Milnerton besluit het. Presies 'n week later, terug in Pretoria, het die polisie hom vasgetrek.

Op Langebaan het hy dit 'n paar keer oorweeg om die goed te gaan haal. Maar dit was asof hy aangevoel het hy gaan nie vir ewig daar bly nie. Die mense het hom al hoe meer vasgedruk laat voel, Mercia en ander soos sy nie die minste nie.

Hy buk, tel die voorste boks op en stap daarmee na die spaarkamer, wat hy as 'n ontspanningskamer gaan inrig.

Die gedagte daaraan om ná meer as twee-en-'n-half jaar die bokse te kan uitpak, maak hom opgewonde.

Uiteindelik sal hy weer tyd aan sy passie kan afstaan.

Soos hulle telefonies afgespreek het, kry Kassie en Rooi vir sersant Gehasi April by die moordhuis. Maklik gewees om dit te vind, want dis net twee strate van die gastehuis waar hulle pas ingeboek het.

April wag hulle op die sypaadjie in – ’n skraal kêreltjie met ’n prominente neus en allemintige, vlesige bakore. In sy dertigs, skat Kassie toe hulle uitklim om hand te skud.

Rooi glimlag en vra: “Van waar, Gehasi?”

April gee ’n laggie. “Ek kry daai een baie. Gehasi is my bynaam. My pa was die hoof van die plaasskooltjie hier in ons omgewing. Ek het in my kleindae saam met hom skool toe gery, maar hy was altyd laat. En as ek dan in die klaskamer kom, het die onderwyser gevra: ‘Van waar, Gehasi?’ En so het die naam maar vasgesteek.”

April knyp ’n dik lêer onder sy arm vas, wat Kassie vermoed die dossierinligting bevat. Hulle neem die tuinpaadjie na die huis – kleinerig en nie veel anders as die res van die nabygeleë plekkies nie. Kassie neem aan dit is hoofsaaklik vakansiehuise, want daar is nie ’n siel of motor in sig nie.

Hulle moet buk om onder die sperlente deur te stap na die voorstoepie. April sluit die voordeur oop. “Ek het onder instruksie nog nie die kombuis laat skoonmaak nie, maar die forensiese mense was ’n dag ná die moord hier.” Hy tik op die lêer. “Als hierin. My verslag, die outopsieverslag, foto’s van die misdaadtoneel en die forensiese bevindinge.”

“Ons sal dit later bestudeer,” sê Kassie. “Dalk moet ons eers die moordtoneel beskou.”

Hulle stap deur ’n sit-eetkamer na ’n redelik ruim kombuis.

Die buitelyne van die lyk is met wit kryt op die blou teëlvloer getrek. Te oordeel daarna moes sy op haar rug gelê het. Rondom die koparea is daar groot bloedkolle wat verbruin het.

Kassie kyk na die drie stoele by ’n klein tafeltjie ’n entjie daarvandaan. “Ek neem aan hierdie stoele is reggeskuif, want ek sou dink daar was tekens van ’n worsteling, soos dat dit uit posisie was of dalk omgestamp was?”

“Ons het nie aan die meubels geraak nie. Staan nog net so,” sê April. “Onthou, kaptein, die moordenaar was nie ’n kapokgewiggie nie, maar ’n

bakbees van 'n man – groot, lank en gespierd. En Mercia was maar kleinerig. Hy het haar maklik oorrompel.”

“Wat het jou eerste opgeval toe jy in die kombuis kom?” vra Rooi.

April lyk verbaas. “Natuurlik die lyk, adjudant!” Hy skud sy kop. “My hare het ten berge gerys. Die skrik het dae lank in my lyf gesit. Ek het nog nie voorheen só iets beleef nie!”

“Ek weet dis in die dossier en ons sal dit op die foto’s sien, maar beskryf wat jy gesien het en wat jou eerste opgeval het,” sê Kassie. Hy weet daardie eerste indrukke word nie altyd woordeliks in ’n dossier weergegee nie.

April rek sy oë wyd. “O grote Griet, kaptein, haar gesig! Dit was ’n bloederige pappery. En daar het ’n bebloede kombuismes en hamer langs haar kop gelê.” Hy beduie na een van die onderste kombuislaaie wat steeds oopgetrek staan. “Hy moes die hamer daar uitgehaal het, want daar was druppels bloed aan van die ander gereedskap.”

Hy skraap sy keel. “Ek het afgelei hy moes haar met ’n kombuismes in die hand oorrompel het, haar toe op haar rug gegooi het, op haar gaan sit het en haar toe met die mes toegetakel het. Hy moes eers die hamer gekry het toe sy op die rand van die dood was. Daarmee het hy haar skedel verbrysel.”

“Waar het hy haar oral gestee?” vra Rooi.

“Nêrens op die lyf nie, net in die gesig. En hy’t haar nie net gestee nie, maar ook gesny. Oral oor die gesig – voorkop, oë, neus, wange, lippe en ken. Niks oorgeslaan nie. En volgens die outopsieverslag was dit diép snye – tot sewe sentimeter.”

“Was sy vasgebind?” vra Kassie.

“Nee, ek het afgelei hy het haar arms met sy knieë vasgepen. Daar was aan haar nekvel letsels wat wys hy het haar met die een hand daar vasgegryp terwyl hy gesny het.”

“Was sy kaal?” vra Rooi.

“Nee, ten volle geklee.”

“Verkrag?”

“Volgens die outopsieverslag geen teken daarvan nie.”

Iets hinder Kassie. “As hy haar aan die keel vasgehou het terwyl hy sny, moes hy haar mond seker toegeplak het? Anders kon iemand haar tog hoor skree het.”

April skud sy kop. “Hoofsaaklik vakansiehuise in hierdie omgewing. Die meeste mense is nie gedurende die week hier nie. En al was hulle, sou hulle

haar in elk geval nie kon hoor nie.”

“Hoe so?”

Hy fluit saggies deur sy tande. “Daai aand ’n storm beleef soos ons lanklaas hier gehad het. Blitse, donderslae en klipharde reën.”

“Wanneer het jy op die toneel gekom?” vra Rooi.

“Eers die volgende oggend toe haar huishulp ons bel. Toe het die moordenaar natuurlik al lankal knieë in die wind geslaan.”

“Ons verstaan dat iemand hom die Kaapse pad sien vat het,” sê Kassie.

“Ja, ’n oompie wat van die Kaap af gekom het, het hom halfnege die aand op die R27 sien ry. Die oompie sê hy het dadelik sy blou Hilux herken, want die blitse het die pad helder verlig. Hy kon tot John se gesig duidelik sien.”

“John?”

“John Venter. Dis die naam wat hy hier gebruik het.”

“Julle het seker sy bakkie se registrasienommer?”

April lyk verleë. “Ongelukkig nie. Die bakkie het ’n CA-registrasienommer gehad, soos die meeste mense met vakansiehuise hier. So hy is nie by ons munisipaliteit op rekord nie.”

“Het jy navraag gedoen oor ’n John Venter by die Kaapse verkeersdepartement?”

“Ek wou nog, maar my bevelvoerder het my briek aangedraai en gesê ek moenie nou al my energie op die saak mors nie, want ’n ander eenheid gaan dit tog by ons oorneem.” Hy skud sy kop. “Om hier ’n speurder te wees is soos om op droë grond te probeer visvang. Jy traai om die geheime te ontrafel, maar die hoër gesag het altyd ’n rede waarom dit nie nodig is nie.”

Kassie weet dit is wel die ingesteldheid van sommige dorpe se stasiebevelvoerders.

“Waar het die moordenaar gebly?”

“Hier naby. Net ’n blok weg. Klein woonstelletjie in die erf agter ’n ou se vakansiehuis gehuur.”

“Ek neem aan Forensies was daar ook?”

“Nee, kaptein. Ek het geen sê gehad nie, want dit was forensiese ouens van die Kaap. Hulle het gesê hulle het gekom om die misdaadtoneel te fynkam, nie vir ander joppies ook nie. Hulle het gesê as ons so ’n groot behoefte daaraan het dat sy woonplek ook deurgegaan word, moet ons die versoek Kaap toe stuur.”

“En jou bevelvoerder het nie gedink dis nodig nie?”

April gee 'n wrang laggie. “Daai is 'n korrekte konklusie, kaptein.”

“Was iemand intussen in sy blyplek?” vra Rooi.

“Nee, ek moes maar my eie kop volg om mense van die plek weg te hou. Dit is agter slot en grendel en ek het die gebied daar afgesper.”

“Ons moet dalk nou soontoe gaan,” sê Rooi.

Kassie knik, maar hy wil April eers nog iets vra, wat hy amper te bang is om te doen.

“Het jy intussen onderhoude gevoer met sy vriende en kennisse hier?”

April sug. “Ek het by Mercia se een boesemvriendin die name gekry van almal wat sy dink met hom skouers geskuur het, maar my bevelvoerder het gesê ek moet wag vir die eenheid wat die saak gaan ondersoek. Anders dupliseer ons dinge onnodig.”

Fok, dink Kassie. Net soos hy vermoed het. Hy en Rooi gaan dae lank hier vasgekeer sit.

* * *

Sylvia beskou die uitrustings wat sy vanoggend met haar laaste geld gekoop het. Koekerig om die minste te sê, maar Benita het gedink dis presies wat “die nuwe, herontwerpte Sylvia” nodig het.

Dit gaan 'n groot aanpassing wees om 'n “normale werk” te hê, weet sy. Om ander se opdragte uit te voer gaan vir haar 'n eerste wees. Hoewel sy berou het oor die rigting wat haar lewe die afgelope tien jaar ingeslaan het, gaan sy haar onafhanklikheid mis. Ook die adrenalien, en die magsgevoel wanneer mans voor haar ineengekrimp het as sy hulle afpers.

Sy kyk op toe Cara, teddiebeertjie onder die arm, by die kamer inkom, op die bed klim en haarself opkrul. “Gaan nou doedoes,” prewel sy. Sylvia glimlag terwyl sy die bedsprei oor die vierjarige lyfie gooi. Arme kind moet uitgeput wees van vanoggend se rondlopery in die stad.

Meteens pak 'n angsgevoel haar beet, soos deesdae gereeld gebeur. Sy sal nooit vir haar kind kan sê wie haar pa is nie. Cara het nog nooit gevra nie en moontlik nog nie eens daaroor gewonder nie. Maar eendag, weet Sylvia, gaan sy met daardie vraag gekonfronteer word.

En sy sal nie kan antwoord nie. Want sy weet self nie.

Rooi het Kassie en April voorsien van latekshandskoene wat hy altyd in groot hoeveelhede met hom saampiekel. Op Kassie se aandrang het hulle besluit dis nie nodig om Forensies van die Kaap af te laat kom nie.

“Gaan net tyd in beslag neem. Die vingerafdrukke en DNS-spore in die woonstel sal tog onteenseglik Vermooten s’n wees. En wat anders gaan hulle hier ontdek wat ons nie self kan kry nie?” was sy redenasie.

“Maar ons moet die plek seker nie onnodig kontamineer nie,” het Rooi gesê voor hy eers ’n draai by die gastehuis gaan maak het om die latekshandskoene te kry.

Nou sluit April die woonstel se voordeur oop. Met die eerste oogopslag sien Kassie hoe beknop dit werklik is. Die leefarea is ’n gekombineerde sit-en eetvertrek met ’n klein kombuisie in die hoek. Hy stap vlugtig deur die plek. Een slaapkamer en ’n badkamer.

“Wat sou dít wees?” vra Rooi fronsend en beduie na ’n nota en koevert op ’n koffietafel.

Hulle leun oor en bestudeer die handgeskrewe nota.

Meneer Badenhorst. Ek sal nie langer die woonstel huur nie. In die koevert is vandeesdaand se huurgeld plus volgende maand s’n om op te maak vir die kort kennisgewing. John Venter

“Kan julle dit fokken glo!” sê Rooi. “Hy is op pad om iemand te gaan vermoor, maar hy betaal getrou sy huur en is so donners ordentlik om ’n maand s’n vooruit te betaal. Hierdie is ’n flippen vreemde reeksmoordenaar!”

“Dis nogal true daai!” roep April uit. “Hy is ’n man met twee aangesigte, nè?”

Kassie knik. “Dit kan jy weer sê.” Hy beduie na die koffietafel. “Rooi, sit die nota vir ons in ’n bewysakkie. Gehasi kan sorg dat die koevert met geld by Badenhorst uitkom. Vat julle twee hierdie vertrek van ’n kant af, en moet

niks as onbenullig afmaak nie. Elke leidraad, hoe gering ook al, kan later van nut wees. Ek sal die slaapkamer fynkam.”

Hy wil slaapkamer toe stap, maar iets val hom by. “Gehasi, sal jy later vir ons by Badenhorst uitvind of Venter altyd kontant betaal het, en of hy soms elektroniese oorbetalings gedoen het?”

“Sal so maak, kaptein.”

“Los die ‘kaptein’. Ek is Kassie en adjudant Els is Rooi.”

April lag. “Dis reg so. Ek is maar altyd versigtig, want deser dae weet mens mos nie of iemand gaan dink jy’s rammetjie-uitnek as jy hom so bloots op die naam noem nie.”

Kassie glimlag toe hy slaapkamer toe stap. Hy hou van Gehasi. Daar is ’n eerlikheid en opregtheid aan hom wat mens nie meer aldag raakloop nie. Dit laat hom weer aan Amalia dink.

Hy beskou die slaapkamer. Niks wat die indruk skep dat die moordenaar vinnig die pad gevat het nie. Die bed is netjies opgemaak en die ingeboude kaste se deure is toe. Niks lê rond nie.

Kassie maak die kasdeure oop. Hy kyk in die agterste hoeke van die hangkas en maak die laaie een vir een oop. Dolleeg.

In die bedkassie se laai lê wel ’n opgefrommelde stukkie papier. Hy vou dit versigtig oop. Dit is ’n strokie van Mike’s Auto Clinic met die bewoording *We are the leading service centre for Toyota bakkies*. Dit is in Koebergweg in Milnerton. *Major service. Toyota Hilux. J. Venter*, is daarop in pen geskryf. Die datum is dertien maande gelede.

In die een hoek is twee skeurtjies wat daarop dui dat dit met ’n krammetjie vasgeheg was aan iets anders. Seker die volledige diensverslag, dink Kassie. Hy sit die strokie in ’n bewysakkie.

Mike’s Auto Clinic behoort ’n afskrif van die diensrekord te hê. En daarop behoort die bakkie se registrasienommer te wees.

Hy kyk rond. Geen ander plek waar iets kan rondlê nie.

Op pad na die badkamer steek hy vas. Hy stap terug, sak op sy knieë en loer onder die bed in. Daar lê iets wat soos ’n muntstuk lyk. Hy moet strek om dit by te kom.

Kassie blaas stof van die muntstuk af. Frons. Nie ’n Suid-Afrikaanse munt nie. Hy beskou dit van naderby. Nederlandse silwermuntstuk. 1967. Kom nog uit die dae van die gulde. ’n Afbeelding daarop van koningin Juliana, wat Kassie dadelik herken, want haar gesig is op verskeie van sy Nederlandse seëls.

Hy sit dit in 'n bewyssakkie. Weet nie eintlik wat hy daaruit moet aflei nie.

Die beknopte badkamer lewer niks op nie.

In die sitkamer kruip Rooi en Gehasi op hulle knieë op die mat rond en kyk onder die rusbank en twee stoele in.

Rooi kom sugtend orent. “Nee, bliksis, hier is minder as niks.” Hy beduie na die koffietafel. Daar is 'n Castle-bierblikkie en 'n kartonhouer in onderskeidelik twee bewyssakkies. “Dit in sy vullisdrom in die kombuis gekry. Gehasi sê die houer is afkomstig van 'n plek hier naby wat hamburgers verkoop. Boggherol verder gekry. Hy was 'n netjiese ou.”

“Niks in die koskaste nie?” vra Kassie.

“Net 'n halwe bottel Nescafé-kitskoffie en 'n pakkie Five Roses-tee. Kwartbottel melk in die yskas. Ek moet dit nog in bewyssakkies sit. Weet nie eens of dit die moeite werd gaan wees nie.”

“Nee wat, los maar. Ons weet nou hy drink Nescafé-koffie, Five Roses-tee en Castle-bier en hy hou van hamburgers.”

April kom ook orent. “Wat my opgeval het, is dat hier nêrens suiker is nie.”

Kassie glimlag. “Raait, nou weet ons ook hy drink sy koffie en tee bitter.”

Hy vertel hulle wat hy in die slaapkamer gekry het.

“Daai garagestrokie kan ons help, hoor! Maar die muntstuk slaan my dronk,” sê Rooi. “Wat is ons next steps, Kassie?”

“Onderhoude met almal wie se paaie hier met syne gekruis het.”

“My bevelvoerder het darem ingestem dat ek julle in hierdie dae bystaan,” sê April en kyk op sy horlosie. “Dis ook al namiddag, maar as ek nou kantoor toe gaan, kan ek op die foon onderhoude vir môre reël. Dit sal eers net met dié mense wees wie se name Mercia se boesemvriendin vir my gegee het, maar in die gesprekke met hulle sal daar seker ander name uitdop.”

“Dankie, dit gaan baie help. Ons moet net soveel onderhoude as moontlik vir môre probeer inpas,” sê Kassie.

April knik. “Ek sal die lyne warm bel, kap- ... Kassie.”

“Dit gee ons darem tyd om die dossierinligting vanaand rustig deur te werk,” sê Rooi.

Kassie is bly oor daardie vooruitsig. As hy vanaand alleen in sy kamer moes sit, het fokken ou Boet Taljaard net sy gedagtes oorheers.

* * *

Vleis kan sien Giraffe is vanmiddag impress met hom en Mukkadem. Hy het nie verwag hulle gaan só gou met 'n plan kom nie.

Hy trek eers die deur van sy kantoor in die nightclub toe en kom sit weer oorkant hulle. “Nou lat ek hoor,” sê hy.

“Ons was vanoggend by brigadier Shaheena Fortuin van die Spesiale Spookeenheid,” begin Mukkadem.

“Watse fokken eenheid?”

“Die Ghost Unit. Dis 'n special unit wat net high-profile cases handle. Amper soos die Hawks, maar these days the chosen one wanneer dit by violent criminal activity kom,” sê Vleis.

“En Fortuin is die baas,” sê Mukkadem.

“En die police chief se blue-eyed girl,” sê Vleis.

“So jille wil ha' target?” vra Giraffe, die siegret vasgeknyp in die hoek van sy pap bek.

“Aanvanklik nie direk nie, maar ons het 'n plan om haar eenheid te diskrediteer en dan later op haar toe te slaan,” sê Mukkadem.

Giraffe frons. “En hoe ga' jille daai doen?”

“Haar top-notch detective team werk nou aan 'n high-profile murder case op Langebaan waaroor die media ballistic gaan. Dis oor die Vermooten serial killer wat soek is. Die police chief en van sy top brass hier in die Wes-Kaap is onder helse pressure oor die saak. Hulle wil dit tjop-tjop opgelos hê,” sê Vleis.

“Ga' jille ha' detectives bribe?”

“Dis nie moontlik nie,” sê Mukkadem.

“Maar daar is maniere om die investigation te undermine. Ons wil Fortuin se star detective, wat op die case is, vir starters kak laat lyk,” sê Vleis.

“Wie's hy?”

“Kaptein Kassie Kasselmann.”

Giraffe se oë vernou. “Ek weet van daai fokker! Hy het 'n few years back vir Kwaai Koeries, een van my most trusted en important business partners oppie Flats, se gat vasgetrap. Kwaai vrot nou nog op in Pollsmoor.”

“Dan gaan dit sommer ook sweet revenge wees,” lag Vleis.

“Maar ons gaan jou hulp ongelukkig nodig hê, Giraffe,” sê Mukkadem.

“Net om die eerste spanner in die workings te gooi. Niks wat jou sal incriminate nie,” voeg Vleis haastig by. “Ek het ’n contact op Langebaan – ’n ou wat destyds saam met my by die Mitchells Plain-stasie gewerk het. Hy’t iets gemention wat my en Mukkadem ’n idee gegee het.”

“Hoe ga’ ek kan help?”

“Ons soek net een van jou manne om môre vir ons ’n lae-risiko-takie daar op Langebaan te gaan doen,” sê Mukkadem.

Vleis gryp vinnig in. ’n Mens moet maar altyd versigtig met Giraffe wees. “Ons kan nie success guarantee nie, maar ons dink die kans is goed dat jou man iets vir ons in die hande kan kry wat Kasselmann kak kan laat lyk.”

Kassie en Rooi het vir aandete wegneem-hamburgers by dieselfde plek gaan koop as waar die moordenaar syne gekry het. Die eienaar het bevestig dat John Venter 'n gereelde klant was, maar dat hy nooit regtig met hom gesels het nie. Hy was maar teruggetrokke.

Ná ete het Kassie die brigadier gebel en haar ingelig oor hulle vordering. Hy het nie melding gemaak van Langebaan se slapgat bevelvoerder nie, want dit sou net backfire. Soos hy die brigadier ken, sou sy op die foon gespring het om die bliksem die skrobbering van sy lewe te gee, wat hom net hoogs die moer in sou maak. En hom dalk sou laat besluit het om Gehasi te onttrek.

Sonder Gehasi gaan hulle sukkel om die onderhoude seepglad te laat verloop. Hy ken immers die plek en die mense. Kassie hoop om op die laatste môreand terug in die Kaap te wees.

Nou het hy en Rooi hulle in die gastehuis se verlate sitkamer tuisgemaak om die dossierinligting deur te gaan.

Kassie haal eers die A4-koevert met foto's uit die lêer. Hy sprei die foto's van die vermoorde op die koffietafel uit.

Rooi trek sy asem skerp in. "Bliksis, maar dis erg!"

Kassie deins terug by die aanskoue daarvan. Hy het nie regtig die maag hiervoor nie en is dankbaar hulle het nie vroeër daarna gekyk nie. Sou sy eetlus heeltemal bederf het.

Was dit nie vir die vrou se bruin hare nie, sou hy nie die kop as dié van 'n mens kon sien nie. Die gesig is só verbrysel dat niks uitkenbaar is nie. 'n Bloederige pappery, soos Gehasi dit beskryf het.

Hy skud sy kop in afgryse. "Dis bleddie verskriklik! Die arme, arme vrou. Dink net aan wat sy moes deurmaak."

"Die ou is 'n fokken monster," sê Rooi en beduie na een van die nabyfoto's van haar gesig. "Kyk die gate in haar voorkop. Moet van die hamerhoue wees."

Kassie neem die outopsieverslag, effens verbaas dat dit so gou ná die moord beskikbaar is. Moes druk van die polisiehoof af gewees het. Die brigadier het mos juis gesê hy beskou dit as 'n topprioriteit.

In die verslag stel die patoloog dit duidelik dat die slagoffer omgekom het weens die trauma aan haar kop en nie 'n gebrek aan suurstof nie. Hy het haar nek net styf genoeg vasgehou sodat haar kop kon stil wees vir sy gruwelwerk. Haar hande was vol bloed, wat daarop dui dat sy aan haar gesig gevat het toe hy die hamer gaan haal het. Volgens die patoloog moes sy so getraumatiseer gewees het dat sy geen poging aangewend het om weg te kom nie. Haar sig was boonop toe al vernietig. Kneusmerke aan haar arms dui daarop dat die moordenaar dit met sy knieë vasgepen het. Haar lang vingernaels is ongeskonde, wat wys dat sy nie kans gekry het om terug te veg nie. Daar is geen teken van seksuele aktiwiteit nie. Sy is nie verkrag nie – ook geen teken dat sy gemolesteer is nie.

Rooi skud sy kop. “So, dit is hoe sy moordenaarshandtekening lyk. Wonder of hy sy ander slagoffers ook so grusaam om die lewe gebring het.”

“Bêre die foto's in die koevert. Die goed gaan my aandag aftrek,” sê Kassie. Hy oorhandig die outopsieverslag aan Rooi en haal die forensiese verslag uit die lêer.

Hy lees dit tydsam deur. Niks wat as 'n verrassing kom nie. Geen teken van gedwonge toegang nie. Die vermoorde moes die voordeur vir die moordenaar oopgemaak het. Die kos in die oond dui daarop dat sy van plan was om iemand te onthaal. Dit was effens verbrand. 'n Bloederige vingerafdruk wys dat die moordenaar die oond in 'n stadium afgesit het. Hy het die grootste vleismes van 'n stel uit 'n houthouer op die kombuistafel gebruik om sy slagoffer mee te vermink. Daarna die hamer uit die laai gaan haal om haar skedel mee te verbrysel. Niks dui daarop dat hy haar klere uitgetrek het en haar later weer geklee het nie. Hy het ook nie op die vloer gemasturbeer soos baie van hierdie weirdos nie. Sy vingerafdrukke is oral op die toneel en aan die moordwapens gevind. Klein bloedvlekke op die mat in die sitkamer dui daarop dat hy by die voordeur uit is. Hy het ook nie die vermoorde beroof nie. Daar was baie kontant in haar slaapkamer en haar juwele is onaangeraak. Die TV-stel was die volgende dag aan en dus waarskynlik ook tydens die moord. Geen skoenafdrukke is op die toneel gevind nie. As gevolg van die storm was daar ook nie bandafdrukke van die bakkie buite nie. Die tyd van dood word aangegee as tussen sewe- en negeuur die aand.

Kassie kyk vlugtig na Gehasi se dossierinskrywings. Als ou nuus, behalwe vir die vermoorde Mercia Gericke se persoonlike besonderhede: 28 jaar oud, oorspronklik van Kaapstad, vier jaar gelede geskei, geen kinders

nie en sy het drie jaar gelede Langebaan toe verhuis. 'n Grafiese kunstenaar en webwerf-ontwerper wat uit haar huis gewerk het.

Hy tuur voor hom uit. “Jy weet, Rooi, onder ander omstandighede sou 'n mens kon aflei dit was 'n kompulsiewe moord. Iets wat hy op 'n ingewing gedoen het.”

“Wat laat jou so dink?”

“Hy het sonder 'n wapen na haar huis toe gegaan. Hy het haar ook nie oorrompel toe sy die deur oopmaak nie. Haar eers in die kombuis vermoor. So asof iets hom skielik getrigger het. Hy het ook nie die moeite gedoen om handskoene te gebruik of om sy vingerafdrukke te verwyder nie. Daai dinge is gewoonlik eie aan 'n kompulsiewe moord, nie 'n beplande een nie.”

“Dalk was daar 'n bekgeveg tussen die twee wat hom sy moer laat strip het?”

Kassie trek sy skouers op. “Daaroor sal ons net kan raai, maar hy het tog voor die tyd sy woonstel ontruim en die nota en geld vir die eienaar gelos. Dit wys ontseggelik dat hy van plan was om hom vinnig uit die voete te maak ná sy besoek aan haar.”

“Jip, maar die hele ding smokkel nogtans met mens se breins.”

“Môre se onderhoude kan dalk lig op 'n paar aspekte werp. Indien nie, het ons darem ander dinge om op te volg: bankstate, selfoonrekords, ook die internetspore wat John Venter nagelaat het en die diensrekord van sy bakkie by die Milnerton-garage. Ons het ook 'n voorbeeld van sy handskrif op die briefie aan Badenhorst, wat vorentoe kan help,” sê Kassie terwyl hy orent kom en die dossier neem. “Ek sal dié goed in my kamer bêre. Seker nie nodig dat ons dit môre oral saampiekel nie.”

Rooi kyk op sy horlosie. “Dis nou eers halfnege. Ek sien daar's 'n snoekertafel in die vertrek langsaan. Sal ons nie 'n paar potte gaan maak nie?”

Kassie knik ingenome. “Uitstekende idee.”

Hy is nie juis 'n geesdriftige snoekerspeler nie, maar enigiets is nou beter as om alleen in sy kamer te sit.

* * *

Die dringendheid in Benita se stem laat Sylvia vinnig na haar studeerkamer stap.

“Jy klink opgewerk?” sê Sylvia.

Benita lag. “Nie opgewerk nie, net excited.”

Sy beduie na die skootrekenaar voor haar se skerm. “Ek het die perfekte werk vir jou gekry. En jy kan al oormôre vir ’n onderhoud gaan as ons jou CV vanaand nog stuur. Hulle soek dringend iemand.”

Sylvia tuur na die skerm.

“ ’n Promosiebeampte. Ek het nie ’n clue wat só iemand veronderstel is om te doen nie!”

“Teen oormôre weet jy áls van promosiewerk, want vir die volgende agt-en-veertig uur gaan ons ’n blitskursus op Google daaroor doen. Intussen gaan ek jou CV aanpas en die PR-werk wat jy kwansuis vir my gedoen het, verander na promosiewerk. CV’s moet voor twaalf vanaand ingestuur word om vir ’n onderhoud in aanmerking te kom.”

Sylvia frons. “Ek weet darem nie, Benita. Ek –”

“Basta met jou. Ons gáán die ding doen.” Sy druk haar vinger teen die skerm. “Ashfin is ’n finansiëldienstemaatskappy wat in Johannesburg gesetel is, met ’n vyfpersoonkantoor in die Kaap, waar die promosiebeampte sal werk.” Sy glimlag. “En die nice deel is dat jy aan die bemarkingshoof rapporteer, wat in Johannesburg sit. So vir alle praktiese doeleindes gaan jy jou eie ding hier in die Kaap doen. Dis absoluut die ideale job vir jou.”

Sylvia sluk. “As jy so sê, is dit dan seker maar reg so.”

* * *

Hy lê op die bed en staar na die plafon. Nou nogal spyt dat hy die fliëk op die TV gekyk het.

Nadat hy die agt bokse uitgepak het en sy studeerkamer só ingerig het dat dit aan sy vereistes voldoen, was hy skoon uitgelate. Hy kon nie onthou wanneer hy laas so gevoel het nie.

Hy het lank gewik en weeg en oplaas besluit om nie toe al deur alles te gaan nie. Daardie lekkerte hou hy vir môre.

Hy het op die promenade gaan draf en op pad terug ’n hoenderslaai by die deli gekoop vir aandete. Dit eers laterig in die sitkamer geëet en toe die TV aangesit om die fliëkkanale deur te kyk.

Hoekom hy op daardie fliëk besluit het, weet hy nie. Die ouderdomsbepërking van agttien vir geweldstonele daarin moes al as ’n waarskuwing gedien het.

Maar hy het deurgedruk. Dalk was dit sy onderbewuste wat hom daarop laat besluit het. Diep in sy binneste het hy goed geweet die kringloop is nog

nie voltooi nie. Die moord op Mercia was nie genoeg om hom weer 'n normale lewe te laat lei nie.

Toe kom die toneel waar die man sy ontroue vrou met 'n byl doodkap ...

Sy gesmoorde kreet was instinkties. Sy liggaam meteens snaarstyf, sy asem rukkerig deur sy neus. Sy lyf het onbeheers begin bewe en hy kon voel hoe sweet op sy voorkop uitpêrel.

Hy het vasgenaël bly sit en kyk tot die man in hegtenis geneem is. Hy was teleurgesteld dat die fliek só eindig. Die ontroue vrou het net haar verdiende loon gekry.

Nou wil die beeld van daardie vrou nie wyk nie – met die smal neus, hoë wangbene, vol mond en golwende swart krulle.

Hy steun diep uit sy maag.

Hy het geen ander keuse as om daarvan werk te maak nie. Dis nie iets waaroor hy beheer het nie. Die kringloop móét voltooi word.

Die vermoorde se boesemvriendin, Nonnie Kleynhans, het 'n koffierestaurant op die dorp.

Sy kom Kassie, Rooi en Gehasi tegemoet vanuit 'n kombuisie. Wilde bos rooi hare, bepleister met grimering, bekraal en bepêrel en in 'n veelkleurige kaftan. Boheems, dink Kassie. Moeilik om haar ouderdom so deur die dik lae grimering te skat, maar kan in haar laat dertigs, dalk vroeë veertigs wees.

Gehasi stel hulle aan mekaar voor en hulle gaan sit by 'n tafel in die nou verlate kuierarea.

Nonnie val weg. “Dit was allerverskrikliks! Onmenslik! Die wrede manier waarop hy haar doodgemaak het, het hierdie dorp tot in sy fundamente geskud. Hier gebeur nie sulke goed nie! En die ergste is dat niemand van ons dit sien kom het nie. John het so ordentlik voorgekom. Hoe verander jy binne 'n oogwink in 'n wrede moordenaar? Dit is net verbysterend ... heeltemal onwerklik.”

Kassie hou sy hand op. “Ons gaan nou daarby uitkom. Wat ek eerstens wil weet, is wat die verhouding tussen John en Mercia was.”

“Mercia het van die begin af haar oog op hom gehad en hom 'n handsome hunk genoem. Van die dag toe hy twee jaar gelede hier op Langebaan aangekom het.”

Sy fladder haar wimpers. “Natuurlik nie net Mercia nie. Al wat 'n jong, ongetroude vrou was, het op hom ingezoem. Maar hoe hard almal ook al probeer het, het hy nie vir hulle attenties geval nie. Altyd 'n verskoning gehad waarom hy nie 'n partytjie of ander sosiale byeenkoms kan bywoon nie. Ons het hom Langebaan se geheimsinnige kluisenaar gedoop.”

“Maar hy het toe tog Mercia se uitnodiging aanvaar?”

Sy rek haar oë. “Dit was die surprise van die eeu! Ek en twee vriendinne was die middag saam met haar in die klub se kroeg toe sy hom gaan vra het.”

Haar onderlip bewe liggies. “Siestog, die arme Mercia was heeltemal oorstelp. Toe sy terugkom by ons tafel, het sy soos 'n skoolmeisietjie gebloos en gegiggel. Nog gespot en gesê dit voel kompleet asof sy vir die

eerste keer in haar lewe iemand date. Dadelik gevra watter resepte ons kan aanbeveel, want sy wou die aand vir hom 'n koningsmaal voorberei.”

Nonnie vee 'n traan uit haar oog. “Het sy maar geweet wat wag, nè?”

“Hoekom sê jy hy was 'n ordentlike man?” vra Rooi.

“Op grond van die twee keer wat ek in sy teenwoordigheid was ... en wat ander gesê het.”

“Wanneer was jy in sy teenwoordigheid?”

“Albei kere in die klub se kroeg. Die eerste keer het ons klomp girls 'n vriendin se verjaardag daar gevier. John het by die kroegtoonbank gesit. Twee van die girls het hom aan die arm nader getrek om saam met ons te paartie. Hy het maar teësinnig gekom. Ek het hom as 'n hoflike en galante heer opgesom. Ingetoë en effe skaam. Hy het nie veel gepraat nie. Ook die vrae oor sy verlede waarmee ons hom gepeper het, slim omseil. Ons kon niks wys word nie.

“Die tweede keer was meer onlangs, toe 'n groepie van ons langs hom by die toonbank gestaan het. Die kroeg was daardie aand stampvol, soos dit maar op Vrydagaande raak. Hy was nog so hoflik om sy stoel vir my aan te bied. Ek het met hom 'n geselsie aangeknoop. Gevra wat hy vir 'n lewe doen. Hy was vaag, iets van uitvoere gesê. Dit het ek nogal vreemd gevind, want dit was algemeen bekend dat hy nie 'n selfoon gehad het nie. Ek het gewonder hoe werk iemand in die uitvoerbesigheid as hy nie eens kan bel nie. En tannie Calitz het een keer vir Mercia gesê hy het ook nie 'n rekenaar nie.”

“Wie's tannie Calitz?” vra Kassie.

“Sy is op ons onderhoudlys,” sê Gehasi.

“Sy buurvrou gewees,” verduidelik Nonnie. “Al in haar vroeë tagtigs, kan beswaarlik loop. John het hom oor haar ontferm. Gereeld haar kruideniersware gaan koop en volgens tannie Calitz dan geweier dat sy hom terugbetaal. Hy het haar selfs een keer Kaapstad toe gevat om haar oogarts te gaan sien.”

Sy frons. “Hoe bring jy daai deel van sy persoonlikheid by 'n reeksmoordenaar uit?”

“Mens kan nie regtig nie, want die man se kop was 'n duister plek,” mompel Gehasi.

“O ja,” sê sy asof iets haar byval, “julle weet seker daar was 'n insetsel oor John op die TV-nuus op die spesifieke aand van die moord?”

“Nee, onbewus daarvan,” sê Kassie.

“Seweur op kykNET se nuus. Dieselfde tyd wat John na Mercia toe is. Ek het die insetsel self gesien. Hulle het gesê dat hy toe presies twee jaar gelede uit die groendakkies ontsnap het. Tot ’n foto van John gewys, maar geen mens op Langebaan sou hom met daai baard, boskaas en diklensbril herken het nie.”

Sy aarsel ’n oomblik. “Behalwe dalk tannie Calitz. Sy het glo vir iemand gesê iets aan die man se neus en mond het haar aan John herinner, maar sy het natuurlik vir geen oomblik gedink dit kan regtig hy wees nie.”

“Dis belangrik dat ons so gou moontlik by mevrou Calitz uitkom,” sê Kassie. “Klink of sy hom goed geken het.”

Gehasi skud sy kop. “Daai is nou die een suur appel wat ons sal moet deurbyt. Mevrou Calitz is eers môreoggend beskikbaar. ’n Familielid van Lambertsbaai het haar vandag kom haal om daar te kuier.”

Dis nie wat Kassie wou hoor nie.

* * *

Sylvia begin nou opgewonde raak oor haar werksvooruitsigte. Nadat sy en Benita tot middernag op die rekenaar besig was en vanoggend weer vroeg ingeval het, lyk die pos van ’n promosiebeampte nie meer so intimiderend as wat sy aanvanklik gedink het nie.

Haar grootste taak gaan wees om promosie- en uitstalgeleenthede vir die maatskappy in Kaapstad te identifiseer en om dan die stalletjie te beman. Daar sal ook van haar verwag word om gesellighede vir die maatskappy se belangrikste Kaapse polishouers en beleggers te koördineer. Haar grootste uitdaging is nou om vertrouwd te raak met die maatskappy se reeks finansiële produkte, wat een van die posvereistes is.

Die salaris wat hulle aanbied, klink vir haar nie waffers nie, maar volgens Benita is dit uitsonderlik goed vir ’n relatief junior pos. “Belangrik om jou voet in die arbeidsmark te kry. Daarna kan jy altyd beter geleenthede soek.”

Benita het gesê hulle moet nou eers ’n breek vat. “Gaan trek die uitrusting aan wat jy môre gaan dra sodat ek my stamp of approval kan gee.”

Sylvia beskou haarself in die spieël. Dis ’n ligblou romp wat tot onder haar knieë hang. Sy maak die bloes se knope tot bo vas en stap sitkamer toe.

“Lyk dit nie té koekierig nie?” vra sy vir Benita wat met Cara op haar skoot op ’n stoel sit.

Sy glimlag. “Pragtig! By the way, al wil jy, kán jy nie koekerig lyk nie, Lizzie Taylor.”

* * *

Die klub se kroegman kom van agter die toonbank soos ’n cowboy met bak bene na hulle aangeloop.

Gehasi het hulle vooraf gewaarsku dat Klaas Botha “maar ’n rou riem is en boonop skraal in die skrif”, wat Kassie afgelei het onbeskaaf en redelik ongeletterd beteken. Maar dis belangrik dat hulle met hom gesels. Volgens die ses vroue wat hulle ná Nonnie op ’n streep gaan sien het, het hy en John gereeld by die kroegtoonbank gesels.

Kassie hoop dié gesprek lewer iets op, want die ander onderhoude was teleurstellend. Die vroue het bloot herhaal wat Nonnie gesê het.

“Yes, yes, yes,” groet Klaas sonder om sy hand uit te steek. Hy is groot en geset met ’n olierige kuif wat oor sy voorkop hang en ’n fyn net van rooi aartjies op sy bolwange. Dis vir Kassie duidelik hy kuier graag saam met sy customers en dit bevestig wat Gehasi gesê het, naamlik dat “die druiwestokke maar met hom werk”.

Hy laat val sy logge liggaam in ’n stoel wat onheilspellend onder die gewig kraak. Strek dan sy bene behaaglik uit en trek-trek aan die klossie borshare wat by sy hems kraag uitpeul. Hy betrag hulle deur halfmas ooglede.

“Klaas, ons wil met jou gesels oor John Venter,” val Gehasi weg. “Tot dusver het ons ondersoek nog niks beduidends uit die mou geskud nie, maar ons hoop jy kan help. Ons verstaan jy en John het baie praatjies daar in die hoek gemaak.”

Daar is ’n uitdrukking van volslae onbegrip op die man se gesig.

“Ons wil net hoor of John nie iets vir jou laat val het wat ons in ons ondersoek kan help nie,” sê Kassie.

“Soos wat?”

“Dis wat ons by jou wil uitvind,” sê Rooi.

“Het hy byvoorbeeld genoem dat hy ’n blyplek in Kaapstad het?” vra Kassie.

Klaas tuur na die plafon, skud dan sy kop. “Nope.”

“Waaroor het julle gesels?”

Hy trek sy skouers op. “Moeilik om te sê.”

“Dalk oor vroue?” por Gehasi.

Sy groot maag skommel van die lag. “Ek het vir hom ’n paar keer gesê hierdie klomp girls wat altyd so om hom saambondel, soek net een ding: dis om deur hóm gespyker te word. Dan het hy altyd net gesmile, niks gesê nie.”

Hy aarsel ’n oomblik. “Ons het maar meeste van die tyd oor die weer en sulke goetertjies gesels. Hy’t van die son gehou. Die wind het hom ook nie gepla nie, maar hy het niks van bewolkte weer en reën gelike nie.”

“Het hy gesê waarom?” vra Rooi.

“Dit maak hom restless, het hy gesê. Dis al. Baie restless.”

“Niks anders waaraan jy kan dink wat vir ons belangrik kan wees nie?” vra Gehasi.

“Hy het van Castle-bier gehou.”

Kassie se moed sak in sy skoene. Hulle gaan nie by Klaas aardskuddende leidrade kry nie. Dis boonop al vieruur en hy wil by die gastehuis uitkom. Hy het besluit om Amalia te bel sodra hy daar aanland.

Hy oorhandig sy besigheidskaartjie aan Klaas. “Kontak my of Gehasi as iets jou byval wat vir ons van belang kan wees.”

Hulle groet terwyl Klaas die kaartjie sorgvuldig in sy beursie bêre.

Op pad kar toe sug Gehasi. “My kompas staan nou stil, want vandag se gesprekke was rigtingloos.”

“Dit kan jy weer sê,” sê Rooi.

Hulle is gou by die gastehuis. Gehasi het vanoggend met ’n fiets daar aangekom omdat sy bevelvoerder nie die stasie se enigste poelkar aan hom wou afstaan nie. “Jou cops uit die Kaap het mos ’n kar,” het hy glo gesê.

By die parkeerplekke agter die huis wag die eienaar hulle in.

“Kaptein Kasselmann, is ek bly julle is terug!” sê sy met ’n skril stem toe hulle uitklim.

Sy is skoon uitasem. “Vir die éérste keer in die geskiedenis het ons helder oordag ’n inbraak gehad. En die dief was in kaptein en die adjudant se kamers doenig. Klere uit die kaste gegooi, maar ek weet nie of iets gesteel is nie.”

Hulle haas hulle na hul kamers, Gehasi agterna.

Kassie is nie vreeslik bekommerd nie. Hy het boggherol van belang hier gelos. Iemand wat van sy klere steel, het in any case bleddie swak smaak.

Hy stap in. Die klere lê oor die kamervloer gestrooi.

Dan verstar hy. Sy bruin tas, wat hy op die rak langs die bed gelos het, is weg.

En die fokken dossier én die bewysstukke wat hulle in Vermooten se huurplek gekry het, was daarin.

Sedert gistermiddag toe hy in 'n goeie gemoedstemming sy ontspanningskamer se deur agter hom toegetrek het, het hy nie weer daar ingegaan nie.

Sy somber gedagtes is voltyds by die moordtoneel wat hy in daardie fliek gesien het. Hy móét hierdie drang beter bestuur. Dis in sy belang. Hy kan nie bekostig om sy verblyf hier aan risiko's bloot te stel nie.

Dit gaan moeilik wees. Hierdie allesverterende drang los hom nie. Hy stap op en af in die leefvertrek, soos die grootste deel van die dag nog. Hy besef vir die eerste keer dat hy vandag nog nie nat of droog oor sy lippe gehad het nie. As hy iets in sy maag kry, kan hy dalk helderder dink.

Hy neem die bril met die getinte lense wat hy by die apteek gekoop het en sit dit op, trek die keps laag oor sy oë voor hy die deur agter hom toetrek.

In die straat stap hy soos 'n dier wat sku is vir daglig, kyk stip voor hom, bang hy sien iemand wat die vuur opnuut in hom kan stook. Nie eens die knersende remme van 'n vragmotor iewers naby hom laat hom opkyk nie.

As hy net deur die volgende paar dae kan kom sonder om onverantwoordelik op te tree, sal dit beter gaan. Voorafbeplanning neem tyd en vereis 'n koel kop.

Die Kwikspar is skuins oorkant die pad. By die afdeling met vars gebak bestel hy twee vleispasteie en vra dat hulle dit in die mikrogolfoond warm maak.

'n Bejaarde man staan langs hom. Hy praat hard met een van die werknemers. "Ek sien die weerburo voorspel dat ons môre lekker groot reën gaan kry, wat uiters ongewoon is vir só vroeg in Maart."

Elke sening en spier in sy lyf span styf.

* * *

Kassie kan dit nie glo nie. Hoe het die boodskap so vinnig by die kommissaris van alle mense uitgekom?

Hy skud sy kop. Die oproep wat hy pas van die brigadier gekry het, was allesbehalwe aangenaam. Fok, sy kan darem soms tekere gaan!

“Hoe los jy ’n dossier in jou tas in die kamer, Kassie?! Weet jy watter bleddie vernedering dit was om dit by die kommissaris te hoor? Hoekom het jy my nie dadelik gebel en ingelig nie? Ek, jou bevelvoerder, moet die nuus van my baas kry! Weet jy hoe ’n groot fool ek gevoel het?” het sy soos ’n sirene afgegaan.

Hoe meer hy verduidelik het dat dit nie die einde van die wêreld is nie, hulle kan weer die patoloog se verslag en die forensiese een aanvra, afdrukke van die foto’s kry en Gehasi se dossierinligting invul soos dit was, hoe erger het sy afgegaan.

“Dis nie waarom dit gaan nie, Kassie! Die hele topstruktuur van die polisie lag nou agteraf oor die Spookeenheid se onbeholpenheid. En dit nogal met ’n hoëprofielsaak soos Vermooten s’n. Die spul verlekker hulle daarin, want die bliksems is almal jaloers op ons. En moenie wil voorgee alle inligting kan maklik teruggekry word nie. Volgens die kommissaris was daai garagestrokie, die nota wat hy vir die huiseienaar geskryf het en die paar ander items wat julle in Vermooten se woonstel gekry het ook in die bleddie tas.”

Kassie het nie verder probeer walgooi nie. Om vir haar te sê dat hulle presies weet waar Vermooten sy bakkie laat diens het en dat die enigste ander item van belang ’n Hollandse muntstuk was, sou haar net ’n ander stok laat gryp het om hom mee te moer. Hy moet toegee dat die brief aan Badenhorst dalk die groot gatslag is, want die man se handskrif was daarop.

Dis deur sy eie toedoen dat sy nou so onplesierig was. Hy het Gehasi opdrag gegee om dadelik stasie toe te gaan en die patrollie-uniforms te vra om op die uitkyk vir die tas te wees. Kassie het geredeneer dat die dief gou sou uitvind hy het nuttelose dokumente gesteel en dat hy die tas dan iewers sou weggooi. Hy het gehoop die uniforms kry dit vinnig. Daarom dat hy die brigadier nie dadelik ingelig het nie.

Natuurlik daai slapgat bevelvoerder van Gehasi gewees wat nie gou genoeg op sy foon kon spring om die storie uit te basuin van hoe die vername speurders van die Spookeenheid opgeslip het nie.

Dit was nie ’n goeie dag nie, ook wat betref al daardie onderhoude wat niks van belang opgelewer het nie. Hopelik sal mevrou Calitz hulle dag môre ophelder.

Hy kyk op sy horlosie. Seweur. Hy het skoon sy eetlus verloor. Vir Rooi gesê hy gaan vanaand die ete skip en vroeg in die bed klim.

Kassie is dankbaar hy't James Barron se *One-Cent Magenta – Inside the Quest to Own the Most Valuable Stamp in the World* op sy bedkassie gelos en nie ook in die tas gebêre nie. Dan was hy sonder 'n boek gestrand.

Hy sit besluiteloos met sy selfoon in die hand. Sal hy of sal hy nie? Waarom bleddiewil nie?

Sy hart klop in sy keel toe hy bel.

“Kassie, wat 'n verrassing! Is jy al terug van Langebaan?” vra Amalia.

“Nee, ons is nog besig met die ondersoek. Sal seker môremiddag terugkom. Sommer gewonder hoe dit met jou gaan?”

“Wonderlik, dankie. Ek het mos weer begin draf. Kan jou nie vertel watter verskil dit aan 'n mens maak nie. Ek voel jare jonger. Maar ek is nuuskierig. Vorder julle darem met die saak?”

“Stadig maar seker. Ons voer môre nog onderhoude met –”

“Net 'n oomblik,” onderbreek sy hom. “Ja, vat sommer daai skottel,” sê sy vir iemand.

“Klink of jy mense het. Ek kan later weer bel.”

“Nie nodig nie.” Sy gee 'n laggie. “My wasbak se aflooppyp was verstopt. Groot gemors gewees met die water wat oorloop, maar Boet het darem nou alles onder beheer.”

* * *

Aangesien Cara vroegaand bed toe is, kan Sylvia met 'n glasie wyn ontspan.

Haar onderhoud vir die pos is môreoggend elfuur. Daar is 'n fladdering in haar maag oor dié vooruitsig. Gaan sy daardie toets kan slaag? Sy weet haar selfvertroue gaan 'n helse knock vat as sy onsuksesvol is.

“En as jy so met 'n frons sit?” vra Benita.

“Senuweeagtig oor môre.” Sy skud haar kop. “Dis sulke tye dat ek myself kruisig oor die lewe wat ek gelei het. Pleks dat ek soos jy my studies voltooi het en 'n loopbaan gevolg het. Nou is ek op die rype ouderdom van vier-en-dertig 'n verdomde rookie wat nie 'n clue het wat op haar wag nie.”

“Hoe het als begin?”

“Wat begin?”

“Jy en die mans.”

Sylvia neem 'n sluk van haar wyn. “Toe ek varsity opskop, was ek al by 'n getroude man betrokke. Nooit dit vir jou of enigiemand anders gesê nie.”

Benita gee 'n laggie. “Jy het vir ons vertel jy't 'n job as 'n lugwaardin gekry.”

“Soos jy nou goed weet, was dit 'n leuen. Die man was 'n welaf prokureur. Twintig jaar ouer as ek. Twee kinders. Hy het vir my 'n klein woonstelletjie in die Kaap gekoop, my met geskenke toegegooi en my 'n toelaag betaal. Gesweer hy gaan binnekort van sy vrou skei. Idilliese beloftes gemaak van oorsese reise as ons twee eers getroud is. Maar 'n jaar later was dit vir my duidelik hy lieg. Nooit van plan gewees om te skei nie. Ek sou net sy skelmpie bly. Toe dreig ek dat ek sy vrou gaan vertel. Hy het hom bleek geskrik. Gesoebat dat ek hom nog 'n tydjie moet gee totdat die kinders met skool klaarmaak. Maar ek het my voet neergesit, gesê hy het 'n keuse: skei nou of betaal my prys.”

“En wat was jou prys?”

“Die woonstel moes in my naam geregistreer word en ek wou honderdduisend rand hê, wat tien jaar gelede 'n helse lot geld was. Hy sou ook nooit weer sy voete oor my drumpel kon sit nie.” Sylvia lag. “Hy het soos 'n mak lammetjie toegegee, vreesbevange dat ek sy vrou gaan vertel.”

Benita sug. “Pleks dat jy tóé jou lewe in rat gekry het.”

“Dit weet ek nou, ja. Maar ek het dit destyds as 'n ‘wonderlike sakegeleentheid’ gesien. Maklike manier om geld te maak deur ryk, ouer getroude mans te target. Doen deeglike navorsing oor hulle en slaan dan toe. Elke keer het ek my voorgeneem dat dit die laaste man gaan wees, dat ek daarna my lewe sal omkeer en soos my vriendinne 'n regte werk kry. Maar dit was soos om aan dwelms verslaaf te wees. En so verbasend maklik. Die hele lot was net so voorspelbaar soos die prokureur, die enigste uitsondering natuurlik Benjamin Beyers.”

“En hoe het dit gekom dat jy Cara gekry het? Wie's die pa?”

Sylvia ledig haar glas. “Ek wil nie regtig daaroor gesels nie, vriendin.”

Sy staan op. “Jy sal my nou moet verskoon. Ek wil nog 'n bietjie voorberei vir môre.”

* * *

Vleis bel Giraffe, wat ná twee luie antwoord.

“Jou man het 'n excellent job gedoen, Giraffe. Ek sit met die dossier hier op my skoot.”

“He is one of the best. Sharp soes ’n Minora blade.”

“Ons sal hom dalk in die near future weer moet gebruik. Natuurlik als low-risk jobs.”

“Daai’s nie ’n problem ’ie.”

Vleis het selfvertroue gekry ná die Langebaan-joppie so glad verloop het. Daarom wil hy die bendebaas beïndruk.

“Jy sien, Giraffe, hierdie was maar net die first step in the process. Die top structure in die polisie weet nou almal van die slip-up met die dossier. Daarvoor het ek en Mukkadem gesorg deur die word subtly te versprei. Maar daar wag nog baie pyn vir Fortuin en Kasselmann én eventually vir die police chief. And, bra, you can trust me and Mukkadem on this one. We will pull it off.”

Toe Kassie-hulle voor mevrou Calitz se huis uit die kar klim, kom 'n groep jeugdiges in die straat aangestap.

Die een dra 'n blêrkas op die skouer wat met 'n oorverdowende gedoefdoef Kassie se ore laat suis. Hulle het almal bierblikke in die hand en gesels luidrugtig.

“Dis hulle wat ons van die strate probeer hou, kwajongens wat sommer helder oordag by plekke inbreek. Nie meer soos in die ou dae toe die diewe net in die klein uurtjies van die nag bedrywig was nie,” sê Gehasi vies.

Die een struikel en 'n makker moet hom aan die arm gryp om hom regop te hou.

Rooi gooi sy hande in die lug. “Negeuur in die oggend en die hele lot is al ernstig gesuip. Wat gaan met die jonges van vandag aan?”

“Maar net nog 'n teken dat die eindtye hier is,” sê Gehasi kopskuddend.

“Jy moet eintlik jou uniforms bel sodat die spul ondervra kan word. Dalk weet een van hulle van die diefstal by ons gastehuis,” sê Kassie, wat nog steeds hoop sy tas met die dossier en bewysstukke duik iewers op.

Gehasi snork. “Hulle sal nie kom nie. Ons bevelvoerder het die mes op die keel van ons uniforms gesit om oggendpatrollies te doen. Sê dis tydmors en boonop is petrol duur.”

“Hy is 'n groter poephool as wat ek gedink het,” brom Rooi.

Hulle stap oor 'n geplaveide area tot by die huis. Kassie druk die voordeurklokkie.

“Sy is 'n vrou van die vak. Jare lank klasgegee by 'n universiteit en glo nog baie wakker van begrip,” fluister Gehasi toe hulle die geskuifel van voete hoor.

'n Gekromde gryskopvrou, leunend op 'n kiere, maak die deur oop.

Gehasi stel hulle voor en hulle volg mevrou Calitz oor 'n voosgetrapte mat na 'n klein sitkamer, waar Rooi en Gehasi styf langs mekaar op 'n verpotte rusbankie moet inpas. Kassie sit oorkant haar op 'n ongemaklike regop riempiestoel.

Mevrou Calitz verstel die ronderaambriljetjie op haar neus. “My hart weier nog om te glo dit was John se handewerk, maar my verstand moet

seker aanvaar dat hy daardie gruweldaad gepleeg het.”

“Ek kan u verseker hy is die skuldige,” sê Kassie.

“Sy binneste is so duister soos die graf,” sê Gehasi.

Sy knik. “Dit besef ek nou, maar teenoor my was hy net wonderlik, ’n dierbare man wat hom heeltyd oor my ontferm het. Gereeld sommer uit sy eie sak vir my kruideniersware gaan koop. Wou nooit terugbetaal word nie. Skertsend gesê hy sal nog eendag vir my die rekening stuur.”

“Altyd bereid om u die arm te leen?” vra Gehasi.

Sy glimlag. “Altyd, ja.”

“Ons verstaan dat hy nie ’n selfoon of rekenaar gehad het nie,” sê Kassie.

“Dis reg. Hy’t gesê hy het nie erg aan die nuwe tegnologie nie.” Sy aarsel ’n oomblik. “Nie dat hy onkundig daarmee was nie. Ek weet hy het elke maand by die bank hulle rekenaar gebruik om vir meneer Badenhorst sy huur te betaal.”

“Weet u watter bank?”

“Beslis Absa, want hy het soms vir my geld daar by hulle OTM getrek. Ek het dit op my strokies gesien.”

“Ons verstaan hy het u op ’n keer na ’n oogarts in Kaapstad geneem,” sê Rooi.

“Ja. ’n Familielid op Lambertsbaai wat my sou vat, het op die laaste nippertjie karprobleme opgedoen. Toe John daarvan hoor, het hy aangebied om my te neem. Ek het dit geweldig waardeer. Hy wou ook nie my aanbod aanvaar om vir die petrol te betaal nie.”

“Het hy nie dalk iets genoem dat hy ook ’n blyplek of ’n vriend in Kaapstad het nie?” vra Kassie.

Sy skud haar kop. “Nee, dié het hy nie gehad nie, maar soos ek kon aflei, is hy nogal erg oor Kaapstad. In ’n stadium vir my gesê hy moes eerder dáár as op Langebaan kom bly het. Die mense van ons dorp het hom begin vasdruk, het hy gesê. Omdat hy ’n private mens is, was hy nie lus vir al die uitnodigings wat hy gekry het nie. Gesê in ’n groot stad bou jy nie sulke persoonlike verhoudings op nie. En dis hoe hy die lewe verkies. Hy’s ’n alleenloper in murg en been, het hy meer as een keer gesê.”

“Het hy ooit iets oor sy verlede kwytkeraak?”

“Nie veel nie. Net genoem hy was in die uitvoerbesigheid in die noorde van die land. Ek het hom nie daarvoor gepols nie, want ek kon sien hy was nie lus om daarvoor te praat nie. Persoonlik het ek gedink hy’t ’n groot

liefdesteleurstelling beleef en daarom het hy Kaap se kant toe uitgewyk. Ek het soms 'n diep hartseer in sy oë gesien.”

“Het hy ooit oor Mercia gepraat?” vra Rooi.

“Nie 'n woord nie.”

“Dalk iets gesê oor ander vroue?”

Sy skud weer haar kop. “Nooit na die vroue hier of dié in sy verlede verwys nie. Dit was 'n onderwerp wat hy vermy het.”

“Ons verstaan dat die foto op die TV-nuus u aan John herinner het, al het hy toe baie anders gelyk?” sê Kassie. Hy wonder steeds hoekom die TV-nuus 'n insetsel gehad het van 'n moordenaar wat twee jaar soek is. Dit was tog nie vars nuus nie.

Sy knik. “Dit was nogal 'n vreemde belewenis. Die bebaarde man op die TV se neus en mond was die ene John. Die diklensbril het gemaak dat ek nie sy oë mooi kon sien nie.”

Sy gee 'n laggie. “Ek het selfs vir 'n oomblik geskrik, maar die gedagte gou uit my kop gegee. Ek het myself oortuig dat dit nooit dié dierbare man kan wees wat ek ken nie.”

“Ons sal binnekort iemand na u toe stuur om 'n identikit van hom saam te stel,” sê Kassie.

“Dis in orde so.”

“Net 'n laaste vraag,” sê Rooi. “Het hy ooit genoem dat die reënweer hom onrustig stem?”

“Nee, maar as ek terugdink, het hy nooit by my aangekom as dit bewolk was nie.”

Op Kassie se vraag of daar enigiets anders is waaraan sy kan dink wat hulle in die ondersoek kan help, antwoord sy: “Ek het eintlik net goeie dinge oor hom te sê.”

Hulle bedank haar en Kassie oorhandig sy besigheidskaartjie.

Op pad na die kar sê Gehasi: “Met hierdie saak is ons darem al tussen die bye, maar nog ver van die koek af.”

Dis 'n optimistiese stelling, dink Kassie. Hy twyfel of daar 'n by in sig is.

* * *

Sylvia klim met 'n kloppende hart uit haar kar. Die lang wag is uiteindelik verby. Sy was al 'n uur gelede op die parkeerterrein van die gebou waarin Ashfin se kantoor geleë is. Wetende dat die oggendverkeer van Kampsbaai

na die middestad 'n nagmerrie kan wees, wou sy doodseker maak sy is betyds vir haar afspraak.

Sy glimlag toe sy aan Benita se raad dink oor hoe sy die bemarkingshoof “van die oomblik dat jy daar instap” moet beïndruk: “Onthou om jou Colgate smile te gee, die een wat jou kuiltjies so mooi wys. En gee hom 'n stewige handdruk. 'n Pap handjie werk nie vir 'n voornemende werkgewer nie, al is dit van 'n vrou. Kyk hom heeldyd in die oë wanneer jy met hom praat en lag hartlik vir enige grappie wat hy probeer maak, al is dit hoe donners flou.”

Alleen in die hysbak op pad na die vyfde verdieping beskou sy haarself krities in die spieël. Frons dan. Teen Benita se opdrag in, knoop sy die boonste vier knope van die bloes los sodat daar genoeg cleavage wys. Sy kom praat after all met 'n man.

Sy stap by groot glasskuifdeure in. In die ruim ontvangslokaal loop 'n lang vrou met bottelblonde hare en fladderende kunswimpers haar tegemoet.

“Is jy hier vir die onderhoud met meneer Bill Swart?” vra sy.

Sylvia wonder of sy haar hand moet uitsteek, maar besluit daarteen. Lyk nie of die vrou kennis wil maak nie. “Ja, ek is Sylvia –”

“Jy kan solank daar wag,” onderbreek Blondie haar en beduie na 'n rusbank. “Hy is besig met 'n ander onderhoud, maar sal seker nou-nou klaar wees.”

Sy haas haar na die ontvangstoonbank toe 'n foon begin lui.

Sylvia se blik skeer oor die plek. Die meubels is modern en die los matte op die ontvangslokaal se wit teëlvloer helderkleurig. Die rusbank waarop sy gaan sit, is skelrooi. Op 'n bord bo die ontvangstoonbank staan in groot, swierige letters: *Ashfin – Connecting All Your Financial Needs*.

Ná tien minute gaan die deur oorkant haar oop. 'n Vaal meisietjie wat skaars mondig lyk, kom uitgestap. Aan die uitdrukking op haar bleek gesig lei Sylvia af die onderhoud het nie goed verloop nie.

“Jy kan maar ingaan,” sê Blondie skril van agter die ontvangstoonbank.

By die deur huiwer Sylvia, want die man agter die lessenaar praat op die foon. “Tot dusver is die oes maar skraal, jong. Nou net iemand ge-interview wat laas jaar nog op skool was. Nie 'n bleddie clue wat in die corporate omgewing aangaan nie.”

Hy sien Sylvia raak en beduie sy moet inkom.

“Tjeers, praat weer later,” sluit hy sy gesprek af.

Hy is middeljarig en geset, met 'n blink bleskop en streepsnorretjie. Die knope van sy wit hemp beur toe hy opstaan en sy hand uitsteek.

Sylvia gee haar verblindende tandepasta-glimlag en skud ferm hand.

Sy merk hoe hy vlugtig na haar cleavage kyk toe sy oorkant hom gaan sit. Sy het spesiaal effens vooroor geleun om haar bates beter ten toon te stel.

Hy vee met 'n sakdoek oor sy blink voorkop. “Verskoon tog, maar die lugversorging werk nie vandag nie.”

Vir haar voel die plek koel.

Met haar CV voor hom, glimlag hy breed. “Mejuffrou Wiese, jy is die eerste kandidaat wat praktiese ondervinding van promosiewerk het. Dit tel beslis in jou guns. So ook die feit dat jy nie 'n maand kennis hoef te gee by 'n ander werk nie, want ons het nou iemand nodig.”

Sy oë het weer begin dwaal.

Instinktief wéét Sylvia sy gaan die werk kry.

Net ná twaalf vat Kassie en Rooi die pad terug Kaap toe.

Hulle het ná die besoek aan mevrou Calitz gaan gesels met die man wat Vermooten op die aand van die moord op die R27 sien ry het. Hy was seker van sy saak: “Ek het sy bakkie dadelik geëien en John se kaalkop herken toe ’n weerligstraal die nag verlig. Sonder enige twyfel hy gewees.”

Kassie het ook vir Badenhorst, die eienaar van die huurwoonstel, gebel. Dié was stomgeslaan dat die “ordentlike man” wat die plekkie al so lank by hom huur, ’n reeksmoordenaar is. Gedurende vakansies het Badenhorst hom nou en dan gesien, maar hulle het nooit lang gesprekke gevoer nie. “John het hom maar altyd eenkant gehou. Nooit probleme met hom gehad nie en hy het sy huur gereeld betaal.”

“Sal hierdie Langebaan-besoek nou nie eintlik suksesvol noem nie,” sê Rooi agter die stuurwiel. “Maar ons weet darem nou hy het sy huur elektronies oorbetal. Nou moet ons net by die kantoor die red tape afhandel om sy bankbesonderhede te kry. Dan is ons ’n stappie verder.”

Kassie skud sy kop. “Weet nie of dit ons veel gaan help nie. Hy is ’n uitgeslape vent wat byna geen digitale voetspoor gelos het nie. As jy my vra, gaan sy bankbesonderhede ons nêrens bring nie. Heel moontlik vals, nes die naam John Venter.”

“Ons sal darem by daai garage sy bakkie se registrasienommer kry. Dalk ry hy nog met dieselfde nommerplate rond.”

“As hy enigsins in Kaapstad is.”

“Dink jy daai insetsel op die TV-nuus het hom getrigger om Mercia te vermoor? Dalk het sy saam met hom daarna gekyk en hom toe aan sy foto herken. Dan sou hy geen ander keuse gehad het as om van haar ontslae te raak nie.”

Kassie sug. “Jy vergeet dat hy klaar sy tasse gepak het en sy landlord se huurgeld in die woonstel gelos het. Hy is met moordplanne soontoe.”

“Bliksis, ja, daai feit ontglip my heeldyd.”

“Onthou dat ons reël dat een van Forensies se mense dringend ’n identikit gaan opstel. Ons gaan dit nodig hê vir die media,” sê Kassie.

“Ek het dit aangeteken.” Rooi aarsel. “Wonder waar het Vermooten die geld gekry om sy huur en mevrou Calitz se kruideniersware te betaal – dit nogals sonder ’n werk.”

“Vir my ook vreemd gewees. Gewoonlik lê hulle beslag op so ’n ou se bates as hulle hom vastrap.”

“Daai kaptein van die Joburg-Spookeenheid behoort vir ons te kan sê.”

Hulle ry in stilte verder, Kassie se gedagtes nou op ’n ander plek.

Ná gisteraand se telefoongesprek met Amalia was hy so ontsteld dat hy eers, soos Gehasi dit sou stel, in die klein uurtjies van die nag aan die slaap geraak het. Die beeld van Boet wat behendig die wasbakprobleem oplos, het aan hom gevreet. Wat maak die donner in elk geval daar? Of het hy vinnig haar ou staatmaker geword op wie se knoppie sy kan druk sodra daar iets verkeerd loop? Sy soort sal allerlei sluwe metodes inspan om haar te beïndruk.

Maar wat regtig gisteraand sy vaak verdryf het, was die gedagte aan Amalia se drawwery. Kassie onthou goed hoe ou Boet by filatelievergaderings gespog het oor hoeveel pretdrawwe hy al voltooi het. “Ek het nie meer plek vir al my medaljes nie,” het hy nog verkondig.

Net die gedagte daaraan dat hy Amalia op haar promenade-draffies vergesel, het ’n grasgroen jaloesie in Kassie laat opstu wat hy nog nie voorheen ervaar het nie. Sy verbeelding het ook heeltemal op loop gegaan. Stort hulle ná die tyd saam voor hulle in die bed spring?

Hierdie afgryslike voorstelling het Kassie genoop om die botteltjie Rescue Remedy, wat hy vir ’n noodgeval ingepak het, op te suip.

“Check net daai donker wolke in die verte,” onderbreek Rooi sy gedagtes. “Toe ek vanoggend met Torretjie oor die foon chat, het sy juis gesê daar waai ’n swart suidooster en die weerburo voorspel daar kom vanaand ’n moerse storm. Darem bleddie snaakse weer vir Maart, nè?” Hy gee ’n laggie. “Maar ons moet seker nie daaroor moan nie, want niemand in die Kaap wil weer hoor daar is ’n Dag Zero op pad nie.”

Kassie tuur na die wolke. As mevrou Calitz se afleiding reg is dat Vermooten ’n helse liefdesteleurstelling beleef het, kan hy nou verstaan waarom sulke weer die man onrustig stem. Want hy voel iets soortgelyks.

* * *

Benita wag Sylvia glimlaggend by die deur in. “Ek het goeie nuus vir jou, hoor!”

“Wat?”

“Het pas klaar met die bemarkingshoof gepraat. As die enigste verwysing op jou CV, het hy my gebel ‘om net te bevestig wat ek klaar weet’, het hy gesê.”

“Wat het hy daarmee bedoel?” vra Sylvia huiwerig.

“Dat jy die ideale kandidaat vir die job is. Hy was ekstasies oor jou. Gesê jy was die enigste een wat die maatskappy se produkte geken het en presies geweet het hoe dit werk.” Sy glimlag. “Dis nou buiten jou goeie kennis van promosiewerk.”

Verligting spoel oor Sylvia. Al het sy aangevoel die onderhoud het uitsonderlik goed verloop, het twyfel haar op pad terug beetgepak.

Benita lag. “Kom ons gaan pop daai sjampanjebottel se prop.”

Sy steek vas. “Moet net nie vir my sê jy het met daai ontblote boesem daar ingeloop nie?”

“Nooit! Ek het nou in die kar warm gekry.”

* * *

Digte mis omvou die omgewing en verdoof die enkele karre se kopligte.

Die wind dryf strepe reën oor die pad, wat ’n mens se sig nog verder bemoeilik.

Hy ry stadiger toe hy die afdraai vat. ’n Berig in vanoggend se koerant oor inwoners wat kla oor die hoë frekwensie van prostitusie in hul buurt, het hom op hierdie omgewing laat besluit.

Die strate is verlate, die mense toegegrendel in hulle huise. Ondanks die slegte weerstoestande sien hy twee vroue onder bome in ’n park gehurk staan, maar hy stel nie in hulle belang nie. Die berig het spesifiek genoem dat inwoners ’n hele paar wit prostitute opgemerk het. Hy is op soek na een van hulle.

En uit die ondervinding wat hy in Gauteng opgedoen het, weet hy die weer gaan hulle nie afskrik nie. Hulle besef maar te goed dis veiliger vir voornemende klante om hulle in sulke weer op te pik as op ’n mooi aand wanneer die strate bedrywig is.

Hy ry ’n halfuur lank geduldig rond, sy oë soekend.

Dan sien hy een. Sy staan onder ’n afdakkie voor ’n donker kafee. Hy kyk goed rond. Geen ander mens of motor in sig nie. Hy hou stil, wink haar nader.

Sy kom met swiepende swart hare na die kar aangehardloop. Hy leun oor en maak die passasiersdeur vir haar oop. Sy klim dadelik in. Water drup van haar hare en ken af en maak donker kolle op haar wit minirok. Sy klem 'n handsak op haar skoot vas. Sy is oormatig gegrimeer, merk hy in die skynsel van die dakliggie voordat sy die deur toetrek. Haar mondjie is veels te klein vir haar lang gesig en haar oë sit te ver uitmekaar vir haar om aantreklik te wees.

Hy sukkel om sy afsku te verberg.

Haar tande klapper op mekaar van die koue. “Honderd rand vir ’n blowjob, vierhonderd vir die full monty.”

“Vierhonderd is reg, maar nie hier nie. Ons moet na ’n meer afgesonderde plek gaan.”

“Dis oukei met my. Solank jy my net ná die tyd weer hier kom drop.”

Hy knik en trek stadig weg.

Dis nie ver van die area wat hy vroeër geïdentifiseer het nie.

Ná tien minute se ry hou hy langs ’n veldjie op die rand van die nywerheidsgebied stil. Hier sal niemand iets kan hoor nie.

Hy haal die opgevoude seil onder sy sitplek uit, oorhandig dit aan haar. “Gooi dit oor jou sodat jy nie natreën nie.” Hy beduie na ’n plaat bome nie ver daarvandaan nie. “Ons gaan soontoe. Dit sal beskut wees.”

“Shit, kan ons dit nie maar in jou bakkie doen nie?”

“Hier’s te min spasie.”

Sy talm ’n oomblik voor sy die deur oopmaak, mompel iets en trek dan die seil oor haar kop.

Hy draf agter die skarrelende figuur aan. Sy skoene sak weg in die modder en hy is sopnat toe hulle by die bome kom.

Sy skop van die rommel uit die pad en sprei die seil op die grond oop. Hou dan haar hand uit. “Betaal eers.”

Hy gryp haar aan die pols en gooi haar met dieselfde beweging op die grond. Sy val met ’n hik op haar rug. Dan is hy op haar, pen haar arms met sy knieë vas.

“Fok, wat maak jy nou?!” skree sy, oë wydgesper.

Sy hand soek in die donker. Eers vat hy ’n bottel vas, maar besluit dit gaan nie deug nie. Sy vingers omklem iets swaarder en stewiger. ’n Halwe baksteen.

Sy wriemel onder hom. Hy lig die baksteen hoog bo sy kop. Slaan dan met elke greintjie krag.

Hy bulder so hard van die pyn in sy binneste dat dit haar krete uitdoof.
Dit sit om in 'n hanteerbare, berekende haat wat hom nog harder laat
slaan. Meer sekuur.

Bloed spat teen sy gesig, maar hy hou aan slaan.

Eers toe 'n doodsroggel uit haar keel ontsnap, laat val hy die baksteen.

Vleis is al vroegoggend op die foon met Mukkadem.

“Ons gaan hierdie storie net kan manipulate as jy vir ons meer info oor die serial killer kan kry,” sê hy.

“Ek is bang die Spookeenheid in Joburg gaan dink dis ’n snaakse versoek. Ons hanteer mos nie die saak nie.”

“Nee man, dis tog Crime Intelligence se reg om info te kry. Julle gather mos die heelyd info om die situation beter te verstaan. Jy kan maar net sê julle is ook bekommerd, want die serial killer is after all nou hier in die Wes-Kaap.”

Mukkadem bly lank stil. “Oukei, al is dit riskant, sal ek so maak.”

“Daar’s niks risky aan nie!”

“Ek wil nie spore los nie, Vleis.”

“Jy sal nie traces los nie.”

“Maklik vir jou om te sê. Jy sit veilig by die Anti-Gang Unit.”

“Relax net, man.”

Mukkadem snork voor hy aflui.

Vleis skud sy kop. Mukkadem het nie regtig die balls vir hierdie job nie. Dit worry hom bietjie.

* * *

Kassie en Rooi hou op die skouer van die pad stil.

Forensies se mense staan in ’n kringetjie onder ’n paar bome ’n entjie die veld in.

“Wat ’n bleddie nuwe wending,” sê Kassie onderlangs.

Die oproep het tienuur deurgekom na die brigadier se kantoor, juis toe sy besig was om hom en Rooi te roskam oor die verlore dossier en bewysstukke.

Dit was een van Forensies se mense wat gebel het. Hulle is vroeër die oggend deur die Parow-polisie uitgeroep oor ’n moord op ’n vrou, vermoedelik ’n prostituut. Truter van Forensies, wat ook in die Langebaan-

span was, het gesê die manier waarop sy doodgemaak is, dra Vermooten se stempel.

Die brigadier was nie oortuig nie. Volgens haar beperkte kennis is prostitute nie Vermooten se teiken nie, en omdat hulle nog nie die ou moorddossiere onder oë gehad het nie, was hulle clueless. Op Kassie se aandrang het sy kaptein Callie van As van die Johannesburg-Spookenheid gebel om te hoor wat hy dink.

Toe sy die foon neersit, kon Kassie sien daar's perde.

"Julle sal dadelik soontoe moet gaan! Van As sê dit strook honderd persent met Vermooten se modus operandi. Hy het voorheen ná moorde op die vroue met wie hy bevriend was, ook op prostitute toegeslaan. Dalk wel nie so vinnig nie."

Nou, terwyl Kassie-hulle versigtig trap om die modderpoele te vermy op pad na die groepie onder die bome, weet hulle nie wat wag nie.

Forensies se mense staan opsy. Die toneel laat Kassie se maag draai. 'n Skraal vrou in 'n wit minirokkie lê op haar rug op 'n seil. Die rok is bloedbevlek, lyk kompleet soos die voorskoot van 'n blokman. Haar gesig is 'n bloudruk van Mercia Gericke s'n op die dossierfoto's – 'n bloederige pappery.

"Bliksis," prewel Rooi.

"Ja, dis erg, nè?" sê een van Forensies se mense. Hy beduie na 'n halwe baksteen wat 'n entjie van haar kop lê. "Net te oordeel na die bloedvlekke daaraan, het hy daai outjie ingespan om haar kop mee te verbrysel."

"Julle sal nie net die baksteen nie, maar al die rommel wat hier om haar rondlê vir vingerafdrukke moet check," sê Kassie. "Ons moet honderd persent seker maak dis Vermooten se werk."

Die man van Forensies knik. "Gelukkig vorm die boomtakke 'n digte dak, wat die grond redelik droog gehou het en die vingerafdrukke sou bewaar." Hy beduie na die veld. "Maar ná gisteraand se storm gaan dit onmoontlik wees om enige skoen- of motorbandafdrukke te kry. Die reën het als weggespoel."

"Ek's amper doodseker dis Vermooten se werk," sê Rooi, wat langs die lyk kniel. "Check die kneusplekke aan haar arms. Duidelik het hy hulle met sy knieë vasgepen. Die kneusplekke aan haar keel wys hy het haar daar beetgekry om haar kop stil te hou, soos met Mercia Gericke. En sy het nog haar pantie aan, wat daarop dui dat sy nie verkrag is nie."

“Selfde afleiding wat ek gemaak het,” sê Truter, die man wat deel was van die forensiese span op Langebaan.

“Hoekom dink julle dis ’n prostituut?” vra Kassie.

“Dit was aanvanklik net ’n vermoede, maar ons is nou redelik seker,” sê ’n ander lid van Forensies. “Behalwe vir haar skimpy klere wat geen ander mens in sulke kak weer sou dra nie, was haar handsak vol kondome. En ’n bekende pimp in dié omgewing se nommer is op haar foon. Die Parowpolisie het die naam dadelik herken. Hy antwoord nie sy foon nie, maar hulle is nou op soek na hom en sal kaptein bel sodra hulle hom opgespoor het.”

“Waar’s die patoloog?” vra Rooi.

“Ons het vir hom gesê hy hoef nie te kom nie. Patoloë kyk mos altyd vir die eerste tekens van rigor mortis na die klein spiere in die gesig om voorlopig die tyd van dood te bepaal, maar hier’s nie ’n gesig nie. Hy gaan niks meer as ons wys word nie. Hy is wel op standby vir die lyk. Het netnou gebel om te sê die kommissaris het gesê hy moet dadelik daaraan aandag gee, want dis ’n prioriteitsaak.”

“Het julle klaar foto’s geneem en ’n video-opname gemaak?” vra Kassie.

’n Lang kêrel met ’n kamerasak oor die rug knik. “Als is done en dusted. Ons het net vir julle gewag voor ons met die opruimingswerk begin. Die ambulans is ook al op pad om die lyk op te laai.”

“Raait, doen dan julle ding, manne. En sorg dat ons daai vingerafdrukuitslae ASAP kry,” sê Kassie.

“Dit was die polisiehoof se presiese woorde,” merk een van hulle op.

Kassie wink Rooi nader en hulle stap ’n entjie weg.

“Ek is bitter gatvol vir Van As dat hy nie vir ons die dossierinligting van Vermooten se vorige moorde deurgestuur het nie. Nou lyk ons soos fokken ape, want ons het nie geweet die bliksem teiken ook prostitute nie.”

“Die brigadier het darem gesê hy vlieg vanaand hierheen en sien ons môreoggend eerste ding op kantoor.”

Kassie sug. “Te bleddie laat, as jy my vra. As ons geweet het Vermooten target prostitute, kon ons al gister met uniforms van die verskillende stasies gereël het om hulle uithangplekke te patrolleer.”

Hy beduie na die veld. “In hierdie verlate area sou niemand Vermooten en die vrou gesien of gehoor het nie. En as gevolg van die storm gaan ons ook moontlik niemand kry wat gesien het waar Vermooten haar met sy ryding opgetel het nie.”

Rooi vee sy hande teen mekaar. “Wel, ons weet darem nou Vermooten is in die Kaap. Dis ’n beginpunt.”

Kassie is nie so seker of hy Rooi se geesdrif deel nie. Die druk gaan kwaai wees om die moordenaar vinnig op te spoor. Van nou af gaan hulle nie eens tyd hê om hulle oggendkoffie ordentlik af te sluk nie.

En terwyl hy 24/7 aan die saak sal moet werk, is ou Boet dalk al besig om Amalia warm te vry.

* * *

Sylvia het die job!

Die bemarkingshoof het haar vanoggend gebel om die blye nuus oor te dra. Boonop word sy op die hoogste salariskerf vir ’n beamptepos aangestel, “omdat jy soveel ervaring en kennis van promosiewerk het”.

“Wys jou net watter indruk jy op hom gemaak het!” sê Benita terwyl hulle in die sitkamer tee drink.

Sylvia is uit haar vel van opgewondenheid. “En my pa het pas gebel met die nuus dat die Duitser toe sak en pak uit die woonstel is – twee dae voor hy veronderstel was om te waai. Dit gee my kans om hierdie naweek al in te trek en te settle voor ek Maandag by Ashfin moet inval.”

Sy kan nie wág om met haar nuwe lewe te begin nie.

Hy het vir hom 'n wegneemete by die Chinese restaurant op die hoek en 'n paar biere by die drankwinkel gekoop, want sy eetlus het teen skemeraand teruggekeer.

Terwyl hy na 'n fliet op die TV kyk, eet hy gulsig. Die bitter bier is 'n perfekte pasmaat vir die soetsuur blokkies varklies. Hy geniet die fliet terdeë, al het hy dit seker al tien keer gesien. Bly een van sy groot gunsteling en al is dit redelik oud, kan hy nie genoeg van Susan Sarandon se uitstekende spel kry nie. In sy oë is sy een van die grootste aktrises van die afgelope halfeeu.

Hy is bly die dag is verby. Ná gisternag se gebeure het sy drang gaan lê. Soos gewoonlik was dit 'n wroegende en uitputtende proses, wat met 'n folterende hoofpyn gepaard gegaan het. Maar hy is nou tevrede. Hy het sy dringendste behoefte bevredig. As hy gelukkig is, behoort hy vir minstens die volgende paar maande 'n sorgelose en normale lewe te kan lei. Dalk selfs jare.

Môre sal hy baie tyd in die ontspanningskamer deurbring en later op die promenade gaan draf.

Hy sug. Hy sal wel weer binnekort tob oor wat hy alles gedoen het. Daarmee het hy al vrede gemaak. Van die verlede kan hy nie wegkom nie. En hy weet daardie gedagtes voed die pyn in sy hart.

Die behoefte om te moor kom eers weer wanneer die pyn ondraaglik raak en daar terselfdertyd iets gebeur wat hom in 'n monster laat verander. Dan is dit soos 'n kortsluiting waaroor hy nie beheer het nie, 'n drang wat hy eenvoudig nie kan beteuel nie.

Hy moet net daardie iets ten alle koste vermy.

* * *

Die dag het sy tol geëis, dink Kassie toe hy skemeraand by die woonstel kom. Hy is pootuit.

Nadat hy en Rooi om twee uur van die moordtoneel in Parow by die kantoor aangekom het, moes hulle inderhaas reël vir afdrucke van die

Mercia Gericke-dossier. Wanneer Van As hier aankom, móét hulle dit gereed hê. Lettie het darem onderneem om hulle met daardie reëlins by te staan.

Toe het hulle met die brigadier se ywerige samewerking die nodige papierwerk afgehandel en gestempel gekry om John Venter se bankbesonderhede by Langebaan se Absa-tak te kry. Die vinnigste manier om daardie inligting te bekom, was om die magtigingsvorme vir Gehasi te e-pos.

Kassie het hom gebel om te hoor of hy môreoggend eerste ding beskikbaar gaan wees om by die bank aan te gaan.

Gehasi het 'n laggie gegee. "Ek staan maar altyd soos 'n hokhoender op een plek en skrop. En op die oomblik skrop ek net stof op, niks anders om my mee besig te hou nie. So beskou dit as afgehandel, kap- ... Kassie."

Kort daarna het die Parow-polisie laat weet hulle het die vermoorde prostituut se pimp opgespoor, wat hulle genoop het om teen vieruur weer Parow toe te ry. Dié het ontken dat hy enige bande met Amanda Cornelissen het. Sy het glo voorheen vir hom gewerk, maar al 'n jaar gelede "independent gegaan". Hy het wel geweet waar sy gereeld in die aande op klante wag. Hulle is na die kafee in een van die straatjies wat uit Voortrekkerweg vertak. Die kafee-eienaar het gesê hy het gisteraand as gevolg van die onplesierige weer vroeër gesluit. Toe hy net ná nege daar weg is, het hy Cornelissen onder die afdakkie voor die kafee opgemerk. Daar is geen CCTV-kamera aan die voorkant nie. Volgens hom was die strate bykans verlate.

Kassie het sy kontak by die stad se direktoraat van veiligheid en sekuriteit gebel en gevra of hy na CCTV-opnames van hulle kameras kan kyk, daar naby in Voortrekkerweg. "Dit sal ná nege wees en die vermeende moordenaar was moontlik in 'n blou Hilux met CA-nommerplate." Die man het belowe hy kom binne die volgende dag of twee na Kassie terug.

Rooi het vroeër onsuksesvol navraag by hulle kontak by die verkeersowerhede gedoen na John Venter se registrasienommer. Dié ou het vinniger toegang tot die e-Natis-stelsel as hulle en ken ook kortpaaie, maar hy kry toe geen Hilux-eienaar met só 'n naam op rekord nie. Daarom moes Kassie-hulle nog van Parow af Milnerton toe jaag om 'n minuut voor toemaaktyd by Mike's Auto Clinic aan te kom. Mike was self daar en het hulle geduldig uitgeluister. Toe saggies deur sy tande gefluit. "Problems, problems, manne. Ons computer systems het 'n paar maande gelede gecrash

en al ons info is 'n goner. Ons sal moet kyk of die dockets nog iewers in papierformaat available is.”

“Hoe lank gaan dit neem?” het Kassie gevra.

“Week of twee. Hope van die goed lê hier in die agterste office. Ons sal deur dit moet werk.”

Beslis nie 'n middag van groot deurbrake nie, dink Kassie toe hy die yskas oopmaak en die bottel Creme Soda uithaal. Hy vat 'n paar groot slukke en burp luidkeels.

Hy's nie honger nie. Rooi het by die Parow-kafee 'n pak droëwors gekoop, wat hulle op die pad verslind het. Kassie val op die rusbank in die sitkamer neer, sit die TV met die afstandbeheerder aan en haal sy selfoon uit sy windjekker se sak.

Hy het deur die dag gereeld vir whatsapps gekyk en is weer teleurgesteld om te sien daar is steeds geen woord van Amalia nie.

Hy tuur na die TV sonder om iets in te neem. Moet hy haar bel?

Nee, besluit hy. As sy die behoefte gehad het om met hom kontak te hê, sou sy al van haar laat hoor het. Hy gaan haar nie verpes nie.

Dalk moet hy aanvaar dat hy net 'n seëlkennis van haar gaan bly.

Die onaangename sensasie wat hierdie gedagte veroorsaak, laat hom dadelik opstaan en studeerkamer toe stap.

* * *

Mukkadem het Vleis laat weet om eers vanaand agtuur na sy kantoor te kom. “Dan sal dit veilig wees om te praat,” het hy gesê.

Nou, terwyl Vleis aandagtig deur die afskrifte van die Vermootendossiere en ander inligting lees, bly hy bekommerd oor Mukkadem so obviously nervous is oor die storie. Hy hou aan fiddle met die lêers voor hom op die lessenaar en steun swaarmoedig.

Naderhand kan Vleis dit nie meer uitstaan nie. “Het jy stomach problems dat jy heeltyd so groan?”

“Ek is bekommerd dat Van As gaan uitpraat. Hy't laatmiddag Kaap toe gevlieg om môre met die Spookeenheid oor Vermooten te gesels.”

“Hoekom sal hy uitpraat? Jy het mos vir hom gesê dis confidential.”

Mukkadem knik. “Ek het, maar hy wou weet hoekom ons juis nou al daai info oor Vermooten wil hê as die Spookeenheid aan die saak werk.”

“En wat sê jy toe?”

“Ons wil ons eie ontleding van Vermooten se modus operandi doen. Dis ons manier om meer gefokusde operasies te verseker. Ek het gesê hy mag onder geen omstandighede vir die Spookeenheid daarvan sê nie, want ons wil nie die persepsie skep dat ons in hulle besigheid inmeng nie. Eers wanneer ons sien hulle vat ’n verkeerde afdraaipad, sal ons intree. Ek het gesê ons hanteer alle sake in die Wes-Kaap so. Hierdie is nie ’n uitsondering nie.”

“Klink fine vir my. Waarom worry jy dan?”

“Ek’s bang die ding byt ons later.”

“Jy moet leer om te relax.”

“Maklik vir jou om te sê.”

Vleis ignoreer die opmerking, tik met sy vlesige vinger op die dokument voor hom. “Hierdie spesifieke stukkies info oor Vermooten kan ons hou vir ’n trump card. Giraffe sal net bereid moet wees om te hoes.”

Mukkadem knik. “Ek het ook so gedink, maar dis nog hopeloos te vroeg daarvoor.”

Vleis lag. “Dit weet ek, maar môre dien ek die tweede body blow toe. En hy gaan fokken hard tref.”

“Is jy seker jy kan daai joernalis vertrou?”

“Met my lewe, bra. Ons kom van Bishop Lavis se dae saam. Noem hom maar my brother van another mother.”

Kaptein Callie van As is 'n kort, gesette kêreltjie met 'n weglêsnor en permanente frons op die voorkop.

Waar hulle in die Spookeenheid se vergaderlokaal sit, is hy besig om sy lêers tydsam in stapeltjies voor hom uit te pak.

Kassie en Rooi sit stilswyend en wag. Dis duidelik hy is van plan om die praatwerk te doen. Toe hulle die afskrifte van Mercia Gericke se dossier en hulle voorlopige notas oor die prostituut van Parow aan hom wou oorhandig, het hy verbete gekeer asof hulle 'n doodsonde begaan. "Later, later. Ek wil julle eers deur Vermooten se hele storie vat voor ons notas begin vergelyk."

Hy skraap sy keel, wys na 'n lêer reg voor hom. "Belangrik vir julle om sy agtergrond te ken. Pieter Vermooten is agt-en-dertig jaar gelede in Nederland gebore. Kom uit 'n uiters welgestelde familie. Sy oupa was die stigter van 'n tegnologiemaatskappy, later met takke wêreldwyd. Pieter se pa, Thomas, het uiteraard vir die oupa gewerk. Hy was egter 'n kwaai asmalyer en het op doktersaanbeveling besluit om na 'n droër klimaat te trek. Omdat sy vrou, Annette, hier grootgeword het, was Suid-Afrika die voor die hand liggende keuse. Hulle is Johannesburg toe, waar die maatskappy se Afrika-hoofkantoor gesetel was. Pieter, die egpaar se enigste kind, was toe veertien jaar oud. Twee jaar later is die Vermooten-egpaar in 'n motorongeluk oorlede en die oupa enkele dae later aan 'n hartaanval. Skielik was Pieter op sestien die grootste aandeelhouer in die maatskappy. Hy was natuurlik toe nog op skool. Hy wou nie terugtrek Nederland toe nie en het in Johannesburg by 'n tante en oom aan moederskant gebly. Op twintig het hy al sy aandele in die maatskappy verkoop. Volgens berigte was hy in randterme toe amper 'n miljardêr."

"Bliksis, moet die eerste miljardêr-reeksmoordenaar in die geskiedenis wees!" roep Rooi uit.

Die kepe in Van As se voorkop verdiep. Dis vir Kassie duidelik hy wil nie in die rede geval word nie. 'n Suur bliksem as hy al ooit een gesien het.

"Dit wat sy agtergrond betref." Van As slaan 'n tweede lêer oop. "Nou meer oor sy moorde."

Rooi hou sy hand op, kyk na Kassie. “Sy Nederlandse konneksie verklaar die muntstuk wat ons in sy woonstel gekry het.”

“Asseblief, adjudant, kan ons later oor daardie detail praat,” sê Van As streng.

Rooi knik gedwee.

“Reg, kom ons begin met die Hartedief se wandade. Hy –”

Dié keer is dit Kassie wat hom onderbreek: “Hartedief?”

Van As knik. “Dis die bynaam wat hy gekry het. Een van ons speurders het opgemerk dat Vermooten met een kyk in ’n vrou se rigting haar hart kon steel, net om haar daarna te vermoor.”

“Nogals toepaslik,” sê Rooi, wat weer ’n suur kyk ontlok.

Hulle besoeker skraap weer sy keel en tik op die lêer. “Dertien jaar gelede, op vyf-en-twintigjarige leeftyd, het hy sy eerste moord gepleeg. Sy slagoffer was ’n jong verpleegster wat volgens vriende smoorverlief op hom was. Toe was hy bekend as Willem Dreyer. Hy het die vrou op ’n stormagtige aand in die suidelike voorstede van Johannesburg langs ’n kaggelvuur in haar kothuis vermoor. Eers haar gesig met ’n stomp uit die kaggel verbrand en toe haar skedel met ’n ander stuk hout vergruis. Vingerafdrukke oral gelos. Daar was ’n landwyse soektog na Willem Dreyer totdat die polisie Vermooten se vingerafdrukke op hulle databasis kry en besef dit stem ooreen met Dreyer s’n. Vermooten se afdrukke was daarop vanweë ’n klag van dronkbestuur drie jaar voor die moord. Die probleem was dat Vermooten nie opgespoor kon word nie. Sy tante en oom het nie geweet waar hy hom bevind nie. Daar was geen bankrekord van hom by enige van die handelsbanke nie. Ook geen spoor van sy miljoene nie. Hulle het wel die naam van ’n maatskappy gekry waaruit Willem Dreyer sy huur betaal het. Dit was ’n fiktiewe maatskappy met ’n karige balans van eenduisend rand. Hulle het ook ’n ID-nommer van Willem Dreyer opgespoor – uiteraard vervals.”

Hy kyk na hulle. “En dit sou die storie met al sy moorde wees. Vals ID’s en fiktiewe maatskappye of beslote korporasies. Ook nooit eiendom besit nie, net gehuur. Al sy voertuie in vals name geregistreer.”

Van As druk-druk op ’n stapeltjie. “Twee weke later is ’n prostituut se lyk op die pad Krugersdorp toe gevind. Gesig met ’n groot klip verbrysel. Vermooten se vingerafdrukke op die toneel.

“Toe verloop ’n hele drie jaar voor hy weer toeslaan, op ’n jong kopieskrywer by ’n advertensiemaatskappy in Sandton. Haar vriende was

stomgeslaan. Hulle het Vermooten 'n paar keer ontmoet, toe as Jan Cloete bekend. Hy is beskryf as 'n vriendelike, kalm en stemmige mens. Hy en die kopieskrywer was twee maande in 'n verhouding en hy het baie nagte in haar woonstel oorgeslaap. Vermooten het haar op 'n stormagtige nag in haar slaapkamer vermoor – gesig eers met 'n mes geskend en haar toe met 'n strykyster toegetakel. Drie weke later het hy 'n prostituut in Hillbrow met 'n hamer uit die lewe gehelp. Dit het daardie aand ook hard gereën.”

Hy tel 'n dokument op, swaai dit rond. “En net om almal verder te verwar oor die tydsverloop tussen sy moorde, slaan hy 'n blote twee maande later toe op 'n lugwaardin. Volgens haar vriende het sy Peet van Niekerk net 'n week tevore ontmoet en was sy glo dadelik aangetrokke tot hom. Hy vermoor haar in sy huurhuis in Kempton Park. Slaan haar gesig pap met 'n koeldrankbottel en gebruik toe 'n skopgraaf.”

“Bliksis,” mompel Rooi.

“Op dieselfde dag, net 'n uur later, vermoor hy 'n rolstoelgebonde middeljarige vrou in dieselfde straat waar hy gebly het. Volgens bure was hy 'n paar keer by haar huis om haar gras te sny en herstelwerkies daar te doen. Haar met die vuus doodgeslaan.”

Kassie frons. “So dié keer nie 'n prostituut nie?”

“Nee, wys jou hoe onvoorspelbaar die vent is.”

Hy trek 'n nuwe lêer nader. “Toe verloop 'n volle agt jaar sonder enige voorval. Ek het die saak 'n rapsie meer as drie jaar gelede oorgeneem as 'n cold case. Dit was my eerste job by die toe nuutgestigte Spookeenheid in Johannesburg. In daardie stadium het ons vermoed Vermooten het lankal landuit gevlug. Met al sy vals ID's en baie geld sou hy dit maklik kon vermag. Ek het Interpol in daardie tyd sonder sukses betrek. Maar net 'n jaar later, met Vermooten toe ses-en-dertig, pleeg hy sy sewende moord, die slagoffer 'n dramastudent wat in 'n woonstel langs hom in Pretoria gebly het. Volgens haar vriende het sy 'n maand lank met Dawid Kleynhans uitgegaan en hulle het 'n bed gedeel. Hy kerf haar gesig op met 'n mes en slaan haar met 'n metaaldeurstopper dood. Ons was gelukkig. Een van haar vriende het sy Ford Escort se registrasienommer onthou. 'n Week later het 'n verkeersman ons gebel met die nuus dat die Escort voor 'n hotel in Centurion geparkeer staan. Ons het hom daar in die kroeg in boeie geslaan.”

Hy skud sy kop. “Die res is geskiedenis. Voor sy verhoor word hy na 'n psigiatriese hospitaal in Johannesburg gestuur vir waarneming. Dieselfde

dag nog oorrompel hy 'n veiligheidswag en ontsnap. Verdwyn toe van die aardbol af ... tot hy op Langebaan weer toeslaan.”

Van As sit terug in sy stoel. “Dis kortliks sy storie. My voorstel is dat julle my nou eers brief oor Mercia Gericke en die prostituut se moorde. Daarna kan ons in diepte gesels. Ek het talle verslae van kopdokters en profileerders wat al gedragsontleedings van Vermooten saamgestel het, interessante gevolgtrekkings waarby julle net kan baat.”

“Klink goed so,” sê Kassie.

Dan bars die lokaal se deur oop en die brigadier kom ingestap. “Jammer om jou te onderbreek, kaptein Van As, maar ek moet dringend met Kassie en Rooi gesels. Jy kan 'n breek vat. Lettie sal vir jou koffie maak.”

Vir Kassie-hulle sê sy: “Kom ons gaan praat in my kantoor.”

* * *

Sylvia se pa is nie een wat gras onder sy voete laat groei nie. Gisteroggend het hy gesê dit sal goed wees as sy vandag al in die Groenpunt-woonstel intrek. “Dan kan jy oor die naweek jou goed rustig uitpak.”

Hy het dadelik 'n kontak van hom in die vervoerbesigheid gebel om die trek te hanteer, op sulke kort kennisgewing en al. Toe is Sylvia inderhaas Malmesbury toe om Cara by haar ouers af te gee. Wat sy gedink het 'n tranerige affêre gaan wees, was toe nie. Cara was so ingenome om by Oupa en Ouma te kan bly dat sy Sylvia skaars gegroet het.

Sy het Benita, wat aangebied het om te help met die trekkery, in Kampsbaai gaan oppik. In haar Rondebosch-woonstel het hulle tot middernag ingepak, toe daar oornag en die treklorrie vanoggend vroeg ingewag.

En nou is hulle besig om haar meubels in haar nuwe blyplek in te dra. Dit voel amper onwerklik. Die woonstel is verbasend groot – twee ruim slaapkamers, 'n reuse-leefvertrek en 'n kombuis wat heelwat groter is as wat sy in Rondebosch gehad het. Haar oordadige klomp meubels het oral staanplek.

Toe Sylvia in die gang tot stilstand kom en afkyk op die vierkant waar die treklorrie geparkeer is, kan sy nie anders as om te glimlag nie. Benita hiet en gebied die arme mense van 'n kant af. “Versigtig met daai bokse! Daar's breekware in!” weergalm haar stem.

Sylvia kyk op toe die deur langs hare oopgaan. 'n Breedgeskouerde man met 'n keps op die kop kom uitgestap. Hy dra jeans en 'n T-hemp wat styf

oor sy gespierde bors span. Hy knik vlugtig in haar rigting en stap in die gang af na die hysbak.

Sy vererg haar. Wat vir 'n buurman is dit? Hy moet tog besef sy trek langs hom in, maar hy kom stel homself nie eens voor nie. Onbeleefd, om die minste te sê.

Die brigadier se stem bewee van emosie. “ ’n Joernalis van ’n dagblad het my pas gebel. Gesê hy het by ’n betroubare bron verneem dat my elite-speurspan die Vermooten-dossier en verskeie belangrike bewysstukke op Langebaan verlore laat gaan het.”

“Shit, waar hoor hy dit!” sê Kassie.

“Dit sal ek ook bleddiewil wil weet! Kan van enigiemand kom – my jaloerse polisiekollegas in ander eenhede, die Langebaan-polisie, die gastehuis se eienaar ...”

“Wat sê brigadier toe vir hom?” vra Rooi.

Sy trek haar skouers op. “Wat kon ek sê? Moes die waarheid praat – dat daar helder oordag ’n inbraak by julle gastehuis was. Nie dat hy met daardie antwoord tevrede was nie. Ewe gevra of dit nie staande prosedure is om sulke soort inligting en bewysstukke in veilige bewaring by die naaste polisiestasie te hou nie.”

“Wat seker die regte prosedure sou wees,” gee Kassie toe.

“Presies. En hy gaan daai mishap van julle môre in die koerant uitblaker. Kan julle dink hoe sleg dit op ons gaan reflekteer? Die hele land is op hol oor die Langebaan-moord en nou het ons belangrike bewysstukke verloor. Die kommissaris gaan ’n bleddie hartaanval kry. Hy het juis gesê hierdie voorval moet ten alle koste uit die media gehou word, anders gaan die rimpels tot by die minister trek.”

“Kan brigadier nie iewers toutjies trek om die storie uit die koerant te hou nie?” vra Rooi.

Sy snork. “En nóg ’n groter bohaai veroorsaak! Bevelvoerder van Spookeenheid probeer haar speurspan se agterlosigheid toesmeer.”

Agterlosigheid. Dit maak seer, dink Kassie.

Met ’n sug gaan sit sy agter haar lessenaar. “Ons moet net hoop dis ’n weggesteekte beriggie. Maar dis belangrik dat ek julle moes inlig. Daai joernalis kan julle dalk ook kontak. Moet net in hemelsnaam geen kommentaar lewer of julleself probeer regverdig nie. Hoe minder ons nou oor die aangeleentheid sê, hoe beter.”

Sy hou haar hand op toe hulle wil omdraai om te loop. “Forensies het gebel en bevestig wat ons vermoed het. Vermooten was vir die moord op die prostituut verantwoordelik. Sy vingerafdrukke is gekry op die bloedbesmeerde baksteen én op ’n bottel wat naby die lyk gelê het.”

* * *

Op pad na Hudsons The Burger Joint in Groenpunt se hoofweg, broei die onrustigheid in sy binneste. Hy het nie nóg ’n terugslag nodig nie. Die letsel in sy psige het tyd nodig om te heel.

Maar dalk jaag hy onnodig spoke op. So ’n aantreklike vrou sal óf ’n man óf ’n kêrel hê. Nie nodig om hom oor sy nuwe buurvrou te ontstel nie.

Tog sukkel hy om haar golwende swart hare en grys oë uit sy gedagtes te weer. Dis veral haar ooreenkoms met Elizabeth Taylor wat hom ontstig. In sy jongdae, toe hy nog fliëks op VHS-kassette uitgeneem het, het hy op ’n keer na ’n film uit die 1950’s gekyk, *A Place in the Sun*, waarin Taylor die rol van ’n sosiale vlinder speel. Die ooreenkoms was in alle opsigte só oorweldigend dat hy nie die fliëk kon klaar kyk nie. Hy was op die punt om iets onbesonne te doen, maar kon homself net betyds keer. Zilla het dit nie verdien nie.

Hy het daarna nooit weer na ’n fliëk gekyk waarin Taylor speel nie.

* * *

Toe Kassie-hulle terug by die vergaderlokaal kom, sit Van As reeds weer en is hy steeds besig om die stapeltjies lêers te orden.

“Sorry dat ons die gesprek moes onderbreek. Maar die brigadier was bietjie in ’n flat spin oor iets,” sê Kassie.

Van As knik. “Reg, menere. My tyd is nogal beperk omdat ek vanmiddag terugvlieg Johannesburg toe, so ek sal graag wil hoor wat julle op Langebaan wys geword het.”

“Voor ek begin, is daar iets wat steeds nie sin maak nie,” sê Kassie. “Hoekom sou die TV-mense ’n nuusinsetsel maak oor iemand wat al twee jaar soek is? Dis tog nie vars nuus nie.”

“Ons het toutjies getrek om dit geplaas te kry. Noem dit maar ’n laaste, desperate poging om dalk nuwe inligting oor Vermooten te bekom,” sê Van As terwyl hy op sy horlosie kyk, duidelik geïrriteerd met Kassie se vraag.

Kassie probeer om so volledig moontlik verslag te doen. Hy oorhandig ook 'n stel afdrucke van Mercia Gericke se dossierinligting.

“Ek het afgelei julle het goed in sy woonstel gekry wat van belang is,” sê Van As.

Kassie vertel hom van die inbraak. “Gelukkig was dit nie items van aardskuddende belang nie, behalwe vir die handgeskrewe brief aan die eienaar.” Hy lig hom in oor die garagestrokie en hulle besoek aan Mike’s Auto Clinic.

“As hy nog met die Hilux ry, sou hy die nommerplate vervang het,” merk Van As op. “Hy het in Pretoria ’n duur les met die Escort geleer. Dink nie hy sal weer so ’n fout maak nie.”

Hy trek sy skouers op oor die Nederlandse muntstuk. “Kan nie van groot belang wees nie. En sy handskrif het ons wel op rekord. Dis hier in een van die dossiere.”

Kassie lig hom in oor die forensiese nuus dat Vermooten beslis vir die prostituut se moord verantwoordelik is.

“En julle sê als dui daarop dat hy haar met ’n baksteen om die lewe gebring het?”

“Dit was ons en Forensies se afleiding.”

“Hmm, klink getrou aan sy modus operandi. Die vroue wat hy geken het, het hy almal eers wreedaardig gemartel ... met messe gekerf of met ’n brandende stomp gepynig. Amper of hulle nie ’n vinnige dood verdien het nie. Maar met die prostitute en die rolstoelvrou het hy nie tyd gemors nie – net geslaan om dood te slaan. Die kopdokters se afleiding was dat hy dit amper as ’n lastige plig beskou het, dat dit ’n laaste handeling is om sy moorddrang op daardie gegewe tydstip te bevredig.” Hy sug. “Ons het aanvaar dat hy elke keer dubbele moorde gaan pleeg voor hy in sy sogenaamde rusperiode gaan. Hy is duidelik so geprogrammeer.”

“Hoekom sou hy die rolstoelvrou vermoor het?” vra Rooi.

“Dit bly ’n raaisel.”

“Kon die dokters by die psigiatriese hospitaal nie iets aflei nie?” vra Kassie.

“Hulle het nie tyd gekry om hom te ondervra nie. Hy’t te gou ontsnap.”

Van As trek ’n lêer nader. “Iets waaroor ek en die sielkundiges saamstem, is dat Vermooten nie honderd persent in een van die algemene profielkategorieë vir reeksmoordenaars pas nie. Hy is ’n unieke en onvoorspelbare bliksem, wat dit nog moeiliker maak om hom vas te trek.”

Sy verwysing na sielkundiges en profielkategorieë laat Kassie terugdink aan Lulu Wiersinga, die profileerder wat hulle verlede jaar in die reeksverkragtingsaak bygestaan het. As die speurders wat aan die Vermooten-saak gewerk het hulle deur profileerders laat lei het, is dit nie 'n wonder hulle kon hom nooit vastrap nie. Dit smaak hom profileerders se sielkundige afleidings is nie naastenby dikwels genoeg in die kol nie.

Van As maak die lêer oop, kyk vlugtig daarna. “Soos julle behoort te weet, word reeksmoordenaars hoofsaaklik in twee kategorieë geplaas: georganiseerd en ongeorganiseerd. Vermooten is nie georganiseerd nie. Sulke moordenaars doen deeglike voorafbeplanning, gebruik toue of boeie om hulle slagoffers te beheer, en steek die liggaam soms weg deur dit na 'n ander plek te vervoer, probeer ook om geen forensiese spore op die moordtoneel te laat nie. Op die oog af is Vermooten ongeorganiseerd. Die onmiddellike afleiding is ook dat hy impulsief moor. Hy los die lyk en die wapens wat hy ingespan het net so op 'n chaotiese en bloedbesmeerde toneel. Hy doen geen moeite om sy spore dood te vee nie.”

Van As swaai 'n wysvinger in die lug. “Maar by nadere ondersoek besef jy daar was voorafbeplanning, soos weer duidelik uit die Langebaan-geval blyk. Hy het sy besittings gepak en die huiseienaar betaal voor hy na Mercia Gericke toe is. Hy het geweet hy gaan moor en het maatreëls getref om daarna vinnig weg te kom. Daar is dus geen sprake van 'n impulsiewe moord nie. Tweedens stem sy profiel ook nie ooreen met dié van die meerderheid ongeorganiseerde moordenaars nie, wat deur die bank 'n lae intelligensievlak het en uit 'n ongeskoolde omgewing kom. Seks is ook gewoonlik 'n groot dryfkrag. As hulle nie die slagoffer verkrag nie, masturbeer hulle op die toneel – dinge wat Vermooten nooit gedoen het nie. Die meeste ongeorganiseerde moordenaars het ook in 'n onstabiele huishouding grootgeword en is as kinders gemolesteer, aangerand of afgeskeep. Volgens Vermooten se tante, met wie ek gaan praat het, was daar nie sprake van sulke dinge in sy jeugjare nie. Sy pa was 'n liefdevolle man en sy ma, wel glo ietwat van 'n sosiale vlinder, was ook erg oor haar seun. Hy het dus in 'n goeie huis grootgeword.”

“Is daar 'n verklaring vir die feit dat hy meestal op onweersdae toeslaan?” vra Kassie.

“Daar's twee teorieë. Eerstens dat dit op sulke dae makliker is om ongesiens moorde te pleeg. Slagoffers se krete word deur stormagtige weer uitgedoof en die moordenaar se voetspore en sy voertuig se bandafdrukke

word uitgewis. Dit dui sterk op die optrede van 'n georganiseerde moordenaar. Maar al die sielkundiges en profileerders is dit eens dat dit nie regtig vir Vermooten 'n beweegrede is nie. Te veel vriende van die vermoordes en ander mense wat met Vermooten kontak gehad het, het getuig dat hy vreemd opgetree het op sulke dae en dat dit sy gemoedstemming negatief beïnvloed het. Soos die tannie op Langebaan ook vir julle aangedui het: hy't haar nooit op onweersdae besoek nie, en hy het aan die kroegman daar erken dat sulke dae hom onrustig stem. Ons mening is dat sulke weer sy moordlus om die een of ander rede aanwakker, hoekom weet ons nie. Moontlik hou dit verband met iets negatiefs in sy verlede.”

“Was daar verdedigende wonde aan enige van die lyke?” vra Kassie.

“Nooit. Hy is 'n geweldig sterk man wat sy slagoffers sonder moeite oorrompel. Hulle het geen kans om terug te baklei nie. In die ou taal staan hy ses voet vier in sy sokkies en hy is gespierd gebou. Hy is ook 'n fiksheidsfanatikus wat volgens verskeie mense daaglik gaan draf.”

Van As blaai vlugtig deur 'n ander lêer. “Belangrik vir julle om te weet, is dat al sy slagoffers donkerkopvroue was. Swart of bruin hare. Nog nooit 'n blondine of rooikop vermoor nie.” Hy trek sy skouers op. “ 'n Mens sou kon redeneer dit is toevallig dat hy net met donkerkoppe bevriend geraak het, maar die feit dat hy ook prostitute met donker hare uitkies, skakel daardie moontlikheid uit. Dis duidelik hy is op die uitkyk vir hulle. En dan was al die prostitute natuurlik wit.”

Van As maak nog 'n lêer oop en haal 'n gesigfoto van 'n bebaarde man uit. “Dit is die mees onlangse foto van hom waarom ons beskik. Geneem net nadat hy in Pretoria in boeie geslaan is. En volgens julle getuies het hy op Langebaan van al sy kop- en gesighare ontslae geraak, ook van sy diklensbril. My raaiskoot is dat hy nou vir hom 'n nuwe vermomming aangeskaf het.”

“ 'n Span is vandag Langebaan toe om 'n identikit op te stel,” sê Rooi.

Van As sug. “Identikits is ongelukkig selde akkuraat. Dié in sy vorige moordsake het geen resultate opgelewer nie. Mense onthou gesigte as 'n geheel beter as die individuele gelaatstrekke waaruit hulle moet kies om 'n identikit op te stel.”

Kassie knik. Die man is reg, weet hy uit vorige sake. “Het sy tante nie foto's van hom in sy jonger dae gehad nie? Op agttien het 'n gesig darem al amper sy finale vorm aangeneem.”

Van As gee 'n laggie, die eerste van die dag. “Volgens sy tante was hy kamerasku. Altyd volstrek geweier om afgeneem te word. Selfs nie eens geposeer vir gesinsfoto's nie. In sy hoërskooljare het hy in verskeie sportspanne gespeel en op skoolkomitees gedien, maar op die foto's in jaarblaaie is hy altyd as afwesig aangedui. Dit is byna asof daar toe al moordplanne in sy agterkop gebroei het en hy besef het dis veiliger om nie op foto's te verskyn nie. Op al sy vals ID-foto's waarop ons afgekom het, het hy sy gelaatstrekke met sy diklensbril, ruie baard en wilde boskaas gekamoeifleer.”

Hy kyk op sy horlosie. “Menere, ek sal moet ry om betyds op die lughawe te kom.” Hy tik op die stapel lêers. “Al die tersaaklike inligting is hier, maar julle is welkom om my te bel met nog vrae.”

Hulle groet, maar Van As steek in die deur vas, vroetel in sy baadjie se binnesak en haal 'n opgevoude vel papier uit. “Amper vergeet ek! Iets vir julle om op te volg.”

Hy oorhandig dit aan Kassie. “Dié vrou het twee jaar lank met Vermooten uitgegaan toe hy nog onder sy regte naam bekend gestaan het. 'n Jaar voor sy eerste moord het hy die verhouding met haar verbreek. Die vrou, ene Zilla Verwey, het kort daarna oorsee verhuis. Ons kon haar nooit opspoor nie. Maar net twee dae gelede het 'n kollega van my op die elektroniese weergawe van *Die Burger* in 'n foto-onderskrif die naam Zilla Levenson raakgesien. Omdat Zilla so 'n seldsame naam is, het hy die moeite gedoen om al die Levensons in Kaapstad te bel. Sy is toe inderdaad die Zilla Verwey na wie ons al die jare gesoek het. Sy kon nie veel oor die foon sê nie omdat sy haastig op pad was na 'n afspraak, maar het ingestem dat die polisie haar by haar huis in Constantia oor Vermooten kan ondervra.”

“Ons sal dit beslis doen. Kan dalk iets nuuts oor hom leer,” sê Kassie.

In die gang op pad terug kantoor toe, haal hy sy selfoon uit sy sak. Hy het dit voor die vergadering op silent gestel.

'n Missed call, sien hy.

Amalia.

Sylvia kyk tevrede rond. Sy en Benita het al die breekgoed uitgepak, die ornamente in die leefvertrek staanplek gegee en selfs die beddens oorgetrek.

Sy beduie na die beker koffie in haar hand. “Ons drink net klaar, dan vat ek jou terug huis toe. Dis al vyfuur. Jy het nou genoeg gehelp met die uitpakkery, vriendin.”

Benita glimlag. “Net ’n plesier gewees.”

“Ek kan nie glo als het so vinnig gebeur nie! Hier sit ons in my nuwe blyplek. Môre pak ek die res van my goed uit en Sondag ry ek Malmesbury toe. Verlang klaar na my kind.”

“Ek mis ook daai mooi gesiggie.” Benita aarsel ’n oomblik. “So van mooi gepraat, het ek darem nou vir jou ’n beaut van ’n man in die vierkant sien stap toe ek onder by die treklorrie was!”

“Groot ou met ’n keps op?”

“So jy het hom ook gesien?”

“Hy het hier by die deur langsaan uitgestap.”

“Dan seker jou buurman. O hel, maar jy’s lucky!”

Sylvia lag. “Mans is nou die laaste ding op my brein, Benita. Ek stel beslis nie belang in ’n verhouding nie, al is dit met ’n beaut van ’n man.”

“Onthou wat ek anderdag vir jou gesê het. Dis tyd dat jy jou hart vir ’n goeie man gee. Cara het ’n pa nodig. En as hy op die koop toe handsome is, is dit net ’n bonus.”

Sylvia kom orent uit die stoel. “Stop jou lawwigheid! Kom, laat ek jou huis toe vat.”

* * *

Kassie kom sesuur by die woonstel aan. Hy’s bly dis naweek. As daar nie ’n nuwe wending in die Vermooten-saak kom nie, lê daar darem vir hom en Rooi ’n kort rustydjie voor. Hy’t ’n vermoede hulle gaan in die komende tyd nie so gelukkig wees nie.

Hy bel Amalia weer, maar soos die vorige twee keer antwoord sy nie. Sal maar moet wag dat sy terugbel. Hy is opgewonde oor die vooruitsig om

haar stem te hoor.

Terwyl hy wag dat die ketel kook, bestudeer hy weer die bankverslag wat hulle per e-pos van Gehasi gekry het. John Venter het sy maandelikse huurgeld aan Badenhorst uit 'n rekening genaamd Clyde oorbetal – heel moontlik 'n fiktiewe maatskappy, soos Van As voorspel het. Hulle het klaar die wiele aan die rol gesit om meer oor Clyde uit te vind. Kassie het dadelik gewonder hoekom die verkeersowerhede nie die vals John Venter-banknaam ook kon optel as dié van die Hilux se eienaar nie. Maar in die Vermooten-dossiere kon hy sien Vermooten se vals bankname en karregistrasiename stem nie ooreen nie. Voor sy eerste moord, toe hy as Willem Dreyer bekend gestaan het, het hy dit ook as banknaam gebruik, maar sy kar was geregistreer in die naam van Coenraad Johannes Wilhelm Dreyer. Uitgeslape bliksem. Gaan onmoontlik wees om die voorname van sy Venter-karidentiteit te raai, maar Kassie sal Maandag 'n uitdruk by die verkeersowerhede vra van al die Venters wat Hilux-bakkies besit.

Hy is bly hy het Zilla Levenson al vanmiddag gebel. Hy en Rooi kan haar Maandagoggend tienuur sien. Klink na 'n aangename vrou.

Kassie sug terwyl hy met sy beker koffie sitkamer toe stap. Hy moes die brigadier se aandrang afweer dat hulle kaptein Lulu Wiersinga, die profileerder, net soos verlede jaar vir hierdie saak inspan. Hy en Rooi was nie daarvoor te vinde nie. Sy gaan net weer hulle lewens versuur. “Ons weet klaar wie die moordenaar is en verskeie sielkundiges en profileerders het reeds elke moontlike karaktereienskap van Vermooten uitgespel en ontleed. Nou lê daar net speurwerk voor om uit te vind waar hy hom bevind en Lulu gaan ons nie daarmee kan help nie,” het hy beslis gesê.

Die brigadier het dit langtand aanvaar. Dis duidelik sy is onder helse druk met dié saak en gryp nou na alle moontlike strooihalms.

Hy gaan sit op die rusbank en teug versigtig aan die warm koffie.

Die foon in sy sak lui. Hy wil dit vinnig uitgrawe, swets toe hy van die koffie op sy broek mors.

Amalia.

Sy hart klop in sy keel.

“Jammer dat jy so agter my moes aanbel, maar ek kon nie antwoord nie. Het 'n probleem tydens my drawwery opgetel. Sal jou later daarvan vertel,” val sy vervaard weg.

Net die verwysing na haar drawwery laat Kassie ineenkrimp. Ou Boet het seker weer die probleem uitgestryk.

“Kassie, ek wil jou eintlik ’n gróót guns vra.” Sy aarsel ’n oomblik. “Wag ... dalk moet ek jou eers die agtergrond gee. Toe my man vyf jaar terug oorlede is, was my seun, Anrich, maar vyftien. Sy pa was vir hom als en hy het daardie verlies báie moeilik verwerk.” Sy sug. “Toe begin dinge ernstig skeefloop. Anrich het met die verkeerde maats deurmekaar geraak. Als by ’n verdomde meisie begin, wie se vriende heelwat ouer as sy was – karakters met wie jy nie wil hê jou kind moet meng nie. Anrich het hom nie aan my vermanings gesteur nie. En toe op sewentien, in die middel van graad elf, skop hy skool op – ’n mannetjie wat deur sy onderwysers geoormerk was om ’n hele paar onderskeidings in matriek te behaal.”

Sy skep asem. “Ek het gesoebat en gepleit, maar hy het my net afgelag. Ek het selfs die skoolhoof laat kom om sense in sy kop te probeer praat. Als verniet. Hy het glad uit ons huis in Tamboerskloof getrek en saam met sy meisie, wat ook uit die skool is, in ’n woonstel in Durbanville gaan bly. Hulle was agt in ’n tweeslaapkamerwoonstel! En toe ...” Sy bly weer stil. “Heng, dis vir my moeilik om met iemand hieroor te praat,” sê sy met ’n stem wat liggies bewe. “Die volgende wat ek van Anrich hoor, is toe hy begin verlede jaar saam met twee van sy woonstelmaats in die hof verskyn vir motordiefstal. Kan jy jou my skok indink?”

“Sjoe ... dit moes érg gewees het,” sê Kassie.

“Ek was amper van my kop af toe die kind ses maande gevangenisstraf moes uitdien. Pas uit die tronk uit, het hy my hier by die woonstel kom sien. ’n Verwaarloosde skepsel. My hart het na hom uitgegaan. Hy wou geld hê, maar ek het sterk gestaan. Ek het besef ek kan hom nie in sy kwaad sterk nie. Geld vir dwelms of wat hy ook al daarmee wil doen, gaan hy nie by my kry nie. Ek het my voorwaardes gestel: dat hy by my in die woonstel intrek en sy skoolloopbaan deur die pos voltooi.” Sy gee ’n bitter laggie. “Hy’s hier weg sonder om te groet.”

Sy haal diep asem. “Toe kry ek gisteroggend ’n oproep van hom – die eerste keer wat hy weer kontak maak. Hy en sy meisie is uitmekaar en sy sogenaamde vriende het hom uit die woonstel geskop. Ek het die desperaatheid in sy stem gehoor toe hy vra of hy maar by my kan kom bly. En natuurlik het ek ja gesê, al het hy geweier om sy toekomsplanne met my te bespreek.”

Amalia sug. “Hy trek môreoggend in. Nou vir die guns. Sien jy kans om môre aand oor te kom vir ete? Jy ... is tog ’n ervare speurder ... gewoon om met mense te praat wat die spoor byster geraak het. Dalk maak hy

teenoor jou oop. Of dalk kan jy my net ná die tyd 'n aanduiding gee of jy dink daar is nog hoop vir die kind.”

“Natuurlik sal ek dit doen!”

“O, jy’s ’n skattebol! Ek waardeer dit baie! Seweur se koers sal reg wees.”

Toe Kassie aflui, kyk hy peinsend na die foon in sy hand. Sy het hom in sy hoedanigheid as speurder nodig. Dis al. Geen behoefte om met hom ’n verhouding aan te knoop nie.

Hy skud sy kop vies. Nou is hy selfsugtig. Amalia is in nood en roep uit om hulp. Hy gaan daarop fokus om haar te help. En die feit aanvaar dat sy nie andersins in hom belang stel nie.

Al is dit hoe vrek swaar om te verwerk.

* * *

Hy loop rusteloos in sy woonstel rond. Ondanks die feit dat hy besluit het om sy nuwe buurvrou ten alle koste te vermy, stem haar teenwoordigheid hom onrustig. Hy hoor haar langsaan werskaf.

Hy gaan lê op sy bed en tuur na die plafon. Hy kan nie toelaat dat sy drange so gou wêér aan sy deur klop nie. Dis voortydig. Hy het tyd nodig om te herstel.

Hy gaan alles in sy vermoë doen om hom in toom te hou, wat groot deursettingsvermoë gaan verg, weet hy. As die vrou hom net uitlos, sal niemand seerkry nie.

Gelukkig het die herinneringe en drome nog nie gekom nie.

Met sy oë nou gesluit, konsentreer hy om sy kop skoon te kry, sy gedagtes op die hede te vestig.

Hy is bly hy’t vanmiddag gaan draf. Dit het gehelp om hom uit die broeiende onrustigheid te lig. Uit ondervinding weet hy dis die beste terapie teen sy donker gedagtes.

Hy glimlag wrang. Hy het selfs sy goeie daad vir die dag verrig.

Vleis is in sy noppies toe hy die koerant uit die posbus haal. Dis die hoofstorie, die opskrif in vet, swart letters oor die breedte van die front page: *Polisie-blaps van die jaar!* Die subopskrif lui: *Belangrike bewysstukke in Vermooten-reeksmoordsaak verlore.* Die onderskrif by 'n groot foto van brigadier Shaheena Fortuin is die cherry op die koek: *Bevelvoerder van die Speciale Spookeenheid wie se elite-speurspan nagelaat het om standaardprosedure te volg.*

Hy glimlag breed toe hy in sy gemakstoel gaan sit. Sy buddy by die koerant het 'n excellent job gedoen. Die minister en nasionale kommissaris gaan soos 'n ton bakstene op die chieft in die Wes-Kaap neerbliksem. Hy sal moet please explain.

Giraffe sal ook die storie sien. Vleis weet hy's 'n avid koerantleser, want daar lê altyd stapels op sy lessenaar by die nightclub. Hy verwag dat Giraffe hom of Mukkadem gaan bel om hulle geluk te wens, miskien vanoggend nog. Dalk kry hulle weer 'n unexpected bonus.

Vleis dink na. Hy moet ook nie té gou excited raak nie. Daar wag nog groot challenges. Hulle sal Giraffe heeltyd happy moet hou. Hy is 'n demanding bliksem. As die mees influential man op die Cape Flats is hy gewoon dat dinge vinnig gebeur.

En hy en Mukkadem kan Giraffe se influence nie underestimate nie. Slip hulle op, gaan daardie community sleg teen hulle draai. Giraffe het baie van sy gang se profits in die community invest. Betaal tot van die mense se huishuur om hulle loyal teenoor hom te hou. Die polisie het al opgegee om gang crime daar te probeer oplos. Die community sal nooit op 'n gang member split nie – net te loyal aan die gang en natuurlik te bang vir Giraffe se reprisal.

En Giraffe weet hoe om met hulle koppe te smokkel. “We were treated as second-rate citizens under apartheid and now we're third-rate. Who's got the money in the country now? It's the blacks and the whites. The coloureds have nothing,” het Vleis hom al hoor sê by 'n community meeting. “Daarom kyk ons nou agter onself. En die gang sal daai joppie vir jille

doen. Soelank jille loyal is aan die gang, sal hie' genoeg money vi' almal oppie Flats wees."

Wat Giraffe nog gevaarliker maak, is sy influence by die tronke se nommer-gangs – die mees gevreesde organisasie in die land met 'n geskatte membership van by die vyftigduisend. Giraffe is hand op die blaas met Fokkertjie Samuels, Tjoepie Cornelis en Lem Leonard – die Big Three van die nommer-gangs hier in die Wes-Kaap. In hulle eie reg untouchable. Hulle word as VIPs getreat by al Giraffe se nightclubs en dan is Giraffe ook nog met Fokkertjie se suster getroud.

'n Rilling trek langs Vleis se ruggraat af. As hy en Mukkadem opslip met hierdie storie en daar is net die geringste kans dat Giraffe onder die nasionale polisie se magnifying glass gaan kom, sal hulle sleg aftjop.

As dit nie sy eie gang members is nie, sal hy die nommers kry om mincemeat van hulle twee te maak – soos die rumours wil hê Giraffe met sy eie bloedbroer, Nasty, gedoen het toe dié polisie toe wou hardloop oor hy ingedoen is in 'n drug deal. Op Giraffe se aandrang het die nommers vir Nasty deur 'n industrial meat-mincing machine gedruk. Toe hamburger patties van hom gemaak en dit teen 'n special prys verkoop aan 'n ou wat 'n kosstalletjie by die polisie se charity-basaar gehad het.

Jy slip eenvoudig nie op as jy in Giraffe se service staan nie. Daai is 'n fact of life.

* * *

Kassie moes 'n nuwe hemp gaan koop. Hy kon nie dieselfde een by die sportbaadjie aantrek as wat hy die ander aand gedra het nie. Selfs hý het besef dat sy two-tone-hemde in die hangkas nie lekker gaan lyk by die sportbaadjie nie.

Hy kyk fronsend na homself in die hysbak se spieël op pad na Amalia se woonstel. Dit lyk skielik nie vir hom of die maroen hemp regtig by die bruin sportbaadjie pas nie, maar dis nou te laat om iets daaraan te doen. Toe die hysbakdeur op die vierde verdieping oopgaan, sien Kassie dis nou eers tien voor sewe. Hy klim terug in die hysbak en druk die tiende verdieping se knoppie. Sal maar so bietjie op en af ry om die tyd tot seweuur te verwyl. Lyk net té ywerig as mens te vroeg vir 'n afspraak by 'n vrou opdaag.

Sy gedagtes maak 'n draai by die brigadier se oproep. Hom halfsewe wakker gebel en hy kon dadelik hoor daar's perde.

"Het jy al die oggendkoerant gesien?!" het sy gevra.

“Nee ... ek was ... nog nie by die kafee aan nie,” het hy half deur die slaap gestamel.

“Wel, daai bleddie joernalis het uit sy pad gegaan om my naam én die Spookeenheid s’n te verkrater. En gemaak asof die sogenaamde ‘deurslaggewende verlore bewysstukke’ gaan veroorsaak dat Vermooten wegkom ...”

En so het sy sin vir sin die berig vir hom gelees en dan die joernalis se “blatante wanvoorstelling” in detail bespreek.

Eers vyf-en-dertig minute later het sy afgesluit met: “Julle beter daai bliksem binne die volgende week vastrek, Kassie.”

Hy weet die Koningin van Oorreaksie, soos Rooi soms na haar verwys, gaan hulle in die dae wat voorlê al hulle hel gee.

Presies twee minute oor sewe druk hy Amalia se voordeurklokkie.

Hy kry weer ’n piksoen op die wang wat sy balans effe versteur.

Amalia lyk vanaand asembenemend mooi. Haar blonde hare is in skerp kontras met haar helderblou oë, dieselfde kleur as haar top. ’n Noupassende wit langbroek beklemtoon elke kurwe van haar welgevormde bene.

Hulle gaan sitkamer toe. Haar glimlag is warm en laat sy hartklop versnel.

“Ek is ongelooflik dankbaar dat jy kon kom, Kassie.” Die opregtheid waarmee sy dit sê, laat hom skuldig voel omdat hy vroeër net aan sy eie gevoelens gedink het. Die vrou verdien sy hulp.

“Waar’s Anrich?”

“Hy sal nou-nou hier wees. Lê nog die hele dag met sy oorfone op die bed en musiek luister. Nog nie eens sy tas uitgepak nie.”

Sy hou haar hand verskonend op. “Nogmaals jammer dat jy gister so agter my aan moes bel, maar ek het nie eens my foon hoor lui nie.”

“Jy’t gesê jy het ’n krisis gehad?”

Sy lag. “’n Ligte een, ja. Ek en ’n vriendinnetjie draf smiddae saam. Ons ry met ons karre Mouillepunt toe en kry mekaar daar by die treintjie en draf dan met die promenade langs terug Seepunt toe. Goed om haar as ’n drafmaat te hê, want sy is maar dertig. So ek moet nogal uithaal om by te hou.”

Kassie is verlig om te hoor ou Boet is nie betrokke nie.

“Jong, en toe ons amper hier regoor my woonstel kom, swik sy haar enkel en sloeg neer. Dit so erg verstuit dat sy nie ’n tree verder kon loop nie. Ons het nie geweet wat om te doen nie!”

Sy glimlag. “Gelukkig kom bied ’n man uit die bloute sy hulp aan. Hy sê toe hy sal haar oor die straat na my woonstel dra. Hy is ’n lang, sterkgeboude kêrel. Hy het haar opgetel asof sy ’n veertjie is en haar toe hier op my rusbank kom neerlê.”

Sy gee ’n laggie. “My vriendinnetjie het omtrent ogies gemaak vir hom, want hy is ’n aantreklike man. Dit was duidelik sy wou nie hê hy moet gou loop nie en sy het daarop aangedring dat hy eers saam met ons koffie drink. Ek dink dis toe dat ek my foon verlê het.

“Moet sê, as ek tien jaar jonger was, sou ek ook in dié ou belang gestel het.”

Jaloesie wel instinktief in Kassie op. Sy hou van lang, sterkgeboude mans, flits dit deur sy kop.

Amalia beduie na ’n groot boek op die koffietafel. Dis Laurent Lemerle se *The World in Stamps*, ’n boek wat hy ook het.

“Toe ek met die koffie terugkom, was hy besig om daardeur te blaai. Die man het nogal heel interessant gesels oor die ooreenkomste tussen seëls en munte. Dat dieselfde ontwerpe in sommige lande vir albei gebruik word.”

“Dis waar,” sê Kassie.

Sy gee weer die laggie wat telkens sy knieë lam maak, want dit lui soos klokkes in sy ore. “Hy het toe wrintiewaar aangebied om my vriendinnetjie na haar woonstel te dra. Dis twee blokke hiervandaan. Ek kon sien hoe haar ogies blink. Maar later het sy my baie teleurgesteld gebel en gesê die ou is nie beskikbaar nie, want hy is in ’n verhouding.”

Daar kom ’n stilte, wat begin rek. Kassie is nie seker of hy haar oor haar seun moet uitvra nie.

“Sien jy ... nog gereeld ... vir Boet?” vra hy eerder.

“Jong, om eerlik te wees, die ou het effens lastig begin raak. Deesdae kyk ek eers deur die loergatjie voor ek my deur oopmaak.” Sy gee ’n ligte snork. “Hy wou glad hê dat ek hierdie naweek saam met hom na sy vakansiehuis op Stilbaai toe moet gaan, om kwansuis sy seëlversameling te gaan besigtig. Verbeel jou, ek en hy ’n naweek alleen daar in sy huis!”

Dis musiek in Kassie se ore.

Dan gewaar hy uit die hoek van sy oog ’n beweging.

Die seun staan in die gangdeur.

Hy is skraal en seningrig. Gekreukelde T-hemp aan, jeans wat laag op sy heupe sit. Kaalvoet. Sy blonde hare is deurmekaar, gesig bleek. Sy ma se blou oë, maar met donker kringe onder hulle.

“Nee wat, Anrich, ek’t gevra jy moet jou ordentlik aantrek!” sê Amalia.

Hy steur hom nie aan haar nie, kom in en val neer op die stoel oorkant Kassie, strek sy bene uit en sit sy voete op die koffietafel se rand neer.

“Verskoon hom tog maar, Kassie,” sê Amalia. “Hy moet van voor af maniere leer.” Aan die seun voeg sy by: “Dis my vriend Kassie Kasselman.”

Hy loer onderdeur sy kuif. “Ek hoor jy’s ’n cop.”

“Anrich, praat ordentlik!” sê Amalia. “Jy’s nie nou tussen jou maats nie.”

Die seun gluur fronsend na haar. “Relax tog net. Nie nodig om Ma se top te blaas nie.”

Kassie het ’n vermoede dit gaan ’n moeilike aand word.

Sylvia is tevrede met wat sy vandag vermag het.

Haar leefvertrek lyk gesellig met die veelkleurige lappe wat oor die twee rusbanke gedrapeer is en die drie skilderye teen die muur. Die kleure van die kussinkies op die stoele komplementeer die Oosterse tapyt.

Al haar klere is uitgepak en sy het die badkamer van hoek tot kant geskrop. Die kombuis is ook nou kookgereed. Net jammer daar is nie 'n krieseltjie kos in nie. Sy sal môreoggend voor sy Malmesbury toe ry kruideniersware moet gaan aanskaf.

Toe sy haar ma 'n halfuur terug bel om te sê sy kom môre kuier, was dié in die wolke. “Caratjie gaan deur die dak spring! Siestog, die arme kind verlang haar dood na jou.”

Sylvia kan nie wag om haar kind te sien nie. Sy is ook opgewonde om Maandag by Ashfin in te val. Sy gaan alles insit om 'n goeie indruk te maak. Noudat die werk hare is, het sy haar voorgeneem om voortaan uiters kuis aan te trek. Die dae is vir altyd verby dat sy haar bates vir mans ten toon stel. Sy wil daardie hoofstuk in haar lewe finaal afsluit. Nou is haar kind en haar werk die belangrikste, dán eers kom mans.

Sy kyk op haar horlosie. Halfagt. Darem nog tyd om iets te gaan koop om te eet – en dalk kan sy die nodigste inkopies nou doen. Hier is 'n klomp plekke wat 'n verskeidenheid van wegneemetes bied. Haar maag skree behoorlik van die honger, want sy het vandag nog net koffie in.

Sy kyk vlugtig in die gangspieël. Die sweetpak is nie eintlik uitgaandrag nie, maar sy gee nie regtig om nie. Niemand hier rond ken haar nie. Sy gryp haar handsak.

Toe sy in die gang staan en die sleutel in haar voordeur se slot druk, gaan die deur langsaan oop.

Haar oë ontmoet vir 'n oomblik dié van haar buurman. Dan draai hy om asof hy iets vergeet het en verdwyn terug in sy woonstel. Die deur klik toe en sy hoor hoe hy dit sluit.

Vreemde skepsel, dink sy terwyl sy hysbak toe stap.

Maar sy moet met Benita saamstem dat hy vrék aantreklik is.

* * *

Die drie van hulle eet in stilte Amalia se geurige kerriehoender. Kassie merk hoe sy onderlangs na haar seun kyk. Sy tafelmaniere laat veel te wense oor.

Dit was tot dusver onmoontlik om 'n sinvolle gesprek met hom aan te knoop. Kassie se vrae is keer op keer met 'n kort, stug antwoord begroet. Toe Amalia vra of hy al 'n besluit oor sy toekoms geneem het, het hy haar net 'n vuil kyk gegee.

Kassie het hom vir tekens van dwelmgebruik bekyk, maar kon niks opsigteliks sien nie. Sy pupille lyk normaal en daar is nie prikmerke aan sy ontblote arms nie.

“Doen julle target shooting by die polisie?” vra Anrich uit die bloute.

“Bedoel jy skyfskiet?” vra Amalia. Hy knik.

Kassie sluk eers 'n mondvul kos. “In my dae by die Nuweland-stasie het ons gereeld skietbaan toe gegaan.” Hy noem nie dat hy die swakste skut van die lot was nie. Selfs die vroue in die administratiewe afdeling het beter as hy gevaar, iets waaroor Rooi hom nog gereeld spot.

Hy kug. “Deesdae het ons by my nuwe eenheid nie meer tyd daarvoor nie. Maar hoekom vra jy?”

“Dis nogal iets wat ek sal laaik om te doen.”

Kassie sien hoe Amalia se gesig ophelder.

“Wel, ek kan reël dat jy skietbaan toe gaan. My kollega by ons eenheid gaan gereeld soontoe en hy het 'n geweer. As jy wil, kan ek en jy eerskomende Saterdag saam met hom gaan.”

Vir die eerste keer glimlag die seun. “Dit sal moerse nice wees!”

“Ek sou dankie sê as ek jy was, Anrich,” sê Amalia.

“Thanks a lot.” Dit lyk of hy dit bedoel.

Die seun vee sy mond met die agterkant van sy hand skoon, kyk na sy ma. “Pa het my eenkeer shooting range toe gevat toe ek in graad nege was. 'n Laaitie by die skool het ons genooi. Hy was in die WP se junior skietspan. Daai dag het ek beter as hy geskiet.”

Trane blink in Amalia se oë. “Ek onthou dit goed. Jy kon nie uitgepraat raak daaroor nie. Pa was nog van plan om jou lid van die klub te maak, maar ...”

“Dis oukei, Ma, moenie nou wil huil nie,” sê hy en staan op. “Ek moet nog my tas gaan uitpak. En ek's nogal moeg. Thanks vir die lekker ete.”

Hy steek vas by die deur, kyk na Kassie. “Sorry dat ek so nasty met jou was.” Hy lyk verleë. “En ek sal beter as nou lyk wanneer ons skietbaan toe gaan.”

Toe hy ’n paar sekondes weg is en daar ’n deur toegaan, spring Amalia op, sit haar arms om Kassie se nek en soen hom op die voorkop. “Jy’s ’n absolute skattebol! Jy weet nie hóé ek dit waardeer nie!”

“Dis net ... ’n plesier,” sê Kassie, oorweldig deur haar nabyheid. Hy voel hoe ’n gloed in sy gesig opstyg.

Sy staan terug, kyk glimlaggend na hom. “Hoewel skyfskiet nou nie my eerste keuse sou wees nie, sal ek verheug wees as die kind ’n belangstelling in iéts ontwikkel. Dalk maak hy dan ook sommer meer teenoor jou oop as teenoor my.”

Kassie knik. “Dis wat ek ook gedink het. Anrich lyk nie vir my onrehabiliteerbaar nie. Ek dink hy’s inherent ’n goeie outjie, wat net bietjie leiding nodig het.”

“O hel, Kassie, ek soen jou sommer weer!” sê sy uitgelate, maar voeg ongelukkig nie die daad by die woord nie. “Gaan sit jy nou gemaklik. Ek bring sommer jou poeding sitkamer toe.”

Daai soen op die voorkop was klaar sy poeding, dink Kassie. Hierdie aand kon nie beter verloop nie.

Nou moet hy net vir Rooi oortuig om weer skietbaan toe te gaan. Want dié het nou die dag gesê hy oorweeg om sy geweer te verkoop, want die skyfskietgogga het hom al jare gelede gelos.

* * *

Hy word in ’n poel sweet wakker, sit die bedliggie aan en swets. Twaalfuur. Hy weet dadelik hy gaan nie weer kan slaap nie.

Nie ná die droom nie.

Hy staan op en stap badkamer toe, gaan staan voor die wasbak en spoel sy gesig met yskoue water af. Sy hande bewe nog liggies.

Dis nie ’n goeie teken nie. Die droom is nie veronderstel om nou te kom nie. Nie so gou nie. Die moord op die prostituut het hom dan die gemoedsrus gegee dat die droom en herinneringe vir eers weer iets van die verlede is.

Hy staar na homself in die badkamerspieël, weier om aan die gevolge van die droom te dink.

Maar toe hy kombuis toe stap, bly die wete in sy kop maal: Die droom maak altyd die deur vir die ander herinneringe oop.

Destyds, ná die moord op die lugwaardin en die rolstoelvrou, het die droom amper agt jaar weggebly. Hy het gedink hy het hom uitgewoed.

Toe ontmoet hy die student in Pretoria. Die ooreenkoms was net te groot om te ignoreer. Die droom het spontaan gekom.

Op Langebaan was hy aanvanklik oortuig dat hy dié keer ontslae is van sy donker gedagtes. Dat hy daar 'n normale bestaan sou kon voer. Maar toe bly Mercia aan hom karring. En hoewel die ooreenkoms in haar geval nie groot was nie, het die droom mettertyd weer aangeklop. Herhalend, óór en óór. Die aand voor sy hom in die kroeg gevra het om by haar te kom eet, het die herinneringe gekom. Dit was inderdaad helderder as ooit tevore. Om die verlede in één nag te herbeleef, was 'n eerste vir hom. En toe speel die storm ook nog die volgende aand saam.

Mercia se moord was so intens dat hy nie gedink het hy gaan nodig hê om 'n prostituut te vermoor nie. Maar toe kyk hy die flik van die ontroue vrou op die TV en wéét dis 'n teken dat hy nog nie klaar is nie.

Hy maak 'n blikkie bier oop en gaan sit in sy gemakstoel in die leefkamer, neem 'n paar groot slukke.

Vanaand se droom was in meer as een opsig ontstellend. Haar gesig het vervorm namate dit voortgeduur het. Dit moes gebeur. Daar is eenvoudig te veel ooreenkomste.

Net voor hy wakker geskrik het, was haar gesig dié van sy nuwe buurvrou. Haar tande was skerp en haar oë het 'n rooi gloed uitgestraal.

Presies soos hy dit vier-en-dertig jaar gelede ervaar het.

Kassie het nog nooit 'n Sondag só omgewens nie.

Dis omdat hy net aan Amalia kan dink. Hy kon nie eens ordentlik aandag aan sy seëls gee nie. Hy kon nie konsentreer op die belangrike taak om sy nuutste aankope te katalogiseer nie. Het dit toe maar teruggepak in die kluis.

Toe is hy na buurvrou Rita nadat dié hom vir tee genooi het. “Waar’s jou gedagtes vandag, Kassie? Ek kan in jou oë sien jy hoor nie ’n dooie woord wat ek sê nie,” het sy hom beskuldig.

Terug by die woonstel het hy met ’n skok onthou hy is as bestuurslid hierdie keer verantwoordelik vir die Boeremusiekgilde se maandelikse geselligheid in Bellville. Hy moet nog ’n orkes reël en hoor of die laerskoolsaal beskikbaar is. Laasgenoemde was onmoontlik op ’n Sondag. Hy het sy lys met orkeste en kontaknommers nader getrek. Die keuse was maklik. Die Brackenfell-vastrappers is bekend daarvoor dat hulle Eddie Alberts se treffer “Amalia Toe” met soveel oorgawe kan speel. Apie Maritz het dadelik ingestem dat sy orkes sal kom optree.

Hy wonder hoe Amalia oor boeremusiek voel. Dalk kan hy haar saamnooi na die geselligheid.

Wat hy wel weet, is dat hy haar beslis gaan nooi na die glansgeleentheid wat binnekort gehou word. Dan word ’n goue penning aan hom oorhandig vir sy ononderbroke diens van twintig jaar as bestuurslid – ’n rekord in die gilde se bestaan. Hy het die datum op ’n papiertjie neergeskryf en moet onthou om dit te dagboek.

Kassie sug en stap kombuis toe, maak die yskasdeur oop, kyk na die groente en hoenderboudjies wat hy gister spesiaal vir sy Sondagmaal gekoop het. Nou is hy egter veels te lui om kos te maak.

In die koskas haal hy ’n blikkie sweet corn uit, maak dit oop, vat ’n lepel en stap sitkamer toe.

Terwyl hy eet, wonder hy vir die soveelste keer of hy vir Rooi moet bel. Hy raak paniekerig as hy aan die moontlikheid dink dat Rooi dalk nie mag instem om skietbaan toe te gaan nie. Hy weet Torretjie is baie jaloers op haar man se naweektyd. Sy gaan ’n lang lip trek as hy Saterdagoggend op

die skietbaan moet verwyl. En Rooi is net te geneig om na haar pype te dans.

Nee, besluit hy, hy kan nie nou bel nie. Hy sal eers 'n strategie moet uitwerk. Hy sal 'n geelwortel moet identifiseer om voor Rooi se neus te swaai. Hom dan môre op kantoor probeer oortuig.

Hy slaan in 'n koue sweet uit toe hy besef dat nie net Rooi nie, maar ook Vermooten 'n stok in sy wiel kan steek. Nie onmoontlik dat hulle komende Saterdag agter hóm moet aansnuffel nie.

Fok, hy weet nie hoekom die lewe so gekompliseerd moet wees nie. Vir die eerste keer sedert hy amper drie dekades gelede van Marietjie geskei is, is daar weer 'n vrou op sy liefdeshorison. (Die klein bedriegster tydens die Iskariot-saak tel nie.) Hier is 'n vrou met wie hy 'n pad wil stap.

Toe hy gisteraand na Amalia se woonstel is, was hy vas oortuig dat Anrich die enigste rede vir die uitnodiging was. Maar die afskeidsoen en hulle gesprekke wat daardie magiese oomblik voorafgegaan het, het als verander.

Hulle het ná ete nog land en sand gesels. Sy het hom fotoalbums van haar oorsese toere gewys, op sy aandrang skaam-skaam twee gedigte uit haar ongepubliseerde versameling voorgelees, haar grootwordjare in die Karoo met hom gedeel, haar onsekerhede bespreek toe sy ná haar man se dood belangrike besluite op haar eie moes neem. Sy het erken dat sy sedert haar man se dood nog nooit so maklik oor haar verlede kon praat nie.

Dit was egter nie 'n eensydige gesprek nie. Sy het Kassie uitgevra oor sy verlede, vrese en toekomsdrome. Oor laasgenoemde het hy gesê hy sal graag weer 'n lewensmaat wil hê. Hy weet nie of hy hom verbeel het nie, maar hy kon sweer daar was 'n ligte blos op haar wange.

Aan so 'n vertrouensband is hy nie gewoond nie en toe hy weer sien, was dit amper twaalfuur.

By die voordeur het sy aan sy arm gevat.

“Jy sal nie weet hoe geweldig baie ek jou moeite met Anrich waardeer nie,” het sy gesê. “En buiten dit, het ek lanklaas so lekker gekuier.”

Sy het vorentoe geleun en hom op die mond gesoen. Dit was meer as net 'n piksoen. Beslis 'n sekonde of twee te lank om daarvoor te kwalifiseer.

Hy het nog nooit sulke sagte lippe gevoel nie.

* * *

Vleis was besig om vir die gesin skaaptjops te braai toe Giraffe hom op sy sel bel.

“Congrats, bra, ek het die lead story in gister se newspaper gecheck. En da’s in vandag se *Sunday Times* ok ’n mention da’van,” het Giraffe gesê.

“Daai was maar net die eerste shot, want ons het nog baie ammo in ons gun store,” het Vleis gelag.

“En wanne fire jille die next shot?”

“Ek ... en Mukkadem ... doen nog ... nog bietjie planning om –”

Giraffe het hom in die rede geval: “Vleis, jille beter fokken gou maak. As daai detectives vannie Ghosts hierie serial killer vang, ga’ jille plan mos sleg backfire! Dan ga’ die police chieff in die glory bath. En dit maggie happen nie. Daai shithead moet nou vinnig sy gat sien. Glo gister ewe by ’n community meeting in Mitchells Plain gesê dat hy die nightclubs binnekort ga’ target. Dis wa’ die gangster bosses met hille drugs wegkruip, het hy gesê. Hy wil ons da’ uitsmoke.”

“Hy’t gelukkig nie nou die hande om dit te wil doen nie, Giraffe. Ons unit is understaffed. Trust me on that one. Maar moenie worry nie, ek en Mukkadem sal die volgende shots hierdie week nog fire.”

“Jille fokken beter, bra.”

Vleis moes eers die kinders voor die TV gaan roep om na die tjops op die vuur te kyk.

Nou staan hy hier in die agterplaas en wag dat Mukkadem sy selfoon antwoord.

“Vir wat bel jy op ’n Sondag?” wil Mukkadem ontstoke weet.

Vleis vertel hom van Giraffe se oproep. “Hy wil nou action hê, bra!”

“Shit.”

“Sal ons nie maar nou al die trump card speel nie?”

“Fok, Vleis, gaan jy vir Giraffe die geld vra? Want ek gaan nie!”

Vleis besef Mukkadem is reg. Te gou daarvoor. Hulle moet die Ghost Unit nog eers ’n moerse body blow gee voor Giraffe sy pitte gaan uithaal.

“Kyk,” sê Mukkadem, “nie nou al nodig om paniekerig te raak nie. Ek is môre by die eenheidshoofde se weeklikse vergadering met die hoof. Ek beloof jou hy gaan Fortuin braai oor die kak publisiteit in die koerante. En sy sal ’n volledige vorderingsverslag moet gee. Ek sal presies weet waar hulle met die saak staan. Dan kan ons twee koppe bymekaarsit.”

“Okay. Dan chat ons iewers môreaand. Maar daar is nog iets waaraan ek gedink het, wat nou ’n urgent priority is.”

“En dit is?”

“Jou unit spesialiseer mos daarin om mense se telefoonoproepe te monitor en af te luister ...”

“Nou beweeg jy op gevaarlike terrein, Vleis.”

Vleis vervies hom – so erg dat sy hele lyf begin bewe. “Ek dink nie jy weet hoe ’n nasty fokker Giraffe kan wees as dinge nie according to his expectations gebeur nie. Om ons eie gatte te cover, het ons nodig om elke keer ’n stap voor Fortuin-hulle te wees.”

“Wil jy hê ons moet Fortuin se foon tap?”

“Ja, by haar office én haar huis. En Kasselman s’n ook.”

* * *

By die woonstelblok klim Sylvia met ’n swaar hart uit die kar. Sy sien dis al negeuur.

Anders as laas keer, wou Cara haar nie laat gaan nie. Onbedaarlik gehuil toe Sylvia wou groet. Sy was genoodsaak om op Malmesbury te bly vir aandete.

Gelukkig het die dag se opwinding die kind uitgeput en het sy kort daarna op Sylvia se skoot aan die slaap geraak.

Sy het soos ’n verraaier gevoel toe sy daar wegry. Cara kan nie vir ewig by haar ma-hulle bly nie. ’n Kind hoort by haar ouerhuis.

Sy glimlag wrang toe sy aan Benita se woorde dink. *Dis tyd dat jy jou hart vir ’n goeie man gee. Cara het ’n pa nodig.*

Dis beslis nie nou ’n opsie nie.

Op pad na die ingang sien sy haar buurman se ligte brand.

Die enigste nadeel van hierdie woonstelle is dat dit nie klankdig is nie, soos sy laas nag uitgevind het. Geen wonder die lawaaierige Duitser het almal die harnas in gejaag nie.

Sy het net ná eenuur wakker geword van ’n geskuiifel langsaan. Omtrent ’n uur gevat om weer aan die slaap te raak, want sy kon heeltyd haar buurman se voetstappe hoor. Nog gewonder hoekom hy op so ’n ongoddelike uur nie tot rus kan kom nie.

Kassie is vanoggend vroeg op kantoor. Hy is verheug dat die brigadier nie Maandagoggende inkom nie. Sy het dan saam met die eenheidshoofde 'n weeklikse vergadering by die kommissaris. Was dit nie daarvoor nie, is hy seker hy en Rooi sou eers weer haar “wanvoorstellings in die koerantberig” moes uitluister.

Hy kyk op sy horlosie. Al amper halfnege en Rooi is nog nie hier nie. Die fokken spanning maak hom gedaan. Hy hoop nie Rooi is vanoggend laat nie, want hulle sal halftien moet ry vir hulle afspraak met Zilla Levenson in Constantia. En Kassie gaan tyd nodig hê om sy skietbaanplan deur te voer. Dit kan nie wag vir later nie, anders gaan hy nooit vandag op sy werk kan konsentreer nie. Hy móét so gou moontlik weet.

Twintig voor nege kom Rooi ingeslof. Dadelik sluit hy die boonste lessenaarlaai oop en haal sy bottel Douwe Egberts uit. Kassie weet hy gaan nou vir hom koffie maak. En as een van die ander speurders in die kombuis is, gaan hulle eers die naweek se sportgebeure bespreek, wat 'n ewigheid kan duur.

“Maak maar gou, want ek het iets dringends om met jou te bespreek en ons moet nou-nou Constantia toe ry,” sê Kassie.

Rooi steek vas by die deur. “Iets oor Vermooten?”

“Nee, iets persoonliks.”

Hy lig sy wenkbroue. “Nou't jy my nuuskierig!”

Rooi is binne twee minute terug, wat 'n rekordtyd vir hom moet wees. Hy gaan sit agter sy lessenaar en slurp versigtig aan die koffie. “Laat ek hoor.”

“Het jy nog jou geweer?”

“Ja, nog nie sover gekom om dit te adverteer nie.”

“Ek stel daarin belang.”

“In my geweer?!”

Kassie knik.

Die verbasing staan op Rooi se gesig geskryf. “Wat de fok wil jy met 'n geweer doen?”

“Ek oorweeg dit om by die skietklub aan te sluit.”

Rooi proes in sy koffie. “Het jy jou kop gestamp? Want nou klink jy nie na die Kassie wat ek ken nie. Die man wat by die Nuweland-stasie gesê het hy verpes die kwartaallikse skietoefeninge, wil nou skielik gaan skiet.”

“Ek het lus vir ’n nuwe stokperdjie.”

Rooi frons. “Jy gaan tog seker nie jou seëls verkoop nie?”

“Ek sal graag jou geweer Saterdagoggend by die skietbaan wil uittoets ... voor ek finaal besluit of ek dit gaan koop.”

Rooi lag. “Kassie, ek ken jou hééltemal te goed. Ek kan sien jy praat nou louter kak. Jy gee jouself weg deur my nie in die oë te kyk nie. Dis die eerste teken dat kaptein Kasselmann suinig met die waarheid omgaan.”

Kassie sug. “Oukei, jy wen, man. Ek het iemand belowe dat ek hom Saterdag skietbaan toe sal vat. Dis ’n ... ’n ... seëlvriendin van my se seun. Die outjie het die pad effe byster geraak en sy ma glo dit sal help as hy ’n belangstelling in skyfskiet kan ontwikkel. Hy’s glo nogal ’n talentvolle skut.”

“Nóú glo ek jou. Behalwe vir die deel oor die seëlvriendin, want toe het jy weer weggekyk. Is sy regtig nét ’n seëlvriendin?”

Kassie voel hoe sy gesig warm word. “Dalk ’n bietjie meer as dit.”

“Het so gedink. En wat jy eintlik vir my vra, is dat ek jou en die outjie na die skietbaan vergesel, want jy is nie ’n lid daar nie?”

“Korrek.”

Rooi skud sy kop. “Hoekom het jy nie van die begin af so gesê nie?”

“Sal jy gaan?”

“Jou luck is in, want Torretjie is Saterdag saam met haar werksmense op ’n spanbousessie in Melkbos. As dit nie daarvoor was nie, sou sy die aapstuipe gekry het. Sy sê mos ek mors ons kosbare saamweestyd as ek skietbaan toe foeter.”

“So dis afgespreek vir dié Saterdag?”

Rooi grinnik. “Natuurlik is dit. Ek sal nooit as te nimmer my kollega se seëlvriendin wil teleurstel nie.”

“Thanks, Rooi.”

“Nou moet jy net hoop Vermooten donner nie ons planne op nie.”

Nie nodig dat Rooi dit moet sê nie. Hy stres klaar daaroor.

* * *

Bill Swart, die bemarkingshoof, het vir Sylvia gewag in Ashfin se voorportaal.

“Kom ek gaan wys jou jou kantoor,” sê hy terwyl hy sy blink voorkop met ’n sakdoek afvee.

’n Gewoonte-sweter, dink sy. Die plek is koel.

Hy praat onverpoos toe hulle in die gang afstap. “Ek is hierdie week in die Kaap, want dis Woensdagaand ons jaarlikse dinee vir ons belangrikste Kaapse beleggers. En daar moet nog hope goed gedoen word. Jy gaan ongelukkig aan die diep kant ingegooi word.”

Haar kantoor is klein, maar deur die glasafskortings kon sy sien die ander personeel s’n is dieselfde grootte. Daar is ’n vreemde boksvormige lessenaar, houtliasseerkabinet, helderrooi volvloermat en twee lemmetjiegroen stoele. Die venster kyk uit op ’n gebou wat smee om geverf te word.

Op die lessenaar is drie hopies papier netjies langs die rekenaar gerangskik, en Swart beduie daarna. “Jy sal dadelik hieraan aandag moet gee. Ons het ’n lokaal in die Mount Nelson gehuur, maar ons is self vir die tafelversierings en blomme verantwoordelik. Dit kort nou ons dringende aandag. Dan het die hotel vir ons ’n spesiale spyskaart gestuur, maar dit moet nog by die drukkers uitkom, wat jy sal moet reël. Gelukkig waarborg die drukkers hier langsaan dat hulle enigiets binne vier-en-twintig uur kan afhandel. En dan moet jy die tafelplanne vir ons opstel. Ons MD en die voorsitter van die direksie wat van Johannesburg af kom, moet by die hooftafel geplaas word. Ek het hulle name vir jou in rooi omkring.”

Hy gee ’n laggie. “Jammer dat ek jou nie nou aan die ander personeel kan voorstel nie, maar ons tyd is te beperk. Handel eers vir my die dringendste af: die spyskaart en tafelplanne. Dan kan ons Mount Nelson toe ry om te bepaal watter versierings en blomme nodig gaan wees.”

Sy selfoon lui en hy grawe dit uit sy baadjiesak, maar antwoord nie dadelik nie. “O ja, onthou jy sal Woensdagaand die rol van gasvrou moet speel.”

Hy storm met sy selfoon teen die oor by die kantoor uit.

“Goeie genugtig,” prewel sy. Hy skep nooit asem nie.

Sy glimlag. Gelukkig hoef jy nie ’n vuurpylwetenskaplike te wees om daardie paar takies af te handel nie.

* * *

Hy staar na die badkamerspieël. Daar is donker kringe onder sy oë van die afgelope twee nagte se min slaap.

'n Spiertjie spring in sy wang.

Daardie gevoel waaroor hy geen beheer het nie, is besig om hom te oorval. Niks wat hy doen, gaan dit verander nie. Die deur na die verlede is weer oop.

Sy gesig vertrek. Dan begin sy lyf so onbeheers bewe dat hy aan die wasbak moet vashou.

Dis duidelik die Levensons het geld. Baie.

Op die boomryke erf staan 'n wit dubbelverdiepinghuis, skerp afgeëts teen die imposante berg. 'n Reusetuin, skitterblou swembad, geplaveide braaiarea met 'n grasdak en ingeboude sitplekke vir maklik 'n dosyn mense. Die soort prentjie wat jy net in leefstyltydskrifte sien, dink Kassie.

Hulle hou stil voor een van vier motorhuisdeure. Dan stap hulle om 'n spuitfontein om by die stoep uit te kom.

Kassie druk die voordeurklokkie.

Hulle wag nie lank nie. 'n Vrou in 'n T-hemp en sweetpakbroek groet hulle vriendelik. “Verskoon tog hoe ek lyk, maar ek was besig om agter in die groentetuin te werskaf.”

Sy is 'n mooi vrou. Lank en slank. Blond. Groen oë. Gelaatstrekke wat Kassie aan Anneline Kriel herinner.

Hulle stap agter haar aan op 'n glimmende houtvloer. Dit is die breedste gang wat Kassie in sy lewe gesien het. Daar is rye antieke meubels met porselein daarop uitgestal, familieportrette en skilderye teen die mure.

“Ons sit sommer hier in die klein sitkamer. Dis meer intiem,” sê sy.

As dit die klein sitkamer is, wil Kassie nie die grote sien nie. Sy hele woonstel kan omtrent in hierdie ruimte pas.

“Tee, koffie?” vra sy.

“Ons het nou net by die kantoor gehad, dankie,” sê Kassie.

“So, julle wil met my oor Pieter Vermooten gesels?” Sy skud haar kop. “Ek kan nog steeds nie glo hy is 'n reeksmoordenaar nie. Dit klop eenvoudig nie met die man wat ek geken het nie.”

“Wanneer het jy ... hom ontmoet?”

“Ek was nog bitter jonk. Een-en-twintig. Toe by Wits 'n student gewees. Ek het hom by 'n partytjie raakgeloop. Vir my was dit liefde met die eerste oogopslag. Hy was toe twee-en-twintig. Behalwe dat hy aantreklik was, het ek van sy kalm en amper ingetoë houding gehou. Hy was my soort ou. Ook uiters intelligent, vriendelik, behulpsaam en respekvol – als eienskappe wat 'n vrou se hart sag maak.”

“Wanneer het julle toe begin uitgaan?” vra Rooi.

Sy glimlag. “Ek het ’n week later by hom ingetrek ... tot die ontsteltenis van my ouers. As konserwatiewe plaasmense het dit nie hulle goedkeuring weggedra nie.”

“Het jy geweet hy’s ’n miljoenêr?”

“Hoegenaamd nie! Toe ek later jare lees dat hy vroeg in sy lewe miljoene der miljoene geërf het, kon jy my met ’n veertjie omtik. Toe ek by hom gebly het, het hy ’n nederige huisie in Melville gehuur. Karig gemeubileer. Met ’n tweedehandse Volkswagen Kewer gery. Hy het glad nie soos ’n welvarende man gelyk of opgetree nie. Net T-hemde en jeans gedra. Hy het lang hare en ’n baard gehad, en ’n ronderaambril soos John Lennon s’n. Dik lense, want sy oë was nie watwonders nie. ’n Regte hippie-look gehad.”

“Het hy gewerk?” wil Kassie weet.

Sy skud haar kop. “Hy het aandklasse by Wits gedraf. In ’n regsrigting gestudeer, maar deur die dag was hy by die huis. Gesê hy het genoeg geld by sy ouers geërf vir sy huishuur, studies en om andersins ’n paar jaar aan die lewe te bly sonder om te werk. Hy was van plan om ’n prokureur te word sodra hy sy graad verwerf. Maar hy het nooit rojaal geleef nie. Ek het die indruk gekry dat hy maar spaarsamig met sy erfgeldjies moes omgaan om uit te kom.”

“Was jy bewus van sy Nederlandse herkoms?” vra Kassie.

“Hy’t my vertel dat hy daar gebore is en eers op veertien hierheen geïmmigreer het.” Sy aarsel. “Was altyd vir my vreemd dat hy nooit iets oor daardie tyd in sy lewe gesê het nie. Hy het net genoem hy het slegte herinneringe aan Nederland en verkies om nie daaroor te praat nie. Sy Afrikaanse uitspraak was van so ’n aard dat jy nooit sou raai dat hy in daardie stadium maar net agt jaar in die land was nie. Hy het gesê dis te danke aan sy ma, wat net Afrikaans met hom gepraat het.”

“Het hy iets anders oor sy ouers gesê?” vra Rooi.

“Nie regtig nie. Net gesê sy pa was ’n wonderlike man, maar nooit daaroor uitgebrei nie.”

“Het jy nooit vermoed hy het enige soort ... afwyking nie?” vra Kassie.

“Soos ek genoem het, was hy ’n wonderlike kêrel. Nooit aggressief teenoor my nie. Nie een keer sy stem verhef nie.” Sy kyk voor haar uit. “Daar was wel een ding wat my gepla het. Daar was ’n vertrek in die huis wat hy permanent gesluit gehou het. Hy wou nooit die deur vir my oopsluit nie. Gesê dit lyk te chaoties daar binne, want dis goed van sy ouers wat hy nog moet uitsorteer. Volgens hom het die bokse tot teen die dak gestaan. Ek

het eenkeer toe hy kafee toe is, by die sleutelgat ingeloer. Hoewel ek nie veel kon sien nie, het dit allesbehalwe chaoties gelyk. Ek het 'n vermoede gehad hy bestee baie tyd daar terwyl ek deur die dag in die klas is.”

“Enigiets anders wat jy dink ons met die ondersoek kan help?” sê Kassie.

Zilla trek haar skouers op. “Ek weet nie of dit julle juis sal help nie, maar hy het my nogal verras toe ons tydens 'n vakansie by my ouers op die plaas gaan kuier het. Ek het twee laatlamsussies en 'n swetterjoel van ons niggies en nefies van dieselfde ouderdom het toevallig ook daar gekuier. Hulle was toe tussen vier en tien jaar oud. Sy ongelooflike slag met kinders het my verstom. Hulle was absoluut versot op hom. Hy het soveel aandag aan hulle gegee dat ek soms afgeskeep gevoel het. Dit het my ouers geweldig beïndruk.” Sy glimlag. “My pa het selfs gesê hierdie ou is ware troumateriaal, want hy sal 'n uitstekende pa uitmaak.”

“En hoe het julle paaie toe geskei?”

“Ná amper twee jaar van 'n wonderlike verhouding het hy uit die bloute gesê hy weet nie of hy my regtig liefhet nie. Dat dit beter sal wees as ons paaie skei. Ek kon dit nie glo nie! My hart was stukkend. Ek het my studies opgeskop en my trane gaan stort by 'n familielid in Londen. 'n Week daar gewees toe ek my man ontmoet het. Ons was binne 'n maand verloof, het kort daarna getrou en het twaalf jaar daar gebly voor ons Kaap toe verhuis het. My man het as chirurg 'n baie goeie geleentheid by 'n gevestigde praktyk in die Kaap gekry.”

“Het Vermooten nooit weer met jou probeer kontak maak nie?” vra Rooi.

“Nooit.”

“Enigiets anders van belang?”

“Nie waaraan ek nou kan dink nie.”

“Baie dankie vir jou bereidwilligheid om met ons te gesels,” sê Kassie toe hulle opstaan.

Hulle groet en Zilla belowe om te bel as iets haar byval wat belangrik kan wees.

“Ons is nie eintlik veel wyser oor Vermooten nie, nè?” sê Rooi toe hy die kar se enjin aanskakel.

“Nie eintlik nie, maar dis vir my duidelik dat hierdie ou lank voor hy Zilla ontmoet het, al moordplanne gehad het. Eerstens wou hy op skool nie vir foto's poseer nie. Toe het hy sy reuse-erfporsie teenoor haar verswyg. Ook nie oor sy jeugjare met haar gepraat nie. Hom gedurende die dag besig gehou met iets in daai kamer wat nie vir haar oë beskore was nie. Alles dui

daarop dat hy so min moontlik oor homself wou weggee – dat hy nie spore wou los wanneer hy moorde begin pleeg nie. Hoe minder mense van sy doen en late weet, hoe makliker sou dit vir hom wees om met die moorde weg te kom.”

Rooi knik. “En as jy my vra, het Zilla net oorleef omdat sy ’n blondine is.”

“Het ook so gedink. Al afleiding wat mens kan maak, is dat ’n vrou met donker hare hom iewers in sy lewe erg geknou het.”

Kassie is bekommerd oor hoe hierdie saak verloop. Waar begin mens soek na ’n skim?

* * *

Vleis sien dis Mukkadem wat hom op sy selfoon bel. Hy verskoon hom uit die kantoor waar twee kollegas hom oor ’n saak kom sien het, en loop in die gang af.

“Ek kom nou net uit die vergadering met die polisiehoof,” sê Mukkadem.

“En?”

“Fortuin-hulle is nog heeltemal clueless.”

“Dis goeie nuus.”

“Nie regtig nie, want nou het ons niks om hulle ondersoek mee te bedonner nie.”

“Dis nogal true,” sê Vleis.

“Maar moenie jou bekommer nie. Ek het al vroegoggend, voor die kommissaris se vergadering, my twee spesialiste gekry om hulle fone te tap. As ons gelukkig is, gaan ek laatmiddag al op hulle gesprekke kan inluister.”

“Dis nou net gesprekke op hulle landlines?”

“Jip. Dit gaan mos nou onmoontlik wees om insae in hulle selfoongesprekke te kry. Daarvoor sal ek die amptelike kanale moet volg. Hopelik span hulle merendeels hulle landlyne in vir polisiesake. En die plan is om ook so gou moontlik hulle landlyne by hulle woonplekke te tap.”

“Dan is dit vir eers good enough,” sê Vleis, tevrede dat Mukkadem al werk van die saak gemaak het.

Hy het die slaapkamer se blindings afgetrek en die deur toegemaak sodat hy in die halfskemer op sy bed kan lê.

Dit voel of daar ligte krampe deur sy ganse liggaam trek. Sy vuiste is gebal en sy kake op mekaar geklem. Hy huiwer, maar sluit dan sy oë. Help nie om teen die prikkels te skop nie.

Als word wasig.

Dan is hy meteens vier jaar oud. Opgekrul in sy bed in sy kamer in Sassenheim, sy teddiebeertjie styf teen sy lyf aangedruk.

Die maan verdwyn agter die donker wolke, sien hy deur die opening in die gordyne. Dis nou pikdonker, asof 'n buitelig afgeskakel is. Boomtakke skuur oor die huis se geute.

Die wind steek plotseling op. Hortjies begin klap-klap. Takke skraap nou teen die ruite. In die verte dreun donderweer en laat hom ineenkrimp. Daar kom 'n storm, weet hy. Die paniek klop teen sy slape.

Dan val die eerste druppels. Die wind dryf dit tot teen sy kamervenster met reëlmatige sjoesj-geluide.

'n Bliksemstraal verlig die kamer. Dit lyk of groteske figure buite in die tuin rondskarrel. Hy knyp sy oë styf toe.

Die oorverdowende donderslag wat volg, dring deur murg en been en laat hom verskrik orent kom. Sy tande klap op mekaar. Hy druk die beertjie nog stywer teen sy bors vas.

Sy ma het gesê hy mag onder geen omstandighede snags na haar en Pa se kamer kom nie. "Jy's lankal oud genoeg om in jou eie bed te slaap."

Met die tweede donderslag blêr hy 'n kreet uit, wat hy nie betyds met die agterkant van sy hand gesmoor kry nie. Hy bewe onbeheers. Hy spring van sy bed af, struikel oor die houtperdjie op pad na die deur.

Sy asem jaag toe hy vir 'n oomblik in die lang, donker gang stilstaan. Dan hardloop hy blindelings, verloor sy beertjie langs die pad, maar draai nie terug nie.

In die kamer pyl hy af op sy ma se kant van die bed.

Hy klouter naartoe teen die hoë bed uit, trek die komberse oop en krul snoesig op teen haar warm lyf.

Sy verstyf. Dan stamp sy hom ru weg. Sy kop klap teen die kant van die bedkassie en hy land met sy stuitjie op die vloer, wat hom laat kreun van die pyn.

Nog 'n bliksemstraal verlig die kamer toe sy oor die rand van die bed leun, haar gesig 'n masker van weersin. Hy verbeel hom sy lyk soos die Dracula-vrou wat hy gisteraand op die TV gesien het, skerp tande wat by die hoeke van haar mond uitsteek, oë wat soos rooi soekligte op hom skyn. Haar dik, donker hare staan in alle rigtings.

Sy spoeg die woorde uit. “Gaan dadelik terug na jou kamer! Hier’s nie plek vir jou nie!”

Sy pa se slaperige stem kom sag van die ander kant van die bed af. “Kom klimmen maar achter mijn rug, kleintje.”

Hy staan stadig op, vryf sy seer stuitjie en stap om die bed na sy pa se kant. Trane stroom oor sy wange.

Sy hartjie het nog nooit so gepyn nie.

* * *

Terug op kantoor moet Kassie en Rooi eers na Lettie se klaagliedere luister. “Telkom se mense was vanoggend hier. Blykbaar fout met ons bedrading of iets. Hulle het my oggend omtrent ontwig. Hier by my skakelbord gewerk, toe na die brigadier se kantoor en toe na julle kantoor.” Sy skud haar kop. “En toe kom sê hulle die fout lê nie by ons nie. Dit moet langsaan by die versekeringsmakelaars se kantoor wees. Verbeel jou! Ná so ’n gewerskafl!”

Sy keer voor hulle die pad na die kantoor vat. “Die brigadier is pas terug van haar vergadering by die polisiehoof. Sy het gevra dat julle dadelik na haar toe moet gaan.”

Kassie kan net dink wat voorlê.

Toe hulle in haar kantoor kom, is haar gesig die ene donderweer.

Sy vertel hulle van die “uiters onaangename sessie” wat sy beleef het. “Die polisiehoof is briesend dat julle mishap die voorblaaie gehaal het. Blykbaar ook ’n berig in die *Sunday Times* gewees. Hy sê die nasionale hoof het soos ’n tienton-vragmotor oor hom gery. Dít nadat die minister glo ’n kolossale koronêr geskiet het.” Sy vertel in detail hoe sy die joernalis se wanvoorstellings blootgelê het – ’n oorbekende storie vir Kassie. “Nie dat dit enige indruk op die kommissaris of my ander senior kollegas gemaak het nie. Ek het ’n vermoede die spul verlekker hulle in hierdie negatiewe publisiteit wat die Spookeenheid kry.”

Die brigadier skep uiteindelik asem. “Dis gedane sake. Nou moet julle net fokus op wat julle het en daai bliksem so gou moontlik vastrap. Dis al hoe ons met mening kan terugslaan.”

Kassie kug. “Wel, die slegte nuus is dat ons nog nie veel het nie.” Hy vertel haar van hulle gesprek met Zilla Levenson.

“Sit net als op skrif vir my, Kassie. Die hoof wil 24/7 ingelig bly oor julle vordering.”

Hulle kyk om toe Lettie aan die deur klop. Sy het ’n wit koevert in die hand. “Nou net hier afgelewer. Dis Vermooten se identikit wat hulle op Langebaan saamgestel het.”

Kassie maak die koevert oop en haal die skets uit.

“Lyk vir my soos een van daai superheroes in die comics,” sê Rooi. “Kaalgeskeerde kop sodat sy masker se rondings glad vertoon.”

Die brigadier kan haar teleurstelling nie verberg nie. “Geen uitstaande kenmerke nie, nè? Perfekte neus, hoekige ken ...”

Kassie lees die kort verslag wat by die identikit ingesluit is.

“Hulle sê dit was ’n helse proses om eenstemmigheid tussen die mense te kry. Hulle het in ’n stadion met vier uiteenlopende gesigte gesit. Uiteindelik het hulle grootliks op mevrou Calitz se beskrywing gesteun, maar dié was ook nie met die eindproduk tevrede nie. Sy kon egter nie aandui wat presies hinder nie.”

“Shit,” sê die brigadier en sug, “as dit dan al is wat ons het, moet ons die beste daarvan probeer maak. Scan die identikit in op die stelsel en stuur dit dadelik aan die media op julle kontaklys. En nie net die Wes-Kaapse media nie, maar die landwye lys. Hy kan teen dié tyd lankal op ’n ander plek wees.”

“My voorgevoel is hy’s hier,” sê Kassie.

“Hoekom sê jy só?” vra sy fronsend.

“Sy eerste sewe moorde het hy in die Johannesburg- en Pretoria-omgewing gepleeg. Lyk of hy daarvan hou om vas te byt op een plek voordat hy ander weivelde soek.”

“Behoed ons as hy hier ook sewe moorde pleeg voor ons hom vastrap! Dit, menere, sal die einde van die Spookeenheid beteken. En dis ’n bleddie feit!”

Op pad na hulle kantoor fluister Rooi: “Die Koningin van Oorreaksie is weer op haar stukke, nè?”

Kassie knik. “Kan nie glo sy sinspeel daarop dat ons twee die toekoms van die Spookeenheid in ons hande hou nie. Kry ons hierdie saak nie vinnig opgelos nie, is dit goodbye met die eenheid.”

“Bliksis, dis omtrent ’n swaard oor ’n mens se kop.”

Kassie sug. “Ons moet haar ook nie so gou wil veroordeel nie. Sy is onder helse pressure. Seker maar normaal om so bietjie te oorreegeer. Tien teen een sou ons in haar posisie ook so opgetree het.”

* * *

Sylvia het met groot ywer weggespring. Sy het eers die tafelplanne gefinaliseer deur in alfabetiese volgorde plekke toe te ken en te sorg dat die belangrike amptenare van Ashfin by die hoof tafel sit.

Haar ander take het seepglad verloop. Die drukkers klink na ’n raakvatgroep en het belowe dat die spyskaarte môreoggend afgelewer sal word. Sy, Swart en die blonde ontvangsdame is na die Mount Nelson. Swart het gehou van Sylvia se voorstel van ’n donkerblou kleurskema en wit blomme.

Terug by die kantoor het hy Sylvia aan haar ander kollegas bekend gestel. Die Wes-Kaapse makelaarshoof, beleggingskonsultant en administratiewe beampte is almal middeljarige vroue en lyk na aangename mense. Swart het verduidelik dat Ashfin net onafhanklike makelaars as middelmannen gebruik om die koste laag te hou, en dat admintake grootliks uitgekонтakteer word.

Sy skuif die papiere op haar lessenaar reg. Amper tjailatyd. En sy is omtrent uitgeput! Nie besef ’n agt uur lange skof kan só vermoeiend wees nie.

Swart verskyn in die deur, sakdoek in die hand.

“Ek het nog nie na jou tafelplanne gekyk nie.” Hy vee eers sy voorkop droog voor hy om die lessenaar loop en langs haar kom staan. “Ek stel eintlik net in die hoof tafel belang.”

Hy kyk fronsend daarna, leun vooroor en sit sy sweterige klou op haar skouer. “Nee, ons sal hier ’n verandering of twee moet aanbring. Ons grootste beleggers moet saam met die MD en die direksievoorsitter sit.”

Terwyl hy instruksies gee oor die name wat bygevoeg moet word, is sy heeltyd bewus van die hand op haar skouer. Sy wil dit afskud, maar bedink haar. Dalk bedoel hy niks daarmee nie.

Sy is verlig toe Swart terug om die lessenaar loop.

“Jy het vandag uitstekende werk gedoen, hoor.” Hy steek in die deur vas. “Hou jou Woensdag maar reg vir ’n laat aand. Daai spul beleggers kuier soms tot in die vroeë oggendure.” Sy weet nie of sy haar verbeel nie, maar dit lyk of sy oë glinster. “En ná die tyd sal ek en jy natuurlik nog moet opruim.”

Sou die bliksem planne hê?

Seker nie. Die afgelope dekade is sy so blootgestel aan gladde javels, dat sy alle mans oor dieselfde kam wil skeer. Swart is passievol oor sy werk en niks meer nie.

Kassie moet hom inhou om nie dadelik vir Amalia te bel toe hy by die woonstel kom nie. Laatmiddae is haar draftyd, weet hy nou. Sal haar eers kans gee om te settle voordat hy haar die goeie nuus meedeel.

Hy is redelik tevrede met wat hy en Rooi vanmiddag vermag het. Hulle het die uitdruk van al die Hilux-eienaars in die Wes-Kaap, wat hulle kontakman by die verkeersafdeling gestuur het, gefynkam. Daar is tientalle Venters met Hilux-bakkies, maar net een se middelnaam is John. Rooi het dadelik daardie Venter se Wynberg-adres opgevolg by die munisipaliteit. Vals straatnaam. Dit beteken dis die regte Venter en hulle het die beskrywing van die Hilux en sy registrasienommer by die identikit-nuusverklaring ingesluit.

“Kanse is goed dat hy die nommer intussen verander het of selfs nou met ’n ander voertuig ry, maar dalk is ons lucky,” was Kassie se mening.

“Minstens is die spietkops ook nou op die uitkyk vir daai nommer,” het Rooi gesê.

Die brigadier het daarop aangedring dat hulle vir haar ’n skriftelike plan opstel van hulle beoogde stappe vir die volgende week, wat sy môremiddag voor toemaaktyd op haar tafel wil hê sodat sy dit telefonies met die polisiehoof kan bespreek. “Ek soek praktiese planne, kêrels,” het sy gemaan.

Dit het hulle laat besluit om môreoggend ’n ernstige dinkskrum te hou. “Kom ons oorweeg al die feite wat ons oor hom het, ook al die inligting in die ou dossiere, en probeer dan ’n strategie opstel,” het Kassie voorgestel, wetende dat hy eintlik maar na strooihalms gryp.

“Ons sal donners kreatief moet dink om die brig te please, hoor,” het Rooi gesê.

Kassie stap yskas toe en neem ’n paar groot slukke Creme Soda uit die bottel, bly staan dan besluiteloos in die kombuis. Hy is nie nou al lus om met sy “Vermooten-huiswerk” te begin nie.

Hy stap studeerkamer toe en gaan sit voor sy skootrekenaar. Het eeue laas op sy Facebook-blad, Kassie Kasselmann Stamps, ingegaan.

Tien nuwe vriendskapversoeke, sien hy. Hy kyk vlugtig en aanvaar almal. Deur die bank seëlversamelaars.

Hy rol verby inskrywings op sy muur, meestal oor filatelie. Hy het nie tyd om dit met aandag te lees nie.

Maar hy steek vas by 'n artikel wat 'n Johannesburgse vriend gedeel het: *Everything You Wanted to Know About the Science of Psychopaths*. Die loksinslaag in sy doel: *The results of the study revealed that having a preference for bitter tastes is linked to having a “dark personality” or associated with psychopathy, narcissism and everyday sadism.*

Kassie klik op die skakel na die artikel. Hy lees dat Oostenrykse navorsers bevind het mense wat 'n voorliefde vir bitter drank en kos het, kan as “supertasters” geklassifiseer word.

Supertasting has previously been linked to increased emotionality in humans, another characteristic typical of psychopaths. They prefer to eat foods that are bitter. We can speculate that psychopaths would enjoy bitter foods because, in the wild, bitter foods are a warning sign of being poisonous, so they might get a thrill from eating them. With all this in mind, our results indicated that people who prefer bitter taste experiences were linked to having more hostile thoughts and behaviours. In other words, keep a lookout for people who drink bitter coffee at your local coffee shop, or enjoy gin and tonics at the bar – it may give you a key insight into their true personality.

Dadelik dink hy aan Gehasi se waarneming in Vermooten se Langebaanblyplek toe hy en Rooi die koskaste vir leidrade deursoek het: *Wat my opgeval het, is dat hier nêrens suiker is nie.*

Hierdie navorsers se bevindings mag klop met Vermooten se persoonlikheid, maar is dalk nie so algemeen geldend nie. Die brigadier drink ook haar koffie bitter en Kassie weet haar voorkeurdrankie is gin en tonic. Hy grinnik. Sy toon wel soms sadistiese eienskappe wanneer sy haar speurders oor die kole haal.

Die selfoon in sy sak lui.

Amalia. Hy swets. Nou't sy hom wragtig voorgespring.

“Hoop nie ek pla nie, Kassie, maar Anrich is besig om my mal te maak. Hy wil weet of jy al nuus oor die skietery het.”

“Baie goeie nuus, ja. Ons gaan Saterdagoggend skietbaan toe.”

“Fantasties! Die kind gaan uit sy vel spring!” Sy bly 'n oomblik stil. “Jy weet nie hóé ek dit waardeer dat jy jou kosbare naweektyd daarvoor opoffer

nie.”

“Nee wat, dis sommer niks. Eintlik sien ek self daarna uit om vir ’n verandering op die skietbaan te kom,” lieg hy.

“Is jy nie lus om Saterdagavond weer hier te kom eet nie? Ek bak en brou die week vir ’n basaar en hou altyd maar bietjie van die goed vir myself oor. Net vleispasteitjies en ander soutigheidjies. Niks fancy nie.”

“Dit sal baie lekker wees.”

Toe Kassie aflui, bal hy sy vuus en gooi dit in die lug.

* * *

Hy het laat vanmiddag gaan draf om sy gemoedstoestand te lig ná sy onaangename herinneringe van vroeër. Dit het nie gehelp nie. Hy kon ook nog die nagevolge voel terwyl hy draf. Spierpyne. Stram bene. Onreëlmatige hartklop.

En soos altyd het dit sy sintuie afgestomp. Reuk, gehoor en smaak wat wegkwyn soos die mis voor die son op die promenade.

Dis net die begin van die proses, weet hy.

En om alles te vererger, beland hy saam met sy buurvrou in die hysbak.

Dit het die proses versnel, want terwyl hy nou op sy bed lê, voel hy die bekende voortekens na hom aangerol kom. Dit neem sy liggaam stuk-stuk oor. Die are in sy kop bult, sy spiere trek saam, sy vuiste bal vanself, sy bene skop styf, asemhaling ruk.

Daar kom ’n wasigheid toe hy sy oë sluit.

En meteens tuur hy by sy kamervenster in Sassenheim uit na die mistroostige vaalgrys wolke wat die landskap soos ’n kleed toevou.

Hy is vyf jaar oud. Die gesellige klanke van sy ma se teepartytjie klink op uit die vertrek langsaan. Hy hoor die ge-oe en ge-aa van haar vriendinne oor die appeltaart flambé, die cheesecake rode vruchten en die trakteergebak aardbei wat die bakker in Wasbeekerlaan vanoggend kom aflewer het. Sy mond water as hy daaraan dink. Sy ma het gesê as hy soet in sy kamer bly en daar ná die partytjie van die eetgoed oor is, kan hy daarvan kry.

Hy spits sy ore toe hy sy naam hoor. “Waar zijn kleine Pieter? We willen graag zien hoe groot hij is geworden.”

Sy ma sê sy is seker hy slaap nou, maar haar vriendinne wil niks weet nie.

“Maak hem dan wakker. We willen hem zo graag zien!”

Haar voetstappe kom nader. Sy maak die deur oop.
“Kom,” sê sy bars. “En glimlag mooi vir die mense.”
In die gang voor die leefkamer se deur neem sy sy hand.
“Hier is mijn kleine juweeltje!” sê sy toe hulle instap. Sy vryf oor sy kop.
Die vroue praat almal tegelyk. Hulle glimlag vir hom.
Hy kyk op na sy ma. Sy glimlag ook, maar haar oë nié.
“Wat van een stuk appeltaart voor je?” vra een van die vroue.
“Nee, hij heeft vandaag al genoeg lekkernijen gegeten,” sê sy ma beslis.
Sy lei hom aan die hand uit ondanks haar vriendinne se besware.
In die kamer vra hy of hy nie maar ’n kléin stukkie appeltert kan kry nie.
Sy stamp hom weg en sis deur haar tande: “Van jou wil ek nie ’n woord verder hoor nie. Jy gaan nié my partytjie bederf nie!”
Haar oë deurboor hom. Sy haal die sleutel uit die slot, loop uit en sluit die deur van buite.
Terwyl die trane in sy oë opwel, wonder hy wat hy nou verkeerd gesê het.
Hoe kan sy van hom begin hou?
Want hy sal éniets doen om deur haar liefgehê te word.

* * *

Sylvia kan nie vanaand tot ruste kom nie.

Sy dink aanhoudend aan Swart se swetende hand op haar skouer en die verwysing na hulle opruimwerk ná die dinee.

Sê nou hy probeer iets met haar? En wat is die gevolge as sy weier? Die bliksem kan haar nuwe lewe maklik laat ontspoor.

Dit maak dat sy aan Benjamin Beyers dink – aan die aand toe hy in die hotel se eetsaal gedreig het om iets aan Cara te doen. Sy het geen ander keuse gehad as om saam met hom na sy hotelkamer toe te gaan nie. Toe was hý die afperser en moes sy presies maak soos hy sê.

’n Rilling trek deur haar lyf. Dit was die vreeslikste nag van haar lewe.

Sy slobberige bek, sy benerige hande wat haar betas, sy bedompige brandewynasem in haar gesig, sy uitroepe tydens orgasmes ...

Sy staan op uit die stoel en stap kombuis toe, sit die Nespresso-maker aan. Dit gaan nie help om paniekerig te raak oor Woensdagaand nie. Sy sal so professioneel moontlik optree, hom geen rede gee om te dink sy stel enigsins in hom belang nie.

Moontlik is sy net paranoïes en jaag onnodig spoke op.

Sylvia dwing haar gedagtes in ’n ander rigting.

Haar buurman is toe 'n heel vriendelike en beskaafde man, het sy uitgevind toe hulle laatmiddag saam in die hysbak beland. Nogal Afrikaans ook. Johan Nel.

Ewe om verskoning gevra omdat hy nog nie kom kennis maak het nie. “Maar my uitvoerbesigheid is soms veeleisend. Dan is my gedagtes net by die werk en sien ek niks om my raak nie.”

Nou verstaan Sylvia waarom sy vroegoggend voetstappe gehoor het. Hy doen seker sake met ondernemings in lande met groot tydsverskille.

Van naby is hy nog aantrekliker. Sy wonder waarom hy permanent 'n keps dra. Te oordeel na die hare wat aan die kante van sy gesig te siene is, lyk dit of hy 'n borselkop het. Maar dit was eintlik sy atletiese liggaamsbou wat haar aandag gehou het. Nie 'n ons vet aan daardie gespierde bolyf onder die T-hemp nie.

Sy glimlag. Benita se praatjies voel nie meer so laf nie.

Dalk nie 'n slegte idee om hom een aand oor te nooi nie.

Vanoggend het Kassie drie oproepe met inligting oor Vermooten ontvang. Twee het bevestig wat hulle reeds weet of vermoed het.

Mike van Mike's Auto Clinic het laat weet hy het John Venter se docket opgespoor. Die Hilux se registrasienommer stem ooreen met dié van die Venter-man by die vals Wynberg-adres wat hulle by die verkeersowerhede gekry het.

“Het julle nie dalk die enjinnommer nie?” het Kassie hoopvol gevra.

“Nee, daai detail teken ons nie in die docket aan nie,” het Mike gesê, maar onderneem om dadelik te bel as Venter weer daar opdaag. Kassie wou nie vir hom sê dat die kans daarop skraal is nie.

Toe het die polisie se handelstak gebel. Die rekeningnaam Clyde wat Vermooten gebruik het om sy Langebaan-woonstel se huur elektronies te betaal, is as 'n maatskappy geregistreer, met 'n Ewald Vorster as direkteur. Die inligting dat die maatskappy in die boukonstruksiebedryf sake doen, is vals. Die maatskappyadres bestaan nie en geen spoor lei na Vorster nie. Daar is veertienduisend rand in die rekening, waarop die handelstak nou beslag sal lê.

Die derde oproep was van Kassie se kontak by die stad se direktoraat van veiligheid en sekuriteit. Weens die kwaai storm op die aand wat Vermooten die prostituut in Parow vermoor het, was hulle CCTV-opnames so greinerig dat geen fabrikaat geëien kon word in die omgewing van die kafee waar hy haar opgetel het nie.

“Baie oproepe, maar niks wat ons gaan help nie,” sê Kassie vir Rooi.

“Hoe de hel soek jy iemand wat geen digitale spoor los nie, nie eens 'n donnerse selfoon het nie? Dan boonop hope vals ID's het en sy betalings vanuit talle fiktiewe maatskappye of beslote korporasies se rekenings doen. Ook nie eiendom besit nie, maar net huur, terwyl sy voertuie in vals name geregistreer is!”

Kassie sug. “En ook nie persoonlike verhoudings aanknoop nie. Hy het nie verniet op Langebaan as die geheimsinnige kluisenaar bekend gestaan nie. 'n Bleddie alleenloper wat nou iewers in die Kaapse Metropool verdwyn het.”

“En ons sit nog met ’n identikit waarom die mense op Langebaan nie eens kon saamstem nie,” sê Rooi en beduie na die oopgeslane koerant op die lessenaar. “Ondanks jou selnommer en die Spookeenheid se algemene nommer wat by die nuusverklaring ingesluit is, het ons vanoggend nog geen enkele oproep ontvang nie. Dit wys jou hoe useless die identikit is.”

Hy gooi sy hande in die lug. “Met watse praktiese planne wil die brigadier hê moet ons vorendag kom? Dis soos om bloed uit ’n bleddie klip te wil tap.”

“Ek het my brein gisteraand daaroor gebreek. Daar’s net een uitweg. Ongelukkig sal ons weer op die media se samewerking moet steun. Of eintlik net die koerante s’n, want die TV en radio gaan nie al die inligting kan weergee nie.”

Rooi trek ’n gesig. “Klink nie belowend nie, maar wat is jou plan?”

“Ek het ’n profiel van Vermooten saamgestel uit al die inligting waarom ons beskik. As ons ’n lys van sy eienskappe en gewoontes aan die pers verskaf, gaan lesers ’n redelike prentjie van hom kry. Dit kan iemand dalk laat besef dat Vermooten in sy of haar nabye omgewing is.”

“Nou laat ek hoor.”

Kassie sien sy kollega lyk nie oortuig nie. Hy trek die vel papier nader waarop hy die profiel gisteraand saamgestel het en lees: “Vermooten is agt-en-dertig jaar oud. Hy is groot, gespierd en atleties gebou. In dié stadium is sy kop kaalgeskeer en het hy nie ’n snor of baard nie. Omdat sy oë swak is, dra hy vermoedelik kontaklense, maar hy kan ook terugval op ’n diklensbril, soos hy voorheen gedra het. Sy voorkeurdag is T-hemde en jeans. Hy poseer nie vir foto’s nie en vermy gewoonlik om afgeneem te word. Hy is intelligent en kom voor as ’n vriendelike, behulp same en respekvolle persoon. Hy ontferm hom soms oor ouer en gestremde mense en het ’n slag met kinders. As ’n aantreklike man kry hy baie aandag van die teenoorgestelde geslag, maar hy vermy gewoonlik hulle attenties. Hy is ook nie daarmee geneë om sosiale geleenthede by te woon nie – ’n alleenloper in die ware sin van die woord. Die vroue wat uiteindelik sy slagoffers word, het almal donker hare. Hy sal óf in ’n huurhuis óf ’n huurwoonstel bly. Die laaste voertuig waarmee hy gery het, was ’n blou Hilux. Hy maak nie van ’n selfoon gebruik nie en besit nie ’n rekenaar nie. Soms gee hy voor dat hy in die uitvoerbesigheid werk. Hy verkies sy koffie en tee bitter en drink Castle-bier. In die verlede is hy in kroeë opgemerk, maar hy sonder hom af en meng nie maklik nie. Hy kom rusteloos voor in

bewolkte en stormagtige weersomstandighede en onttrek hom dan gewoonlik nog verder. Sy fiksheid is vir hom belangrik en hy draf gereeld. Die vals name wat hy voorheen ingespan het, was Willem Dreyer, Jan Cloete, Peet van Niekerk, Dawid Kleynhans en John Venter. Die kans is goed dat hy nou weer 'n algemene Afrikaanse naam as alias gebruik.”

“Bliksis, maar dis impressive!”

“Enigiets waaraan jy nog kan dink?”

“Nee, maar ek’s nogals opgewonde. Dit is ’n moerse goeie beskrywing en kan dalk net iemand na vore laat kom.”

Kassie sug. “Kom ons hoop die brigadier dink ook so.”

* * *

Toe hy in die kafee kom, kyk hy vlugtig na die koerantrak. Sy oog val op die Afrikaanse oggendkoerant. Een van die prikkels op die voorblad lees: *Só lyk Pieter Vermooten nou. Bladsy 3.*

Hy neem die koerant en blaai na bladsy drie. Daar is ’n identikit wat glad nie soos hy lyk nie. Dalk ’n trek van sy pa om die oë en mond, maar niks waaroor hy hom hoef te bekommer nie. Niemand sal hom na aanleiding daarvan herken nie. Hy plaas die koerant terug op die rak en koop ’n liter melk en drie varsgebakte broodrolletjies.

Op pad terug woonstel toe is sy gedagtes by sy pa. ’n Liefdevolle man wat hom oor sy medemens ontferm het. Gereeld die helfte van sy enorme salaris aan welsynsorganisasies uitgedeel – tot sy vrou se ontsteltenis. Was ook nie lief vir sosiale geleenthede nie. ’n Huis in die rustige dorpie Sassenheim gebou om weg te kom van die gejaagde lewe in Amsterdam. Daarvoor het sy sosiale vlinder van ’n vrou hom nooit vergewe nie.

Hy het te min van sy pa gesien. So hardwerkend en vasbeslote was hy om die familie-onderneming tot ’n wêreldspeler uit te bou, dat hy amper nooit by die huis was nie. As gevolg van sy asmaprobleem het die gesin na Suid-Afrika verhuis, op sy vrou se aandrang. In hulle kasteel van ’n huis in Sandton was hy, toe pas in die hoërskool, die meeste van die tyd aan haar uitgelewer – sy pa was byna permanent weg om die onderneming op die Afrika-kontinent te laat groei.

Die kop-aan-kop-botsing met die vragmotor waarin albei sy ouers dood is, was vir hom ’n tweesnydende swaard. Aan die een kant het hy getreur omdat hy sy geliefde pa verloor het – iemand met wie hy soveel meer tyd

sou wou bestee het. Aan die ander kant was sy haat vir sy ma só groot dat hy gevoel het dit was haar verdiende loon om so grusaam vergruis te word.

In sy sestienjarige kop het hy haar dood gevier.

Maar toe die droom en herinneringe hom kort daarna begin teister, was hy spyt daaroor. En het hy die vragmotorbestuurder wat volgens verslae op die pad aan die slaap geraak het, vervloek.

Daardie man het hom ontnem van wat hy self sou wou gedoen het.

* * *

In die gang op pad na sy woonstel sien Kassie dat buurvrou Rita die plantjies by haar voordeur water gee.

“En as jy laatmiddag hier werskaf?”

Sy skud haar kop. “Vergeet altoos om my voorste plantjies nat te lei.”

“Jy moet ’n lekker aand hê.” Hy sluit die deur oop, nie van plan om ’n lang gesprek aan te knoop nie.

Sy hou haar hand op. “Kassie, voor jy ingaan. Wou jou vra: Is daar fout met jou telefoon?”

Kassie frons. “My selfoon?”

“Nee, jou landlyn.”

“Nie waarvan ek weet nie. Hoekom vra jy?”

“Hier was vanoggend twee mans van Telkom. Ek het by my kombuisvenster gesien hoe hulle by jou deur staan. Toe loop ek uit en vra hulle wat die probleem is.”

“En?”

“Nee, hulle sê toe hulle het klagtes van die mense in ons blok gekry dat daar fout met hulle fone is. Ek het jou spaarsleutel vir hulle gegee om joune na te gaan. Het darem by gestaan om te kyk dat hulle nie iets vat nie. Die een kêrel het my foon ook kom check, maar daar was nie fout nie.”

“Ek sal kyk of myne oukei is, dankie. Toevallig was Telkom ook gister by ons kantoor in die stad. Lyk my daar is ’n algemene probleem met die landlynkonneksies.”

In die woonstel stap hy reguit studeerkamer toe. Hy lig die foon se gehoorbuis. Klink piekfyn.

Sy gedagtes keer terug na die sweetsessie wat hy en Rooi vanmiddag in die brigadier se kantoor deurgemaak het.

Met die intrapslag het sy Rooi al ingevlieg toe dié na Vermooten verwys as die Hartedief.

“Hartedief?” wou sy met geligte wenkbroue weet.

Hy het gesê hoe Van As vertel het van daardie bynaam by die Spookeenheid in Joburg.

“Wel, hiér gaan ons nie na hom as die Hartedief verwys nie. Klink soos ’n bleddie troetelnaampie vir hom, terwyl hy ’n wrede monster is.”

Sy was darem beïndruk met die Vermooten-profiel wat Kassie opgestel het. “Jammer die koerante se sirkulasie is deesdae so power, want net ’n klein persentasie van die Skiereiland se mense gaan dit sien. Kyk of jy dit in die Saterdagkoerante kan kry, dis blykbaar beter as deur die week. Stuur dit ook vir die Sondagkoerante.”

Waarmee sy nie beïndruk was nie, was dat dit hulle enigste plan is. “Nee, kêrels, julle kan beter doen as dit!”

Ná ’n vurige bespreking van byna twee uur het sy oplaas toegegee dat daar nie ander werkbare planne is nie.

Wat Kassie se maag op ’n knop laat trek, is dat sy daarop aangedring het dat die profielbeskrywing in Saterdagoggend se koerante moet verskyn en sy selnommer weer gemeld moet word, as hoofondersoekbeampte.

Soos sy geluk in die lewe werk, gaan iemand bel met die nuus dat hulle weet waar Vermooten hom bevind. Wat hom dan op die nippertjie gaan dwing om sy afspraak met Anrich te kanselleer.

Hy wil nie hê daar moet éniets gebeur wat sy verhouding met Amalia kan versuur nie.

“The eagle has landed,” sê Mukkadem oor die foon.

“Wat bedoel jy?” vra Vleis.

“Hulle kantoor- en huisfone is getap.”

Vleis frons. “Wou jou nog vra: Hoe gaan jy tyd kry om op hulle gesprekke in te luister?”

“Ek het ’n week se verlof geneem. Gaan dit in die studeerkamer by my huis doen. En terloops, my twee spesialiste het die ander opdrag ook suksesvol uitgevoer. Dit uit ’n kas gegrawe. Die bonus is dat haar voorletters op die ding geborduur is.”

Toe Vleis aflui, glimlag hy breed. At last lyk dit of Mukkadem die erns van die saak besef.

* * *

Hy is sewe jaar oud. Sy tande klapper op mekaar en sy bors brand van die rondhardlopery. Die reën het opgeklaar, maar die lug is nog grou en daar waai ’n yskoue wind. Hy wens die eindfluitjie wil blaas, want die besoekende spannetjie is al 5-0 voor.

Dan beland die bal voor sy voete. Hy sien ’n gaping in die verdediging, dribbel dit behendig soos sy pa hom geleer het. Skielik is net die doelwagter voor hom. Hy skop. Die bal trek net-net oor die doelwagter se uitgestrekte hande en beland sekuur in die net.

Die paar toeskouers en sy spanmaats juig. Hy gee ’n agteroorskop van uitgelatenheid. Die eerste doel van sy lewe!

Hy kyk vol afwagting na waar sy ma staan.

Die teleurstelling is amper te groot om te verwerk toe hy sien haar rug is op die veld gekeer en sy gesels met ’n ander vrou.

Ná die wedstryd ry hulle in stilte terug huis toe. Sy ma sê niks. Nie eens dat sy dalk by ’n vriendin gehoor het hy het sy span se enigste doel aangeteken nie. Hy is spyt sy pa is vir die week weg op ’n sakebesoek. Anders sou hy daar gewees het. Dat sy ma hom soontoe gevat het, was

eintlik 'n verrassing. Sy het nog nooit gaan kyk wanneer hy speel nie. Was dit nie vir die swaar reën nie, sou hy met sy fiets moes ry.

Hy wou haar so graag vandag beïndruk, maal dit deur sy gedagtes.

Toe hulle by die huis stilhou en uitklim, loop sy vooruit en sluit die deur oop. Hy volg haar traag en koponderstebo.

“Kom, kom, roer jou litte,” por sy by die deur. En toe hulle binne is, wil sy weet: “Waarom is jou mond so op 'n plooi getrek?”

“Ma het nie gesien hoe ek die doel skop nie.”

Sy frons. “Natuurlik het ek.”

“Ek het gesien Ma praat met iemand. Ma het met Ma se rug na my gestaan.”

“Moenie snert praat nie, Pieter! Ek het jou verdomde doel gesien!”

Sy lyf begin meteens bewe van die ingehoue teleurstelling. Hy skree die woorde uit: “Ma jok ... jok, jok, jok!”

Sy klap hom. Die geweld van die hou teen sy wang slinger hom sywaarts. Hy val en kap sy voorkop hard teen die skerp kant van 'n muurkas.

Afsku staan op haar gesig geskryf. Sy swaai haar vinger wild rond. “Jy noem my nooit weer 'n leuenaar nie! Jou ... jou klein ...”

Sy draai om en stap weg, mompel iets onhoorbaars.

Hy kom kreunend orent. Hardloop dan strompelend en snikkend kamer toe.

In die spieël sien hy hoe bloed uit sy oopgekloofde oogbank stroom, die rooi hale van haar vingers op sy wang afgeëts.

* * *

Sylvia is gespanne terwyl sy by die deur op die gaste wag. Dit is 'n nuwe ondervinding vir haar en sy bid dat alles glad sal verloop.

Die swetende Swart, weer permanent met 'n sakdoek in die hand, help ook nie om haar te kalmeer nie. Dié hardloop soos 'n afkophoender tussen die tafels rond, waar hy verstellings aan die eetgerei doen of die blompotjies rondskuif.

Hy hiet en gebied die paar personeellede van die hotel. “Jy moet in die kombuis diens doen om te verseker die disse word op die regte tyd na die tafels gebring,” beveel hy 'n kort, bonkige mannetjie. “En julle drie moet in hemelsnaam met die gaste meng. Hulle gaan voor die ete hier rondstaan. Maak seker dat die kelners hulle glase vol hou. En begelei hulle dan na hul

plekke. Al is daar naamkaartjies, moet als seepglad verloop. Vergewis julle dus van waar elkeen sit.

“Sylvia, as gasvrou wil ek hê jy moet tussen die mense rondbeweeg. Stel jou voor en hoor of daar enigiets is wat haper. By ons Joburg-ete was ’n belangrike belegger ontevrede oor die lugversorging te koud gestel was en ’n ander een het ’n tantrum gegooi oor sy gunstelingdrankie nie beskikbaar was nie.”

Die eerste gaste daag op. Sylvia beduie hulle na die tafel met glasies vonkelwyn.

’n Lang gryskopman steek sy hand na haar uit. Sy herken hom aan die foto wat by Ashfin se kantoor in die gang hang as Henderson, die MD.

“Ek hoor net goeie dinge van jou,” sê hy. “Om so vinnig by die diep kant ingegooi te word en dan so raak te vat, wil gedoen wees, hoor!”

Swart moes haar lof by hom besing het, besef Sylvia.

Hy is opreg. Sy het haar werklikwaar net dinge verbeel.

* * *

Kassie lê uitgestrek op sy rusbank en TV kyk. Hy het vir ’n verandering vroeg by die huis gekom.

Met die brigadier weg op ’n dagkursus, het hy en Rooi ’n rustige tyd op kantoor gehad. Die saak trap water tot Vermooten se profiel in die naweekkoerante verskyn. Hulle het wel weer deur die dossiere gewerk, maar dit het nie nuwe insigte gebring nie.

“Wat gaan ons doen as daai profielstorie geen leidrade oplewer nie?” wou Rooi weet.

Kassie het net sy skouers opgetrek.

Hy hoop van harte op ’n vinnige deurbraak, maar sal nie al sy geld daarop verwed nie. Vermooten is ’n alleenloper wat veral in dié tyd onder die radar sal beweeg.

Die flik eis opnuut sy aandag op toe die held die heldin nader trek en teer op die mond soen.

Kassie maak sy oë toe en herleef daardie oomblik – Amalia se warm, sagte lippe op syne.

Sy het als wat hy van ’n lewensmaat begeer. Buiten dat sy vir hom die mooiste vrou op die aardbol is, het daar in nou die aand se gesprek ’n samehorigheidsgevoel tussen hulle ontwikkel. Sy is boonop verbind tot

waardes wat vir hom belangrik is – respek, egtheid, eerlikheid, getrouheid
...

Hy weet nie of hy al ooit in sy lewe só verlief was nie.

* * *

Dis al ná middernag toe die laaste twee gaste vertrek. Slegs Sylvia en Swart bly in die lokaal oor. Die hotelpersoneel en kelners was net tot twaalfuur bespreek.

Swart het van sy baadjie ontslae geraak en sit agteroor in 'n stoel by die hoof tafel. Hy lê weg aan van die oorblywende wyn. Met een hand dep hy sweet met 'n sakdoek van sy voorkop af.

Sylvia is so in haar skik met hoe die aand afgeloop het, dat sy beswaarlik aandag aan hom gee. Duidelik het Swart nie net by die MD haar lof besing nie. Toe die direksievoorsitter sy kort afskeidsboodskap ná die ete afsteek, het hy haar uitgesonder as die persoon wat erkenning moet kry vir die gladde verloop van die verrigtinge. “U sal met my saamstem dat Ashfin 'n uitstekende aanstelling hier in die Kaap gemaak het,” het hy onder luide applous gesê. Sy kon Swart se geesdriftige “hoor-hoor” uitmaak.

Sy begin om die leë wynbottels in bokse te pak en die gebruikte papierservette in die vullisdrommetjie te gooi. Hulle het met die hotel ooreengekom dat hulle die lokaal netjies sal agterlaat.

“Ek weet nie wat ons met die blomme gaan maak nie,” sê sy en kyk in sy rigting. Tot haar verbasing is Swart se stoel by die hoof tafel leeg.

Dan hoor Sylvia sy swaar asemhaling agter haar. Sy kry nie kans om om te draai nie, want sy hande is om haar middel en hy trek haar styf teen hom vas, sy natgeswete wang teen hare.

Sylvia probeer uit sy greep losruk, maar hy is veels te sterk. Sy regterhand kruip op en omvou 'n bors.

“Haal jou pote van my af,” hyg sy.

Sy asem is warm in haar nek. “Moet jou nie nou wil preuts hou nie, my skat. Jy was maar te gewillig om gedurende ons onderhoud vir my jou tieties te wys. Dink jy ek het nie die skimp gevang nie?”

“Jy het verkeerde afleidings gemaak, jou vark!” roep sy uit en probeer haar opnuut loswikkel, maar hy hou haar net stywer vas. Albei sy pote is nou op haar borste terwyl hy haar in die nek soen.

Paniek klop teen haar slape. Die fokker is so sterk soos 'n bees.

Sy wikkel haar hand tussen hulle in en gryp hom aan die kroonjuwele, druk so hard as wat sy kan.

“Eina, fok!” kreet hy sy pyn uit en verslap sy greep.

Sy ruk los, skarrel weg van hom af en gryp op die naaste tafel ’n wynbottel aan die nek. “Kom weer naby my en ek slaan jou harsings in,” sê sy sissend.

Hy staan versteen, sy gesig blinker as ooit van die sweet, een hand op sy gekneusde knaters.

Met die wynbottel dreigend voor haar uitgehou, retireer sy tot by die deur, maak dit vinnig oop en klap dit agter haar toe.

Sy hardloop in die gang af en verby ’n verbaasde portier by die hoofuitgang uit.

Vroegoggend by die kantoor kry Kassie 'n oproep van Gehasi, met die nuus dat hy 'n nuwe brokkie inligting oor Vermooten het.

“Wonderlik! Vertel!”

“Gister was ons bevelvoerder mos Kaap toe. Toe besluit ek om in sy afwesigheid die geleentheid by die hare te gryp en die ronde van Vader Cloete te doen by almal met wie ons onderhoude gevoer het. Sommer om te kyk of daar niks nuut uit die kas val nie.”

“En?”

“ 'n Terloopse opmerking van Nonnie Kleynhans, die eienaar van die koffierestaurant, het my opgeval as 'n nuwe stukkie inligting. Sy weet te vertelle dat Vermooten nooit sonder 'n keps gaan draf het nie.”

“ 'n Keps?”

“Ja, glo 'n donkerbloue. Seker maar om sy kaal kop teen die Weskus-son te beskerm. Toe dink ek by myself, aangesien sy hare teen dié tyd nog nie kon uitgroeï nie, dra hy dalk steeds 'n keps as hy gaan draf.”

“Baie dankie, Gehasi. Alle bietjies help. Ek gaan dit dadelik by Vermooten se profiel voeg wat die naweek in die koerante verskyn.”

“Profiel?”

Kassie trek sy lessenaarlaai oop, haal die nuusverklaring uit en lees dit vir Gehasi voor. Kan net help as hy ook ten volle ingelig is. Dalk kry hy nog inligting op Langebaan wat nie in die profielbeskrywing staan nie.

Gehasi fluit deur sy tande toe hy klaar is. “As ek hy is, slaap ek soos 'n haas met een oog oop. Mens wil nou nie biltong sny voor die bees geslag is nie, maar al daai inligting gaan sy doppie mos vinnig klink!”

Kassie glimlag. Hy hou van Gehasi se optimisme.

“Dis waarop ons al ons hoop vestig.”

* * *

Hy het hom nou oorgegee aan dit wat hy weet uiteindelik sal gebeur. Die verlede kom steeds aangerol, 'n onstuitbare gety wat sy denke al hoe meer oorheers.

Hy staan in die voorkamer van hulle huis in Sassenheim. Fier en regop, sy arms styf teen sy sye, soos juffrou Molkenboer hulle in die sangklas geleer het. Hy is opgewonde, want oor drie dae is dit Koninginnedag en gaan hulle skoolkoortjie Sassenheim se dorpslied op die markplein sing. Juffrou Molkenboer het gesê al die inwoners gaan daar wees om na hulle te luister. Daarom moet hulle ook gereeld by die huis hulle woorde oefen.

Hy trek sy asem in en trek weg uit volle bors:

“Sassum Sassum is mijn dorpje.

Het kerkie is zo oud, zie ek zo gaarne.

Rusthoff het park staat mijn aan.

Het Koninginshuis zie ek staan
in het licht van de maan ...”

Hy skrik toe sy ma by die kamer inbars. Haar hare staan wild en haar oë is dik geslaap.

“Watse bleddie lawaai is dit?! Jy het my wakker gemaak. Ek het langsaan in die sonkamer gelê, want ek en jou pa het vanaand ’n belangrike dinee. Maar nee, jy ontsien niemand nie!”

“Ek ... is jammer, Ma. Ek oefen net my woorde vir die koortjie. Ek het nie geweet Ma –”

Sy snork. “Noem jy daai kattedekonsert ’n koortjie? Julle kan nie ‘sing’ spel nie. Buitendien is jy so vals dat ek nie kan glo jy het die paal gehaal nie.”

Trane wel in sy oë op. “Pa sê ek sing mooi.”

Sy lag. “Dit glo ek wel, want hy lieg maklik as dit by jou kom.”

Hy voel die steekpyn in sy hart.

Sy swaai haar vinger voor sy neus. “Nou gaan jy agtererf toe en lei die groente nat. En jy bly vir die volgende twee uur buite sodat ek ’n ruskans kan kry.”

“Die groente natlei? Dit gaan nou-nou reën. Die wolke is pikswart.”

Sy gryp hom aan die oor en trek hom agter haar aan in die gang af.

Hy protesteer snikkend, maar sy steur haar nie daaraan nie. Sy maak die kombuisdeur oop en stamp hom uit. “Toe – gaan verdien jou bleddie sakgeld.”

Hy hoor hoe die sleutel in die slot draai.

Sy oor brand. Dit voel of die vel aan die onderkant geskeur het.

Hy klop hard aan die deur toe die donderweer begin rammel, maar sy maak nie oop nie.

* * *

Sylvia hamer soos 'n besetene teen die deur.

Ná 'n rukkie maak Benita oop. Haar oë rek.

“My hel, Sylvia, wat maak jy hier? Hoekom is jy nie by die werk nie?”

Meteens kan Sylvia haar emosies nie meer inhou nie. Sy bars in trane uit.

“Genade, wat’s fout?” Benita lei haar met 'n hand op haar skouer na die sitkamer. Hulle gaan sit oorkant mekaar. “Jy’s bleek ... en jy lyk afgerem. Wat het gebeur?”

Sylvia probeer die krampagtige intrekking van haar asem beheer, sluk haar trane weg en vee haar wange droog met die agterkant van haar hand.

“Bill Swart ... het my gisteraand ... probeer verkrag,” stotter sy.

“Wat?! Jou baas?”

Sy knik.

“Ontspan en vertel my als.”

Sy haal 'n paar keer diep asem en vertel Benita wat gebeur het. “En om te dink ek was onder die indruk hy’t my aangestel omdat hy beïndruk was met my kennis van die maatskappy se produkte.” 'n Siddering trek deur haar lyf. “Staan daar dan ‘Hoer’ op my voorkop geskryf?”

“Moet jou nie simpel hou nie, Sylvia! Jy het hom tog geen aanleiding gegee om so iets van jou te dink nie.”

Sy besluit om te swyg oor haar lae hals tydens die onderhoud. Haar vriendin sal briesend wees.

“Wat gaan ek doen, Benita?”

“Kla die donner aan van seksuele teistering.”

“Ek kan nie.”

“Waarom nie!”

“Dis my woord teen syne. En as daar 'n hofsaak kom, kan hulle uitvind van my verlede. Dis die lááste ding wat ek wil hê op die lappe moet kom.”

“Bedank dan. Daar is baie ander werksgeleenthede.”

Sylvia sug. “Daar is nie. Jy weet so goed soos ek dat ek gelukkig was om daai job te kry. En boonop geniet ek wat ek doen.”

Benita haal haar skouers op. “Wel, dis jou besluit as jy kans sien om daarmee saam te leef. Gaan jy vanoggend nog werk toe?”

Sylvia skud haar kop. “Nee, ek het gebel, vir die ontvangsdame gesê ek het maaggreip onder lede en dat ek eers Maandag weer sal kom werk. Dan is Swart ten minste terug in Johannesburg.”

“En as hy weer Kaap toe kom? Wat doen jy dan?”

Sylvia tuur voor haar uit. “Ons sal maar sien. Die tyd sal leer.”

* * *

Vleis het pas by Mukkadem gehoor dat daar in die weekend newspapers ’n profielbeskrywing van Vermooten gaan verskyn. Mukkadem het dié inligting gekry toe hy Fortuin se gesprek met die police chief afgeluister het.

“Die kanse is bleddie goed dat hulle die bliksem dan gaan vastrap.”

“Dis nou eers Donderdag. Ons kan mos nog iets doen om hulle te bedonner,” het Vleis gesê.

“Ek het my kop klaar daaroor gebreek. Ons kan boggherol doen. Ons sal moet wag tot hulle dalk ’n wenk kry oor waar Vermooten hom bevind. Ek sal dadelik weet, want Fortuin sal die polisiehoof bel daaroor. Maar dan sal ons fokken haastig moet optree. Ons sal ’n man beskikbaar moet hê. Dalk die ou wat Giraffe vir ons geleen het om die Langebaan-takie te doen.”

Hierdie plan van Mukkadem is vol gate, weet Vleis, maar hy kon ook nie aan ’n beter proposal dink nie.

Dit maak hom slightly nervous.

Kassie kan nie die broeiende onrus in sy gemoed afskud nie.

Toe hy vanoggend in sy woonstel die radio aansit, was hy net betyds vir die weerverslag. Daar word groot reën vir môre voorspel, wat beteken hy sal dalk die skietbaanafspraak met Anrich moet uitstel. Hoewel die reën glo eers laatoggend gaan begin uitsak, weet hy uit ondervinding dat die weerkantoor se voorspellings maar met 'n knippie sout geneem moet word. Hulle is meer dikwels verkeerd as reg.

Waarom die weer dié tyd van die jaar so haywire geraak het, sal hy nie weet nie. Glo die klimaatsverandering wat onder meer reënpatrone al hoe meer onvoorspelbaar maak, het die man op die radio gesê.

Rooi se opmerking toe hy vanoggend by die kantoor instap, het ook nie sy gemoedstoestand verbeter nie.

“Hoop nie die weer bedonner môre ons skietery nie. Hulle sê daar is 'n groot storm op pad. Mens hoop ook nie dit trigger Vermooten om weer te wil moor nie.”

Die laaste sin het Kassie dadelik skuldig laat voel. Hy is so ingestel daarop om Amalia te please dat hy nie eens aan daardie moontlikheid gedink het nie. Sy werk speel deesdae tweede viool.

“Ek glo sy moordlus is ná die prostituut vir eers getemper,” het hy met oortuiging probeer sê. Meer om sy gewete te sus.

“Kom ons hoop jy's reg.” Dit was duidelik dat Rooi gefrustreer is met die stadige verloop van die saak.

“Ek moet gou 'n draai by die bank maak,” het Kassie later gelieg. “Bel my as die brigadier my dringend soek.” Hy kon nie die neerdrukkende atmosfeer langer verduur nie.

Nou, terwyl hy in die koffierestaurant aan sy tweede cappuccino teug, sien Kassie dis elfuur. Hy weet nie hoe hy die dag gaan omkry nie.

Dit is asof hy gedwing word om die wyser van 'n tydbom dop te hou – een wat die minute langsamerhand aftik. Hy moet in angs wag om te sien of die ding môre gaan ontplof.

Want die Vader alleen weet, hy wil so graag sy belofte aan Amalia gestand doen.

* * *

Sy voorkop is natgesweet en sy asem jaag. Hy krap naartig in sy klerekas. Hy is seker hy het Teddie daarin gebêre voor hy skool toe is. Hy pluk sy onderklere en sokkies uit die onderste laai, gooi sy skoene uit en voel-voel in die donker agterste hoek van die kas. Niks.

Hy kyk onder die bed, lig die matras op, skuif die bedkassie van die muur af weg, ruk die laaie van sy lessenaar oop, klim dan op die lessenaarblad om te kyk of hy Teddie nie op die klerekas gegooi het nie – soos hy gewoonlik doen as ’n maat onverwags kom kuier.

Teddie is ook nie daar nie.

Die paniek laat sy keel toetrek.

Sonder Teddie wil hy nie leef nie. Teddie is al een wat hom verstaan, die enigste een wat hy met sy geheime kan vertrou, met wie hy sy teleurstellings kan deel. Wat hom op sy stil manier vertroos wanneer sy hart pyn. En wat op koue wintersnagte ’n warm lyfie bied teenaan syne.

Hy maak hom wys dat hy nie goed genoeg gesoek het nie en gaan weer stelselmatig deur die kamer.

Dan steek hy vas. Dalk het hy Teddie vanoggend saamgevat badkamer toe. Hy hardloop in die gang af soontoe. Hy pluk die stortgordyn weg en skud die vuil klere uit die wasgoedmandjie. Niks.

“Pieter, wat de hel gaan in jou kamer aan?” hoor hy sy ma skree.

Hy hardloop terug.

Sy staan in die deur. “Afke het jou kamer vanoggend van hoek tot kant skoongemaak. En kyk hoe lyk die plek nou! Dit is asof ’n orkaan hier losgelaat is!”

“Ek ... soek na Teddie. Hy’s weg.”

Sy rol haar oë. “Gee my genade! Jy is tien jaar oud en jy keer jou kamer om op soek na ’n verdomde teddiebeertjie.”

Haar oë is spottend. “Jy is te oud vir goed soos tietiebottels en teddiebeertjies, Pieter. Ek kan jou verseker kinders van jou ouderdom slaap nie meer saam met beertjies wat hulle gekry het toe hulle drie jaar oud geword het nie.”

“Waar’s Teddie?” vra hy angstig. Hy voel hoe sy onderlip bewe.

Sy lag. “Toe Afke vanoggend daai verflenterde, vuil gedoente vir my bring wat sy in jou klerekas uitgegrawe het, nogal tussen jou silwerskoon

onderklere, wou sy weet wat sy daarmee moet doen. Ek het gesê sy moet dit weggooi.”

Hy snak na sy asem, draai om en hardloop so vinnig as wat hy kan na die agterdeur.

Haar lag klink soos ’n sirene in sy ore. “Help nie jy hardloop nie! Jou beertjie is nie meer in die drom nie, want die vullisverwyderaars was klaar hier.”

* * *

Sylvia voel vandag verlore in die woonstel. Sy verlang haar dood na haar dogtertjie. Sy sal ’n plan móét maak om Cara by haar te laat bly. Dis tog onnatuurlik om nie jou kind by jou te hê nie. En dis uiters selfsugtig van haar om van haar ouers te verwag om heeltyd na Cara om te sien.

Die gebeure by die Mount Nelson speel weer voor haar af. Dit was ’n laagtepunt in haar lewe. Bill Swart het die bietjie selfrespek wat sy nog gehad het, finaal uitgekalwer. Sy het leeg gevoel, gestroop van alle emosies.

Op pad huis toe het sy selfs vir ’n sekonde oorweeg om selfmoord te pleeg. Was dit nie vir Cara nie, het sy dalk iets onverantwoordeliks gedoen. Haar leë lewe het voor haar afgespeel. Tien jaar lank het sy ankerloos rondgedobber tussen getroude mans, wat sy gewetenloos afgepers het. Dit was ’n liefdelose en betekenislose bestaan, maar al wat sy geken het. Haar ontmoeting met Beyers in Somerset-Wes het vir die draaipunt gesorg. Toe hy dreig om Cara leed aan te doen, het die werklikheid haar vir die eerste keer getref: Sy kón nie so voortgaan nie.

Hoewel toe éers herderloos, het Benita haar rigting gegee. En die werk by Ashfin was ’n reddingsboei wat sy gretig gegryp het. Met haar finansiële sorge op kort termyn verby en haar kind veilig by haar ouers, het sy oplaas ’n nuwe kans op ’n sinvolle lewe gehad. Een wat sy nie van plan was om te verspil nie.

Net om by die Mount Nelson weer ontbloot te word. In mans se oë niks meer as ’n slet nie.

Sylvia stap rusteloos in die woonstel rond. Sy gaan staan voor die spieël in haar slaapkamer en skud haar kop asof dit kan help om haar donker gedagtes af te skud. Gaan nie help om haarself die hele dag te bejammer nie.

Sy glimlag. Benita het haar roeping gemis. Sy moes ’n motiveringspreker geword het. Ná hulle gesprek oor Swart, het Benita met soveel oortuiging

'n voorstel gemaak dat Sylvia dit ter harte moes neem. “So iets gaan jou ontséttend goed doen – as jy weer ontspanne in 'n normale omgewing sosialiseer, gaan dit wóndere doen vir jou gees. Glo my, dit sal die eerste stappie na volkome herstel wees.”

Waarom nie? Die ergste wat kan gebeur, is dat hy nee kan sê.

Sylvia druk haar golwende hare reg. Sy knoop die bloes tot onder haar nek toe.

Sy talm nog 'n paar oomblikke voor die spieël. Kners op haar tande. Vertrou jou instinkte, sê sy vir haarself.

Sy maak nie die deur agter haar toe nie, maar stap die paar meter en druk sy woonstel se voordeurklokkie.

Hy maak ná 'n tydjie oop. Sonder die keps. Borselkop, soos sy vermoed het.

“Hoop nie ek steur nie,” sê sy.

Hy skud sy kop. “Glad nie. Ek kan jou ongelukkig nie innooi nie, want ek moet nou-nou dringend uitgaan.”

Sy lag. “Ek het darem nie ongenooi kom kuier nie. Wou net vra of jy nie lus is om môreaand oor te kom nie. Niks deftig nie. Daar is net sop en brood op die spyskaart, maar dit behoort darem te help teen die koue wat vir môre voorspel word.”

Sy merk die aarseling op sy gesig.

Dan glimlag hy. “Dit sal lekker wees, dankie.”

Rooi is ingenome met sy rol as “instrukteur” en Anrich luister met oorgawe, merk Kassie.

“Veiligheid is die belangrikste aspek op ’n skietbaan. Wanneer jy die geweer hanteer, moet jy altyd seker maak die loop wys in ’n veilige rigting,” sê Rooi.

Kassie luister nie verder nie. Hy is dankbaar die weer het gehou. Hoewel dit erg bewolk is, sit die wolke hoog en lyk dit of die reën eers later gaan uitsak. Net ’n genade dat die weerkantoor dié keer reg was.

Toe hy Anrich by die woonstel gaan optel, het hy dadelik die verandering in die seun gesien. Hy was baie beleef en nogal ordentlik aangetrek. Sy hare was selfs netjies gekam en hy noem Kassie nou glad “oom”. Vermoedelik het sy ma hom aangespreek oor die ge-jy en ge-jou.

Hy was wel teleurgesteld dat Amalia nie by die huis was nie. Anrich het gesê sy ma is klaar bedrywig by die basaar. Sy is beslis ook ’n voorslag in haar gemeenskap. Die wete dat hy haar vanaand gaan sien, dien darem as ’n troos.

“Jy mag jou geweer net op die vuurlyn laai en dan moet die loop opwaarts en in die rigting van die teikens wys. En onthou ook ...” maak Rooi se instrukteurstem inbreuk op sy gedagtes, terwyl Anrich met oorgawe knik.

Kassie grawe vir die soveelste keer sy selfoon uit sy windjekker se sak. Nog geen oproepe of boodskappe nie, wat net weer sy nare vermoedens bevestig. Vermooten se profielbeskrywing in vanoggend se koerante gaan nie vrugte afwerp nie. Hy weet die polisie soek hom en gaan ekstra versigtig wees. Tien teen een het hy lankal ’n ander vermomming, wat dit moeilik gaan maak om hom uit te ken.

Hoe hulle die donner gaan vastrek, sal net die tyd leer. Hy gaan sy kop nie nou daaroor breek nie. Die dag hou te veel belofte in om swartgallig te raak.

“Hoe lyk dit, gaan jy saam skiet?” vra Rooi.

Kassie beduie na die donker wolke. “Nee, skiet julle twee. As ek deelneem, gaan ons langer vat en kan die reën ons vang.”

Hy kan nie bekostig dat Anrich vir sy ma vertel die famous speurder is eintlik maar 'n kak skut nie.

* * *

Hy het klaar sy tasse gepak en dit vroegoggend in die bakkie gaan sit. Nou moet hy nog die bokse pak sodat hy dit weer in Milnerton kan stoor.

Ná vanaand sal hy vir 'n dag of twee in sy eenslaapkamerplekkie oornag en dan Gordonsbaai toe gaan, het hy besluit. Hy weet van 'n woonstel daar wat aan sy behoeftes sal voldoen. Hy sal moontlik net 'n rukkie bly voor hy Durban toe moet uitwyk. Die Kaap kan te klein word vir hom.

Vandag pla die stramheid van sy spiere hom nie. Hy is gereed vir wat gedoen moet word en dit is ál wat tel. Dit kan nie toeval wees dat sy buurvrou gister net mooi op dáárdie oomblik sy voordeurklokkie gedruk het nie. Dit is bestem dat hy moet optree en teen daardie prikkels kan hy nie skop nie.

Hy was op sy bed toe hy die aakligste oomblikke uit sy verlede herbeleef. Hy onthou dit soos gister. Hy was twaalf en moes in die nag 'n draai in die badkamer gaan maak, toe hy sy ouers se luide stemme uit hulle slaapkamer hoor. Hy het dit vreemd gevind dat hulle ná middernag nog wakker was en het soontoe gesluip en sy oor teen die deur gedruk.

“Dis jy wat aangehou karring het ons moet 'n kind kry. Ek wou nooit een gehad het nie. So moenie my nou beskuldig dat ek nie genoeg aandag aan hom gee nie. Dit verg boonop moeite van my om voor vriendinne en familie voor te gee dat ek hom graag wou hê,” het sy ma se stem geskril.

Hy kon nie hoor wat sy pa sê nie, maar sy het hom in elk geval onderbreek. “Dis juis die punt! Ek voel absoluut niks vir hom nie. Hy is 'n onwelkome indringer. As ek hom weg kon wens, het ek dit gedoen. Kan jy dit nie begryp nie?!”

Hy het bewend voor die deur bly staan.

Dit was die kantelpunt in sy jong lewe.

Die haat wat teenoor sy ma in hom opgevlam het, sou nooit wyk nie. Met daardie gevoelens nog kolkend, het hy pas van die bed af opgestaan toe die voordeurklokkie lui.

En toe hy oopmaak, staan sy buurvrou voor hom. 'n Ewebeeld van sy ma – die swart, golwende hare, donker oë, sensuele lippe ...

Hy het uiteenlopende impulse ervaar toe sy hom nooi vir ete.

Moet hy of moet hy nie? Daar is soveel beplanning om te doen voor hy die pad kan vat. Hy sou verkies dat hulle samekoms op sy terme geskied.

Maar haar mond het die deurslag gegee. Die effens opwaartse kurwe van haar mondhoeke het sy ma se smalende gesig weer voor hom laat opdoem. Slegs met die grootste inspanning kon hy homself keer om haar daar en dan aan die arm te gryp en by sy woonstel in te pluk.

Nou weet hy dit was die regte besluit om haar uitnodiging te aanvaar. Dis al manier om die herinneringe te onderdruk. Al gaan dit behels dat hy weer sal moet vlug, smag sy hele wese na sielerus.

* * *

Kassie is tevrede met hoe die oggend afgeloop het. Hy het hom verkneukel in hoe Anrich die skietery geniet. Rooi het hom net-net geklop, en hy was op sy dag die Nuweland-polisiestatie se beste skut. Toe hy ná die tyd sê: “Hierdie laaitie het ’n móérse hoop talent,” kon Kassie sien hoe Anrich se bors swel van die trots. Op Kassie se aandrang het Rooi die seun amptelik by die skietklub ingeskryf, wat hom éérs in vervoering gehad het. Kassie het agteraf die fooi betaal om seker te maak Anrich weet nie daarvan nie.

Op pad terug na sy ma se woonstel het hy onophoudelik geklets oor die skietery en die moontlikheid dat hy Rooi se geweer by hom kan koop. Toe hy uit die kar klim, het hy ewe gesê: “Nogmaals dankie vir die beste oggend van my lewe! Sien oom vanaand, dan kan ons weer lekker chat.”

Kassie glimlag. Dat hy ’n moerse klomp punte by Amalia gaan score, is ’n feit soos ’n koei. Hy kan nie wag om haar reaksie vanaand te beleef nie.

Hy loop op en af in die sitkamer, al laat dit nie die tyd vinniger verbygaan nie. Het glad vanmiddag vyfuur al gestort, toe sy naels geknip, aangetrek en die vellies bewonder wat hy gister aangeskaf het. Dit lyk goed by sy kakiebroek.

As die geleentheid hom vanaand voordoen en Anrich is uit hulle geselskap, gaan hy die inisiatief neem. Hy wil Amalia vra of sy kans sien vir ’n ernstiger verhouding. Net die idee daaraan laat sy hart vinniger bons. Hy moet dié tyd gebruik om sy woorde agtermekaar te kry. Hy sal hulle mooi moet kies, want hy is lank nie meer geskool in die liefdespel nie.

Die landlynfoon in die studeerkamer lui. Hy kyk op sy horlosie. Halfsewe. Kan net een van die Boeremusiekgilde se bestuurslede wees. Dis ’n ou gewoonte om hom laterig op ’n Saterdag met beuselagtighede te pla.

Hy gaan die gesprek kort moet hou as hy oor 'n halfuur by Amalia wil wees.

“Kassie!” Dis sy. “Dank die vader jou landlynnommer was op die Wes-Kaapse Filatelie-vereniging se webwerf, want ek het al 'n paar keer jou sel probeer.”

Hy pluk sy selfoon uit sy baadjiesak en druk daaraan. Morsdood. Hy swets onderlangs.

“Jammer, die battery is pap. Ek het vergeet om die verdomde ou Nokia te laai.”

“Kassie, ek het jou hulp dringend nodig. Dis Anrich.” Sy klink hewig ontsteld. “Ek het 'n uur terug van die basaar af by die woonstel gekom. Toe hoor ek hoe hy hard oor sy selfoon met iemand praat. Hy het vreeslik gevloek. Toe hy daarna uit sy kamer kom, was sy oë wild en sy gesig doodsbleek. Ek het hom nog nooit só gesien nie. Hy het hier uitgestorm sonder om te sê wat fout is. Ek het hom al vier, vyf keer gebel, maar hy antwoord nie.”

Sy trek asem in. “Kan ek jou by jou woonstel kom oppik? Ons sal hom in Durbanville moet gaan soek. Ek is seker daar het iets by sy ou woonplek gebeur – dat dit is wat hom so ontstel het. Ek kan nie bekostig dat die kind weer met daardie skuim deurmekaar raak nie.”

“Het hy dan 'n ryding?” vra Kassie.

“Nee, maar ek het op die balkon uitgekyk. Iemand het hom opgelaai.”

“Ek wag vir jou in die straat,” sê Kassie toe hy besef hoe moer deurmekaar sy woonstel is.

* * *

Vleis antwoord dadelik toe hy op sy selfoon se skerm sien wie bel.

“Raait, ons het nou 'n gulde geleentheid om toe te slaan!” sê Mukkadem met 'n dringende stemtoon.

Hy lig Vleis in oor wat hy pas gehoor het en vertel hom van sy plan.

Vleis glimlag. Die luck is aan hulle kant. “Ek sal Giraffe se man dadelik laat weet. Hy is op standby. Ek dink jou plan kan werk!”

“En onthou om jou koeranttjommie ná die tyd die tip te gee.”

“Moenie worry nie, daai sal ek laat happen, bra.”

Sylvia is van vroegmiddag af in die kombuis doenig. Sy't besluit op haar ma se sampioensop, wat altyd 'n wenner is.

As buurman hier is, sal sy dit verhit en die room en pietersielie inroer voor sy dit voorsit. By die bakkery het sy 'n verskeidenheid broodrolletjies en 'n ciabatta gekoop.

Sy stap na die leefvertrek toe en sit twee bakkies gekerfde biltong op die koffietafel neer. Die sagte lig van die twee leeslampe skep 'n gesellige atmosfeer. Sy buk af en sit die gasverwarmer aan om die vertrek solank te verhit.

Hy behoort oor 'n kwartier hier te wees.

Hierdie kuier gaan vir haar 'n vreemde ervaring wees. Nog nooit het sy kontak met 'n man geïnisieer sonder dat sy 'n geheime agenda het nie. Sy hoef nie te probeer verlei nie, en ook nie haar bates ten toon te stel nie. Hulle kan oor alledaagse dinge gesels en dit laat haar bevry voel. Dalk is sy selfs besig om die juk van selfverwyt oor haar verlede af te gooi.

Die harde vlae reën teen die ruite laat haar frons. Sy hoop nie dit maak Cara wakker nie.

Sy het laatoggend Malmesbury toe gejaag. Hoewel verbaas, het haar ouers gelukkig begrip daarvoor gehad dat sy Cara van nou af weer by haar wil laat bly. Benita, wat sy ná haar besoek aan haar buurman gebel het, het dadelik ingestem om vir eers bedags na Cara te kyk totdat Sylvia iemand betroubaar kry om haar hier op te pas. Haar dierbare pa het aangebied om die volgende paar maande so 'n versorger te betaal "om daardie las van jou skouers af te haal".

Die opgewondenheid om hier te wees, het Cara vanmiddag woelig gehou. Sy het al voor ses saam met haar teddiebeer in die bed geklim.

Sylvia glimlag. Alles het uitgewerk soos sy gehoop het. Haar kind is weer by haar en haar buurman kom kuier. Sy hou Bill Swart vir eers uit haar gedagtes.

Sy weet nie wanneer laas sy so 'n rustigheid in haar gemoed gehad het nie.

* * *

Op pad na Anrich se vorige blyplek is Kassie effe onrustig omdat hy sy selfoon by sy woonstel gelos het om te laai. Hy gaan dié week 'n nuwe foon aanskaf, want dis nou elke dag se ding dat die Nokia se battery gelaai moet word. Hy troos hom daaraan dat hy vir boodskappe gekyk het voor hy vanmiddag gaan stort het. Daar was steeds niks. Dalk is daar reaksie op die profielbeskrywing in môre se koerante.

“Dis hier,” sê Amalia toe hulle voor 'n woonstelblok stilhou. “Ek het op 'n keer van sy klere hier kom afgee. Dit was op die tweede verdieping in die hoek, as ek reg onthou.”

Die plek het nie eens veiligheidshekke nie en lyk maar afgetakel, dink Kassie toe hulle by die voorportaal instap. Verf dop af en daar is onooglike graffiti teen die hysbakdeur.

“Kom ons vat die trappe, ek vertrou nie daardie ding nie,” sê Amalia. Kassie moet uithaal om teen die trappe uit by te hou. Dit is vir hom duidelik sy is nou op 'n missie.

In die kar het haar ontsteltenis omgesit in woede. “Ek gaan nie toelaat dat daardie gespuis my seun weer in hulle greep kry nie. Vanaand kry hulle met my te doen.” Sy het 'n verbete laggie gegee. “En ek het 'n geregsdienaar aan my sy.”

Die woonstel in die hoek se deur staan oop. In die sitvertrek praat 'n paar jong mans onderlangs met mekaar.

Amalia verhef haar stem toe een na hulle toe draai. “Waar is my seun? Waar is Anrich?”

Die outjie lyk bleek. “Hy en Wimpie is netnou hier weg.”

“Nogal met 'n nuwe bottel brandewyn wat ek gekoop het,” sê 'n ander een sleeptong. Hy is amper onsigbaar deur die rookwalm wat soos 'n kombers oor die vertrek hang.

“Waarheen is hulle?” vra Kassie.

Die outjie trek sy skouers op. “Anrich was van sy kop af. Wimpie het gesê hulle moet iewers gaan chill sodat hy kan relax.”

Kassie sien hoe die kleur uit Amalia se gesig verdwyn. “Hoekom was hy ... van sy kop af?”

“Sy ou girlfriend het vanmiddag hier ge-overdose.”

“Waar's sy nou?” vra Kassie.

“Die ambulans het haar kom haal.”

“Na watter hospitaal het hulle haar geneem?” vra Amalia.

Die seun skud sy kop. “Ongelukkig nie hospitaal toe nie, antie – mortuary toe.”

* * *

Hy loop vir oulaas deur die woonstel om seker te maak hy het als gevat. In die kombuis neem hy die rol kleefband wat hy besluit het nodig is. Al reën dit hard, is hierdie woonstelle se gebrek aan klankdigtheid ’n faktor. Hy gaan nie kanse vat nie.

Met ’n laaste blik op die sitkamer loop hy uit en sluit die voordeur agter hom. Ná hierdie besoek sal hy reguit na sy eenslaapkamerplekkie ry, dan kan hy in die volgende paar dae ’n geskikte blyplek soek.

Die spanning het sy lyf verlaat. Die wete dat hy die herinneringe vanaand weer uit sy gestel gaan kry, is ’n yslike vertroosting. Hy doen nou wat reg is vir hom.

Hy klop liggies aan haar deur, wat sy oomblikke later oopmaak. Haar donker oë glinster toe sy hom innooi.

“Iets om te drink?” vra sy toe hulle gaan sit.

“Nee, dankie. Ek wag eerder vir die sop.”

Sy praat oor die slegte weer, maar hy luister nie regtig nie. Knik net nou en dan beleef.

Hy sal haar in die kombuis oorval, besluit hy.

Hulle gesels oor ditjies en datjies, wat hom weer gespanne wil laat raak. Hy moet klaarmaak. Dis hoekom hy hier is. Die drang is amper onuithoudbaar.

“Ek kan nie wág vir jou sop nie,” sê hy.

Sy lag. “Nou toe, laat ek dit gaan opwarm. Dis sampioensop, ’n beproefde resep van my ma.”

“Een van my gunsteling,” sê hy.

Sy verdwyn kombuis toe.

Hy kom dadelik orent, haal die kleefband uit sy sak en volg haar.

Sy staan met haar rug na hom by die stoof toe hy om die deur loer.

Dan hoor hy ’n ritseling agter hom. Hy druk die kleefband vervaard terug in sy sak en draai om.

’n Paar meter van hom af staan ’n krulkopmeisietjie, ’n teddiebeer onder haar arm vasgeknyp.

* * *

Kassie kan die spanning op Amalia se gesig sien. Hy kry haar bitter jammer. Sy is desperaat om haar seun te kry.

“Mens weet nie wat hy kan aanvang ná so ’n skok nie,” sê sy.

Hulle ry vir die soveelste keer stadig deur Durbanville se middedorp, hulle oë soekend. Dis al amper halftien.

“Ek het besluit ek ry môreoggend eerste ding met hom na my swaer se plaas in die Karoo. Hy en my suster het lankal aangebied dat Anrich daar kan kom kuier. Dit sal hom die wêreld se goed doen om vir ’n hele ruk weg te kom uit hierdie omgewing. Veral van daardie ongure spul.”

In ’n donker systraat waar hulle nog nie was nie, val die kar se kopligte op twee figure wat op die sypaadjie sit.

“Dis Anrich!” sê Amalia.

Hulle hou stil. Dit is vir Kassie duidelik albei die seuns is erg beskonke. Anrich kom sukkelend orent en stap onvas na sy ma wat klaar uitgeklim het. “Tessa is dood, Ma!” kreet hy dit uit.

“Ek weet,” sê sy saggies en druk hom styf teen haar vas.

Sylvia is verlig toe Cara uiteindelik slaap. Sy sit die lig af en sluip uit die kamer.

In die leefvertrek kan sy nie vinnig genoeg by haar selfoon kom nie. Benita brand seker al van die nuuskierigheid. Sy het Sylvia die dood voor oë gesweer as sy haar nie oor die aand se gebeure inlig sodra haar besoeker weg is nie.

Ná net twee luie antwoord sy. “Vertel, vertel!”

Sylvia lag. “Heerlike aand gewees, maar ek is bevrees Cara het die show geheel en al gesteel. Toe ek uit die kombuis kom met die sop, sit sy ewe op Johan se skoot en die twee gesels land en sand. Ek kon my oë nie glo nie. Jy weet hoe sku sy vir vreemdelinge is.”

“Hulle sê mos kinders en honde is eenders. Hulle voel dadelik aan as ’n vreemdeling ’n goeie hart het.”

“En dit het hy beslis. Ek het lanklaas iemand gesien wat so natuurlik en opreg aan ’n kind aandag gee. En Cara het behóórlik daarin gedy. Elke liewe speelding uit haar kamer vir hom aangedra. Ek het naderhand sleg gevoel omdat sy die geselskap so oorheers, maar hy het my verseker dit pla hom nie. Ek kon sien hy bedoel dit.”

“Klink na ’n trouman.”

“Moet jou nie laf hou nie! Ek ken hom skaars.”

“Het julle darem alleentyd gehad?”

“Nee jong, madam het botweg geweier om weer te gaan slaap.”

“Wys jou net, sy’t ’n behoefte aan ’n pa, Sylvia.”

“Ai, jy loop dinge vooruit.”

“Hoe sou jy hom in ’n neutedop opsom?”

“ ’n Betaamlike, ordentlike en liefdevolle man ... en boonop vrek aantreklik.”

“Jy het die jackpot gestrike, suster.”

Sylvia lag. “Wel, ek gaan hom beslis weer oornooi, as dít is wat jy wil weet. En ek gaan ook nie nee sê as hy my iewers heen uitvra nie.”

Hy gryp sy bakkie se stuurwiel vas en moet diep asemhaal om sy hamerende hart onder beheer te kry.

Dis moeilik om helder te dink en die drang om iemand te vernietig, is nou oorweldigend. Die oomblik toe hy by sy buurvrou se woonstel uitstap, het dit hom begin wurg. Mislukkings sal nie geduld word nie en hy moet dadelik iets doen.

Hy skakel die enjin aan en ry by die veiligheidshekke uit ... Seepunt toe. Sy liggaam is snaarstyf en sy hande omklem die stuurwiel met mening.

Sy is nou ál een wat in sy gedagtes opkom, haar vaalbruin hare en dun lippies ten spyt.

Die enigste voordeel uit wat nou gebeur het, is dat hy nie sy woonstel in Groenpunt sal hoef te verlaat nie.

Hy moet die ruitveërs op hulle vinnigste stel om deur die vlae reën te kan sien. Die strate is verlate. Hy merk hoe branders skuimend teen die promenade se skutmuur breek. Die reën en woeste see voed sy onbeheerbare drang.

Daar is 'n parkeerplek 'n entjie van die woonstelblok af. Hy hardloop koes-koes teen die reën na die ingang. Tot sy verligting is daar niemand in die voorportaal nie. Hy onthou haar woonstelnommer goed en druk die interkomknoppie by die veiligheidshek.

Dis al elfuur. Hy hoop nie sy slaap nie.

Hy is verlig toe haar stem krakerig oor die interkom kom.

“Hallo, Ilze, dis Johan Nel. Hoop nie ek het jou wakker gemaak nie.”

Sy bly 'n oomblik stil. “Johan! Wat ... wat 'n verrassing! Nee, ek het nog nie geslaap nie. Ek maak vir jou oop.”

Die veiligheidshek klik oop en hy stap deur. Sy klere is deurdrenk van die kort entjie se loop na die gebou toe.

Hy besluit dit is veiliger om die trappe te neem.

By die deur van nommer 333 gaan staan hy, vee sy gesig droog en skud 'n bietjie van die nattigheid af. Water het in sy kraag afgeloop.

Hy klop. Sy maak dadelik oop. Met 'n trui en 'n sweetpakbroek aan.

“Dis nou 'n aangename verrassing, hoor! Jy is die laaste mens wat ek hier verwag het. Shame, kyk hoe nat is jy!” babbelsy.

Hy neem alles vinnig in. Die TV is aan op 'n kanaal waar 'n rocker ten hemele skree. Op die koffietafel staan 'n stewige marmerbeeld van 'n naakte vrou.

Hy glimlag. “Sommer ’n behoefte gehad om bietjie by jou te kom kuier. Is jou enkel al beter?”

Sy kyk af, trek haar sweetpak se broekspyp effe op. “Nog effens geswel, maar ...”

Hy gee haar nie kans om klaar te praat nie, pluk haar aan die arm nader en gooi haar tussen die TV-stel en koffietafel op haar rug neer. ’n Kreet ontsnap uit haar keel. Hy is blitsig op haar, sy hand styf op haar nek terwyl hy haar arms met sy knieë vaspen. Met sy los hand gryp hy die afstandbeheerder en stel die TV se klank harder.

Sy maak roggelgeluide van die drukking op haar strot. Skuim verskyn in haar mondhoeke. Hy kan die verlamme paniek in haar wydgesperde oë sien.

Dan kry hy die marmerbeeld beet, weeg dit in sy hand. Meer as swaar genoeg.

Die vierkantige voetstuk tref haar wangbeen met ’n dowwe kraakgeluid.

Diep uit sy maag bulk hy soos ’n bees voor hy sy arm vir die volgende hou lig.

Warm bloed loop oor die hand waarmee hy haar aan die keel beet het.

* * *

Dis halftwaalf toe Kassie by sy woonstel kom.

Hy is eers saam met Amalia na haar plek toe, waar hy haar gehelp het om die beskonke Anrich in die woonstel te kry. Toe het hy seker twintig minute – wat vir hom soos ’n ewigheid gevoel het – in die sitkamer gewag.

“Dit het mooipraat gekos, maar hy het darem ingestem om na my swaerhulle toe te gaan,” het Amalia gesê toe sy uit Anrich se kamer kom. “Ek gaan maar self ’n paar dae daar vertoef om te sien hoe hy aanpas. Die arme kind het nou my volle onderskraging nodig.”

Sy het die vleispasteitjies en ander southappies gaan warm maak en hulle het in stilte geëet.

Sy het Kassie innig bedank vir sy hulp toe sy hom by sy woonstel aflaai, maar die hartlikheid van nou die aand het ontbreek. Sy was haastig om weer by haar seun te kom.

Nou nie ’n aand wat aan sy groot verwagtings voldoen het nie, maar dit was buite sy beheer, het hy homself getroos.

Toe hy in die kombuis die ketel aansit, val dit hom by dat sy selfoon nog in die studeerkamer is. Hy haas hom soontoe.

Hy ontkoppel die foon, kyk op die skerm en swets. Sewe missed calls!

Die eerste vier nommers is van 'n onbekende landlynnommer gemaak. Vyf minute uitmekaar – van seweur tot twintig oor sewe, toe hy al reeds saam met Amalia in haar kar was. Geen stemboodskappe nie.

Die ander drie oproepe is wat hom ontstel. Dis almal van die Bellville-polisiestasie, 'n nommer op sy kontaklys. Die eerste oproep is twintig oor agt gemaak, die tweede halfnege en die derde negeuur. Ook geen stemboodskappe nie.

Hy skakel onverwyld die stasie se nommer en moet lank wag voor iemand antwoord.

Die operateur weet nie waarom die stasie Kassie gebel het nie, maar gee vir hom die selnommer van 'n adjudant Le Roux wat tot elfuur in beheer van die stasie was. “Hy behoort jou te kan help, kaptein,” sê die operateur.

Kassie bel hom dadelik. Hy stel homself voor en verduidelik waarom hy bel.

“Ja, dis ek wat jou gesoek het, kaptein. Ons het hier skuins voor agt 'n oproep ontvang van 'n man wat beweer dat die reeksmoordenaar Vermooten in die Saddles-restaurant in Strandstraat, die een daar naby die Sanlam-hoofkantoor, eet. Die man, ene Claassen, het gesê hy het Vermooten herken na aanleiding van sy beskrywing in vanoggend se koerant. Hy sê die man het die blou keps gedra wat in die berig vermeld word. Hy het toevallig nog die koerant in sy kar gehad en het toe jou selfoonnommer as die hoofondersoekbeampte in die berig gekry. Hy het nie 'n selfoon by hom gehad nie en het toestemming gekry om van die restaurant se landlyn af te bel. Hy sê hy wou nie die personeel op hol jaag deur te sê Vermooten is in hulle midde nie, en het 'n storie versin dat sy vrou in 'n motorongeluk was en dat hy dringend hospitaal toe moet bel. Hy sê hy het 'n hele paar keer probeer, maar jy't nie geantwoord nie. Toe het hy uit radeloosheid maar ons stasie gebel. Ek het dadelik twee uniforms soontoe gestuur, maar toe hulle by Saddles kom, het Claassen hulle ingelig Vermooten is kort tevore weg. Hy kon nie sien met watse voertuig hy ry nie. Toe die uniforms my met daardie nuus bel, het ek jou 'n paar keer gebel. Ek het gedink jy sal self met veral van die mense in die restaurant wat naby Vermooten gesit het, wou gesels en natuurlik ook met die man wat hom gesien het.”

'n Naarheid stoot in Kassie se keel op. Die aand het toe op 'n nóg kakker noot geëindig.

Hy sak in die gemakstoel neer en tuur behaaglik by die venster uit. Die lug is helderblou, gestroop van enige onheilswolke.

Vanoggend het die vrede oor hom neergedaal – die gebeure sedert die moord op Mercia soos 'n hersenskim. Niks gaan sy vryheid van gees nou inhipeer nie, want hy het die kettings van die verlede vir eers afgegooi. Hy ken die gevoel en is vol vertroue dat dit lank sal duur. Die wete dat die verlede steeds in sy onderbewuste vassteek en wel weer na die oppervlak sal styg, gaan hom nie laat ontspoor nie. Hy wil nou elke oomblik waardeer.

Hy kan nie onthou wanneer hy laas so 'n rustige nagrus gehad het nie. Toe hy kort voor middernag van Seepunt af terug by die woonstel kom, het hy eers die klewerige bewyse van sy daad van sy hande afgewas, toe in die bed geklim en seker byna oombliklik aan die slaap geraak.

Nou is hy uitgerus en gretig om 'n lang ent op die promenade te gaan draf, hierdie keer sonder stram spiere en asemhalingsprobleme.

Hy trek die *Rapport* nader wat hy gekoop het toe hy kafee toe is vir melk, en slaan dit oop. Sy oë flits oor die voorblad. Dan merk hy die brokkie in die regterkantste boonste hoek: *Lees op bladsy 5 als wat jy behoort te weet van die reeksmoordenaar Pieter Vermooten.*

Op bladsy vyf is die identikit van vroeër, maar dié keer met 'n lang beskrywing van hom by. Hy lees die berig kalm.

Dis 'n genade dat hy sy geruite keps dra sedert hy in die Kaap aangekom het. Die bloue het onooglik begin lyk oor die salpeterkolle wat daarop uitgeslaan het. En buitendien dra hy die afgelope paar dae nie meer 'n keps nie. Sy hare het nou voldoende uitgegroeï. As hy in die toekoms gaan draf, sal hy die laphoedjie pleks van die geruite keps dra.

Hy maak die koerant toe en sit dit langs hom neer, tuur by die venster uit. Hoe weet hulle hy het 'n slag met kinders? Nie een van sy slagoffers het kinders gehad nie.

Kan dit wees dat hulle met Zilla kontak gemaak het? Sy is al een wat hom ooit in die teenwoordigheid van kinders gesien het. Wat sou van haar geword het? Sover hy weet, is sy nog oorsee. Ná hulle verhouding het hy hom voorgeneem om nooit weer 'n lang verbintenis met 'n vrou aan te

knoop wat nié die drang in hom kan aktiveer nie. Haar blonde hare, blou oë en bleek vel was te ver verwyder van sy ma se gelaatstrekke. Daardie verhouding was boonop net nie die moeite werd nie – jy verklap te veel van jouself en dan kan dit later teen jou tel.

Hy besef met 'n ligte skok dat hy gisteraand klaar weer te veel van homself uitgelap het. Maar sy buurvrou se dogtertjie was onweerstaanbaar oulik. Hy kon nie anders as om aandag aan haar te gee nie. Haar teenwoordigheid het selfs sy moorddrang hanteerbaar gemaak vir die paar uur wat hy daar was.

En haar ma stel belang in hom. Hy kon dit in haar oë sien.

Hy kan nie toelaat dat dit 'n hegte vriendskap word nie. Want hoe kan hy homself ooit vertrou?

Dit sal onregverdig teenoor die krulkoppie wees as hy haar op só 'n jong ouderdom van 'n ma ontnem.

* * *

Kassie kan die hol gevoel op sy maag nie afskud nie.

Hy het Rooi vanoggend al by die huis gebel oor die fokop wat sy agterlosigheid met sy selfoon meegebring het. Hulle het afgespreek om mekaar twaalfuur by Saddles te kry.

“Dalk kan 'n kelner of een van die ander werknemers iets onthou, soos met watse kar hy gery het,” wou Rooi hom moed inpraat.

“Ons sal seker moet probeer.”

“Kan ons nie met die ou gaan praat wat gebel het nie?”

“Ons weet nie waar om hom op te spoor nie. Die stupid uniforms het nooit sy kontakbesonderhede gekry nie. Adjutant Le Roux sê die man het vir die uniforms die tafel gewys waar Vermooten gesit het. Hulle het toe navraag by die mense in daardie omgewing gedoen, maar omdat die plek tot barstens toe vol was, het niemand regtig ag geslaan op wie daar sit nie. En toe hulle daarna vir Claassen soek, was hy skoonveld.”

“Klink hierdie ding nie vir jou na 'n kakstorie nie, Kassie?”

“So bietjie, veral omdat die inbeller nie eens vir my 'n stemboodskap gelos het nie. Maar ons kan nie waag om dit te ignoreer nie. Die moontlikheid bestaan altyd dat Vermooten wel daar was.”

“Raait, sien jou dan twaalfuur by Saddles. Moet net in hemelsnaam nie die brigadier nou al daaroor inlig nie. Sy gaan nie ingenome wees nie en ek

is nie lus om op 'n Sondag nog 'n noodvergadering by die kantoor te hê nie. Jy weet hoe is sy.”

“Het ook so gedink. Sal haar maar eers môre by die kantoor inlig,” het Kassie gesê.

Hy hoop nie dié besluit backfire nie.

Dan is daar ook nog Amalia oor wie hy ongemaklik voel. Die drama van gisteraand moes haar wel hewig ontstel het, maar Kassie kan nie die gevoel afskud dat sy effens afsydig teenoor hom gestaan het nie. Toe hy haar vertel hoe Anrich die skietery geniet het, het sy bra koel gereageer. Asof dit nie regtig meer belangrik is nie.

Asof hy gisteraand net as “geregsdienaar” saamgesleep is om te help soek na Anrich.

Hy het vanoggend eerste ding vir haar 'n whatsapp gestuur dat hulle veilig moet ry en sy hom moet laat weet hoe dit met Anrich gaan.

Nou, vier uur later, het hy nog niks van haar gehoor nie.

* * *

Sylvia kon haar lag vanoggend nie betuel nie.

Cara is absoluut dol oor Johan. 'n Paar keer gevra of hulle nie “vir die oom moet gaan kuier nie”, want sy het gisteraand vergeet om haar Barbie-pop vir hom te wys.

Sy moes noodgedwonge 'n wit leuen vertel dat hy “na 'n vriend toe” is. “Buitendien kom tannie Benita ons oplaai om saam met haar in Kirstenbosch te gaan eet.” Dit is 'n uitstappie waarna Sylvia om 'n spesifieke rede uitsien.

Deur die nag kon sy amper nie 'n oog toemaak nie, haar gedagtes aanhoudend by haar buurman. Sy het laas in haar hoërskooldae so 'n fladdering op haar maag ervaar.

Dat hierdie man haar voete met een kuier só onder haar kon uitslaan ... Is dit as gevolg van haar behoefte om saam met haar kind veilig en geborge te voel? Of is dit omdat sy smag na 'n normale, vaste verhouding – met iemand aan wie sy haar hart onwaardelik kan gee?

Sy wil hierdie onsekerhede in haar gemoed met Benita bespreek. Hierdie keer moet hulle nie ligsinnig wees nie, want die tyd vir grappies is verby. Sy het 'n behoefte aan 'n diep, ernstige gesprek.

* * *

Die bestuurder by Saddles is 'n vriendelike kêrel wat elke keer uitermatig pienk tandvleis ten toon stel wanneer hy glimlag.

“Die kelnerin wat gisteraand daardie tafel bedien het, het gesê sy kan nie onthou dat die man 'n keps gedra het nie. Dit het in elk geval so dol gegaan dat sy nie regtig sy gelaatstrekke kon onthou nie. Sy wil haar verbeel hy het 'n snor gehad, maar is nie doodseker nie. Ongelukkig is sy erg verstrooi, dus kan 'n mens nie veel notisie neem van haar waarnemings nie.”

“Wat het die man geëet?” vra Kassie.

“Volgens ons tafelstrokie 'n hamburger ... en hy het kontant betaal.”

“Iets gedrink?”

“'n Milkshake.”

“Kon geen van die ander kelners hom onthou nie?”

“Ek's bevrees nie.”

“En hoe het die man gelyk wat julle telefoon gebruik het om die polisie te bel?”

“Langerige bruin ou, 'n lang letsel op die wang. Homself as Claassen voorgestel. Hy het nogal oortuigend geklink – as mens kyk na die dringendheid waarmee hy ons landlyn wou gebruik. Ek het sy storie geglo dat sy vrou in 'n ongeluk was en dat hy dringend navrae by die hospitaal moes doen. Eers toe die polisie hier kom, het ek gecliek wat aangaan.”

“Niemand hom sien ry nie?”

Hy skud sy kop.

“Het julle 'n karwag?” vra Rooi.

Hy vertoon weer sy pienk tandvleis. “In teorie, ja, maar die bliksem slaap meeste van die tyd aan diens. Die polisie het hom uitgevra oor die ou wat julle gebel het, maar hy't nie 'n clue gehad van wie hulle praat nie.”

Kassie se selfoon lui en hy verskoon homself.

Onbekende nommer.

“Kaptein Kasselman, dit is James Achmat van die –”

“Ek weet wie jy is,” onderbreek Kassie hom bars. Dis die koerantman wat die diefstal van die dossier en bewysstukke op Langebaan so uit verband geruk het.

“Kaptein, ek verneem by die Bellville-polisie dat Pieter Vermooten gisteraand by Saddles in Bellville gewaar is.”

“Ek is juis nou by die restaurant. Ons ondersoek die bewering.”

Achmat gee 'n laggie. “Dis dalk bietjie laat, nè? Ek verstaan dat jy versuim het om jou foon te antwoord toe 'n man gebel het met die nuus dat

Vermooten by die restaurant is. Volgens die adjudant by die Bellville-stasie was jou selfoon se battery glo pap. As hoofondersoekbeampte wie se nommer in die koerant by Vermooten se beskrywing gepubliseer is, was dit darem erg nalatig, of hoe sou jy sê?”

Kassie sluk. “Ek wil nie kommentaar lewer nie. Ongelukkig kan ek nie verder met jou praat nie, want ons is midde-in ’n ondersoek.”

Hy druk die foon dood en swets onderlangs. Die bliksem gaan beslis met dié storie hardloop.

Net toe hy die foon terug in sy sak druk, lui dit weer.

Natuurlik weer die bliksem. Hy pluk weer sy foon uit. En verstar.

Dis die brigadier se huisnommer. Achmat moes haar al gebel het. Nóú sal hy moet please explain.

“Kassie, Vermooten het weer toegeslaan!” val sy met die deur in die huis.

“Shit!”

“Pas ’n oproep van Forensies gekry. Hulle is ’n uur gelede deur die Seepunt-polisie ontbied om na ’n moordtoneel in ’n woonstelkompleks te gaan. Die slagoffer is ’n jong vrou wie se gesig verbrysel is. Die ou van Forensies sê dis sonder enige twyfel Vermooten se werk.”

“Ons het die bleddie Lotto gewen!” roep Mukkadem uit toe Vleis sy selfoon antwoord.

“Vertel, bra!”

“Pas gehoor hoe Fortuin vir Kasselman inlig dat Vermooten nog ’n moord gepleeg het.”

Vleis lag uit sy maag. “Hel, ons timing kon nie beter nie! Eers die calls van Giraffe se man na Kasselman en nou die moord. Weet jy hóé kak die Ghost Unit nou gaan lyk?”

“Sê ek mos. Jy moet net jou vriend by die koerant ook inlig oor die moord. Hy kan by die Seepunt-polisie navraag doen om dit nie té ooglopend te laat lyk nie. Hulle sal hom wel na die Spookeenheid verwys.”

“Ek bel hom dadelik.”

“Vleis, ’n ander ding. Dink jy nie dis nou die tyd om ons troefkaart te speel nie?”

Vleis aarsel. “Sal Giraffe nou al daarvoor val?”

“Wel, kom ons vind môreaand uit. Met môreoggend se koerant wat die Spookeenheid se fokop gaan uitbasuin, is daar nie ’n beter tyd nie. Ons moet die yster slaan terwyl hy gloei.”

* * *

Truter, die lid van Forensies wat by die moordtonele op Langebaan en in Parow was, wag Kassie-hulle by die vermoorde se woonstel deur in.

“Selle ou storie,” sug hy en gee vir hulle beskermende skoene en handskoene. “Ons wou nie opruim voor julle hier kom nie.”

“Jy is doodseker dis Vermooten se werk?” vra Kassie.

“Honderd-en-tien persent. Gaan kyk maar self.”

Hulle stap by ’n ruim leefvertrek in.

Sy lê op haar rug tussen ’n koffietafel en ’n hoekkassie waarop ’n TV-stel staan, haar gesig vergruis. ’n Paar tande wat deur haar gekneusde lippe sigbaar is, laat dit lyk of sy vir hulle grynslag. Bloed het die ligblou mat rondom haar kop donkerbruin gevlek.

“Fokkit, arme mens,” prewel Kassie. Hy wil naar word. Wat moes sy nie deurgemaak het nie?

Truter beduie vir een van sy kollegas om uit die pad te staan. Hy wys na ’n marmerbeeld van ’n vrou wat halflyf onder die koffietafel lê. “Hy het haar daarmee geslaan, hoofsaaklik die vierkantige voetstuk gebruik om haar skedel te verbrysel.”

“Geen messe en sulke goed ingespan om haar eers te martel nie?” vra Rooi.

“Nope. Haar net met die beeld geslaan. Dieselfde modus operandi as met die prostituut in Parow. Die kneusplek aan haar keel wys dat hy haar daar met die een hand gewurg het terwyl hy slaan. Ons het nog nie onder haar trui gekyk nie, maar ek glo haar arms sal gekneus wees van hoe sy knieë daarop gedruk het. En soos met die ander gevalle is daar geen teken van ’n verkragting nie.”

“Wat is haar naam?” vra Kassie.

“Ilze Delport. Dertig jaar oud, het gewerk by ’n reisagentskap in die middestad.”

“Wie het op haar afgekom?”

“Die Seepunt-polisie het kom ondersoek instel nadat die vrou wat in die oorkantste woonstel bly, hulle gebel het. Sy was bekommerd oor Ilze toe sy vanoggend hoor hoe hard die TV aan is. Skynbaar nie haar gewoonte nie. Die vrou het geklop, maar niemand het oopgemaak nie. Het Ilze toe op haar selfoon gebel, sonder sukses. Ilze het gister vir haar gesê sy is van plan om vandag tuis te bly, want sy het ’n dringende Unisa-werkstuk om af te handel.”

“Enige tekens van geforseerde toegang?”

Truter skud sy kop. “Die vrou sê Ilze het gisteraand omstreeks elfuur ’n besoeker gehad. Ilze het glo die deur vir ’n man oopgemaak.”

“Hoe weet sy dit?” vra Rooi.

Hy trek sy skouers op. “Dis wat sy vir die Seepunt-konstabel gesê het. Julle sal haar self moet ondervra.”

“Geen ander leidrade nie? Enige-bleddie-iets wat ons kan help?” vra Kassie.

Truter sug. “Niks, maar om jou te please, sal ons die plek van voor af fynkam as julle klaar gekyk het. Ons wag nog in any case vir die patoloog.”

“Hoe vinnig sal ons julle verslag kry?”

“Binne ’n dag of twee. Soos julle weet, geniet die Vermooten-moorde topprioriteit.”

“Goed so,” sê Kassie en wink Rooi nader. “Kom ons gaan gesels met die vrou hier oorkant.”

Hulle stap uit. Die deur is regoor die vermoorde s’n.

Kassie het skaars geklop toe sy oopmaak – ’n bejaarde vrou met ’n bril wat hopeloos te groot vir haar muisgesiggie is.

“Kleintjie Visser,” stel sy haarself voor en nooi hulle in.

Kassie kan aan haar houding sien sy is hewig ontsteld.

Sy skud haar kop toe hulle in die sitkamer gaan sit. “Ek het nie woorde nie! Dis die allerverskriklikste ding wat ek nog beleef het! Die manier waarop die arme kind vermoor is, is afgryslik. Watter monster sou so iets aan ’n dierbare mens soos Ilze wou doen?” Sy vee haar oë droog met ’n sakdoekie. “En om te dink ek het nog gister met die kind gesels.”

“Ja ... dit is skokkend,” sê Kassie. Hy kug. “Ons verstaan dat u bewus was van ’n besoeker wat sy gisteraand gekry het?”

Sy knik. “Ja, kyk, die ding werk só. As iemand die interkomknoppie onder by die veiligheidshek vir Ilze se woonstel druk, dan pieng my foon hier ook. Ek het dit al aangemeld, want dis nogal steurend.” Sy sug. “Maar ons landlord laat hom deur niemand aanjaag nie.”

“Hoe laat het u die pieng gehoor?”

“Hier by elfuur se koers. Nogal gewonder wie op so ’n onmoontlike tyd vir Ilze kom kuier. Toe kyk ek maar deur my voordeur se loergaatjie. Net die man se rugkant gesien. Groot kêrel. Toe sien ek hoe Ilze die deur vir hom oopmaak.”

“Het hy ’n keps gedra?”

“Nee, beslis nie. So van agter gelyk of hy ’n borselkop het.” Sy beduie na Kassie se windjekker. “Hy het ’n soortgelyke windbreaker as jy aangehad. Net ’n bloue.”

“Was dit na u mening iemand wat sy geken het?”

“Ek het maar so aangeneem. Jy laat seker nie iemand elfuur in die nag in jou woonstel toe as jy hom van g’n kant af ken nie.”

“Het sy mansvriende gehad?”

“Lank uitgegaan met ’n oulike mannetjie met so ’n skoon seunsgesig, maar hy het die afgelope paar maande nie hierheen gekom nie. Ek wou Ilze nie vra nie, maar het aangeneem die verhouding het skeefgeloop.”

“En u is seker dis nie hy wat gisteraand hier was nie?”

“Doodseker. Hy is baie korter as die man van gisteraand. Ook heelwat skraler gebou.”

“Het u die besoeker van gisteraand later sien uitgaan?”

“Nee, ek het kort ná elf gaan slaap.”

“Het Ilze nie dalk iets laat val oor ’n nuwe manskamiend in haar lewe nie?”

“Nee, nooit haar liefdeslewe met my bespreek nie. En ek het dit gerespekteer.”

“En u het vanoggend die Seepunt-polisie gebel toe u hoor haar TV is baie hard?” vra Rooi.

“Ja, dit was vreemd. Nie gewoond sy is lawaaierig nie – veral nie op ’n Sondag nie. Juis gister vir my gesê sy moet vandag aan ’n Unisa-taak werk. Toe ek klop en sy nie oopmaak nie, het ek haar op haar selfoon gebel. Ook geen antwoord gekry nie. Toe begin ek onrustig raak en bel die polisie.”

“Niks anders waaraan u kan dink wat ons kan help nie?”

“Nee, maar ek hoop van harte julle trek die skuldige gou vas.”

“Ons gaan ons bes doen. Baie dankie vir u tyd,” sê Kassie toe hulle opstaan. Hy oorhandig sy besigheidskaartjie aan haar.

“Ons sal ’n uitdruk van Ilze se selfoonrekords van die afgelope maand moet kry,” sê Kassie toe hy en Rooi in die gang kom.

“Vermooten sou haar tog nie gebel het nie. Hy’t nie eens ’n selfoon nie,” merk Rooi op.

“Ek weet, maar as ons met die mense gesels wat gereeld met haar kontak het, kan ons dalk ’n leidraad kry. Sy het miskien net iets laat val van ’n nuwe vriend – dalk selfs sy naam genoem. Onthou, Vermooten het met die uitsondering van die prostitute al die ander vroue bevriend voor hy hulle vermoor het. En dit is soos mevrou Visser tereg opmerk: Jy maak nie daardie tyd van die aand die deur vir iemand oop en nooi hom boonop in as jy hom glad nie ken nie.”

“Bliksis, jy’t dalk net iets beet!”

Sylvia was al vanoggend vyfuur uit die bed ná 'n aaklige nag. Sy het toe sommer gestort en aangetrek. Benita sal halfagt hier wees om na Cara om te sien.

Sy weet nie wat om by die werk te verwag nie. Swart mag terug in Johannesburg wees, maar sy sal met hom oor die foon moet praat. Sy kry immers haar opdragte direk van hom. Gaan hy na die voorval by die Mount Nelson verwys? Of is hy so vreesbevange dat sy hom van seksuele teistering gaan aankla dat hy reeds onwaarhede oor haar verkondig? Sy sug. Sy sal wel uitvind.

Terwyl sy rusteloos deur die leefvertrek dwaal en hier en daar iets regskuif, bly haar gedagtes ook vassteek by haar gesprek met Benita gister in Kirstenbosch.

“Vertrou jou gut, Sylvia,” het haar vriendin gesê. “As jy dink dis die regte man vir jou, gáán vir hom. As hy nie van sy kant af iets doen nie, nooi hom weer oor vir ete. En onthou: Alle mans hou daarvan om oor hulleself te praat. Vra hom uit oor sy verlede, laat hom voel jy stel regtig belang.”

Dis juis wat haar laas nag laat rondrol het. Wat sê sy vir Johan as hy oor háár verlede begin uitvra? Sy smag daarna om 'n verhouding op 'n eerlike fondament te bou, waar hulle mekaar ten volle kan vertrou en een nooit vir die ander iets hoef weg te steek nie.

Maar sy kan tog nie oor haar verlede eerlik wees nie. Geen ordentlike man sal deurmekaar wil raak met iemand wat tien jaar lank getroude mans verlei en afgepers het nie.

En leuens oor haar verlede kan sleg boemerang as sy en Johan eers in 'n vaste verhouding is. Dis nie net Benjamin Beyers wat haar kan ontbloom nie, maar enigeen van die ander mans wat wraakgedagtes teenoor haar moet koester.

Sy dobbel dan nie met net haar eie geluk nie, maar ook haar dogtertjie s'n. Uit wat sy tot dusver van Johan gesien het, weet sy Cara sal vinnig baie geheg aan hom raak. Hy sal 'n wonderlike pa wees.

Kom haar verlede op die lappe, kan hy sy rug op hulle keer en sy sal hom nie eens kan verkwalik nie.

Waar laat dit haar en Cara dan?

* * *

Kassie is op hete kole. Hy verwag die brigadier elke oomblik terug van haar weeklikse vergadering by die polisiehoof.

Die oggendkoerant lê oop op sy lessenaar. Die storie beslaan driekwart van die voorblad. Vet letters basuin uit: *Reeksmoordenaar slaan weer toe*, gevolg deur die verdoemende subopskrif: *Polisie-nalatigheid laat Vermooten betyds spore maak*.

Die eerste twee paragrawe het Kassie al asvaal om die kiewe gelaat:

Die afgryslieke moord op 'n dertigjarige vrou van Seepunt kon voorkom gewees het as die Spesiale Spookeenheid hulle werk gedoen het.

Die hoofondersoekbeampte in die saak se nalatige optrede het egter die monster Pieter Vermooten toegelaat om wéér te moor.

Ondanks die brigadier se kommentaar dat daar geensins bevestig is dat Vermooten wel in Saddles was nie, skep die joernalis die indruk dat dit 'n gegewe is: *Hoe anders kon dinge nie vir Ilze Delpont verloop het nie, as die polisie net betyds op daardie oproepe gereageer het!*

Kassie is net dankbaar hy het die brigadier gebel kort ná sy en Rooi se gesprek met mevrou Visser in Seepunt.

Sy het die nuus oor sy pap selfoonbattery verbasend goed gevat. “Sulke bleddie goed gebeur. Presies dieselfde ding het my eenkeer in my Valke-dae oorgekom.”

Maar hy weet nie hoe sy op die koerantberig sal reageer nie – en sy sal dit beslis by die vergadering onder oë kry. Boonop sal die polisiehoof behoorlik die moer in wees en gaan sy die blaam kry.

Die minute tik tydsam verby en laat die onrustigheid nog hoër in hom opstoot.

Eers byna halfelf steek Lettie haar kop by hulle kantoordeur in. “Die brigadier is terug. Julle kan maar kom.”

“Die oordeelsuur het aangebreek,” sug Rooi toe hulle gangaf stap.

“Ons sal die pyn maar moet vat,” sê Kassie. “Troos jou daaraan dat sy verreweg die knapste bevelvoerder is onder wie ek nog gewerk het. Haar

job is vir haar die belangrikste ding in die wêreld. As die SAPD meer van haar soort gehad het, was ons die beste polisie diens in die wêreld.”

“Seker waar wat jy sê.”

Die brigadier se kantoordeur staan oop en hulle loop in.

Kassie is verlig om nie donderweer op haar gesig te sien nie. Sy lyk verbasend ontspanne en daar is tot ’n fyn glimlag op haar gesig.

“Wel, menere, ek was vanoggend voor ’n vuurpeloton, maar niemand het ’n sneller getrek nie. Die polisiehoof se aanvanklike reaksie – dat hy oorweeg om die saak by ons weg te vat – het toe darem nie gerealiseer nie.

“Ek moes natuurlik ’n wit leuen vertel om jou aansien te red, Kassie. Het gesê julle was die hele Saterdag uit om leidrade op te volg na aanleiding van oproepe wat jy gekry het. En jou foon het afgeloop sonder dat jy dit agtergekom het. Daar was ook nie ’n plek waar jy dit kon laai nie. Ek het ook gesê dat die Saddles-storie verdag voorkom omdat die inbeller so gou spore gemaak het en dít sonder om sy kontakbesonderhede te los.”

Sy skud haar kop. “Aanvanklik wou die polisiehoof nie daarvoor val nie. Hy het aangevoer dat vanoggend se koerantberig die polisie onder geweldige druk plaas. Hy het gesê die publiek gaan eis dat daar grootskaalse ingryping in die saak moet wees. Daarom het hy geen ander keuse as om dit vir ’n ander eenheid te gee nie, wat vars daarna kan kyk ...

“Maar toe, uit die bloute, kry ek ondersteuning van een van die ander eenheidshoofde – iets wat ek hóégenaamd nie verwag het nie. Peter Mukkadem, die baas van Misdaadintelligensie, sê toe dit sal ’n helse fout wees om Kassie Kasselman, ongetwyfeld die beste speurder in die Wes-Kaap, van die saak af te haal. Hy het gesê jou rekord spreek tog boekdele. Jy het nog altyd gedeliver. Om nou oor ’n paar ‘ongelukkige voorvalletjies’ van die Spookeenheid ’n sondebok te maak net om die publiek gelukkig te hou, sal die domste skuif in die wêreld wees.”

“Hel, dis nice van hom,” sê Kassie.

“Dit is, maar veel belangriker is dat hy die kommissaris oortuig het.”

Sy tel die koerant voor haar op. “Weet nou nog nie hoe die bleddie koerantman so vinnig op die storie afgekom het nie.”

“Die media het maar hulle polisiekontakte,” sê Rooi.

Sy tokkel met haar vingerpunte op die lessenaarblad. “Kom ons vergeet van die media. Met Mukkadem wat ons lof so besing het, is die slegte nuus dat daar nou groter druk op ons is om Vermooten agter tralies te kry.”

Kassie en Rooi knik.

Sy sit vorentoe, elmboë op die lessenaar. “Reg, terug by Vermooten. Wat het julle gister als uitgerig, indien enigiets, en is daar hoegenaamd lig in die tunnel?”

“Om die eerste deel van brigadier se vraag te beantwoord: Ja, ons het alle stops uitgetrek om soveel moontlik te verrig.” Kassie vertel haar van hulle gesprek met mevrou Visser. “Toe het ek en Rooi al die woonstelbewoners gaan opklop. Ek het die onderste vyf verdiepings en Rooi die boonste vyf gevat. Ons wou nie net vasstel of iemand Vermooten in die ingangsportaal of die hyser gewaar het nie, maar ook of iemand hom sien ry het. Dit sou ’n helse deurbraak gewees het as ons uitvind met watse kar hy ry. Maar dit het niks opgelewer nie. Gisteraand se stormweer het die mense binne gehou. Die paar wat wel uit was, maak gebruik van die woonstelblok se kelderparkade en het niks gewaar nie.”

Sy sug. “So ons het boggherol?”

“Daar is ’n kléin liggie in die tunnel. Ilze Delport se selfoonrekords mag dalk net iets oplewer.” Hy vertel haar hoekom hy so dink.

Sy frons. “Dit gaan nie veel help as ons weet onder watter naam hy Ilze bevriend het nie. Hy het nog elke keer ná ’n moord ’n ander alias gebruik. Hoekom sal hy dit nou skielik nie doen nie?”

Kassie knik. “Geldige punt, maar ek vestig my hoop daarop dat hy haar nooit na sy blyplek geneem het nie. As sy nie geweet het waar hy bly nie, sou hy die gerusstelling gehad het dat sy dit met niemand kon deel nie. En daarom ag hy dit dalk nie nodig om weer van naam te verander nie. As ons sy naam kry van iemand wat die afgelope maand met haar in verbinding was, is dit darem ’n beginpunt. Dan kan ons navrae doen by banke, eiendomsagente wat verhurings hanteer, die verkeersafdeling en so meer.”

“Hmm ... Dit is ’n bitter klein liggie in ’n stikdonker tunnel, maar seker beter as niks. Hoe vinnig sal ons die selfoonrekords kry?”

“Daar is mos maar baie red tape aan verbonde, veral as jy die volle kontakbesonderhede soek van almal met wie sy gepraat het. Ons behoort dit binne twee of drie dae te hê.”

Sy kyk na haar hande. “Ons is natuurlik screwed as Vermooten voor daai tyd weer toeslaan. Die kommissaris gaan ons dan nie genadig wees nie.”

Daar is ’n neerslagtigheid in haar houding wat Kassie nog nie voorheen bespeur het nie.

Vleis en Mukkadem het by 'n sydeur ingeglip. Die nagklub is oorvol en hulle wil nie adverteer hulle is hier nie. Mens weet nooit of hier ander cops is nie, het Vleis gewaarsku.

Reeds toe hulle by die kantoor inkom, het Vleis met genoegdoening gesien vanoggend se koerant lê op die lessenaar. Giraffe behoort breed daaroor te smile, wat hulle taak vanaand heelwat makliker sal maak.

Terwyl hulle sit en wag, kyk Vleis rond in Giraffe se moerse groot kantoor. 'n Koue rilling gly langs sy ruggraat af toe hy die sementblok in die hoek sien. Dit is amper twee meter hoog en een meter breed, en staan die agterste gedeelte van die kantoor toe. Hy weet Giraffe noem dit Die Pilaar. Portrette van die gangster-baas se extended family hang daarteen.

Rumours wil dit hê dat daardie sementblok die laaste staanplek van Voete Philander is. Voete, op sy tyd baas van die Batman Clan, het in die nineties om dieselfde drug-koek as Giraffe meegeding. 'n Moerse mistake gewees, want jy meet nie kragte met Giraffe nie. Hy en sy trawante het Voete toe in 'n groot houer met nat sement versmoor – Die Pilaar, wat sy staanplek hier sou kry, 'n constant reminder dat niemand sy neus in Giraffe se drug business steek nie.

Ná nog 'n rukkie se wag kom Giraffe in. Hy het 'n smart blinkrooi baadjie en 'n geel strikdas aan – sy nightclub look.

Hy gaan sit agter sy lessenaar en tik op die koerant, smile breed. “Good job, boys! Ek hoop Kasselmann het sy gat gesien!”

Vleis kyk vlugtig na Mukkadem. Hy sal dié een moet verduidelik.

Mukkadem kug. “Hy ... het nie. Ek het die polisiehoof oortuig om hom op die saak te hou, want –”

“Vir fokken wat?!” onderbreek Giraffe hom. “Het jy vergeet Kasselmann is die bliksem wat my tjom Kwaai Koeries Pollsmoor toe gepos het?”

“Om ons einddoel te bereik was dit noodsaaklik om hom en die Spookeenheid op die job te hou. As die polisiehoof die saak vir 'n ander eenheid gegee het, was ons terug waar ons begin het.”

Giraffe knik sy kop stadig, asof hy die motivation agter Mukkadem se decision gradually inneem. “Okay, point taken. Ma' ons is in any case nog

fokken ver van ons ultimate goal af. Ek sien nie dat die police chief hieroor innie kak issie.”

Mukkadem lag. “Dis nie heeltemal waar nie. Ek was ná ons eenheidshoofde se vergadering by die polisiehoof in sy kantoor toe die nasionale kommissaris hom bel. Ek kon aflei dat die kommissaris hewig ontsteld was, want die polisiehoof het gestamel en die verskonings uitgeryg. Die nasionale baas het ook daarop aangedring dat ’n ander eenheid die saak moet vat. Maar die polisiehoof het gesê hy het volle vertroue in Fortuin en haar Spookeenheid om Vermooten vas te trek. Hy het veral Fortuin se lof vreeslik besing.”

“En dit speel honderd persent in ons hande,” sê Vleis. “Want plant ons die final body blow binne die volgende twee dae, gaan sy position ook in die firing line wees.”

“En die final body blow is ...?” vra Giraffe.

Mukkadem vertel hom wat hulle in gedagte het. “En as jou man ons daarmee kan help, sal dit fantasties wees. Die gebou waarin die Spookeenheid se kantore is, is oud en afgeleef. Daar is geen sekerheidsmaatreëls nie en ook geen CCTV-kameras nie. Toe my manne hulle fone daar gaan tap het, het hulle die slot van die toegangsdeur na hulle kantore goed bekyk. Baie basies. Enige stel lopers sal dit oopsluit.”

Giraffe knik. “Goed so. Hy sal die job ka’ doen. Ma’ ek gaan nie die volle bedrag sponsor nie. Ek sal ten K gee, maar ek trek ten K van elkeen van jille se payments af.”

Hy grynsag. “Ons is mos partners in crime. Of hoe?”

Vleis het dit nie verwag nie, maar kan nie anders as om saam met Mukkadem te knik nie.

* * *

Kassie sukkel om vanaand tot ruste te kom. Die verantwoordelikheid om die Vermooten-saak vinnig opgelos te kry, rus swaar op sy skouers.

En dit is amper asof die brigadier die handdoek ingegooi het. Haar gebruikelike vurigheid om ’n saak aan die keel te gryp en daarmee te hardloop, was vanoggend afwesig.

Hy en Rooi het later daaroor gepraat. “Opvallend hoe casual sy oor als was. Ek het dit nogals nie verwag nie,” het Rooi gesê.

“Normaalweg sou sy gesorg het dat ons Ilze Delpont se selfoonrekords binne ’n dag kry deur gatte links en regs te skop, maar sy’t nie eens

aangebied om dit te doen nie.”

“My ook opgeval. Ek dink die feit dat die kommissaris die saak by haar wou wegvat, het as ’n moerse skok gekom. Sy was nog altyd sy blue-eyed girl. En as jy my vra, was dit vir haar meer van ’n vernedering as enigiets anders toe Mukkadem die kommissaris moes oortuig om van besluit te verander. En dit deur jou beuel te blaas sonder om na haar goeie eienskappe as bevelvoerder te verwys.”

“Ek weet nie ... sy is nie daardie soort mens nie. Sy gee ons nog altyd krediet by die hoof as ons ’n deurbraak maak. Vat nooit die eer vir haarself nie,” het Kassie gesê.

Nogtans voel dit vir hom of hy ’n nog groter las gaan dra ná Mukkadem se lofsange. Die polisiehoof gaan vorentoe direk op sy case wees. Hy is nie ’n slegte ou nie, maar hy is ook een van dié wat nie deur die ranks gekom het nie. Hy’t sy tande by die Staatsveiligheidsagentskap geslyp voor hy ’n paar jaar gelede uit die bloute in die hoogste polisie-amp in die Wes-Kaap aangestel is. Sulke politieke aanstellings begryp nie dat speurwerk geduld vereis nie. Hulle wil met die klap van ’n vinger ’n saak opgelos hê.

Hy sug. Gaan ook nie help om daaroor slapelose nagte te hê nie, besluit hy toe hy op die rusbank gaan sit. Hy haal die selfoon wat hy vanmiddag aangeskaf het uit sy windjekker se sak. Hy het vir ’n cheap tweedehandse model gegaan wat so na as moontlik aan sy ou Nokia is. Hy het geen begeerte om nog onderlê te word in die geheime van ’n fancy, high-tech gedoente nie.

Kassie is teleurgesteld dat hy niks van Amalia gehoor het nie. Dalk het sy nie selfoonontvangs op die plaas nie ... of bloot nie ’n behoefte om kontak te maak nie.

Hy krimp ineen by die gedagte terwyl hy na die plafon tuur.

Só het elke hart seker maar sy smart, soos sy pa altyd gesê het.

* * *

Hy pak die bokse uit wat hy vandag weer in Milnerton gaan haal het. Van môre af kan hy weer sy volle aandag aan sy passie gee.

Hy het ’n goeie dag agter die blad. Nadat hy die bokse ingedra het, het hy op die promenade gaan draf. Die sonnige weer het dit soveel aangenamer gemaak. Noudat sy sintuie weer werk, het hy die soort dinge opgemerk wat in sy donker tye by hom verbygaan. Lanklaas het hy so uitgelate gevoel. En

toe het hy boonop vroegaand by Mario's die lekkerste spaghetti bolognaise denkbaar gaan eet.

Op pad soontoe het hy Sylvia en Cara hier buite in die gang raakgeloop. Sy hart het dadelik weer vermurwe toe hy die dogtertjie met haar skattige kuiltjies sien.

Op 'n ingewing het hy hulle genooi om vroeg môreaand oor te kom vir 'n paar pannekoek. Sy mond water al 'n geruime tyd daarvoor en dis een ding wat hy kán maak.

* * *

Sy is weerloos teen sy sjarme, besef Sylvia waar sy in haar bed lê.

Elke nou en dan hoor sy Johan se geskuifel langsaan en dan klop haar hart van voor af onstuimig. Dis asof kalwerliefde haar oorval het soos laas in haar puberteitsjare.

Sy glimlag. Nie net sý is in die wolke oor die uitnodiging om môreaand pannekoek by hom te gaan eet nie. Sy het vanaand omtrent 'n stryd gehad om Cara in die bed te kry. Dié het onophoudelik gebabbel en dit was net “oom Johan” voor en “oom Johan” agter.

Toe sy oplaas slaap, kon Sylvia nie gou genoeg vir Benita bel om die nuus oor te dra nie.

“Daar het jy dit nou!” het haar vriendin uitgeroep. “Dis 'n duidelike teken hy stel in jou belang. En onthou, môreaand gaan slaap ek nie voor jy my 'n update gegee het nie!”

Die dag het eintlik verbasend goed verloop. By die werk was als rustig. Geen oproepe van Swart nie. Dit lyk of hy die voorval gaan doodswyg. Dit pas Sylvia. Sy sal ook nie daarna verwys nie. Swart weet immers nou hy kan nie 'n kans met haar vat nie.

Toe sy die bedlampie afsit, is haar gedagtes gou weer by haar buurman. Omtrent vir die eerste keer in haar lewe kan sy uitsien na opwindende tye.

Die geluksaligheid laat haar kop duisel.

Om hulle produktief besig te hou, het Kassie en Rooi vanoggend al die Claassens en Klaassens in die Skiereilandse telefoonboek begin bel.

“Dalk spoor ons die ou op wat Vermooten by Saddles gesien het, as hy regtig bestaan,” het Kassie gesê.

“En wat gaan dit ons help?” wou Rooi weet. “Hy gaan ons maar net vertel wat hy vir die Bellville-uniforms gesê het.”

“Klink nie of daai uniforms baie deeglik was nie. Minstens sal ons kan bepaal of hy honderd persent oortuig was van sy saak. En as hy stront praat, het ek darem die gemoedsrus dat ons nie die geleentheid om Vermooten vas te trek deur ons vingers laat glip het nie.”

Rooi het onderlangs gebrom.

“Buitendien het ons niks anders om te doen tot die Delpport-foonrekords hier land nie,” het Kassie beslis gesê.

Talle van die mense wat hulle gebel het, was klaar by die werk, maar in baie gevalle kon gesinslede of huishulpe werktelefoonnommers verskaf. Dit het baie meer oproepe behels as wat hulle voorsien het.

Nou, net ná drie, klap Rooi die telefoonboek toe. “Ek’s klaar. Nie een van die mense het ’n flippen clue waarvan ek praat nie ... en by jou?”

Kassie knik. “Dieselfde, maar met drie kon ek nog nie praat nie. Sal hulle maar later weer probeer.”

“Ek het twee sulke gevalle,” sê Rooi.

Hy staan op om vir hom koffie te gaan maak. “Wanneer kom Forensies se verslag van die Delpport-moord?”

“Lettie het dit nou-nou kom aflewer. Ek kyk juis nou daarna.”

“Ek was so besig met die bellery dat ek Lettie nie eens gesien het nie! Wat sê die verslag?”

“Nog net vlugtig daarna gekyk, maar niks wat ons nie reeds weet nie. Die vingerafdrukke op die toneel bevestig dat dit Vermooten was, die marmerbeeld was die moordwapen, hy het haar soos met sy ander slagoffers met sy knieë vasgepen en haar aan die keel beetgehad terwyl hy geslaan het. Volgens die patoloog is sy nie verkrag nie.” Hy sug. “Dieselfde bleddie storie.”

“Bliksis, Kassie, ons weet wie die donner is, ons weet min of meer hoe hy lyk, ons weet watse klere hy dra, ons weet hy moor wanneer die weer kak is, ons ken sy modus operandi, maar ondanks al hierdie inligting bly hy ons ontglip! Gaan ons hom óóit vastrek?!”

“Hy gaan iewers ’n fout maak. Dan sal ons iets konkreets hê om mee te werk. Ons moet net geduldig bly.”

Maar uit Rooi se siniese uitdrukking weet Kassie dit het nie oortuigend geklink nie. Eintlik glo hy homself ook nie meer nie.

* * *

“Het jy nuus, Vleis?” vra Mukkadem oor die foon.

“Wou jou juis nou phone. Die planne is honnerdbedonnerd vir vanaand. Giraffe se man het die plek uitgecheck. Daar is car guards in die straat, maar ná agt in die aand is die coast clear. Werknemers in die gebou gebruik after hours ’n sydeur om entrance te kry. Jy moet ’n nommer by die security gate inpons om dit oop te kry. Maar Giraffe se man het die nommer gekry by ’n buddy van hom wat ’n bode is by een van die businesses in die gebou. Geen CCTV cameras nie. Ek het ook vir Giraffe se ou die Ghost Unit se office layout gegee. Hy weet nou presies waarheen om te gaan.”

“En wanneer bel jy?”

“First thing tomorrow morning.”

“Van watter foon af?”

Vleis lag. “Ek’s darem nie stupid nie. Dis ’n cellphone wat nie na my of enigiemand anders getrace kan word nie.”

“Hoe vinnig dink jy sal hulle dan toeslaan?”

“Soos ek daai ouens ken, nog môreoggend.”

“Shit, ek hoop ons plan werk, Vleis.”

“Dit sal. Trust me.”

* * *

Sylvia was effe geskok oor Johan se karig gemeubileerde leefkamer – net ’n klein, verslete rusbankie, ’n enkele stoel en ’n TV-stel. Niks teen die mure nie, nie eens ’n mat op die bruin teëlvloer nie. Sy het gedink sy woonstel sal weelderig gemeubileer wees. Dis immers net welgesteldes wat kan bekostig om hier te huur.

Hy moes die verbasing op haar gesig gesien het.

“Verskoon maar hoe dit lyk, maar ek het nog nie regtig tyd gekry om die plek ordentlik in te rig nie.”

Hy moet pas geskei wees, het Sylvia gedink. Sy eks sit natuurlik met die huis en meubels. Sou daar kinders wees?

Sy het hom dopgehou terwyl hy liefderik sy hand op Cara se krulkoppie sit.

“Kom ons gaan kombuis toe en eet pannekoek,” het hy hulle genooi.

Sy en Cara het by die ingeboude tafeltjie gaan sit terwyl hy by die toonbank doenig was. Toe het hy eers met ’n geamuseerde frons na Cara se gebabbel geluister van hoe stout haar Barbie-pop is “wat nie in die aande wil gaan slaap nie”.

Tot Cara se vermaak het hy die pannekoeke hoog die lug ingeskiet en keer op keer in die pan gevang. By tye het sy gekraai van die lag.

“Jy lyk soos ’n professionele pannekoekbakker. Waar het jy die kuns aangeleer?” het Sylvia gevra.

“By ’n tante van my,” het hy geantwoord, maar nie daarop uitgewei nie.

Sou sy ouers hom ontval het sodat hy by sy tante moes gaan bly?

Daar was soveel ander vrae wat sy vir Johan wou vra. Waar hy grootgeword en skoolgegaan het. Oor sy werk, sy lewe tot nou. En natuurlik sou sy soveel meer oor sy persoonlike lewe wou uitvind. Hoeveel keer sou hy al iemand liefgehad het? En hoeveel teleurstellings het hy al beleef? Daar is soms trekke van hartseer in sy oë.

Maar sy kon dit nie waag nie, want sy het nie antwoorde gereed vir as hy meer oor háár verlede wil weet nie.

Toe hulle wegval met die pannekoek, het sy met alledaagse praatjies na hom probeer uitreik, maar Cara het haar telkens onderbreek. Dan het hy maar te gewillig aandag aan haar gegee.

In ’n stadium het Cara haar glas koeldrank omgestamp en die hele tafel bemors. Sylvia het ontsteld opgespring om skoon te maak, maar hy het onverstoorbaar sy hand opgehou en dit self met ’n lap skoongevee. Dit terwyl hy met Cara grappies maak.

Hulle het ná die tyd in die leefvertrek gaan sit. Hy het vir Sylvia koffie aangebied. Dit toe gaan maak en ewe op ’n skinkbord aangedra.

Hy is so hoflik, daar’s amper iets ouwêrelds aan hom, het sy gedink.

Nou, terwyl Cara op Sylvia se skoot sit en haar oë wil-wil toeval, tree daar ’n stilte in.

“Cara se woordeskat is ongelóóflik goed vir ’n vierjarige,” sê hy uit die bloute.

Sy voel gevelei en lag skaam. “Seker omdat ek elke aand vir haar ’n storie lees. En dan is sy van nature vreeslik nuuskierig – verstom my soms met hoe sy my uitvra oor dinge, wat ek dan in grootmenstaal probeer verduidelik.”

Hy glimlag. “Kry seker haar taalvaardigheid van haar ma. Hulle sê mos dis oorerflik.”

“Nie regtig nie. Ek beskou myself eerder as ’n syfermens.”

“Dan seker van haar pa?”

Sylvia verstyf. Dit voel of haar keel toetrek. “Ek ... weet nie. Ek ... ons het nooit getrou nie. Ek en Cara het geen kontak met hom nie.”

Sy wil skielik net wegkom. As hy haar verder uitvra, gaan sy begin lieg. En sy het haar voorgeneem om dit onder geen omstandighede te doen nie.

Sylvia kyk af na die nou slapende Cara. “Ek sal haar in die bed moet kry. Dis al verby haar slaaptyd.”

Hy staan dadelik op uit die rusbank. “Wag, laat ek haar dra.”

Hy moet laag buk om Cara van haar skoot af te lig, sy gesig amper teenaan hare.

Sy kry ’n wilde bevlieging. Kan haarself nie keer nie.

Sy leun vorentoe en soen hom op die mond.

“Die donner met wie ek gepraat het, het nie geklink of hy my glo nie,” sê Vleis in ’n fluisterstem vir Mukkadem oor die foon.

“Shit, hoe so?”

“Gesê dit klink vir hom na ’n totally unreliable story. Hy het ook daarop aangedring dat ek moet sê wie ek is. Ek het gesê ek het my redes waarom ek anonymous wil bly. Toe die foon doodgedruk.”

“Dink jy hulle gaan dit ondersoek?”

“Ek fokken hoop so. Ons het groot problems as die ding skeefloop. Giraffe gaan ons van ’n kant af opfok as hy sy ten K met dié ding wegsmyt.”

“Daaraan hoef jy my nie te herinner nie, Vleis.”

“Kom ons hoop maar vir die beste. Hou net jou oor teen die grond. Die storie behoort vinnig te loop.”

Mukkadem se stem is effe skor. “Ek sal maar vandag naby die hoof se kantoor rondhang – ek het darem ander sake daar. Hy behoort die nuus vinnig te kry.”

* * *

Hy is vroeg uit die bed. Tyd om te dink, besef hy.

Noudat sy lewe weer ’n rustigheid en geordenheid het, is hy in staat tot rasionele besluite.

Dit sou onnosel wees om die beskrywing van hom in *Rapport* heeltemal te ignoreer. Toe hy dit Sondag gelees het, was sy denke nog nie helder genoeg nie en het hy die berig te vinnig as onbelangrik afgemaak.

Nou lees hy die knipsel weer aandagtig deur.

Hy neem hom voor om nooit weer ’n pet te dra nie. Hy sal sy voorkoms moet verander. Hy sal voortaan kortmouhemde pleks van T-hemde dra. Dalk moet hy ook sy Hilux vervang met ’n ander bakkie. Hy kan ongelukkig nie nou sy tradisionele Afrikaanse naam verander nie – eers as hy weer na ’n ander plek trek.

In die berig word hy beskryf as 'n alleenloper in die ware sin van die woord, wat gewoonlik vroue se attenties vermy en wegstrem van sosiale geleenthede. Daaraan sal hy iets moet doen.

Die onverwagse soen wat hy gisteraand van sy buurvrou gekry het, het hom 'n opsie gegee. Hoewel hy geen begeerte het om met haar 'n verhouding aan te knoop nie en sy in der waarheid vir hom onbenullig is, is dit 'n geleentheid om sy alleenloperstatus te verander en haar só tot sy voordeel in te span. Dit gaan veiliger wees om gereeld saam met haar gesien te word en selfs nou en dan 'n sosiale geleentheid saam met haar by te woon.

Die enigste risiko daaraan verbonde is dat Sylvia so ontsettend baie op sy ma trek. En diep agter in sy kop bly die wete dat alles kan verander, dat iets kan gebeur wat die sneller in hom trek sodat hy weer die grens na die verlede oorsteek.

Maar die groeiende gemoedelikheid van die afgelope paar dae stel hom gerus. Die risiko is klein. Wat in sy buurvrou se guns tel, is dat sy 'n dogtertjie het en bowenal dat sy 'n goeie en liefdevolle ma blyk te wees.

In skrilte kontras met sy eie ma en van die vroue met wie hy verhoudings aangeknoop het.

Sy gedagtes spring na dertien jaar gelede. Die verpleegster het baie soos sy ma gelyk. Juis daarom was hy aangetrokke tot haar toe hy haar die eerste keer sien, maar op 'n wraaksugtige manier wat moeilik was om te beskryf. En daarom het hy vir die eerste keer 'n alias gebruik. Hy het geweet hy kan homself nie vertrou nie. Aanvanklik was hulle verhouding teen sy verwagtings in goed. Tot sy op 'n dag teenoor hom gebieg het dat sy dit haat om in die kindersaal te werk.

“Om aanhoudend kermende kinders se snotneuse skoon te vee, walg my,” het sy gesê. Daar was nog sulke opmerkings. Die herinneringe het vir die eerste keer weer hulle opwagting gemaak en hy was oortuig daarvan dat dié vrou nooit 'n goeie ma sou wees nie. Hy het gevoel dis sy plig om enige toekomstige kinders teen haar te beskerm. Sy idee was om haar net met die brandende stomp te skend sodat geen man weer in haar sou belang stel nie. Dan sou sy nooit kinders hê nie. Maar op daardie stormagtige aand het sy opgekropte haat die oorhand gekry en het hy haar doodgeslaan. Dit was een van die mees bevrydende oomblikke in sy lewe.

Die kopieskrywer in Sandton het onwelkome assosiasies by hom aangewakker. Sy het eerstens dieselfde parfuum as sy ma gebruik. Haar

teenwoordigheid, veral wanneer sy haar klaar gegrimeer en bespuit het, wou hom waansinnig maak – die herinneringe aan sy ma so oorweldigend dat hy slegs met die grootste inspanning sy selfbeheersing kon behou. En wanneer sy op haar luide manier gelag het en hy sy oë toegemaak het, is dit sy ma wat hy gehoor het.

Dit was dieselfde hoonlag as waarmee sy hom as kind geteister het. Hy het geweet die kopieskrywer sou ook nie 'n goeie ma vir haar kinders wees nie.

Die lugwaardin het gou haar ware kleure gewys. Skaars 'n week nadat hulle begin uitgaan het, het sy 'n klompie jong seuns uitgeskel wat in die tuin van sy huurhuis in Kempton Park na hulle rugbybal gesoek het. Hy het gesien hoe sy soos 'n viswyf teenoor die verskrikte seuntjies uitvaar omdat hulle kwansuis die plante beskadig. Sy het selfs een geklap. Dit het haar doodsertifikaat onderteken.

Sy ander slagoffers was onskuldig in daardie opsig – die ou vrou in die rolstoel, die dramastudent, Mercia en al die prostitute. Met hulle het hy nie goeie redes nodig gehad om te moor nie, hy was eenvoudig nie bestand teen die drang wat van hom besit geneem het nie. Dit het namens hom besluit en voorgeskryf hoe dit moes gebeur – wie voor hulle dood gemartel moes word en wie nie.

Ilze Delport was bloot ongelukkig. Sy was die enigste plaasvervanger vir sy buurvrou aan wie hy Saterdagavond kon dink. Sy moordlus het geëis dat iemand móés sterf. As dit nie was vir klein Cara se verskyning in sy buurvrou se woonstel nie, het Ilze nog gelewe.

Die lewe kan soms bitter onregverdig wees. Daarvan is sy jeugjare dan 'n sprekende voorbeeld.

* * *

Sylvia is verheug dat sy vanoggend 'n bietjie langer by die woonstel kan bly. Sy moet eers tienuur in die stad wees vir 'n promosie-uitstalling. Dit gee haar 'n geleentheid om rustig met Benita te gesels wanneer sy halfagt hierheen kom.

Sy het Benita nie gisteraand gebel om te laat weet hoe die kuier met Johan verloop het nie, net 'n whatsapp gestuur om te sê sy sal haar vanoggend inlig. *Baie het gebeur!* het sy geskryf om haar vriendin se nuuskierigheid nog verder te prikkel.

Sylvia glimlag toe haar selfoon tien oor sewe lui. Benita wou doodseker maak hulle het genoeg geselstyd. Sy stap na die deur en druk die knoppie op die klein paneelbord om die veiligheidshek oop te maak.

Enkele minute later laat sy Benita binne. Haar hare is ongekam en sy dra 'n vormlose blou trui wat soos 'n sak aan haar hang.

“Ja, ek weet ek lyk soos die hel self, maar ek het verslaap, toe sommer gisteraand se klere gegryp en hierheen gejaag in die vrees dat jy nie gaan kans kry om my 'n vollédige verslag te gee nie,” lag sy. “Slaap Cara nog?”

“Nog so uit soos 'n kers. Gisteraand se opwinding het haar omtrent uitgeput.”

Hulle gaan sit in die leefkamer. “Koffie?” bied Sylvia aan.

“Vergeet van die koffie. Uit met als!”

Sylvia vertel haar kortliks hoe dit afgeloop het. “Cara het my natuurlik weer gekortwiek deur onophoudelik te babbel. En Johan gee maar net te graag aandag aan haar.”

Benita probeer nie om haar teleurstelling te verberg nie. “Ek hoop nie dis ál wat jy te vertelle het nie?”

Sylvia lag. “Nee, nou vir die groot nuus. Maak vas jou sitplekgordel. Ek het hom gesoen.”

“Wat! Gesoen! Jy vir hom of hy vir jou?”

“Hy het oorgeleun om die slapende Cara van my skoot af te lig. Ons gesigte was amper teenaan mekaar. Toe soen ek hom.”

Benita sit vorentoe in haar stoel. “Nee, suster, so maklik gaan jy nie wegkom nie. Ek wil elke sappige stukkie detail hoor. Het hy terug gesoen?”

Sylvia lag. “Dit was nie 'n oopbeksoen nie ... hoewel sy lippe darem nie op mekaar gebly het nie.”

“Wat het hy gesê?”

“Niks. Ons het ná die soen net woordeloos na mekaar gekyk. Dit het gelyk asof hy my gedagtes probeer lees. Ek dink nie ek het al ooit in my lewe so gebloos nie – ek't gevoel hoe die hitte teen my nek opkruip en in my wange gaan sit.”

“Was daar nie eens 'n flikkering van belangstelling in sy oë nie?”

“Moeilik om te sê. Ek kan hom nie peil nie. Hy't hartseer oë. As jy my vra, het hy onlangs 'n liefdesteleurstelling gehad.”

Benita knik. “Dalk geskei? So 'n aantreklike man in sy laat dertigs móés al getroud gewees het.”

“Ek hoop nie ek het ’n gek van myself gemaak nie. Dalk stel hy hoegenaamd nie in my belang nie.”

“As hy nie in jóú belang stel nie, stel hy hoegenaamd nie in vroue belang nie. Maar ek dink jy’s reg: Hy moes baie seergekry het in ’n vorige verhouding. Sulke ouens moet maar met handskoene hanteer word.”

Benita dink ’n rukkie na. “Ons moet iets bewimpel dat jy ’n aand alleen met hom deurbring – sonder Caratjie wat die show steel. Dis al manier hoe julle mekaar beter gaan leer ken.”

Kassie staar doelloos na sy rekenaarskerm. Hy was lanklaas in sy loopbaan só gefrustreer.

Hy en Rooi het vanoggend die Claassens gebel gekry wat gister nie beskikbaar was nie. Dit het op niks uitgeloop nie.

Kassie kyk op sy horlosie. Al amper twaalfuur. Hy weet nie hóé hy die middag gaan omkry nie. Hulle is vroeër ingelig dat Ilze Delport se telefoonrekords eers môre beskikbaar sal wees.

“Ek gaan koffie maak. Kan ek vir jou bring?” vra Rooi langs hom.

Dan bars die deur oop. Lettie.

“Bliksis, laat jy my skrik! Is dit nodig om die deur af te breek as jy inkom?” wil Rooi vererg weet.

Sy steur haar nie aan hom nie. “Kassie, jy moet dadelik na die brig se kantoor kom.”

“Wat’s fout?”

“Daar is twee uniforms by haar. Sy’t net vir my gesê jy moet so gou moontlik kom. Sy lyk nogal gerattle.”

Kassie haas hom soontoe.

Die deur is oop. Die brigadier staan voor haar lessenaar by twee uniforms wat hy nie ken nie.

“Maak asseblief die deur toe, Kassie,” sê sy. Daar is ’n effense trilling in haar stem.

Sy beduie na die uniforms. “Dis kaptein Marx en adjudant Ontong van die Teeninligtingseenheid.”

Kassie skud blad met hulle. Wat sou Teeninligting hier doen? Dis die ouens wat polisie-korrupsie en -wandade ondersoek. Gewoonlik meng hulle nie in met gewone polisiewerk nie.

Die brigadier haal diep asem voor sy praat. “Kassie, ek wil hê jy moet as my getuie bystaan terwyl hulle my kantoor deursoek.”

“Deursoek?”

Sy wys na die langer een van die twee uniforms. “Laat kaptein Marx jou vertel.”

Marx kug. Hy lyk ongemaklik. “Wel, dis vir ons ook ’n moeilike situasie, maar ons voer net ’n opdrag uit. Self glo ek dit sal op niks uitloop nie en –”

“Kom tot die punt, kaptein,” onderbreek die brigadier hom bars.

Hy knik gedwee. “Ons eenheid het vroeg vanoggend ’n oproep van ’n man gekry ... wat anoniem wil bly. Hy ... beweer dat brigadier Fortuin geld van die reeksmoordenaar Pieter Vermooten ontvang het om die ondersoek na hom te ontspoor ... vermoed hy.”

Kassie lag. “Goeie bliksem! En julle glo hom?!”

“Dit was my reaksie ook, Kassie,” sê die brigadier.

“Die man beweer hy was ’n ooggetuie toe Vermooten die geld vanoggend om halfsewe voor die brigadier se huis aan haar oorhandig het. Volgens hom het die brigadier ’n sak, wat amper soos ’n toksak lyk, uit haar kar se kattebak gehaal. Hulle was skuins agter haar kar, maar die man beweer hy kon alles sien. Vermooten het die bondels note, wat hy uit ’n swart vullissak gehaal het, toe in die brigadier se sak gepak. Sy het die sak toe weer in haar kattebak gesit. Die inbeller beweer hy het haar daarna agtervolg tot hier by julle kantoor. Hy het gesien hoe sy met die sak in haar hand by die sy-ingang van die gebou ingaan.”

“Hoe vroeg was jy hier, brigadier?” vra Kassie.

“Net ná sewe. Ek moes vroeg inkom om aan Piedt en Colyn se diefstalsaak aandag te gee. Ek het wel by die sy-ingang ingegaan omdat die hoofingang nog gesluit was, maar beslis sonder enige sak.”

“Dit klop wel met die tyd wat die inbeller aangegee het,” sê Marx.

Die brigadier vererg haar bloedig, haar stem styg skerp. “Julle is besig om julle en my tyd te mors!” Sy kyk na Kassie. “Het jy al ooit in jou lewe so ’n belaglike aantyging gehoor?!”

Kassie skud sy kop. “En hoe het die ou nogal geweet dis Vermooten wat die geld aan die brigadier oorhandig?” vra hy geamuseerd vir Marx.

“Ons man wat die oproep hanteer het, wou ook dit weet. Die inbeller beweer hy het Vermooten dadelik herken aan die beskrywing in die koerante. Hy het glo ’n blou keps opgehad, het ’n T-hemp en jeans gedra en was lank en gespierd. Die inbeller, wat ’n entjie daarvandaan in sy kar op iemand gewag het, beweer hy wou Vermooten eers volg, maar dié het met ’n taxi gekom, wat ná die oorhandiging met tollende wiele weggetrek het. Hy het besef hy gaan nie by die taxi kan byhou nie en het besluit om die brigadier te agtervolg.”

“En hoe het hy geweet dit is die brigadier?”

Marx gee 'n verleë laggie. “Ons man het ook gevra. Hy beweer hy het haar herken aan foto's in die pers. 'n Vriend van hom wat daar naby bly, het ook per geleentheid vir hom gesê die baas van die Spookeenheid bly in daardie straat.”

Die brigadier lyk nou meer in beheer. “Reg, menere, doen wat julle moet doen. Ek is toegegooi onder die bleddie werk. Is dit dan reg as kaptein Kasselman bystaan terwyl julle my kantoor omdolwe?”

Marx is weer ongemaklik. “Brigadier, ons sal ordelik werk en niks omdolwe nie. En u en kaptein Kasselman is welkom om by te staan.” Hy bly 'n oomblik stil. “Glo my, hierdie taak is vir ons net so onaangenaam as vir u.”

Die brigadier snork en gluur hom aan.

Kassie se blik skeer vlugtig oor die kantoor. Dit behoort vinnig te gaan. Behalwe vir haar lessenaar is daar 'n groot houtliasseerkabinet teen die agterste muur en 'n outydse staalkabinet in die een hoek. Geen ander wegsteekplek vir 'n sak vol geld nie.

Sy kom staan langs Kassie en fluister: “Die kommissaris sal beslis hiervan hoor. Dat my integriteit só in twyfel getrek word, is 'n bleddie klad op hierdie fools se naam. Hy sal hulle goed voor stok kry.”

Marx en Ontong begin lessenaarlaaie ooptrek. Marx buk af en krap in die onderste laai, skud dan sy kop. Hulle beweeg na die houtliasseerkabinet en maak die laaie een vir een oop. Van waar Kassie staan, sien hy daar is net lêers en pakke dokumente in.

Hulle stap na die staalkabinet in die hoek. Marx probeer die boonste laai oopmaak, maar dis gesluit. Hy kyk verleë na die brigadier.

“Maak net jou oë oop! Die sleutel hang aan die hakie daar langs die kabinet,” sê sy.

“Jammer, ek ... het nie gesien nie,” mompel Marx en neem die sleutel.

Hy sluit die kabinet oop en kyk by die eerste laai in, trek dan die tweede een en laastens die onderste een oop. Hy frons, buk af en haal 'n sportsak uit die onderste laai. Die voorletters *SO* is in goud op die blou materiaal geborduur.

Kassie hoor hoe die brigadier haar asem intrek. “Wat de hel doen daai sak hier?! Dis ... dis 'n ou sportsak wat ek op skool vir hokkie gebruik het. Dis veronderstel om in 'n kas in my huis te wees.”

“Waarvoor staan die *SO*?” vra Marx.

“Shaheena October. My nooiensvan.”

Marx sit die sak op die lessenaar neer. Kassie en die brigadier staan nader. Marx trek die ritssluiters oop.

Daar is 'n klomp bondels note, met rekkies vasgebind.

Die brigadier staar oopmond na die inhoud.

Haar stem grens aan histerie. "Iemand het dit in my kantoor geplant! Dis donners belaglik om te dink ek het ..." Sy voltooi nie haar sin nie, maar Kassie sien hoe haar liggaam onbedaardelik begin bewe.

"Het u onlangs 'n inbraak by u huis gehad? Dat die sak dalk só gesteel is," vra Marx, self uit die veld geslaan.

"Nie waarvan ek weet nie, maar dis bleddie duidelik dat iemand wel in my huis was," sê sy.

Marx vee met sy duim 'n lagie sweet van sy bolip af, kug. "Ek sal ongelukkig 'n oproep na my baas moet maak." Hy haal 'n selfoon uit sy sak. "Verskoon my net 'n oomblik." In die deur steek hy vas, kyk na Ontong. "Adjutant, sal jy solank die geld in die teenwoordigheid van die brigadier en die kaptein tel?"

Die brigadier sak in een van die besoekerstoele voor haar lessenaar neer. Kassie het haar nog nooit so verdwaas gesien nie.

"Kan ek vir brigadier water ... of iets bring?" vra hy.

Sy skud haar kop. 'n Spiertjie in haar wang spring en haar onderlip bewe liggies.

Vleis raap sy selfoon van die lessenaar op die oomblik toe dit begin lui.

Mukkadem.

Hy praat in 'n fluisterstem: "Die nuus het gebreek. Die hoof het my pas gebel, gesê ek moet dadelik na sy kantoor toe kom. Hy't gesê daar het 'n moerse fokop plaasgevind."

"Is dit al?"

"Ja, maar ek kan net raai dis oor Fortuin. Kan nie nou verder praat nie. Ek is in die gang op pad na hom. Bel jou later."

Vleis sit nog vir 'n oomblik roerloos nadat Mukkadem afgelui het.

Dan maak hy sy onderste lessenaarlaai oop, voel-voel na die halfjack in die agterste hoek en haal dit uit. Hy vat twee groot teue uit die bottel voor hy dit terugsit.

Hy bel sy sekretaresse op die landlyn. "Cancel vanmiddag se twee meetings. Something important het gebeur wat my gaan besig hou. En check lat niemand ongenooi in my office kom."

* * *

Rooi sit agteroor in sy stoel, voete op die lessenaar, en blaai deur 'n tydskrif toe Kassie die kantoor binnekom. Hy kyk op, frons. "Bliksis, maar jy's bleek!"

"Dan moet jy die brigadier sien. Dié lyk soos 'n spook."

Kassie gaan sit agter sy lessenaar.

"Fok, wat het gebeur, Kassie?"

"Die Teeninligtingseenheid was hier. Daar is dertigduisend rand in haar kantoor gekry, wat sy na bewering van Vermooten ontvang het om die ondersoek na hom te laat ontpoor."

Hy sien die momentele skok op Rooi se gesig, maar dan verskyn daar 'n groot glimlag op sy kollega se gesig. "Jy lieg! Jy's besig om my been te trek, nè?"

Kassie sug. "Ongelukkig nie." Hy vertel breedvoerig wat gebeur het terwyl Rooi hom met wydgesperde oë aanstaar.

“En ... waar’s sy nou?”

“Huis toe. Marx het haar ingelig sy is met onmiddellike ingang geskors tot die interne ondersoek afgehandel is.”

“Wie gaan die ondersoek doen?”

Kassie trek sy skouers op. “Weet nie. Seker ’n span van Teeninligting. Of dalk sal een van die eenheidshoofde die bewerings ondersoek, soos hulle onlangs gedoen het toe daai generaal-majoor die blitspatrolie wederregtelik gebruik het om vir hom en sy buddies gunste te doen.”

“Hel, hierdie klag is baie ernstiger as daai een. Ons sal die brigadier by die huis moet bel? Sy het ons ondersteuning nou broodnodig.”

Kassie hou sy hand op. “Marx het dit baie duidelik gestel: Ons mag nie met haar in verbinding tree nie en sy ook nie met ons nie. Trouens, tot die ondersoek afgehandel is, mag sy geen SAPD-lid kontak nie, nie eens haar huis verlaat sonder om haar naaste polisiestasie in te lig oor haar bewegings nie. Enige oortreding van haar kant sal in ’n baie ernstige lig beskou word, het hy gesê.”

“Maar dis mos die grootste bullshit onder die son! Daai vrou het nie ’n skelm vesel in haar lyf nie. Sy’s dalk soms vol kak, maar dis net omdat sy haar werk deeglik gedoen wil hê.”

Kassie knik. “Ons wat haar ken, weet dit. Maar die anonieme fluitjieblaser se donnerse storie en die feit dat daar geld in haar kantoor gekry is, lyk nie goed vir haar nie.”

“As bevelvoerder van ’n elite-eenheid waarop sy ongelooflik trots is, sal sy mos nie ’n ondersoek vir dertigduisend rand wil laat ontspoor nie. As dit miljoene was, was dit dalk ’n ander saak.”

“Miljoene sou haar ook nie geswing het nie. Die hele storie is ongeloofwaardig. Iemand het die geld daar geplant. Daarvan is ek fókken seker. En ek kon sien haar verbasing was eg toe Marx die sak uit die staalkabinet haal. Wie sal in elk geval so stupid wees om omkoopgeld in jou kantoor weg te steek? Dit sou selfs ’n veiliger opsie gewees het om dit onder jou matras by die huis te hou. Teeninligting is juis saam met die brigadier na haar huis om dit ook te deursoek. Ek kon hulle ’n brief gee hulle mors hulle tyd. Sy is so onskuldig soos ek en jy.”

Rooi staan op uit sy stoel en slinger die tydskrif op die lessenaar neer. Kassie merk hy is ook nou bleek. “Ek stem honderd persent saam met jou, maar daai ondersoek om haar onskuldig te bewys, is uit ons hande. Daaraan kan ons boggherol doen. Die reality van die saak is dat ons nou in ’n kak

situasie is. Wat gaan gebeur? Kry ons 'n tussentydse bevelvoerder? En gaan ons nog die Vermooten-saak hanteer?" Hy aarsel 'n oomblik. "Of dalk is dit die einde van die Spookeenheid en sit ek en jy binnekort op straat?"

"Your guess is as good as mine, Rooi. Ek't ook nie 'n clue nie."

* * *

"Aanvanklik wou hy nie glo dat sy blue-eyed girl só iets sou doen nie," lag Mukkadem oor die foon.

"Sou so dink," sê Vleis.

"Maar toe praat hy direk met die ou van Teeninligting wat die geld in haar kantoor gekry het. Deurslaggewend was die feit dat sy erken het sy het vanoggend seweur by die werk opgedaag, wat ooreenstem met die anonieme inbeller se storie." Hy gee 'n laggie. "Dit was 'n briljante skuif van jou om Giraffe se man opdrag te gee om hulle gebou vanoggend dop te hou."

Vleis grinnik. "Ek het gescheme daai spesifieke tyd kan punte tel."

"Ek het die vuur verder gestook deur te sê dis nie 'n wonder soveel dinge het reeds verkeerd geloop met die saak nie – die dossier wat gesteel is en die slip-up met die Saddles-oproep. Ek het gesê ek sal nie verbaas wees as sy agter daai goed gesit het nie."

Mukkadem lag weer. "Die hoof is omtrent nou in 'n toestand. Sy woorde aan my was: 'Nou gaan my fokken kop op die chopping block wees omdat een van my most trusted officers so donners korrup was.'"

"Sal ons hierdie storie aan my newspaper buddy lek?" vra Vleis.

"Nee, daai kans kan ons nie waag nie," sê Mukkadem beslis. "Dan sal die hoof weet iemand in sy binnekring praat uit. Die hele storie moet hush-hush gehou word. Hy het klaar opdrag aan al die eenheidshoofde gegee dat indien hulle enige navrae van die media oor Fortuin se afwesigheid by die werk kry, hulle moet sê sy is met siekverlof."

"Wie gaan nou in haar plek by die Ghost Unit waarneem?"

"Die hoof sal later vanmiddag daaroor besluit. Hy't gesê hy moet nou eers hierdie fokop met die nasionale kommissaris en die minister bespreek voor daar besluite geneem kan word."

"Kan jy dink watse bonus ons by Giraffe gaan pocket as dié Fortuin-storie die chieft se einde beteken?"

"Praat jy!"

* * *

Kassie sit in sy woonstel se studeerkamer voor sy rekenaar. Hy het op Facebook ingegaan, maar vanaand help dít nie eens om sy aandag af te lei van vandag se skokgebeure nie.

Hy stap koponderstebo kombuis toe en maak die yskas oop, neem 'n sluk uit die bottel Creme Soda. Hy mik-mik om die vleispastei te vat, maar trek sy hand vinnig terug. Buiten dat die ding seker al drie dae daar lê, het hy sy eetlus verloor.

Behalwe vir die feit dat Amalia hom nog nie gekontak het nie, voel hy siek én woedend oor die brigadier se situasie. Hy is honderd persent seker sy is deur iemand geframe.

In die sitkamer val hy op die rusbank neer, tuur lank na die dooie TV-skerm.

Dan sug hy, staan op en stap uit op die balkon. Dis soel buite en Voortrekkerweg is besig. Hy staar na die oorkant van die pad waar twee boemelaars besig is om vir die aand bed op te maak onder die afdakkie van 'n meubelwinkel. Skielik breek daar 'n heftige stryery tussen die twee uit. "Jy het my kussing gesteel! Mens kan okkie meer jou tjommies trust 'ie!" skree een bo die verkeer se gedruis uit.

Dadelik kom die gedagte by Kassie op: Dit kan een van die brigadier se sogenaamde tjommies in hoë polisiekringe wees wat haar gat probeer toestee. Party van daai bliksems sal enigiets doen om hulle eie posisies te verbeter. En sy hou vir sommige van hulle 'n bedreiging in. As die kommissaris se gunstelingoffisier is sy die ideale teiken. En die brigadier het al by meer as een geleentheid laat blyk dat baie van hulle groen van jaloesie is oor die Spookeenheid se suksesse. Dalk sit hy die pot heeltemal mis, maar dit is iets wat 'n mens nie buite rekening kan laat nie.

Nog iets knaag aan hom. Waarom sou 'n lid van die publiek wat die ooggetuie van 'n sogenaamde geldoorhandiging was, nie bereid wees om 'n amptelike verklaring af te lê nie? Die polisie sou tog die fluitjieblaser se anonimiteit kon waarborg as hy daarop sou aandrang. Dit maak net nie sin nie. En hoekom sou 'n geldoorhandiging oop en bloot voor die brigadier se huis plaasvind, vir enigeen om te sien? Die hele ding ruik na rot.

Kassie kners so hard op sy kake dat 'n stopsel in sy kies begin pyn.

Hy gaan fokken uitvind wie haar geframe het, al is dit die lááste ding wat hy in sy polisieloopbaan doen.

Die gesketter van die voëls in die denneboom langs sy slaapkamervenster maak hom wakker. Dis al amper halfagt.

Hy spring vervaard uit die bed en trek haastig aan. Die sonnetjie val flou in toe hy die venster oopmaak vir vars lug. Skril kinderstemme klink op in die straat. Hulle moet op pad skool toe wees, neem hy aan. Verder af is 'n span munisipale werkers besig om 'n slaggat te herstel, wat die verkeer laat opdam en 'n wolk van uitlaatgasse tot gevolg het. Wat besiel hulle om só vroeg te kom werk, in spitsverkeer? Hy maak die venster toe om die dampe uit te hou.

Vir 'n oomblik talm hy daar. Hy glimlag. Vandat sy gedagtes skoon is, werk al sy sintuie werklik weer voluit. Hy is bewus van klanke, geure en bedrywighede om hom – so anders as wanneer sy kop in die donker verlede vasgevang is.

Vyf-en-twintig voor agt stap hy na die voordeur, maak dit oop en bly staan. Dis die tyd wat sy buurvrou werk toe gaan. 'n Vriendin van haar kom halfagt om na Cara om te sien, het sy mos gesê.

Toe hy haar voordeur hoor oopgaan, stap hy uit en sluit sy eie deur. Hy kyk gemaak verbaas na haar. “En as ons so op dieselfde tyd die pad vat?”

Sy lag. “Ek is op pad werk toe. En jy?”

“Moet gou melk by die kafee gaan kry.”

Terwyl hulle vir die hysbak staan en wag, sê hy: “Dis eintlik goed ek loop jou raak. Het jy nie lus om môre saam met my te gaan fliet nie? Dis nou te sê as jy vir Cara 'n oppasser kan kry.”

Daar is dadelik 'n blos op haar wange. “Oe, dit sal lekker wees! Ek het jare laas 'n fliet op die grootskerm gesien.” Sy aarsel 'n oomblik. “En dit sal géén probleem wees om 'n oppasser te kry nie.”

* * *

Lettie het gekom om die nuus aan Kassie-hulle oor te dra.

“Generaal-majoor Peter Mukkadem van Misdaadintelligensie het my gebel. Hy gaan waarneem in die brigadier se plek. Hy het vergaderings vir

vanoggend met al drie ons speurspanne geskeduleer. En julle is tienuur eerste aan die beurt.”

“Eintlik ’n bedekte seën dat Mukkadem gaan waarneem,” het Rooi gesê. “Dit was mos hy wat anderdag by die eenheidshoofde se meeting vir die brigadier en die Spookeenheid in die bres getree het. En hy het ’n hoë dunk van jou as speurder. Ken jy hom, Kassie?”

“Nie regtig nie. Hom by een geleentheid ontmoet. Gehoor hy word hoog geag en dat hy deur sommige geoormerk word as ’n toekomstige Kaapse polisiehoof. Maar dié nuus kan my gemoed beswaarlik lig. Ek is steeds woedend dat hulle nie dadelik kan insien die brigadier is geframe nie.”

“Gaan jy dit vir hom sê?”

“Vir bleddie seker!”

Kassie se landlyn lui en hy tel op. Hy luister aandagtig.

“Shit!” sê hy toe hy aflui.

“Wat’s fout?” vra Rooi.

“Ons kry die Delpoort-selfoonrekords nou eers môre. Dit vat glo langer omdat ons saam met die nommers ’n uitdruk versoek het van die name en adresse van die mense wat met haar gepraat het.”

“Wat gaan ons doen as daai rekords niks oplewer nie?”

Kassie trek sy skouers op. “In dié stadium wil ek nie verder as die foonrekords dink nie. Die brigadier se situasie oorheers nou my verdomde gedagtes.”

* * *

Sylvia kan nie haar aandag bepaal by die verslag wat sy moet opstel oor haar welslae by die onlangse promosie-uitstalling nie. Swart het dit per e-pos versoek. Sedert die voorval het hy haar nog nie weer gebel nie.

Swart is nie nou van belang nie. Johan is permanent in haar gedagtes. Sy is in die wolke oor die uitnodiging om môreaand saam met hom te gaan fliek. Dit wys darem hy stel ook in haar belang en is nie net nice met haar oor Cara nie. Laasgenoemde gevolgtrekking was ’n nare gedagte wat sy sedert die pannekoekaand nie kon afskud nie. Nou is dít gelukkig besweer.

Sy glimlag. Die soen het hom beslis nie afgeskrik nie.

Sy is bly haar ouers is beskikbaar om Cara by die woonstel te kom oppas. Benita het môre ’n girls’ evening saam met haar oujongnooi-vriende in Kampsbaai en was dus nie beskikbaar nie. Sylvia het haar ouers sommer genooi om vir die naweek te kuier, in die hoop dat hulle Johan kan ontmoet.

Veral haar pa sal mal wees oor hom. Dan kan Johan ook sien sy kom uit 'n goeie huis.

Hoewel sy geweldig uitsien na môreaand, kan sy nie wag vir volgende Vrydagaand nie. Benita, staatmaker wat sy is, het 'n blink plan bewimpel vir haar om alleentyd saam met Johan deur te bring. Benita gaan 'n klein geselligheid vir vriende by haar huis reël, waarheen Sylvia en Johan genooi sal word.

“Dan bring jy Cara saam. Sy kan by my oorslaap en die Saterdag hier kuier. Dan bring ek haar eers Sondag terug. Dit gee jou genoeg tyd saam met hom.” Sy het gegiggel. “Jy weet hulle sê sulke stil en ordentlike ouens is tiere in die kooi.”

Sylvia frons. Voor daar enige bedkaperjolle kan plaasvind, sal sy eers eerlik met Johan moet wees. Sy het besluit sy gaan oop kaarte met hom speel oor haar verlede wanneer hulle volgende Vrydagaand van Kampsbaai af terugkom.

Dis al eerbare manier.

* * *

Mukkadem sit in sy gedekoreerde polisie-uniform agter die brigadier se lessenaar toe Kassie-hulle instap, sy keps op die liasseerkabinet. Dis vir Kassie vreemd om iemand in uniform hier te sien, want almal by die Spookeenheid dra siviele klere.

Hy het 'n welige silwergrys haredos, donker oë onder ruie wenkbroue en 'n lang, smal gesig met 'n gladde olyfkleurige vel. Seningrige kêrel. 'n Fyn lagie sweet blink op sy voorkop en bolip. Sy twee knobbelhande is formeel aan weerskante van 'n lêer op die lessenaar geplaas. Kassie herken dit as die brigadier se afskrif van die Vermooten-dossier.

Mukkadem kom effens orent uit sy stoel om blad te skud. Stewige handdruk.

Hulle gaan sit oorkant hom.

Hy maak keel skoon voor hy praat. “Ek besef julle is nog verslae oor die gebeure. Vir my het dit ook as 'n groot skok gekom. Brigadier Fortuin is 'n gewaardeerde kollega en iemand wat ek nog altyd hoog aanslaan.”

Kassie onderbreek hom. “Dis tog absurd dat sy van so iets verdink kan word! Die geld is beslis in haar kantoor geplant deur iemand wat haar loopbaan wil verongeluk.”

Mukkadem hou sy hand glimlaggend op. “Kaptein Kasselman, dit was presies my reaksie. Trouens, ek wil stééds glo dat sy onskuldig is.”

Hy kug, die glimlag nou weg. “Maar ongelukkig sal ons by die amptelike prosedure moet hou. In opdrag van die polisiehoof sal Teeninligting hierdie storie dééglik ondersoek. Ons kan niks doen om haar situasie nou te verbeter nie. Dit sal ook nie tot voordeel van die Spookeenheid se werksaamhede wees as die speurders hulle hier met dié aangeleentheid bemoei nie.”

Sy oë vernou effens. “My opdrag is om die Spookeenheid se lede gefokus te hou op die sake waarmee hulle besig is. En dít is presies wat ek gaan doen. Boonop is my tyd beperk en moet ek ook nog aandag aan my eie eenheid gee. Ons het dus nié die luukse om hier te sit en bespiegel oor die meriete van die bewerings teen brigadier Fortuin nie.”

Hy kyk priemend na hulle. “Verstaan ons mekaar?”

Kassie en Rooi knik gedwee.

Hy neem die lêer en slaan dit oop. “Reg, kom ons bepaal ons by die Vermooten-saak.” Hy kyk op na Kassie. “Ek het by die hoof aangedring dat jy en adjudant Els met hierdie saak voortgaan. Julle is ingegrawe en dit sou dom wees om julle nou daarvan af te haal. Hoe vorder julle?”

Kassie vertel hom van die Delpport-foonrekords wat môre kom. “Ons hoop om dan iets nuuts te kry.”

“Reg, die voordeel is dat julle immers nou honderd persent op die saak kan fokus sonder om deur ’n derde party in die wiele gery te word ... soos die kommissaris dit stel.”

Kassie lig sy wenkbroue. “Wat bedoel hy daarmee?”

Mukkadem sug. “Dalk moet ek my eie reël verbreek en julle ’n bietjie meer agtergrond gee oor die brigadier se situasie. En ek wil dit duidelik stel dat dit nie noodwendig my mening is nie, maar dié van die Wes-Kaapse hoof én die nasionale kommissaris. Albei is daarvan oortuig dat Fortuin skuldig is. Eerstens redeneer hulle dat die omkoopgeld van dertigduisend rand maar net een van baie betalings aan haar was. Almal weet Vermooten is skatryk. Daarom glo hulle dat die diefstal van die Vermooten-dossier op Langebaan moontlik deur haar geïnisieer is. En dat die Saddles-oproepe gemaak is om julle te ontspoor ... en deur haar georkestreer is.”

“Maar dis belaglike afleidings, generaal!” roep Kassie uit.

Mukkadem se gesig verhard. “Ek het jou nie gevra om ’n mening daaroor uit te spreek nie. Dit is in dié stadium die belangrikste besluitnemers in die

SAPD se amptelike standpunt. 'n Ondersoek kan dit wel weerlê.”

Hy slaan die lêer toe. “Laat ek julle nie langer uit die werk hou nie. Julle is verskoon.”

'n Motorongeluk voor die Soutrivier-afrit het Kassie tot sy groot frustrasie vanoggend 'n hele uur op die N1 in die verkeer laat vassit.

Hy het die tyd gebruik om weer te dink oor wat Mukkadem gister oor die brigadier kwytgeraak het. Wil voorkom of hy ook in haar onskuld glo, maar dit help nie veel nie. Klink of die provinsiale en nasionale polisiehoofde klaar hulle minds opgemaak het: Die brigadier is skuldig. Dat hulle haar selfs daarvan verdink dat sy die toutjies getrek het met die gesteelde dossier en die Saddles-oproepe, moet die mees verregaande stront wees wat hy nog gehoor het. Dat nie een van die eenheidshoofde, Mukkadem inkluis, die kommissaris se oordeel bevraagteken nie, wys hulle is almal 'n klomp puppets. Wil natuurlik nie hulle loopbane op die spel plaas deur met hulle baas daaroor te verskil nie.

Hy wil self met die kommissaris gaan gesels. Mukkadem gaan hom seker beskryt as Kassie direk soontoe gaan, maar hy gee nie meer 'n hel om nie. Hy is lank genoeg in die Diens om nie vir kleingeestige polisiestront te skrik nie.

Terwyl hy in die gang af kantoor toe stap, wonder hy hoe hy gaan maak om 'n afspraak by die hoof te kry sonder dat Mukkadem vooraf daarvan uitvind. Gewoonlik weier die hoof se bedonnerde sekretaresse volstrek dat enigeen van 'n "mindere rang" haar baas kom spreek sonder dat sy eenheidshoof teenwoordig is.

Rooi kyk op van sy lessenaar toe Kassie by die kantoor instap. "Die verkeer jou ook opgehou?"

Kassie knik.

Rooi beduie na 'n bruin koevert op Kassie se lessenaar. "Die Delport-foonrekords het darem gekom."

Kassie maak die koevert oop waarop daar in groot rooi letters *Vertroulik* staan, en haal 'n paar A4-velle uit met die afgelope maand se telefoonnommers – mense vir wie Ilze Delport gebel het en diegene wat háár gebel het. Langs elke nommer is daar 'n naam en adres, wat hulle taak aansienlik vergemaklik en die langer wag die moeite werd behoort te maak.

“Gelukkig is die meeste selfoonnommers. Landlynnommers is gewoonlik ’n probleem omdat die meeste mense bedags by die werk is,” sê hy meer vir homself as vir Rooi. Hy druk met sy vinger op ’n paar nommers terwyl sy kollega oor sy skouer loer. “Hier is wel ’n klompie besighede se algemene nommers wat ons vir eers kan skip ... ’n pizza-plek, FNB en Computicket.”

Hy oorhandig die velle aan Rooi. “Wil jy my nie ’n guns doen voor ons begin nie? Vergelyk die nommers wat sy geskakel het met dié van mense wat haar gebel het. Krap laasgenoemde se name dood as sy hulle ook gebel het, anders gaan ons onnodig dupliseer.”

Kassie staan op. “Ek wil intussen net gou ’n draai by die ander speurders maak om te hoor wat Mukkadem gister vir hulle van die brigadier gesê het.”

Rooi skud sy kop. “Jy gaan daai ding nie los, nè? Jy soek vir kak. Mukkadem het uitdruklik gesê ons moet ons neuse daaruit hou.”

Kassie ignoreer hom en stap uit.

* * *

Vleis is bly Mukkadem antwoord sy selfoon, want hy vrek van nuuskierigheid.

“Kan jy chat?” vra hy.

“Ja, ek is op pad na my kar toe. Moet ’n draai by die Spookeenheid gaan maak.”

“Ek hoor dié storie dat jy nou daar waarneem. Hoe’t daai gebeur?”

Mukkadem snork. “Glo my, ek het nie daarvoor gevra nie, maar die hoof het gedink ek’s die regte ou omdat ek laas in die eenheidshoofde se vergadering so vir Kasselman opgekom het.”

“Jy kan net hoop Kasselman-hulle trek Vermooten nie nou vinnig vas nie. Anders kan hy Teeninligting se investigation beïnvloed deur te ontken dat hy Fortuin gebribe het.”

“Praat jy!”

“En ons kan nie afford om Kasselman-hulle nou op ’n side-track te wil gooi nie.”

“Nee, ons kan nie, maar ek is redelik seker dat hulle in hierdie stadium nog in die donker rondtas. Hulle vestig hulle hoop op die vermoorde Delport-vrou se foonrekords, maar ek kan nie dink dat Vermooten so dom sou wees om inligting aan haar te verskaf wat vir Kasselman van enige

waarde gaan wees nie. Vermooten sou mos besef het dat sy dit met haar vriende kon deel.”

“True, maar dis nie eintlik waarom ek jou phone nie. Giraffe wil weet wat die kanse is dat die police chief sy gat gaan sien.”

Mukkadem gee ’n laggie. “Jy kan vir hom sê die kanse is groter dat die hoof se kop gaan rol as dat Kasselmann vir Vermooten gaan vang. Die minister en die nasionale kommissaris kom spesiaal Maandag hierheen vir ’n dag lange vergadering met hom. My raaiskoot is dat hy gróót probleme het. Oor twee weke sit ons dalk met ’n nuwe kommissaris in die Wes-Kaap.”

“En jy’s die front runner vir daai job.”

“My kanse is seker nie sleg nie, ja.”

* * *

Kassie vat die lys van mense vir wie Ilze Delport gebel het. Rooi kan deur die ander lys werk.

“Ons moet maar sensitief te werk gaan. Hulle was moontlik almal na aan haar. ’n Mens kom nie gou oor die skok van so ’n wrede moord op jou vriendin nie,” sê Kassie.

Rooi knik, kyk op. “Raait, voor ek begin bel, moet ons seker besluit op spesifieke vrae?”

“Die belangrikste is om uit te vind of Ilze melding gemaak het van ’n mansvriend. Jy weet hoe vroue is. Hulle deel maklik sulke persoonlike goeters.”

Rooi lag. “Anders as ’n sekere kaptein wat ek ken, wat so stil soos die graf is oor sy verhouding met ’n spesiale seëlvriendin wie se seun ’n begaafde skut is.”

Kassie ignoreer hom. “Ons sal natuurlik die jackpot strike as hulle ons van ’n naam en adres kan voorsien. Dalk het een van hulle hom selfs ontmoet. Uit Vermooten se ou dossiere was dit tog duidelik dat hy soms met sy slagoffers se vriende kontak gehad het. Ons sal gou aan ’n beskrywing kan agterkom of dit Vermooten is.”

“Kom ons hoop vir die beste,” sê Rooi en trek sy lys nader.

Kassie tel vlugtig hoeveel nommers hy moet skakel. Sewentien.

Sy oë gly oor die lys name. Dan verstar hy.

A. Keyser

Amalia!

Beslis sy, want dis haar Seepunt-woonstel se adres.

Dis vreemd dat sy nog nie met hom kontak gemaak het nie. Die storie van Ilze se moord was groot in die media en sy naam is pertinent genoem as die hoofondersoekbeampte. Moontlik was Ilze net 'n verlangse kennis van haar.

“My ... vriendin het Ilze twee weke gelede gebel,” sê hy vir Rooi.

“Wat?! Bel haar dan eers, voor ons die ander kontak.”

Kassie knik. Hy besluit om dit op sy selfoon te doen. Sy gaan nie sy kantoornommer ken nie en antwoord dan dalk nie.

“Kassie, dit moet telepatie wees!” kom haar stem byna dadelik. “Ek dink nou nét aan jou. Ek staan hier in 'n pandjieswinkel op Prins Albert en daar is jou wrintiewaar 'n rare Unieseël te koop. 'n Belaglike prys –”

“Amalia, jammer om jou in die rede te val, maar ek bel eintlik oor 'n spesifieke saak.”

“Laat ek hoor.” Sy lag. “Jy is baie gelukkig om my in die hande te kry, want op my swaer se plaas was daar nie selfoonontvangs nie. Regtig gevoel of ek van die beskawing afgesny is, want hulle het ook nie eens 'n TV nie. Nou is ek darem op pad huis toe.”

“Weet jy van Ilze Delport?”

“Nee, wat van haar? Hoe ken jý haar?”

“Ek het haar nie geken nie, maar ... ek het baie slegte nuus vir jou. Ilze ... is Saterdagand in haar woonstel vermoor.”

Kassie hoor hoe sy na haar asem snak. “Nee, nee!” roep sy uit. “Dit ... mag nie wees nie! Nie liewe Ilze nie!”

“Ek ... is baie jammer om sulke slegte nuus oor te dra.”

Dit klink of sy huil en hy kan nie deur die snikke hoor wat sy sê nie.

Ná 'n hele ruk kom sy tot bedaring, haal diep asem en praat met 'n bewerige stem: “Ek moes nou eers uit die winkel loop en in my kar kom sit. Voel kompleet of ek wil flou val.”

Sy gee 'n snik. “Dis 'n geweldige skok, Kassie. Ek ... ek kan dit nie regtig verwerk nie. Ons was elke dag saam. Sy ... sy was soos 'n dogter vir my. Een van die dierbaarste jong mense wat ek geken het. Sy sou nie 'n vlieg skade berokken nie. Net ... net 'n oomblik.”

Hy hoor hoe sy haar neus snuit.

“Jy weet sy was my gereelde drafmaat, nè?”

“Nee ... dis nuus vir my.”

“Ons het soveel stories met mekaar gedeel terwyl ons gedraf het. Een van die min mense wat ek in my vertroue kon neem oor Anrich se streke. Sy het altyd simpatiek geluister en my moed ingepraat.”

Sy snik weer. “Here ... Arme, arme Ilzetjie. Wat ... wat het gebeur? Hoe is sy ...”

Kassie sluk. Hy wil haar nie verder ontstel nie, maar besef sy gaan tog binnekort die details in die media kry. “Dit was ... wel, redelik grusaam en —”

“Nee, dalk wil ek eerder nie weet nie!” val sy hom in die rede. “Die nuus dat sy dood is, het my vir een dag erg genoeg getraumatiseer.”

“Ek is verskriklik jammer dat ek die nuus aan jou moes oordra. Ek het nie besef julle was so na aan mekaar nie, anders sou ek gewag het tot jy terug by die huis is.”

“Ek neem jou nie kwalik nie. Jy het nie geweet nie.”

“Nogtans jammer dat —”

“Ek hoop van harte die moordenaar is gevang!” onderbreek sy hom weer.

“Ongelukkig nie, maar ons weet wie vir die daad verantwoordelik is. Ons het die vingerafdrukke van die reeksmoordenaar Pieter Vermooten in haar woonstel gekry. Hy opereer onder skuilname. En dit is wat ek graag by jou wil weet: Kan jy dink aan ’n nuwe mansvriend wat sy onlangs ontmoet het? Vermooten is groot en gespierd ...”

“Petrus! Dit móét Petrus wees, Kassie! Ilze het juis gesê hy boer in die gimnasium. ’n Regte spiertier, het sy gesê.”

“Wat weet jy nog van dié Petrus af?”

“Om eerlik te wees, nie veel nie. Het hom nooit ontmoet nie, maar Ilze het my so ’n paar weke gelede vertel van die vent wat so agter haar aan is. Hulle het ’n paar keer gaan uiteet, maar sy het besluit daar is nie potensiaal vir ’n ernstige verhouding nie. Hy het toe ’n oorlas van homself gemaak en sy moes hom afjak. Volgens haar was hy redelik bitter daaroor.”

“Weet jy wat sy van is?”

“Nee. Ek weet ook nie wat hy vir ’n werk doen nie, maar sy het genoem hy bly in ’n woonstel in Bellville.”

Sy bly ’n oomblik stil. “Maar ek onthou nou iets! ’n Vriendin van Ilze bly in dieselfde woonstelblok as Petrus. Volgens Ilze het haar vriendin gesê hy stap altyd daar met sulke help-my-sterk-lyk-hempies rond om sy spiere af te show.”

“Wie’s die vriendin?”

“Ek dink nie sy het ooit haar naam vir my genoem nie.”

“Hopelik kry ons haar onder Ilze se selffoonrekords.”

“Kassie ... ek wil jou nog so baie vertel ... oor Anrich ... en ... maar ek is nou so geskok oor Ilze dat ek nie nugter kan dink nie.”

“Ons sal wel ’n plan maak om mekaar te sien.”

“Ons moet.”

Dit klink belowend, dink Kassie.

Toe hy aflui, kyk Rooi hom vraend aan. “En? Het ons goud gestrike?”

“Dalk ... maar dis ’n donnerse groot dalk.”

Ná sy promenade-draffie gaan stort hy. Hy knoop daarna die handdoek om sy middel en gaan staan voor die badkamerspieël. Hy vryf oor sy kop. Hy sal by dié borselkopstyl bly.

Hy leun effe vorentoe sodat die lig beter val. Hy loer onder sy wenkbroue deur en grinnik. Só toon hy nogal ooreenkomste met sy gunsteling-fliekkarakter van alle tye: Hannibal Lecter. Dalk 'n jonger weergawe van hom. Hy het *Silence of the Lambs* verskeie kere gekyk en amper onbewustelik dié onheilspellende glimlag begin naboots.

Dis wonderlik om weer al sy sintuie so opgeskerp te hê. 'n Paar dae gelede sou hy nie die ooreenkoms met Lecter waargeneem het nie, maar nou gaan sulke prikkels nie ongesiens verby nie.

Hy staar weer na sy spieëlbeeld, die beskrywing van hom in *Rapport* nou sy fokus. Hy sal sy stoppelbaard in toom moet hou. Hy wil nie weer met 'n baard sit nie. Die groot vraag is of hy weer 'n bril moet kry. Nie noodwendig een met voorskriflense nie, want hy is nou gewoond aan die kontaklense. Hy het afstand gedoen van die bril met getinte lense, want dit lyk verdag as hy saans daarmee rondloop.

Sy grootste vrees is dat hy mense van Langebaan hier kan raakloop. Sy nuwe voorkoms is nog nie van só 'n aard dat hy vir hulle onherkenbaar gaan wees nie.

Andersins is hy tevrede met die verloop van sake. Vanaand wanneer hy sy buurvrou fliek toe vat, is dit die eerste stap om van sy beeld as alleenloper ontslae te raak. Hy sal dit kan volhou. Sylvia hou van hom.

Sy groot vrees is dat sy te ernstig sal wil raak. Met die uitsondering van Zilla, het al sy ander verhoudings 'n noodlottige einde gehad. Die letsels wat hy in sy kinderjare opgedoen het, maak langdurige en intieme verhoudings onmoontlik.

En dít wil hy met sy buurvrou vermy.

Klein Cara verdien om deur haar liefdevolle ma grootgemaak te word.

Op pad Bellville toe deel Kassie nie Rooi se opgewondenheid nie.

“Bliksis, sal dit nou nie bedonnerd wees as ons die bliksem vandag vastrek nie!”

Hulle het Ilze se vriendin wat in Bellville woon deur die foonrekords opgespoor en bevestiging gekry van wat Amalia gesê het: Petrus is groot en gespierd. Die vriendin het gesê sy vermoed hy is dalk werkloos. Sy self werk vanuit haar woonstel, met ’n uitsig op die woonstelblok se ingang, en: “Hy loop dikwels gedurende die dag daar in en uit. Wel nie altyd met ’n help-my-sterk-lyk-hempie nie, meestal met ’n T-hemp en jeans.”

“Wat my pla, is dat Ilze vir Amalia gesê het Petrus het ’n oorlas van homself gemaak. Dit klink net nie soos Vermooten nie,” sê Kassie.

Rooi vryf sy hande teen mekaar in die passasiersitplek. “Nee wat, dit sê boggherol. My gut feeling is dat dit netsowel Vermooten kan wees. En niks gaan my groter plesier gee as om die donner in boeie te slaan nie.”

“Kom ons hoop jy’s reg,” sê Kassie, en dink aan iets anders.

Op pad uit die kantoor het hulle in Mukkadem vasgeloop, wat toe net daar aankom. Kassie het hom vlugtig vertel van Petrus, maar bygevoeg hy is nie oortuig dis Vermooten nie.

Mukkadem het gesê Kassie moet hom dadelik bel indien dit wel Vermooten is. En toe met ’n groot glimlag ’n stekie ingekry: “Hoop nie jou Nokia se battery is weer pap nie!” Dit was op die punt van Kassie se tong om te vra of hy al gedink het hoe dit vir die brigadier moontlik sou wees om sy pap selfoonbattery te “manipuleer”, maar hy het hom net betyds bedink.

Hy verstar en trap instinktief die poelkar se rem.

“En nou?” vra Rooi fronsend. “Ons is nog nie by die woonstel nie.”

“Sorry, man, het nou net aan iets gedink. Hoe weet Mukkadem ek het ’n Nokia gehad?”

“Hoe bedoel jy?”

“Hy’t gesê hy hoop nie my Nokia se battery is weer pap nie.”

“Die brigadier het seker maar genoem jy’t ’n Nokia toe sy by die eenheidshoofde se meeting moes verduidelik oor die Saddles-fokop?”

“Sy’t nie geweet ek het ’n Nokia gehad nie. Ek het dit nooit vir haar genoem nie.”

“Nee wat, Kassie, jy’t net vergeet jy’t dit vir haar gesê. Hoe anders sal Mukkadem weet? En onthou, party mense verwys na enige selfoon as ’n Nokia. Soos hulle alle stofsuikers Hoovers noem. Dis ’n generic ding.”

Kassie haal sy skouers op. “Jy’s seker reg oor die brigadier, maar ek kan sweer ek het dit nie teenoor haar genoem nie. En ek koop nie die storie oor die generic ding nie. Mense het dalk nog in die ou dae, maar is deesdae so ingestel op brand names dat hulle nie na alle selfone as Nokias verwys nie.”

Rooi beduie wild met sy hand. “Jy moet hier regs draai!”

Kassie vat die draai met skreeuende bande.

Twee blokke verder hou hulle voor die woonstelgebou stil.

Ilze se vriendin maak vir hulle die veiligheidshek oop, soos afgespreek. Sy is plomp, met ’n bleekwit vel en ’n skelrooi gelipstiffiede mond.

“Petrus is in nommer 207 en hy is tuis. Ek het hom netnou van die straat af sien inkom.”

“Dankie vir jou hulp,” sê Kassie.

“Is hy ’n moordverdagte?” fluister sy.

“Nee, dis net ’n roetine-ondervraging,” antwoord Rooi vinnig. “Ons praat maar met al die mans met wie Ilze kontak gehad het.”

Hulle ry in stilte saam met haar in die hysbak na die tweede verdieping. Sy groet toe hulle uitklim. “Ek’s op die vierde verdieping in 405. As julle nog iets wil weet, kan julle na my plek toe kom.”

“Ek dink sy’s net nuuskierig. Wil natuurlik hoor wat ons van Petrus dink,” merk Rooi op nadat die hysbakdeure toegegaan het.

Hulle stap verby twee deure voor hulle by 207 kom.

Kassie druk die klokkie. Binne sekondes is daar naderende voetstappe. Hy sien hoe Rooi se regterhand onder sy baadjie inglip, waar die Beretta in sy holster is.

Die deur gaan oop.

’n Ses-voet-sesser gluur hulle vraend aan. Albei sy boomstomp-arms wat onder die T-hemp uitsteek, is getatoe. ’n Welige rooi snor oorheers sy vierkantige, knoetsige en onaantreklike bakkies en ’n oorbel blink in sy regteroor.

Beslis nie die Hartedief nie, weet Kassie dadelik. Hy sal geen vrou se hart steel nie. Rooi trek met ’n ligte sug sy hand onder sy baadjie uit.

* * *

Sylvia is beïndruk met Johan se smaak. Hulle gaan ’n Franse kunsrolprent met onderskrifte kyk. Sy’t gevrees dit kan dalk ’n skop-skiet-en-donnerfiek wees.

Sy loer onderlangs na hom waar hy in die teater se voorportaal in 'n tou staan om vir hulle springmielies en Coke te koop. Hy troon bo die ander mense uit. Sy is mal oor die modieuse stoppelbaard, wat hom nog manliker laat lyk.

Sylvia glimlag. Haar ouers was beïndruk met hom toe hy haar vanaand by die woonstel kom haal. Cara het op hom afgestorm en hom om die bene gegryp. Hy het haar met 'n glimlag opgetel en toe op haar aandrang saam met haar kamer toe geloop om die nuwe driewiel wat Oupa vir haar gekoop het, te gaan besigtig.

“Nogal 'n mooi man,” het haar ma gefluister, 'n ligte blos op haar wange.

“Dit verstom my dat Cara so spontaan teenoor hom optree. Sy is mos maar sku vir vreemdes,” het haar pa gesê.

“Hy't 'n wonderlike slag met haar,” het Sylvia trots gesê.

Johan het die toets met vlieënde vaandels geslaag.

Sy kyk op toe 'n nuwe paartjie die voorportaal binnekom. Die man se oë en hare ontmoet.

Sy verstyf en kyk weg. Hoekom moet hý juis vanaand hier wees?

Dis Gerhard Pienaar, 'n bekende en skatryk wynboer van Stellenbosch – en iemand wat sy drie jaar gelede verlei het. Ses maande in 'n skelm verhouding met hom gewees. Hulle het mekaar elke week by 'n hotel in die middestad ontmoet.

Hy was toe 55 jaar oud – die ideale ouderdom vir 'n midlife crisis. En volgens 'n vriendin het hy 'n dwalende oog gehad. Sy vrou was boonop vaal en hy nie te onaansienlik nie.

Sylvia het haar by die Bolandse Wynmaker van die Jaar-dinee ingewurm toe sy hoor hy gaan daar wees. Volgens haar bronne het sy vrou hom gewoonlik nie na sulke geleenthede vergesel nie.

Dit was maklik om met hom 'n geselsie aan te knoop, want sy kon vroeëgaand al sien hy het haar in sy visier. Sy het gesê sy stel vreeslik in die wynbedryf belang en hy't in die strik getrap. “Ek sal jou ál vertel wat jy wil weet.” Hy het die vyfsterhotel in die Kaapse middestad voorgestel vir 'n ontmoeting die volgende dag. “Dan kan ons rustig oor ete en 'n glasie wyn gesels.”

Die ontmoeting het afgeloop soos sy beplan het, Gerhard se oë heeldyd op haar lae hals. “Ouer mans soos jy doen iets aan my. Julle ken al die lewe. Só anders as mansvriende van my ouderdom wat net oor sport en karre kan klets,” het sy haar beproefde vleitaal ingespan.

Iets wat sy moet erken, is dat hy nooit voorgegee het hy gaan eendag met haar trou nie. “My vrou sal my kaal uittrek as ek wil skei,” het hy prontuit verklaar. Hy het ook makliker as baie van die ander afstand gedoen van die honderdduisend rand afpersgeld.

Uit die hoek van haar oog sien Sylvia hoe sy vrou na die damesbadkamer stap.

Haar hart bons onstuimig in haar bors toe Gerhard na haar aangestap kom. Sy kyk vlugtig waar Johan is, maar sien daar is nog twee mense voor hom in die tou.

Gerhard kom staan dreigend voor haar, trek sy lippe dun toe hy praat. “Vir wie wag jy? Nog iemand wat jy afpers?”

Sy probeer so kalm moontlik optree. “Ek is nie lus om nou met jou te gesels nie, Gerhard. Buitendien gaan jou vrou nou-nou uit die toilet kom en jou hier by my sien.”

Onverdunde haat straal uit sy oë.

“Jou soort hoort in die tronk,” sê hy hard en draai om.

Sylvia sien hoe Johan fronsend in haar rigting kyk. Hy moes iets opgemerk het. Kon dalk selfs gehoor het wat Gerhard sê.

Sy glimlag en wuif vir hom.

As sy nog enigsins gewonder het of sy hom regtig van haar verlede moet vertel, het sy nou die antwoord.

Kassie strek hom lui uit toe hy opstaan. Hoewel die naweek voorlê, is sy gedagtes op te veel verkeerde plekke om daarna te kan uitsien.

Eerstens is daar Amalia. Sy het ernstig geklink toe sy sê hulle móét mekaar weer sien. Sy het gesê sy het baie om hom te vertel.

Moet hy wag dat sy hom bel met 'n moontlike uitnodiging, of sal hy bel? Hy voel so onbeholpe met hierdie verhoudingstorie. Netnou voel sy dieselfde oor hom as oor ou Boet as hy 'n oorlas van homself maak. Hy kan nog nie seker wees of sy romantiese gevoelens jeens hom koester nie. Sien sy hom nie maar net as 'n goeie vriend nie?

Tweedens is daar die brigadier. Hy wil nie dink waardeur sy nou gaan nie. Teeninligting het seker haar huis van hoek tot kant gefynkam. Haar ook geteister met lang en intense ondervragingsessies. Vir 'n trotse polisie-offisier soos sy moet die vernedering ondraaglik wees. Ook die vooruitsig om deur kriminele klagte in die gesig gestaar te word as hulle haar nie glo nie. En in dié stadium is sy hande afgekap. Hy weet eenvoudig nie waar om te begin soek om haar te help nie.

Derdens is daar die Hartedief-saak. Nadat hulle gister bo alle twyfel vasgestel het Petrus is nie Vermooten nie, het hulle almal op Ilze se telefoonlys gebel. Sonder enige sukses. Ilze het nooit verwys na 'n man wat sy onlangs ontmoet het nie.

Gelukkig het Mukkadem hierdie nuus verbasend goed gevat. “Moenie moed verloor nie, kêrels, julle sal wel die een of ander tyd 'n deurbraak maak,” het hy kalm verklaar.

“Die brigadier sou ons gatte vuurwarm geskop het,” het Rooi ná hulle gesprek met hom opgemerk.

“Wag maar dat die kommissaris op Mukkadem begin druk uitoefen, dan gaan hy wel gatte skop,” het Kassie gesê.

Die feit bly, hulle is eintlik maar nog op dieselfde plek as toe hulle op Langebaan met die ondersoek begin het.

Kassie trek sy sweetpak aan en begin kombuis toe loop. Hy het gisteraand op pad hierheen eers by Pick n Pay ingeloer om 'n halfdosyn eiers, varkworsies en spek te koop. Laasgenoemde twee items is nou wel

nie wat sy dokter sou aanbeveel nie, maar dit kan tog nie kwaad doen om nou en dan 'n ordentlike brekkie te nuttig nie.

By die kamerdeur steek hy vas toe sy selfoon op die bedkassie lui.

Amalia? is sy eerste gedagte en hy haas hom soontoe.

Gehasi, sien hy op die skerm.

“Hoop nie jy’t nog geslaap nie, Kassie! Julle stadsmense is normaalweg mos nie vroeg uit die vere op ’n Saterdagoggend nie.”

“Al lánkal op en aan die gang,” lieg Kassie. “Ek hoop jy het groot nuus?”

“Nee, ek sal die waarheid geweld aandoen as ek sê dis groot nuus, maar dalk verskaf dit darem nog ’n pyl in julle koker om Vermooten vas te trek.”

“Vertel! Ons het alle leidrade, al is dit hóé gering, nou meer as ooit nodig.”

“Die saak staan só. Ek en my kollegas het gisteraand by die klub se kroeg afskeid geneem van ’n kollega wat verplaas is. En terwyl ons daar rondstaan, wink Klaas Botha my nader. Jy onthou mos vir Klaas? Die kroegman by die klub wat ons ondervra het.”

Kassie lag. “Dis die ou wat jy gesê het maar skraal in die skrif is.”

“Einste daai een! Klaas wys my toe ’n muntstuk. Lyk op die oog af nes ’n tweerandmunt, maar is toe ’n geldstuk van die een of ander Russiese Oosblok-land of iets – heeltemal onleesbaar vir die Suid-Afrikaanse oog. Hy het die ding in sy till gekry toe hy iemand kleingeld wou gee. Toe sê hy dit het hom aan iets laat dink. Hy het ’n jaar of wat gelede ook ’n vreemde muntstuk in die till gekry en dit toevallig vir Vermooten gewys. Dié was gladelik die ene oë. Hy het Klaas vyftig rand daarvoor aangebied. Klaas sê Vermooten het vir hom gesê hy maak muntstukke bymekaar. En ons het mos juis daai Hollandse muntstuk in sy blyplek gekry.”

“ ’n Muntversamelaar?”

“Klink so.”

“Dankie, Gehasi, alle bietjies help. Ons sal beslis daai pyl ook in ons koker druk,” groet Kassie met ’n glimlag.

In die gang op pad kombuis toe steek hy viervoet vas. Fok! Kan dit wees? Amalia se oortuigende storie oor Petrus as ’n verdagte het hom op ’n syspoor gegooi. Hy het nooit weer aan die drawwer gedink wat Ilze gehelp het nadat sy haar enkel verstuit het nie. Trouens, tot nou toe het hy nooit regtig aan Ilze as Amalia se gereelde drafmaat gedink nie, al het sy dit vir hom gesê. Volgens Amalia was die man wat Ilze soos ’n veertjie opgetel het, ’n lang en sterkgeboude kêrel. En Amalia het gesê hy’s aantreklik. Ook

dat hy Ilze twee blokke na haar woonstel gedra het toe hulle by Amalia weg is. Hy het dus geweet waar sy bly. En as Kassie reg onthou, het Amalia gesê Ilze het ogies gemaak vir hom, maar hy het nie belang gestel nie. Maar die Hartedief het sy naam gestand gedoen. Hy moes geweet het hy't haar hart gesteel en dat sy elfuur in die aand die deur vir hom sou oopmaak.

Kassie sluk. Amalia se woorde, wat netnou in die gang helder by hom opgekom en sy denkproses getrigger het, was: *Die man het nogal heel interessant gesels oor die ooreenkomste tussen seëls en munte.*

Hy hardloop terug slaapkamer toe en raap die selfoon op.

Daar is net een manier om bo alle twyfel vas te stel of dit Vermooten was.

* * *

Vleis sit saam met Mukkadem op dié se voorstoep by die huis.

Hy kan sien Mukkadem is chuffed met homself. Dinge loop mooi vir sy career.

Vleis vat 'n slukkie van sy koffie. “As jy die nuwe chieft in charge word, kan ons dinge vir Giraffe baie cosy maak, nè?”

“Solank hy net nie te veel onredelike eise stel nie.”

“Kom nou, jy kan nie dan limitations wil stel nie. Toe ons daai eerste cash payment gevat het, het ons mos geweet waarvoor ons ons inlaat. As Giraffe sê jump, gaan ons moet vra hoe hoog. Hy gaan nie nee vir 'n antwoord vat nie.”

“Moenie nou dinge wil vooruit hardloop nie, Vleis. Ek is nog nie polisiehoof nie.”

“Hoe vorder Teeninligting se investigation van Fortuin?”

“Wat ek van die hoof aflei, lyk dinge sleg vir haar. Die ou van Teeninligting wat die ondersoek lei, het vir die chieft gesê die feit dat daar geen teken van 'n inbraak by haar huis was nie, klop nie met haar storie dat die sportsak daar uit 'n kas verdwyn het nie. En sy het nie 'n verklaring vir hoe die dertig K in haar kantoor in daardie sak beland het nie. Daar was ook geen teken dat iemand by die Spookeenheid se kantore ingebreek het om dit daar te plant nie.”

Vleis lag. “Daai was 'n moerse slim move van ons.”

Mukkadem knik ingenome. “En boonop het Kasselman-hulle nog nie 'n idee waar Vermooten is nie. As jy my vra, het hy lankal spore uit die Kaap gemaak.”

“Die dice val oral reg vir ons. Al is dit nog vroegoggend, kan ons dit gerus met ’n tweede ronde koffie vier.”

Mukkadem lig sy wenkbroue. “Van wanneer af vier mens iets met kafeïen?”

“Ek praat van polisie koffie, bra.”

* * *

Hy slaan die koerant oop en blaai rustig daardeur. Dan vang sy oog die advertensie op bladsy sewe.

Sy hande begin liggies bewe van opgewondenheid. Dit vind Vrydagmiddag plaas.

Hy peins lank oor hoe hy te werk sal gaan.

Knik dan. Dit sal die veiligste manier wees. Hy het dit al voorheen so gedoen. Hy sal net Maandag ’n katalogus moet gaan kry. Hy is in sy noppies dat hy dit raakgesien het. Vandat sy sintuie op al hulle silinders vuur, ontglip niks hom nie.

Sy gedagtes keer terug na gisteraand. Hy het die flik en Sylvia se geselskap geniet. Sy herinner hom aan Zilla – dalk heeltemal te veel. En dít was moontlik waarom hy haar met hulle terugkeer voor haar woonstel deur gesoen het. Hy was nie van plan om dit te doen nie, dit het spontaan gebeur.

Dalk nie ’n slegte idee om hulle verhouding ’n trappie verder te neem nie.

Hy glimlag. Dalk moet hy voorstel dat sy haar hare blond kleur.

Dit behoort die herinneringe ’n hele ruk op ’n afstand te hou.

Amalia frons toe sy haar woonstel deur vir hom oopmaak. Dié keer kry Kassie nie 'n piksoen nie.

Hy het net vir haar oor die foon gesê dat hy haar dringend oor Ilze se moordsaak moet kom sien.

Amalia is bleek en lyk afgerem. Sy lei hom sitkamer toe en hy sien daar is kringe onder haar oë.

“Ek het nog nie oor Ilze se moord gekom nie, Kassie. Het gisteraand weer nie 'n oog toegemaak nie. Sy bly in my gedagtes. Dat so 'n dierbare mens op so 'n grusame manier vermoor is, maak eenvoudig nie sin nie. Waarheen is ons liewe land op pad?”

Kassie skraap sy keel toe hulle gaan sit, maar sy gee hom nie kans om te praat nie.

“Ek hoop julle het daardie Petrus-monster vasgetrek.”

“Petrus is onskuldig. Ek was gister by hom. Hy is nie Vermooten nie.”

Hy sien die teleurstelling op haar gesig.

“Ek wil nou hê jy moet mooi terugdink, Amalia. Die drawwer wat julle gehelp het toe Ilze haar enkel verstuit het –”

“Daar is geen manier dat dit hy is nie, Kassie!” onderbreek sy hom driftig. “Daardie man was opgevoed, ordentlik en uitsonderlik vriendelik en behulpsaam.”

“Dis presies die eienskappe wat ander mense aan Vermooten toedig. Ook dat hy groot, gespierd en aantreklik is.”

Sy skud haar kop. “Julle sit die pot heeltemal mis. Dit kan beslis nie Johan wees nie.”

“Johan?”

“Dis sy naam.”

“En sy van?”

“Ek kan nie onthou nie. Twyfel eintlik of hy dit genoem het.”

“Dink mooi. Dis belangrik.”

Sy tuur voor haar uit. “Nee, ek kan nie onthou nie, Kassie. Maar dis nie ...”

Hy hou sy hand op. “Luister my eers uit, Amalia. Ek weet dis moeilik om te glo dat so ’n vriendelike en behulpsume kêrel tot sulke gruweldade in staat is. Maar glo my, in dié stadium pas hierdie Johan se beskrywing honderd persent by wat ons van Vermooten weet. Het Johan ’n keps gedra?”

Sy knik. “Ja, maar dit sê nie veel nie. Die meeste drawwers het die een of ander vorm van ’n kopbedekking om hulle teen die son te beskerm. Self draf ek nooit sonder my tenniskeps nie.”

“Het hy ’n borselkop gehad?”

“Ek dink nie hy het ooit sy keps afgehaal nie. Nogal by myself gedink dis die enigste swak plek in sy opvoeding ... dat hy nie hier in die woonstel sy keps afgehaal het nie.”

“Was dit ’n bloue?”

Sy lig ’n wenkbrou. “Dra Vermooten ’n bloue?”

“Volgens ons inligting, ja.”

“Dit was ’n geruite een – groen, rooi en wit blokkies, verbeel ek my. Jy verdink die verkeerde man.”

Kassie gaan ongestoord voort: “Jy het gesê hy het hier koffie gedrink. Kan jy onthou of hy suiker gebruik het?”

Sy glimlag fyntjies. “Hy’t dit bitter gedrink. Ilze, wat normaalweg drie teelepels suiker vat, het net ’n halwe enetjie vir haarself ingegooi. Ek het dit nogal amusant gevind, want ek het gedink sy wil hom seker beïndruk.”

“Wel, Vermooten drink ook sy koffie bitter.”

Kassie sien sy is nog nie oortuig nie.

“Soos miljoene ander mense wêreldwyd, Kassie.”

“Voorts is Vermooten ’n muntversamelaar.”

Hy kan sien dit skud haar.

“Jy het gesê hy het heel interessant gesels oor die ooreenkomste tussen seëls en munte,” verfris hy haar geheue.

Sy beduie na Laurent Lemerle se *The World in Stamps* op die koffietafel. “Ja, hy het ... daardeur geblaai ... en toe gepraat oor seëls en munte.”

“Ek onthou jy het so gesê. Daar is net een manier hoe ons gaan uitvind of dit wel Vermooten was.” Kassie wys na die boek. “Dit gaan vir ons die antwoord verskaf.”

“Hoe ... bedoel jy?”

“Het baie mense die boek hanteer sedert Johan hier was?”

Sy skud haar kop. “Nee, hy lê maar vir die mooigeit daar. Johan was seker die laaste een wat daaraan geraak het. Anrich sou nie belang stel om

daardeur te blaai nie.”

“Wonderlik! Dan behoort ons Johan se vingerafdrukke daarop te kry sodat ons kan kyk of dit met Vermooten s’n ooreenstem.”

* * *

Sylvia voel of sy gewigloos in die ruimte sweef. Sy hoor Cara en haar ouers se stemme in die kombuis en wil nog nie haar slaapkamer verlaat nie. Sy wil in stille afsondering die herinnering van gisteraand troetel – daardie soen by die voordeur.

Hulle het ná die flik kletsend in Johan se Hilux-bakkie teruggery. Sy het geskrik toe hy uit die bloute vra wie die man was wat in die voorportaal met haar gesels het. “Hy het nogal kwaai gelyk,” het hy met ’n glimlag gesê.

Haar keel het vir ’n oomblik toegetrek. “Sommer ’n kennis.” Sy het ’n laggie uitforseer. “Hy lyk maar van nature kwaai.”

Genadiglik het hy nie verder oor Gerhard uitgevra nie. Hy kon nie uitgepraat raak oor die rolprent nie en sy het geesdriftig meegedoen.

By haar woonsteldeur het sy hom ingenooi vir koffie, maar hy het dit van die hand gewys. Hy moes nog met ’n vennoot in Amerika sake doen en weens die tydsverskil was dit al geleentheid.

Hy het ’n oomblik getalm, haar toe liggies aan die skouers nader getrek. Sy het haar net te gewillig styf teen sy forse liggaam aangevly. Sy oë het op haar gebrand. Die soen was volmaak – hulle tonge koorsig in mekaar se monde.

Sylvia kon voel hoe sy geslag hard teen haar lyf ontwaak.

Terug in die woonstel was haar ouers en Cara al in die bed, maar sy kon nie tot ruste kom nie. Haar gevoelens vir Johan was te oorweldigend. Sy het in die vroeë oggendure eers in die bed geklim, maar kon nie slaap nie. Haar kop was net by daardie soen.

En nou is dit al tienuur in die oggend en al wat oor en oor in haar gedagtes bly afspeel, is daardie magiese oomblik.

Nog nooit het ’n man haar só laat vermurwe nie.

* * *

Kassie loop rusteloos in sy woonstel rond.

Amalia was so oortuig dat daardie Johan-ou nie Vermooten kon wees nie, dat hy al daarvoor begin twyfel. Maar as die boek, wat hy Maandag so vroeg

moontlik by die forensiese laboratorium in Plattekleef sal afgee, wys dat sy afleiding reg was, het hulle darem iets om mee te werk. Dan weet hulle Vermoeten gebruik die naam Johan en hy draf op die promenade, wat beteken hy bly moontlik in daardie omgewing. Ook dat hy sy blou keps vir 'n geruite een verruil het. Die Middestad-polisie, waarmee die Spookeenheid 'n goeie samewerkingsooreenkoms het, kan 'n paar van hulle uniforms in sportdrag op die drafroete ontplooi om op die uitkyk te wees vir mans met geruite kepe.

Andersins is daar niks om oor opgewonde te raak nie. Eintlik was sy besoek aan Amalia teleurstellend. Hy kan verstaan dat sy afgetrokke is ná die moord op haar vriendin, maar daar was geen teken van die vroeëre spark tussen hulle nie.

Anrich het op die plaas agtergebly. Haar swaer is self 'n geesdriftige skut en daar's 'n skietbaan op die naaste dorp – iets wat sy glo Anrich finaal oortuig het om te bly. “My swaer kan hom ook op die plaas inspan om te help met die boerdery. Die vars Karoo-lug en harde werk sal hom hopelik goed doen en laat vergeet van die ongure karakters met wie hy in Durbanville deurmekaar was,” het sy gesê.

Kassie sug. Die grootste teleurstelling is dat Amalia nie eerskomende Vrydagaand saam met hom na die Boeremusiekgilde se geselligheid kan gaan nie. 'n Niggie van Villiersdorp kom by haar kuier vir die naweek en dié arriveer al Vrydagmiddag.

Hy was aanvanklik te bang om haar te vra. Maar toe bel Doempie van die Boeremusiekgilde hom daar in haar woonstel met 'n probleem wat Kassie moet uitsorteer. Sy sou gehoor het hy praat oor die gilde en toe besluit hy om die geleentheid te gebruik om haar te vra.

Kassie frons. Wat hom wel verbaas het, was toe sy sê sy sien hy het nie meer 'n Nokia nie.

“Hoe weet jy ek het 'n Nokia gehad?”

Sy het 'n oomblik nagedink. “Jy het dit vir my genoem toe ek jou die aand met Anrich se soektog op jou landlyn moes bel omdat jou selfoon se battery pap was.”

Hy skud sy kop. As hy vir Amalia genoem het hy't 'n Nokia, is Rooi reg. Hy moes dit seker ook vir die brigadier gesê het, wat dit toe in die vergadering aan die eenheidshoofde genoem het. En dis hoe Mukkadem weet.

Dis al verklaring waaraan hy kan dink.

Hy neem sy laphoedjie in die leefvertrek op pad uit. Vandag wil hy 'n langer roete op die promenade aandurf. Hierdie sonnige Sondag smee daarvoor.

Die verkeer is hanteerbaar en hy parkeer soos gewoonlik op die terrein naby die vuurtoring. Die diepblou see glim in die son en seemeeue kry in sy ore. Die kenmerkende reuk van seebamboes hang swaar in die lug.

Eers hou hy die mense op die promenade vanuit sy bakkie dop. 'n Jong, aantreklike vrou met swiepende swart hare draf naby hom verby. Met groot tevredenheid in sy gemoed klim hy uit. Die vrou het vir geen oomblik donker herinneringe by hom opgeroep nie.

Fantasties om weer genees te wees.

Dit het hy al besef toe hy sy buurvrou Vrydagaand gesoen het. Daar het 'n drang in hom opgestu waaraan hy lankal nie meer gewoond was nie. Dit gebeur wel as hy ten volle genees is, wat dié keer verrassend vinnig gebeur het. Die hele twee jaar op Langebaan was daardie drang afwesig en het hy gedink dit is vir altyd weg. Mercia se ligte aanraking toe sy hom in die kroeg vir ete genooi het, het wel 'n warmte deur sy liggaam gestuur. Maar hy het daardie gevoelens onderdruk toe die onweerswolke opsteek. Die droom en sy herinneringe het hom buitendien al die vorige aand die besluit laat neem om te moor.

Nou is dit heeltemal anders. Sy aanvallige buurvrou het sy herstelproses verhaas. Hy sien selfs daarna uit om haar Vrydagaand na haar vriendin se geselligheid in Kampsbaai te vergesel. Veral die wete dat sy buurvrou die hele naweek sonder Cara by haar woonstel gaan wees, maak hom opgewonde.

Dit hou groot belofte in.

* * *

Die dag gaan te stadig na Kassie se sin verby.

Sondae verdiep hy hom gewoonlik in sy seëls, maar vandag het hy nie lus daarvoor nie. Dit is asof hy soos 'n resiesperd in die wegspringhok

staan, gereed om te hol, maar met geen idee in watter rigting nie. Sy gedagtes is all over the place.

Vanoggend het Amalia sy denke oorheers. Hoe verower jy iemand se hart wat nie ooglopend op jou verlief is nie? Hy is darem nie té onaansienlik nie. Mense noem gereeld dat hy soos die akteur Frank Opperman lyk, wat 'n redelik aantreklike man is. Buurvrou Rita swymel byvoorbeeld oor Frank.

Dalk kom hy te onbetrokke voor. In hierdie stadium het hy Amalia nog net na sy woonstel genooi om sy seëlversameling te besigtig. Daarna het sy hom by die koffieplekkie naby sy werk gekry, en hom drie keer vir ete genooi. Hy het nog nie die leiding geneem om te wys hy is ernstig nie. Dalk is 'n romantiese kersligete by 'n fancy restaurant 'n goeie beginpunt? Hy sal by Rooi hoor of hy van so 'n plek weet, want Kassie ken hoofsaaklik maar die Wimpy en Saddles. En daar ontbreek die romantiese faktor ietwat.

Hy't hom voorgeneem om werk te maak van hierdie besluit.

Ná sy Sondagmiddagslapie het die brigadier se situasie weer by hom begin spook. Hy voel magteloos, want hy het nie 'n idee hoe hy haar gaan help nie.

Hy wou hom al daarby berus dat hy seker maar vir die brigadier genoem het hy't 'n Nokia. Maar nou, terwyl hy doelloos na sy boekrak in die studeerkamer staar, probeer hy weer onthou wat hy vir haar gesê het oor sy pap selfoonbattery.

Hy het haar daaroor ingelig die Sondag ná sy en Rooi se gesprek met mevrou Visser in Seepunt. Sy het die nuus nog verbasend goed gevat. "Sulke bleddie goed gebeur. Presies dieselfde ding het my eenkeer in my Valke-dae oorgekom," het sy gesê. Kassie is doodseker die spesifieke maak van sy selfoon het nie ter sprake gekom nie. Ook nie tydens sy en Rooi se gesprek met die brigadier ná haar vergadering met die eenheidshoofde nie. Sy het hulle net ingelig oor hoe Mukkadem vir die Spookeenheid opgekom het.

Hy breek sy kop soos hy probeer onthou of hy dalk by 'n vorige geleentheid in haar teenwoordigheid laat val het hy't 'n Nokia. En of hy die foon al in haar teenwoordigheid gebruik het en sy dit kon sien. Hy kan nie aan een keer dink wat hy die foon in haar kantoor gebruik het nie.

Kassie oorweeg sy opsies. Sal hy dit waag? Waarom bleddie nie? Dis belangrik dat hy weet.

Hy haal sy foon uit sy sak en bel haar op haar selfoon.

Sy groet nie. “Kassie, jy is nié veronderstel om my te kontak nie. Die ondersoek is nog hangende en daarom kan ek nie met jou gesels nie.”

“Beantwoord net één vraag, brigadier. Dis belangrik!”

“Ek kan nie, Kassie.”

“Ek soek net ’n ja of nee, brigadier. Asseblief, dis in jou belang.”

Sy bly lank stil. Kassie vrees sy gaan aflui.

“Nou goed, maar hou dit kort en kragtig.”

“Weet brigadier wat die maak van my selfoon was? Die een met die pap battery wat my tydens die Saddles-oproep gedrop het?”

“Nee, hoekom sal ek dit weet? En wat het dit te doen met ...”

“Dankie, brigadier, dis al wat ek wou weet.”

* * *

Sylvia bekijk haar uitrustings in die klerekas.

Sy glimlag. Tyd om ’n bietjie moeite te doen wanneer sy en Johan Vrydagaand na Benita toe gaan. Een van haar meer gewaagde uitrustings behoort darem nie onvanpas by ’n huispartytjie te wees nie. Sy is al moeg vir haar koekerige klere van die afgelope tyd.

Sylvia is bly die naweek is amper op ’n einde. Dis was vermoeiend met haar ouers en Cara hier in die woonstel. Sy moes omtrent bontstaan, en dit terwyl haar gedagtes op ’n ander plek was.

Sy is effens teleurgesteld dat sy Johan nog nie weer sedert eergisteraand gesien het nie. Vanoggend teen halfelf se koers, nogal op haar ma se aandrang, het sy oorgestap om hom te nooi vir tee en melktert, wat haar ma spesiaal gebak het, maar hy was nie daar nie.

Cara het ’n yslike tantrum gegooi “omdat oom Johan nie kan kom tee drink nie”, wat haar pa baie amusant gevind het. “Caratjie het klaar vir jou ’n man gekies, Sylvia. Moet haar nou nie teleurstel nie,” het hy goedig gespot.

Sy hoor haar ouers se stemme in die leefvertrek. Sy het hulle gevra om nog vanaand oor te slaap. Môre kom Cara se nuwe versorger en sy het gevra dat hulle haar eers touwys maak en kyk dat Cara gemaklik in haar teenwoordigheid is voordat hulle terugry Malmesbury toe.

Dit gaan baie help, want van môre af sal sy elke oggend vroeër by die werk moet wees vir die week lange kongres van finansiële dienste-organisasies in die Kiks. Sy het daar ’n reuse-uitstalling om te behartig,

waarvoor sy nogal dankbaar is. Ook die feit dat Swart in sy afwesigheid gaan skitter. Hy het haar per e-pos laat weet dat hy ander verpligtinge het.

In teenstelling met die kantoor waar die telefoon onverpoos lui, sal die stalletjie net sekere tye van die dag besig wees. Dit sal haar genoeg tyd gee om mooi te dink hoe sy dit gaan verwoord wanneer sy Johan Vrydagaand oor haar vorige lewe inlig.

* * *

Kassie is vroeg in die kooi, maar hy bly rondrol.

Noudat hy vasgestel het die brigadier het nie geweet hy het 'n Nokia nie, het daar baie twyfel in sy gemoed ontstaan. Is hy nie besig om op loop te raak oor iets wat eintlik betekenisloos is nie?

Moontlik het Lettie geweet dit was 'n Nokia. Of een van die ander speurders by die Spookeenheid. Wat dit terloops teenoor Mukkadem genoem het. Dis seker moontlik, want Mukkadem het met almal gesprekke gevoer en dalk wou hy hulle mening oor die Vermooten-saak inwin. Dis immers op almal se lippe ná die brigadier se beweerde betrokkenheid.

Kassie het wel verlede week by die ander speurders navraag gedoen oor wat Mukkadem hulle als oor die brigadier vertel het. Daar was geen bykomende inligting nie en sy storie het ooreengestem met wat hy vir Kassie en Rooi gesê het.

Hy sal tog môre subtiel by die ander speurders en Lettie hoor of hulle geweet het van die Nokia.

En as een van hulle bevestig dat hulle dit aan Mukkadem genoem het, sal hy vir lief moet neem dat sy agterdog ongegrond was. Dan het hy minstens gemoedsrus oor daardie sakie.

Hy sug. Dan weet hy steeds nie hoe hy die brigadier gaan help nie.

Hy het die veilingkatalogus al vroegoggend by die afslaers in Rondebosch gaan haal. Daar het 'n hople in hulle ontvangsportaal gelê en hy kon ongesiens een vat.

Terug by die woonstel het hy eers koffie gemaak, toe sy spaarkamer se deur oopgesluit en agter sy lessenaar ingeskuif.

Nou blaai hy rustig deur die katalogus van meer as 'n duisend munte, wat volgens die beskrywing dekades lank in 'n kluis in Rondebosch gelê het. Die huis se eienaars het eers onlangs op die versteekte kluis afgekom toe hulle uittrek, en het toe besluit om die inhoud op te veil.

Hy is teleurgesteld in die oorsese munte. Party is wel redelik skaars, maar hy het almal. Daar is nie 'n koningin Juliana-silwermuntstuk van 1967 soos die een wat hy by die kroegman op Langebaan gekry het nie. Hy weet nou nog nie hoe hy daardie muntstuk verloor het nie. Moontlik toe hy daardie aand op Langebaan sy tasse so haastig gepak het. Dis iets waarvoor hy homself moeilik sal vergewe.

Sy oë beweeg oor die lys van Suid-Afrikaanse munte, waarvan hy die meeste het. Dan trek hy sy asem in. Hy kan dit nie glo nie! Die een Suid-Afrikaanse munt wat hom nog altyd ontglip het, is gelys: die waardevolle 1892-kroon, oftewel vyfsjieling.

Daardie muntstuk het vir hoogdrama in president Paul Kruger se destydse Zuid-Afrikaanse Republiek gesorg. Kruger het in 1891, in die aanloop tot die verkiesing, munte by die Kaisermunt in Berlyn bestel omdat die ZAR se munt nog nie in werking was nie. Toe die eerste besending ponde, halfponde en krone aanland, het die ossewa daarop twee asse gehad en was die voor- en agterwiele ewe groot. 'n Voortrekkerwa het een as gehad en die agterwiele was groter as die voorstes. Om sake te vererger het die ontwerper, Otto Schultz, sy voorletters onderaan Kruger se borsbeeld aangebring. Só het daar toe *OS* onder die trotse, hardvoggige Kruger gestaan, wat hom amper die verkiesing gekos het. Nuwe munte is inderhaas gemaak – met 'n enkel-as, korrekte wielgroottes en Kruger sonder die *OS*.

Volgens die katalogus is dié omstrede muntstuk in 'n goeie toestand, met 'n insetprys van R180 000.

Hy móét dit hê. Kom wat wil. Hy sal net weer sy beproefde veilingstrategie van Johannesburg volg om enige risiko's uit te skakel.

* * *

Mukkadem kry Vleis by 'n restaurant in Langstraat, soos hulle afgespreek het.

“Ek vrek van nuuskierigheid,” sê Vleis toe hy gaan sit.

Mukkadem lag. “Wel, dis nog net gerugte, maar dit wil lyk of die hoof sy gat gaan sien. Die nasionale kommissaris en minister was die hele oggend in sy kantoor agter 'n toe deur. Een van die sekretaresses daar weet te vertel dat hy maar mistroostig gelyk het toe hulle daar weg is – en hy het glo gesê: ‘So kom alle goeie dinge tot 'n einde.’ Ek glo sy doppie is geklink. Sy onvermoë om die geweld op die Vlakte te temper het al lankal teen hom getel. En Fortuin se storie was toe die laaste strooi.”

Vleis vryf sy hande teen mekaar. “Giraffe gaan fokken happy wees!”

Mukkadem glimlag. “Hy gaan nog blyer wees as ek die nuwe kommissaris word.”

* * *

Dit was 'n Maandag wat Kassie gou wil vergeet.

Hy moes soos 'n bleddie spioen by al sy kollegas aangaan en vra of hulle geweet het hy het 'n Nokia. En hy moes dit só doen dat nie een agterdogtig raak nie. Hy wou immers nie adverteer dat hy agterdogtig is oor die eenheid se nuwe instaan-bevelvoerder nie. Om veilig te speel moes hy sorg dat hy elkeen alleen kry. Hy het Piedt in die kombuis gepols, Britz in sy en Malabe se kantoor toe laasgenoemde 'n draai gaan loop het, Malabe toe hy sy hande in die badkamer gaan was het, Colyn op die trappe toe Kassie sien dié is op pad uit, en Lettie by haar toonbank. Dit het hom die grootste gedeelte van die dag geneem om vas te stel dat nie een van die Nokia geweet het nie.

Op pad na sy woonstel is hy nou nog meer verward. Dit maak eenvoudig nie sin dat Mukkadem van die Nokia geweet het nie.

In die hyser kom Vermooten vir die eerste keer weer by hom op, wat hom effens skuldig laat voel. Sy gedagtes was nie vandag by die saak nie. Hulle sal ten minste môre uitvind of die vingerafdrukke op Amalia se boek klop met Vermooten s'n. Dan kan hulle 'n aksieplan opstel.

In die gang na sy woonstel sien hy buurvrou Rita is weer besig om haar voorste plantjies nat te lei.

Skielik tref 'n vermoede hom. Kan dit wees? Tog fokken seker nie!

Hy stap vinniger en groet Rita.

“'n Tydjie gelede het jy vir my gesê hier was twee ouens van Telkom by die woonstel. Jy het my deur vir hulle oopgesluit.”

Sy knik. “Ek is saam met hulle in om te kyk dat hulle nie jou goed wegdra nie.”

“Was jy in my studeerkamer toe hulle my foon gecheck het?”

Sy skud haar kop, lag. “Daai klein studeerkamertjie van jou is hopeloos te vol goed gepak vir drie mense om in te staan. Nee, ek het in die gang gewag dat hulle klaarmaak. Hoekom vra jy? Vermis jy iets?”

“Nee, ek vra somer net.”

Sy kyk hom fronsend aan toe hy sy deur oopsluit.

Hy glimlag. “Jy kan ontspan, niks is weg nie. Lekker aand vir jou.”

Kassie stap in en trek die deur haastig agter hom toe.

Lettie het ook mos in daardie tyd genoem dat Telkom-werkers by die eenheid se kantore was. Hy verbeel hom sy't gesê hulle het by haar skakelbord gewerk en is toe na die brigadier se kantoor, en daarna na sy en Rooi s'n. Hy sal haar moet vra of hulle ook na Colyn- en Britz-hulle se kantore gegaan het.

Hy stap studeerkamer toe en kyk na sy telefoon. Hy gaan die ding nie probeer uitmekaar haal om vas te stel of daarmee gepeuter is nie. Daarvoor is sy tegniese vaardighede hopeloos te gebrekkig.

Kassie kyk agterdogtig in die vertrek rond. Of is hier dalk iewers 'n bug geplant? Hy haal die geraamde sertifikaat wat hy vir sy Kaapse driehoekseëls verwerf het versigtig van die muur af. Niks. Op sy lessenaar kyk hy binne-in die silwer Grand Prix-trofee wat hy met dieselfde seëls losgeslaan het, maar daar is ook niks wat nie daar hoort nie. Hy kyk onder die lessenaarblad en onder die stoel, en pak sy boekrak ry vir ry uit. Hy skuif die stapels bokse vol filatelie-tydskrifte en -veilingkatalogusse en Boeremusiekgilde-agendas eenkant. Geen bug nie.

Moet die foon wees wat 'n meeluisterapparaat huisves, besluit hy. Daar bestaan meteens by hom geen twyfel daaroor nie. Die legkaartstukke val nou een vir een in plek. Hulle moes ingeluister het na sy gesprek met Amalia toe sy hom oor Anrich gebel het. Toe het hy van die Nokia gepraat. Hulle sou aangeneem het hy sal die foon laat laai en by sy woonstel los,

omdat hy ingestem het om saam met haar in Durbanville haar seun te gaan soek. Dit is waarom hulle in daardie tyd na sy selfoon toe gebel het om Vermooten se kwansuise teenwoordigheid in Saddles te rapporteer. En toe bel hulle later die Bellville-polisie sodat die saak amptelik aangeteken kan word. Dit was 'n goed uitgewerkte plan om hom en moontlik die brigadier kak te laat lyk. Hulle het natuurlik ook die storie aan die media gelek nadat dit bekend geword het Ilze Delport is vermoor.

Hy is ook nou amper honderd persent seker dat sy en die brigadier se kantoorfone getap is.

Sou Mukkadem agter alles sit? Misdaadintelligensie is juis vertrouwd met meeluisterapparate en sulke goed. Of werk hy saam met iemand? Hy kon tog nie alles op sy eie gedoen het nie. Daar was byvoorbeeld die twee “Telkom-werkers”.

En het hulle die brigadier se huisfoon ook getap? Sou dit ook hulle wees wat die sportsak uit haar huis verwyder het waarin die geld later versteek is? Met 'n goeie stel lopers kan jy enige plek toegang kry. Ook met gemak inkom by afgeleefde kantore soos die Spookeenheid s'n, om die sak met geld in haar kantoor te versteek.

Kassie pluk sy selfoon uit sy windjekker se sak. Een van sy seëlpelle, Hentie van Schoor, is 'n gadget-kenner soos min. As daar iemand is wat 'n meeluisterapparaat in sy foon sal kan opspoor, is dit Hentie.

Hy steek vas. Dalk moet hy dit glad nie waag om vanuit sy woonstel te bel nie. Die moontlikheid van 'n bug iewers op 'n ander plek is nie uitgesluit nie.

Kassie sluit sy voordeur en vat die trappe af na die parkade.

Hy bel en is bly toe sy vriend ná net 'n paar luie antwoord. Hy knip Hentie kort toe dié wegval met 'n storie van 'n baie skaars seël wat hy op 'n veiling gekry het.

“Ek het jou hulp dringend nodig. Ek het 'n vermoede die foon in my woonstel is getap. Ek wil hê jy moet kom kyk.”

Hentie lag. “Kassie, as iemand jou foon wil tap, sal hulle nie 'n bug in jou foon plant nie. Dis verouderde James Bond-tegnieke daai. Wie is die mense wat jy vermoed jou afluister?”

“Die polisie – sekere lede wat my en my bevelvoerder in 'n moordondersoek wil ondermyn.”

“Enige regeringsinstelling soos die polisie wat op iemand se landlyn wil inluister, sal die diensverskaffer kontak. In Suid-Afrika sal dit Telkom wees.

Telkom sal dan vir hulle sekere tersaaklike koördinate verskaf en die tegniese ondersteuning bied om hulle in staat te stel om dit te doen.”

Kassie skud sy kop instinktief. “Dit sal dalk vir amptelike polisie-ondersoeke geld, maar dan sou daar baie red tape aan verbonde wees om toestemming te kry. Die polisie sal donnerse goeie redes moet verskaf om by die wet verby te kom. In my geval sou hulle nie ’n amptelike roete kon volg nie.”

“Oukei, dan sou hulle op die James Bond-metode moes terugval. Jou woonstelblok behoort ’n vertrek te hê waar die hooftelefoonlyn vir die gebou gesetel is. Van daar af word dit na die verskillende nommers herlei. Hulle sou toegang tot daardie kamertjie moes gehad het.”

Kassie weet van die kamertjie hier onder in die parkade. Die opsigter sou die sleutel vir die “Telkom-mense” gegee het sonder om vrae te vra. Soos die kroegman op Langebaan, is die opsigter ook maar skraal in die skrif.

“Hier is só ’n kamer. Maar my inligting is dat hulle ook doenig was in my studeerkamer, waar my landlyn is.”

Hentie aarsel ’n oomblik. “Hmm ... moontlik ’n klankversterker in die gehoorbuis geïnstalleer om te verseker hulle hoor jou duidelik genoeg.”

“Kan jy nou kom kyk?”

“Natuurlik, gee my ’n halfuur en ek is by jou.”

Hy moet vanoggend bank toe gaan om op een van hulle rekenaars die nodige geldoordrag te doen. Dit neem gewoonlik twee dae.

Dan sal hy die afslaers Donderdag per e-pos van 'n rekenaar by 'n internetkafee kontak en sy aanbod maak. Daar is by hom min twyfel dat hulle dit dadelik sal aanvaar. Hulle sal maar te goed besef niemand gaan 'n hoër bod vir die 1892-kroon insit nie. En die feit dat hy die geld sommer Donderdag al in hulle bankrekening sal inbetaal, sal hulle goeie samewerking verseker.

Dan net vir die aflewering.

Hy sal met hulle dieselfde reëling tref as met die afslaers in Johannesburg.

* * *

Kassie het besluit om Rooi nie nou al van sy vermoedens te vertel nie. Dié sal dadelik daarvan wil werk maak. Hy wil eers doodseker wees dit is nét Mukkadem wat agter die meeluisterstorie sit. As hy meelopers het, wil Kassie hulle identifiseer voor hy en Rooi besluite neem oor hoe hulle te werk moet gaan. As daar meer as een belangrike polisie-offisier betrokke is, sal hulle moet fyn trap.

Hy weet minstens nou sy afleiding was reg. Hentie het gisteraand bo alle twyfel vasgestel sy foon is getap. Hy het die klankversterker in die gehoorbuis gekry, maar dit op Kassie se aandrang nie verwyder nie. Indien iemand nog na gesprekke op sy huisfoon inluister, wil hy nie hê hulle moet onraad merk nie.

Hy is nou ook seker dat die brigadier se huisfoon getap is. Toe Hentie weg is, het hy gekyk na die call history-funksie van sy Nokia, wat hy intussen weer gelaai het. Die brigadier het hom daardie Sondag op haar huisfoon gebel om hom te laat weet dat Ilze Delpont in Seepunt vermoor is. Sy het dit uitdruklik gestel dat die ou van Forensies gesê het dis sonder enige twyfel Vermooten se werk. Hulle moes die gesprek op haar landlyn afgeluister het. Dit is waarom Achmat so vinnig 'n hoofstorie oor die moord

vir daardie Maandag se oggendkoerant kon skryf. Kassie onthou nog hoe verstom sy was oor hoe vinnig die koerant die storie opgetel het.

En nou glo hy dat die diefstal van die dossier en bewysstukke uit die gastehuis op Langebaan ook deur hierdie wetters georkestreer is. Mukkadem en sy trawante het 'n kans gevat wat vrugte afgewerp het. Hulle moes geraai het Kassie gaan nie die dossier en bewysstukke op die tweede dag tydens die ondervragings saampiekel nie. Maar by wie het hulle hul inligting oor Kassie-hulle se bewegings gekry? Gehasi se bevelvoerder?

Kassie kyk op toe Rooi by die kantoor inkom. Hy knyp 'n pakkie onder sy arm vas. "Lyk my daar gaan groot marakkas aan by hoofkantoor. Mukkadem het Lettie gebel en gesê hy sal nie vandag hierheen kan kom nie. Daar is 'n spesiale vergadering van die eenheidshoofde by die kommissaris belê. Lettie sê een van die sekretaresse daar het gesê Teeninligting se ondersoekspan na brigadier Fortuin se storie is ook vir 'n tydgleuf by daai meeting geskeduleer."

"Dit klink of hulle dan al 'n bevinding gemaak het," sê Kassie. Fok, hy't gehoop die saak sloer nog 'n ruk.

"Jip, en dit lyk nie goed vir die brig nie. As hulle haar onskuldig bevind het, sou sy mos al van haar laat hoor het." Rooi gee die pakkie vir Kassie aan. "Hier's jou vriendin se boek. Forensies het dit nou net by Lettie afgelewer. Ek neem aan die verslag is ingesluit."

Kassie skeur die papier af en lees vlugtig.

"Dit wás Vermooten. Sy vingerafdrukke is oral op die boek."

"Bliksis, dis 'n groot deurbraak!" roep Rooi uit.

Kassie weet hy behoort ook opgewonde te raak, maar sy gedagtes bly vassteek by hoe hy die brigadier se onskuld kan bewys.

Want die uurglas is besig om vinnig vir haar leeg te loop.

* * *

Sylvia skeur die soveelste A4-papier middeldeer en gooi dit in die snippermandjie langs haar.

Sy het die wêreld se tyd, want die stalletjie raak net gedurende die kongresgangers se etensuur besig.

Nogtans vind sy nie die regte woorde nie. Als klink so obskuur en onfatsoenlik. Tog wil sy dit nie waag om haar storie te verdraai en

byvoorbeeld te maak asof dit net een of twee mans was nie. Daar is te veel Gerhard Pienaars wat met wraak in hulle harte rondloop.

Dalk moet sy nie nou al haar kop daaroor breek nie. Dalk kom die regte woorde net wanneer sy Johan Vrydagaand vertel.

* * *

Kassie het vanaand 'n pizza bestel wat by die woonstel afgelewer sal word. Hy kan nie bekostig om voor die kospotte te staan nie, want hy het tyd nodig om te dink.

Dit was weer 'n tawwe dag. Vanmiddag was hy en Rooi by die Middestad-polisie. Dit het omtrent oorredingswerk geveer om die bevelvoerder te oortuig om drie van sy groentjie-konstabels af te staan vir "promenade-patrollie", soos hy smalend daarna verwys het.

Hulle sal net vier dae beskikbaar wees, net tot Saterdag, om uit te kyk vir 'n gespierde drawwer met 'n geruite keps. Sodra hulle so iemand gewaar, moet hulle Kassie of Rooi op hulle selfone bel.

Toe moes Kassie-hulle die konstabels gaan wys waar om môre te staan. Dit het kopkrap gekos om met hulle beperkte mannekrag die lang roete, wat aan die onderkant van Mouillepunt begin en aan die bopunt van Seepunt eindig, doeltreffend te dek.

"Ons het minstens nog drie nodig," het Rooi gebrom.

Terug op kantoor het Lettie hulle die jongste skindernuus van hoofkantoor gegee. "Die rumours wil dit hê dat generaal Mukkadem die nuwe kommissaris gaan word en dat kommissaris Radeba op vervroegde pensioen gaan aftree. Hy sal net tot aan die einde van die maand in sy pos aanbly. Maar dis nog als hush-hush, hoor! Daar kom glo Vrydag 'n amptelike aankondiging."

"Enige nuus oor brigadier Fortuin?" het Rooi gevra.

"Weet nie, maar Teeninligting se ondersoekspan was glo maklik 'n uur lank deel van die vergadering. My vriendin daar sê sy dink nie dis noodwendig goeie nuus vir die brigadier nie."

Dit het Kassie opnuut laat besef hy kan nie op sy louere rus nie. Elke minuut tel nou. 'n Plan het in sy agterkop begin broei, maar hy moet die details eers mooi uittrap. Hy gaan één kans hê.

"Weet jy of Mukkadem môre by ons 'n draai gaan maak?" het hy vir Lettie gevra.

“Ja, sy sekretaresse het laat weet hy sal môreoggend van nege tot tien hier wees. As een van julle hom dus wil sien, moet dit in daardie uur gebeur.”

Op pad huis toe het hy eers by Hentie gestop om die stemopnemertjie te kry. “Soos jy kan sien, is die dingetjie moer klein en kan dit maklik versteek word. Dit het ’n ontvangsreikwydte van vier meter en kan ’n hele drie uur lank opneem. Dis state of the art, my vriend,” het Hentie gesê. Hom toe gewys hoe die ding werk.

By die woonstel het hy eers vir Amalia gebel.

Sy was uit die veld geslaan om te hoor die “vriendelike en behulpsume” Johan is toe inderdaad Vermooten.

“Om te dink hy was hier in my woonstel!” het sy uitgeroep.

“Dis waarom ek bel. Die veiligheidshek by julle blok was elke keer stukkend toe ek daar gekom het –”

“Die hek is intussen darem reggemaak,” het sy hom onderbreek.

“Dis ’n verligting, maar onthou, daar is altyd ander maniere om in te kom. So wees asseblief bedag en moenie jou deur vir iemand oopmaak voor jy seker is wie dit is nie.”

“Jy dink tog nie Vermooten sal hierheen kom nie?”

“Ek twyfel sterk, maar ’n mens kan nie versigtig genoeg wees nie. Hy is ’n onvoorspelbare karakter.”

“Sies, Kassie, hoe moet ek nou vannag slaap?”

“Jammer, ek wou jou nie bangpraat nie, maar net bedag maak. Troos jou daaraan dat Vermooten nie blonde vroue vermoor nie. So jy’s redelik veilig, maar bel my dadelik as iets jou agterdogtig maak.”

“As my niggie ná die naweek weg is, moet ons een aand kuier,” het sy afgesluit en Kassie se dag gemaak.

Maar nou, terwyl Kassie vir sy pizza wag, is daar nie tyd om verder oor Amalia te droom nie.

Vanaand moet hy sy plan finaliseer en net hoop dit werk.

Vleis is gatvol daarvan dat Mukkadem hom nie informed hou nie. Hy hoor allerlei rumours, maar weet nie of dit bullshit-stories is nie.

Dis nou halfnege. Mukkadem behoort seker al by die werk te wees en hy besluit om te bel.

“Het jy jou tong verloor of wat? Ek hoor fokol van jou!” val hy weg toe Mukkadem antwoord.

“Vleis, ek sou jou nog vanoggend bel, maar ek hardloop soos ’n bleddie afkophoender rond. Baie dinge het gebeur.”

“Jou partner sal graag wil weet wat daai baie dinge is.”

“Ek word die nuwe kommissaris, vat aan die einde van die maand by Radeba oor.”

“Fok, en jy sê my nou eers!”

“Die aankondiging word Vrydag gedoen. Tot dan mag jy niks sê nie. Ook nie vir Giraffe nie.”

“En Fortuin se storie?”

“Sy’s skuldig bevind. Die polisie gaan haar nou krimineel vervolg.”

“Gee bietjie meer detail. Ek’s curious.”

“Nie nou tyd nie. Ek is op pad Spookeenheid toe om te hoor of hulle nog oukei is, en dan moet ek ’n draai by ’n paar eenheidshoofde –”

“Oukei, oukei, maar bel my dan later.”

“Maak so, cheers.”

Vleis staar lank na die selfoon in sy hand. Hy hoop Mukkadem besef hy wat Vleis is, wil ook nou ’n promotion hê. Daai vacancy wat Mukkadem as boss van Crime Intelligence gaan los, is sy first choice. En Mukkadem sal sy request hardly kan weier, want as partners in crime het hy hom stewig aan die balls beet.

Hy maak sy onderste lessenaarlaai oop en voel-voel vir die halfjack.

Kassie het tot middernag geswoeg om 'n redelik geloofwaardige plan te bedink. Slaag dit nie vanoggend nie, weet hy nie wát hy gaan doen nie.

Hy het eers die bandopnemertjie getoets. Werk uitstekend, vang selfs bietjie verder op as die reikwydte van vier meter wat Hentie genoem het. En klokhelder.

Die verkeer op die N1 was gelukkig seepglad en hy was al agtuur op kantoor. Hy weet Lettie kom gewoonlik halfnege hier aan, wat hom genoeg tyd gegee het om die stemopnemer in die brig se kantoor te plant. Hy het 'n goeie wegsteekplek agter 'n potplantjie op die liasseerkabinet gekry. Die opnemer toe gou getoets deur in die kantoor se verste hoek te gaan staan en praat. Dit teruggespeel. Hy kon elke woord duidelik hoor. Kort voor halfnege het hy die opnemer aangesit en Lettie by die ontvangstoonbank ingewag.

“Ek wil die generaal dringend sien sodra hy inkom,” het hy vir haar gesê.

“Jy én Rooi?”

“Nee, net ek.”

“Oukei, ek bel jou sodra hy hier is.”

En nou, terwyl hy angstig by sy lessenaar sit en wag, hoop hy nie sy plan backfire nie. Sê nou die bliksem besluit om ná hulle gesprek dadelik te verkas? Of een van die ander speurders maak ook 'n afspraak met hom en hy het nie tyd om te reageer soos Kassie graag wil hê nie?

As niemand anders Mukkadem wil sien nie, maak Kassie staat op sy instink. Dit sal net natuurlik wees vir hom om dadelik te reageer.

Rooi kom soos gewoonlik laat in, groet en haal sy koffiebeker tydsam uit sy boonste lessenaarlaai. Hy behoort vir die volgende twintig minute in die kombuis praatjies te maak met van die ander speurders, wat Kassie pas. Hy soek nie onnodige vrae wanneer hy na Mukkadem toe gaan nie. Hy sal Rooi wel vertel as sy plan gewerk het.

Om vyf minute voor nege lui sy foon.

“Jy kan maar kom,” sê Lettie.

By die ontvangstoonbank vra hy haar of van die ander speurders ook afsprake gemaak het.

“Nee, nie een nie, jy kan jou tyd gebruik.”

Hy stap by die kantoor in en trek die deur agter hom toe.

Mukkadem is besig om deur die oggendkoerant te blaai.

Hy kyk op. “Sit gerus, ek hoor jy wil my dringend sien. Iets oor Vermooten, neem ek aan?”

“Nee, generaal, dit gaan oor brigadier Fortuin.”

Hy frons. “Wat van haar? Het sy jou gekontak?”

“Nee, glad nie, generaal, maar ek vermoed steeds sy is deur iemand geframe, dat die geld nie van Vermooten gekom het nie.”

Sy frons verdiep. “En wat laat jou dit nogal vermoed?”

Kassie skraap sy keel. “Ek was die dag by toe Teeninligting die geld in haar kantoor gekry het. Sy wou my as ’n getuie hier hê.”

Hy knik. “Ek’s bewus daarvan.”

“Noem dit maar ’n ingebore ding by my, maar ek doen dit altyd as daar bondels note voor my uitgepak word,” lieg Kassie.

“Wat doen jy?”

“Ek neem dit met my foon af. Terwyl die man van Teeninligting dit op die lessenaar uitgepak het om te tel, het ek die boonste noot van elke bondel afgeneem. Reeksnommers van note vertel mos soms hulle eie storie.”

Mukkadem kom effe vorentoe in sy stoel. “Wat presies bedoel jy?”

“Ek het die foto’s vir ons hooflab in Pretoria gestuur. Sommer dat hulle dit vir my kan uitcheck. Toe kry ek vanoggend ’n oproep van hulle. Hulle sê dis als vals geld.”

Mukkadem se mond gaap vir ’n oomblik oop. “Vals geld?!”

“Ja, die reeksnommers stem almal ooreen met dié van vals geld wat ’n jaar of wat gelede in die Kaap in omloop was.”

Hy sluk. “Dis ... vreemd.”

“Net mooi wat ek ook gedink het, generaal. Waarom sal ’n skatryk man soos Vermooten iemand met vals geld wil omkoop? Dit kan mos sleg boemerang. As die persoon wat hy omgekoop het, uitvind dis vals geld, bedonner hy mos sy eie saak om beskerm te word. Daarom glo ek hier is iets baie fishy aan die gang.”

Mukkadem staar sprakeloos na hom. Kassie kan sien hy’s gerattle.

“Ek sal daardie feit graag onder Teeninligting se aandag wil bring,” sê Kassie.

Mukkadem reageer presies soos Kassie gehoop het hy gaan.

“Nee, nee, los die aangeleentheid in my hande. Ek sal die saak met hulle bespreek. As hierdie week eers verby is, sal ek hulle kontak.” Hy bly ’n oomblik stil, kyk Kassie streng aan. “Julle moet nou gefokus bly op die Vermooten-saak.”

Kassie kom orent. “Dankie, generaal, ek het geweet u sal my logika oor die vals geld insien.”

Mukkadem knik. “Trek net die deur agter jou toe as jy uitgaan,” sê hy met ’n skor stem.

* * *

Sy bene pomp reëlmatig. Soos altyd, hardloop hy die laaste ent voluit na waar sy bakkie staan. Die sweet brand in sy ooghoëke en sy asem jaag.

By sy bakkie haal hy die laphoedjie van sy kop af en vee sy gesig daarmee af. Hy weet nie of hy weer gaan draf voor Vrydagoggend nie. Môre is dit hy en die afslaers. Hy sal by die internetkafée moet bly tot hulle per e-pos bevestig het hulle aanvaar sy aanbod. Dit kan die hele dag duur. Op die slegste kan hy eers Vrydagoggend bevestiging van hulle kry.

Hy glimlag. Daaroor twyfel hy darem sterk. Hulle behoort gou te spring wanneer hulle sy aanbod sien.

* * *

Kassie het net gewag tot Mukkadem twintig voor tien die pad vat. Hy het toe vir Lettie gesê hy het iets in die kantoor vergeet en die bandopnemertjie gaan haal. Toe toilet toe gegaan en die oorfoontjies gebruik om ongehinderd te luister wat ná sy gesprek met Mukkadem gebeur het. Sy instink was reg. Mukkadem het presies gereageer soos hy gehoop het.

Hy het hom toe na sy en Rooi se kantoor gehaas en gesê hulle moet na die koffieplekkie skuins oorkant die straat gaan. Hy het iets belangriks waarna Rooi moet luister.

Nou, terwyl Rooi eers met die oorfoontjies na sy en Mukkadem se gesprek luister, begin Kassie om sy volgende skuif te beplan. Sy tyd is donners min.

Die verbasing staan op sy kollega se gesig geskryf. Hy druk die opnemer dood. “Ek het nou eers net na jou en Mukkadem se gesprek geluister. Het jy regtig foto’s van daai note geneem?”

“Nee, maar in my verre verlede het ek dit wel ’n keer gedoen – en toe die foto’s na ons hooflab in Pretoria gestuur. Met daardie saak het die gekonfiskeerde note se reeksnommers met dié van vals note ooreengestem.”

Rooi frons. “Jy kan in groot kak kom! Jy’t ’n generaal belieg en bedrieg. Sê nou hy kontak die hooflab? Of hy vra vir Teeninligting se ou of jy foto’s van die note geneem het?”

Kassie glimlag. “Hy sal nie. Trouens, hy is van voorneme om fokol aan die saak te doen. Luister gerus verder, want hy het dadelik ná ons gesprek iemand gebel.”

Rooi druk die oorfoontjies terug in sy ore en skakel die opnemer aan.

Ná vyf minute druk hy dit dood en fluit deur sy tande.

“Bliksis, Kassie! Wat gaan jy nou doen?”

“Ek gaan die kommissaris vanmiddag nog sien.”

Kassie het een van hoofkantoor se sekretaresses, met wie hy in sy dae by die Bellville-polisiestasie saamgewerk het, gebel om te hoor of kommissaris Radeba daar is.

“Ja, hy is, maar jy sal ’n afspraak moet maak. En hy sien niemand as dié se eenheidshoof of bevelvoerder nie by is nie,” het sy gesê.

Hy het geen kommentaar daarop gelever nie. Niemand gaan hom vandag keer om Radeba onder vier oë te spreek nie.

Terwyl hy in die lang gang op die kommissaris se hoekkantoor afpyl, is hy vasbeslote om nie deur die baas se bedonnerde sekretaresse gestuit te word nie.

Sy kyk gesteurd oor haar ronderaambil toe hy haar heiligdom betree.

“Middag, Sofie, goed om jou weer te sien,” groet hy.

“Wat maak jy hier, Kassie? Ek dog jy jaag ’n reeksmoordenaar.” Sy is verstommend vriendelik.

“Ek kom jou baas spreek.”

Haar gesig slaan vinnig oor na sy gebruiklike suurpruimstatus. “Dit sal nie moontlik wees nie. Eerstens het jy nie ’n afspraak gemaak nie en tweedens moet jy minstens van jou bevelvoerder vergesel word om die generaal te spreek.”

Kassie maak of hy verbaas is. “Het die kommissaris jou nie gesê nie?”

“Wat gesê?”

“Dat ek in opdrag van generaal Mukkadem hom dringend moet kom sien.”

Sy lig haar wenkbroue. “Nie ’n dooie woord nie.” Sy sug. “Maar my baas se gedagtes is deesdae ook nie altyd by sy werk nie.” Sy beduie na sy deur. “As hy jou dan verwag, kan jy seker maar ingaan.”

Sonder om te klop maak Kassie die deur oop en druk dit vinnig agter hom toe.

Generaal Petrus Radeba is koponderstebo besig om iets te lees en kyk nie van sy lessenaar op nie. Hy moet dink dis Sofie wat ingekom het.

In die hoek van die kantoor is talle bokse opmekaar gestapel. Die boekrakke teen die agterste muur is leeg. Die gerugte is waar, besef Kassie,

die kommissaris is besig om te pak.

Kassie kug.

Die kommissaris kyk op. Hy lyk heelwat ouer as toe Kassie hom twee jaar gelede laas gesien het. Sy klein gesiggie het 'n paar plooië bygekry en sy grys hare is yler as wat Kassie onthou.

“Kaptein Kasselman,” sê hy met geligte wenkbroue, “waaraan het ek dié eer te danke?”

Kassie is altyd verstom oor sy perfekte Afrikaanse uitspraak. Volgens die brigadier praat hy nege van die elf amptelike landstale vlot.

“Generaal, eerstens wil ek verskoning maak dat ek so ongenooïd hier inkom. Tweedens wil ek u verseker dat ek dit om 'n goeie rede doen. Dit wat ek u wil vertel, is 'n saak wat nie net u eie toekoms nie, maar ook dié van brigadier Fortuin drasties ten goede kan beïnvloed.”

Daar is 'n taamlik verbitterde trek om die kommissaris se mond. “Ek is bevrees die gety het finaal teen my gedraai, juis oor jou liewe brigadier Fortuin se laakbare optrede. Jy gaan niks kan verander nie, kaptein.”

“Luister asseblief net na wat ek te sê het, generaal.”

Hy aarsel 'n oomblik, knik dan en beduie na een van die besoekerstoele. “Sit dan maar,” sê hy sonder veel geesdrif.

Kassie val met die deur in die huis. Hy vertel hom van Mukkadem se opmerking oor die Nokia wat hom agterdogtig gemaak het en van sy huisfoon wat getap is. “Dit het my vermoedens versterk dat hier iets nie pluis is nie en dat brigadier Fortuin valslik die sondaar gemaak word.”

Kassie kan sien hy het die kommissaris se aandag. Hy haal die opnemer uit sy sak en sit dit op die lessenaar neer.

“Ek wil graag hê generaal moet hierna luister. Dis 'n gesprek wat ek vanoggend met generaal Mukkadem by die Spookeenheid se kantore gehad het. Hy was nie bewus van die opnemertjie wat ek daar versteek het nie.” Hy sit die opnemer aan.

Die kommissaris staar uitdrukkingloos na hom terwyl hy luister.

Kassie druk die opnemer dood ná sy en Mukkadem se gesprek. “Ek het nooit foto's van die note geneem nie. Dit was 'n leuen, maar dit was die enigste manier om te bepaal of generaal Mukkadem agter hierdie storie sit.”

Die kommissaris frons, maar sê niks.

“As hy wel die skuldige is en dalk 'n meeloper het, was my hoop dat hy daardie persoon dadelik sou kontak. En hy het. Die volgende gesprek het plaasgevind toe ek sy kantoor verlaat het.”

Hy sit weer die opnemer aan.

Daar is 'n kortstondige stilte. Dan is dit duidelik dat Mukkadem met iets vroetel. Weer 'n stilte. “Fokkit!” sê hy. Dit klink of hy sy telefoon se gehoorbuis optel.

“Dis generaal Mukkadem wat praat. Sê vir brigadier Restrepo hy moet dadelik van sy selfoon afklim en my op my selfoon bel. Dis dringend.”

Enkele sekondes later weerklink Mukkadem se luitoon.

“Vleis, ons het nou gróót kak!”

'n Kort stilte volg.

“Dis reg ja, gróót kak. Kasselman het foto's van die note in Fortuin se kantoor geneem toe Teeninligting die geld daar getel het. Hy't die foto's na ons hooflab in Pretoria gestuur. Die fokken reeksnommers op daai note stem ooreen met die nommers van vals geld wat hier in die Kaap in omloop was.

“Nie vars geld nie, bleddie váls geld! Wat de fok het Giraffe besiel om vals geld te gebruik?! Daardeur het hy ons hele plan bedonner om Fortuin te frame.

“Natuurlik, ja! Dink vir jou-fokken-self! Hoekom sal Vermooten iemand met vals geld omkoop as hy 'n miljardêr is? Niemand wat beskerming van 'n hoë polisie-offisier soek, sal so onnosel wees nie. As hierdie feit aan die lig kom, gaan hulle die Fortuin-ondersoek heropen. En dit wil ons beslis nie hê nie.”

Daar is nog 'n kort stilte. “Ja, ek sal die donnerse storie natuurlik moet doodsmoor. Weet nog nie hoe nie, maar ek sal volgende week daaraan aandag gee. Laat ek net eers die nuwe kommissaris word, dan sal dit makliker gaan om die storie te manipuleer. Jy moet solank help dink hoe ek dit kan hanteer.

“Ja, moenie worry nie, ek het vir Kasselman gesê ek sal dit nou alleen hanteer.”

'n Langer stilte volg. “Fok, ek hoop nie jy's reg nie! As Giraffe ons twee ook in die verlede met vals geld betaal het, kan dit donners gevaarlik raak.

“Nee, nee, moenie vir Giraffe bel nie! Ons sal moet koppe bymekaarsit voor ons hom konfronteer. Los dit ook vir volgende week. Ek wil nêrens branders maak voor Vrydag se aankondiging nie ... Oukei, ons praat later. Cheers.”

Kassie druk die opnemer dood. “Dis al, generaal.”

“Shit,” prewel die kommissaris.

Hy sit 'n oomblik doodstil, kry dan 'n verbete uitdrukking op sy gesig en tel sy foon se gehoorbuis op.

“Sofie, kanselleer eerstens al my afsprake vir die middag. Dan bel jy Teeninligting se bevelvoerder en sê hy en die hele span wat brigadier Fortuin se saak ondersoek het, moet binne die volgende halfuur hier aanmeld. Vra vir een van die ander sekretaresses om jou te help om genoeg stoele in te dra.”

Hy aarsel 'n oomblik. “En bel vir brigadier Fortuin by haar huis. Sy moet ook hier aanmeld. Ja, brigadier Fortuin, jy't rég gehoor.”

Hy glimlag fyntjies vir Kassie. “En, Sofie, reël intussen vir my en kaptein Kasselman koffie terwyl ons vir die spul wag.”

Hy was vroegoggend al by die internetkafee en verheug om te sien die geld reflekteer reeds in die rekening waarna hy dit oorgeplaas het.

Toe het hy vir die afslaers 'n e-pos gestuur.

Nou moet hy net geduldig wees.

Hy sal iewers in die stad rustig ontbyt gaan eet en dan kom kyk of hulle gereageer het.

Hy glo nie hulle gaan sloer nie.

* * *

Die hoofpyn hamer teen Vleis se slape. Hy het hom gisteraand by die huis oorgegee aan brandy-en-Coke. Gebeur maar altyd as hy so worry. Hierdie ding van die vals geld kan hulle lelik bedonner. En hy weet uit stories wat hy gehoor het dat Kasselmann die soort dogged fokker is wat sulke goed nie net los nie, al het Mukkadem belowe hy sal dit manipulate.

En wat Mukkadem betref, hoekom antwoord die bliksem nie sy foon nie? Vleis het hom gisteraand aanhoudend op sy cellphone gebel. Toe uit desperation tienuur se kant sy huis gebel. Sy vrou het gesê sy is bekommerd oor hom, want hy is nog nie daar nie en beantwoord ook nie haar calls nie. Toe Vleis vanoggend opstaan, was daar weer geen antwoord op sy cell nie.

Hy gaap en maak die diary op sy lessenaar oop. Hy's verlig om te sien hy het eers vanmiddag tweeuur 'n afspraak met Mitchells Plain se stasiebevelvoerder. Gee hom kans om 'n bietjie te dut.

Sy landlyn lui. Hy sug. Kan net beteken sy sekretaresse het 'n lastige versoek.

"Ja," blaf hy.

"Brigadier, hier's mense van Teeninligting om brigadier te sien."

"Hulle het nie 'n appointment gemaak nie. Ek's donners besig!"

"Hulle sê dis dringend."

Hy het nog die gehoorbuis in sy hand toe die deur oopgaan.

Twee mans wat hy nie ken nie kom in.

'n Kort, bonkige kêrel stel homself voor: “Ek is kolonel Paulse van Teeninligting.” Hy beduie na die skraal man langs hom. “Dis kaptein Benjamin.”

Vleis sit die gehoorbuis neer. “Shit, boys, ek is vrééslik besig. Kan julle my nie eerder vanmiddag kom sien nie?”

Paulse skud sy kop beslis. “Ons is hier om jou vir ondervraging in te neem, brigadier.”

“Ondervraging?! Vir fokken wat nogal?”

“Vir sameswering teen 'n mede-offisier, korrupsie, ontvangs van omkoopgeld en onregmatige telefoonmeeluistering.”

Vleis spring op agter die lessenaar. “Maar is julle bedonnerd?! Bel nou vir generaal Mukkadem, wat môre, as julle dit nog nie weet nie, as die nuwe commissioner in die Wes-Kaap aangewys word. Hy sal hierdie bleddie verspote allegations van julle aflag.”

Paulse glimlag. “Hy sal nie sy foon antwoord nie, want hy word al van gisteraand af aangehou. En afgesien van die bewyse wat ons reeds het, impliseer hy jou ook, brigadier.”

Benjamin staan nader. “Gaan u uit vrye wil saam met ons kom, of sal ons u moet boei? Laasgenoemde gaan natuurlik nie goed lyk voor die personeel nie.”

* * *

Daar heers 'n opgewondenheid soos lanklaas in die Spesiale Spookeenheid.

Almal drom saam in Kassie-hulle se kantoor. Die nuus dat brigadier Fortuin vrygespreek is en vandag nog terug in haar pos gaan wees, is met luide uitroepe en fluite begroet.

“Wie is die bliksems wat haar geframe het, Kassie?” wil Colyn weet.

“Ek kan ongelukkig nie sê nie. Die kommissaris sal later 'n aankondiging daaroor doen.”

“Wel, generaal Mukkadem sal ook bly wees om dit te hoor, want hy rate die brigadier hoog,” sê Piedt.

Rooi snork.

Kassie gee hom 'n vuil kyk. Rooi is gistermiddag juis die dood voor oë gesweer as hy Mukkadem en Restrepo se name uitlap.

Die kommissaris was ernstig daaroor: “Die minister het versoek dat ons hierdie ondersoek sonder 'n medialawaai moet afhandel. Wanneer ons hulle

amptelik aangekla het en hulle gatte voor die hof sleep, sal die nuushonde wel op ons toesak.”

“Toe, kêrels, gaan terug na julle kantore. Ek en Rooi het werk om te doen,” sê Kassie.

Toe hulle alleen is, vra hy: “Jy wou nog vertel van gister se oproep van een van ons promenade-bespieters?”

Rooi knik. “Ja, ek is gistermiddag teen ’n stink spoed soontoe. Die man wat in Mouillepunt patrollie doen, het ’n groot ou met ’n geruite keps sien draf. Ons het die ou uiteindelik opgespoor nadat ons die ander twee in Seepunt verwittig het. Toe nie die fokken Hartedief nie. Wel ’n groot kêrel, maar stokoud. Seker sewentig. Sy keps was boonop blou en wit.”

“Shit.”

Lettie kyk in by hulle kantoordeur. Sy glimlag van oor tot oor. “Ons brig is hier. Sy wil julle twee gou in haar kantoor sien voor sy ons almal in die vergaderlokaal toespreek.”

Op pad na haar kantoor dink Kassie weer aan haar reaksie toe sy gister by die kommissaris se kantoor aankom, gelukkig voor Teeninligting se span daar opgedaag het. Sy was merkbaar gespanne, wel verras om hom daar te sien. Die kommissaris het haar ’n vinnige opsomming van die gebeure gegee, waarna sy Kassie om die hals geval het. “Hoe ek jou ooit genoeg kan bedank, weet ek nie,” het sy met betraande oë gesê.

“Dit was my spesifieke woorde aan Kassie,” het die kommissaris geglimlag. “Nou moet hy net daai uitsonderlike speurvernuf van hom inspan om Vermooten vir ons vas te trek. Dan gaan die Kaap weer behoorlik Hollands wees.”

Die brigadier is die ene smiles toe hulle in haar kantoor kom.

“Welkom terug, brigadier,” sê Rooi.

Sy wys na Kassie. “Bedank jou kollega. Dis te danke aan hom dat ek hier is.”

“Rooi is ten volle ingelig oor alles, brigadier,” sê Kassie.

“Ek het so aangeneem. Daarom dat ek julle net vinnig terugvoering wil gee oor wat die kommissaris my vanoggend vertel het. Maar onthou, ons mag nog nie ’n woord daaroor rep nie. Ek neem aan die ander speurders en Lettie weet ek is geframe, maar dis belangrik dat ons Mukkadem en Restrepo se name vir eers uit alles hou.”

Kassie en Rooi knik in gelid.

“Mukkadem word van gister af aangehou in die selle by Teeninligting. Die kommissaris was by toe hulle hom ondervra. Aanvanklik alles ten sterkste ontken, totdat hulle die bandopname vir hom gespeel het. Die kommissaris sê hy’t nog nooit iemand so vinnig sy kleur sien verloor nie. Toe het hy al die skuld op Restrepo probeer pak, dat dié glo kop in een mus is met die bendeleier Giraffe Bruinders en dat hy wat Mukkadem is, afgepers is om saam te werk.” Sy lag. “Maar hy het hom naderhand so vasgelieg dat hy homself nie meer kon glo nie, het die kommissaris gesê. Teeninligting sou vanoggend op Restrepo toegeslaan het.”

“En Giraffe Bruinders?” vra Kassie.

“Hulle sal later met sy gal werk. Daai bendeleiers kan die beste regslui bekostig. Daarom dat hulle al hulle feite agtermekaar wil kry voor hulle hom vastrap.”

“En word die kommissaris nog verplig om af te tree?” vra Rooi.

“Nee, hy bly voorlopig aan.” Sy staan op. “Right, nou wil ek almal gou toespreek in die vergaderlokaal.”

Hulle stap saam met haar soontoe.

Net voor hulle ingaan, draai sy na hulle. “Ná hierdie meeting wil ek julle weer in my kantoor sien oor Vermooten. Dit raak móér belangrik dat ons daai Hartedief vinnig agter tralies kry.”

Rooi loer betekenisvol na Kassie.

Kassie sukkel om ’n glimlag terug te hou. Sy het Vermooten op die bynaam genoem wat sy hulle verbied het om te gebruik. Dalk is dit ’n teken dat sy in die toekoms meer toegeeflik met haar speurspan gaan wees.

* * *

Die afslaers het sy aanbod aanvaar.

Hy’t geweet vierhonderdduisend sal hulle baie opgewonde maak. So ook die feit dat hy die geld dadelik elektronies oorbetal het.

Nou kan hy ontspan en uitsien na môreaand – en die naweek, wanneer hy alleen saam met sy buurvrou by haar woonstel is.

Sylvia kyk moedeloos na die inhoud van haar klerekas.

Sy was al vroegoggend op om 'n finale besluit te neem oor watter uitrusting sy vanaand na Benita se partytjie gaan dra.

Maar toe sit sy die radio aan terwyl sy koffie maak. Die weardiens voorspel dit gaan later vandag bitter koud word, voor storms oor die naweek die Kaap tref. Die groot reën kom dan gewoonlik eers in April en dit is nou maar einde Maart. Hulle het bygevoeg die weerpatrone het vanjaar oral oor die land verander, waarvan die vroeëre stormweer in die Kaap kan getuig.

Sylvia sug en beskou weer haar opsies. Sy gaan vrek van die koue in een van haar gewaagde uitrustings. Hulle bedek net die nodigste, so sy sal 'n ander plan moet maak.

En dat sy vanaand met Johan daardie gesprek moet hê, maak haar regtig op haar senuwees.

* * *

Kassie hardloop teen die trappe uit na sy kantoor. Hy kan nie glo hy het gisteraand eers daaraan gedink nie. Omdat sy gedagtes so by die brigadier en Mukkadem was, het dié moontlikheid nooit by hom opgekom nie.

Dis aan Hentie te danke dat hy daaraan gedink het. Toe hy gister ná werk die stemopnemer vir hom terugvat, dis nou nadat Teeninligting die bandjie gedupliseer het vir die hofsake vorentoe, was dié eufories.

“Ek het uiteindelik 'n kans om my hande te lê op die vyfsjieling-seël met George die Vyfde se profiel – daai een met die omgekeerde watermerk!”

Kassie het Hentie beny. Hy begeer self só een, maar dis buite sy prysklas. Dis seker een van die mees gesogte Suid-Afrikaanse seëls buiten die Kaapse driehoeke. En Kassie het destyds maar net die driehoeke bekom omdat hy kon voordeel trek uit 'n afslaer by 'n bankrotveiling se onkunde. Dié George V-seël sal vir minstens R800 000 verhandel, wat Hentie kan bekostig. Hy is so skatryk dat hy dit uit sy agtersak kan betaal.

“Waar gaan jy daai seël kry?” wou Kassie weet. “Dis so skaars soos hoendertande.”

“Hy’s op volgende maand se Seëlgilde-veiling, my ou!”

“Shit, ek het nog nie eens gekyk na wat daar opgeveil gaan word nie.” Dis ’n veiling wat Kassie nooit misloop nie. Trouens, hy loop nie één seëlveiling in die Kaap mis as hy dit kan verhelp nie.

By die woonstel het hy sy rekenaar stormgeloop om te kyk watter ander seëls opgeveil gaan word. Tot sy groot teleurstelling het Telkom se ADSL weer probleme gegee en het hy nie internetontvangs gehad nie, wat gereeld in daardie deel van Goodwood gebeur. Hy het selfs by buurvrou Rita gaan hoor of sy dalk ontvangs het, maar sy het met dieselfde probleem gesit.

Toe het hy maar sy tyd verwyd deur te soek na die papiertjie waarop hy die datum neergeskryf het van die Boeremusiekgilde se oorhandiging van die goue penning aan hom. Ná ’n helse soektog het hy dit nie gekry nie, maar ’n kopnota gemaak dat hy die voorsitter sal moet bel om uit te vind wanneer dit is.

Kassie was al in die bed toe die gedagte hom soos ’n weerligstraal tref. Vermooten is ’n muntversamelaar. Daar word tog seker ook gereeld muntveilinge gehou? En sou Vermooten nie graag teenwoordig wou wees nie?

Terwyl hy in sy kantoor agter sy rekenaar inskuif, vervloek hy homself. Daar kon al veilinge gewees het sedert hulle agtergekom het Vermooten is ’n muntversamelaar. Hulle kon hom al só vasgetrek het.

Hy tik *Coin auctions in Western Cape* in op Google.

* * *

Mukkadem het hom die groot scapegoat probeer maak, weet Vleis.

Die vrae waarmee Teeninligting hom gister geterrorise het, het daarop gedui. Vleis het natuurlik alles strongly gedeny, maar toe speel hulle die tape vir hom.

Hy het geweier om enige verdere vrae te beantwoord.

Hy en Mukkadem is op streng voorwaardes vrygelaat. Buiten dat hulle cellphones geconfiscate is, mag hulle nie met mekaar kontak maak tydens die investigation nie. Hulle word in house arrest geplaas en mag nie uitgaan sonder Teeninligting se go-ahead nie.

Om alles te top het Teeninligting sy huis gisteraand omgekeer en in sy klerekas se wegsteeklaai op Giraffe se omkoopgeld afgekom. Hy kon geen

explanation vir die hope kontant gee nie.

Vleis aanvaar dat sy career by die polisie iets van die past is. Ook dat tronkstraf heel moontlik sy fate is. Maar selfs daardie prospect is nie sy mees chilling thought nie.

Dis Giraffe se moontlike revenge wat hom sleepless nights gaan gee.

* * *

Daar is nie so 'n samedromming by die afslaers se lokaal in Rondebosch soos waaraan Kassie gewoon is by groot seëlveilings nie. Dalk omdat hulle vroeg gekom het.

Hy kyk na waar Amalia en haar niggie staan. Kassie glimlag. Hy het gevra dat Amalia haar goed moet vermom – groot donkerbril en 'n kopdoek om haar haarkleur te verdoesel. Vermooten sal haar nie sommer herken nie.

Toe hy vanoggend op die internet van die veiling lees, het hy en Rooi besluit hulle sal teenwoordig móét wees. “Jy’s reg, Kassie, Vermooten sal by sulke plekke uithang as hy 'n ernstige versamelaar is,” het Rooi opgewonde gesê.

Maar Kassie wou seker maak. Hy en Rooi het net die vae identikit-beeld in hulle koppe, maar Amalia het Vermooten onlangs in lewende lywe gesien. Kassie het haar gebel om te hoor of sy bereid is om saam te werk. “Natuurlik sal ek!” het sy uitgeroep. “As ek kan help om daardie monster vas te trek, is dit nie eens 'n kwessie nie. Ek en my niggie sal julle daar kry.”

Hulle het besluit om nie in 'n groep te wees nie. Amalia en haar niggie het saam ingekom, terwyl Rooi en Kassie op hulle eie so ongemerk moontlik die lokaal fynkam om elke hoek te dek. “Maar kom sê dadelik vir een van ons as jy hom sien,” het Kassie vir Amalia gesê.

Hy merk dat al hoe meer mense nou by die deur instroom. Die veiling begin oor vyftien minute. Nie een van die nuwe inkomelinge voldoen aan Vermooten se beskrywing nie.

Kassie beweeg tussen groepies voornemende kopers deur wat munte in glaskaste bestudeer. Daar is 'n gezoem van stemme.

'n Man naby hom is duidelik ontsteld en wil hardop weet: “Watse bullshit is dit? Ek kom al die pad van Stellenbosch af om op hierdie munt te bie en nou is die ding nie meer beskikbaar nie. Ek was bereid om tot by tweehonderd-en-vyftigduisend te gaan.”

Kassie glimlag. Dit klink alte veel soos 'n paar ernstige seëlversamelaars wat hy ken. As hulle nie hulle sin kry nie, gooi hulle 'n tantrum.

Hy kyk na die muntstuk waarna die man gewys het. Dis 'n 1892-kroon van die ZAR. Die insetprys is R180 000. 'n Rooi plakkertjie dui aan dat dit nie meer beskikbaar is nie.

Moet seker die eienaar wees wat besluit het om die munt terug te hou. Dit gebeur soms by seëlveilings dat voornemende verkopers op die laaste nippertjie 'n skaars seël onttrek om nog 'n jaar of wat daaraan vas te klou. Die hoop op 'n beter prys beskaam nooit.

Kassie loop aan om nader aan Amalia te kom. Sy sien hom en beduie met haar hande dat sy Vermooten nie gesien het nie.

Die afslaer kondig aan dat die verrigtinge gaan begin en mense neem hulle sitplekke in.

'n Gevoel van moedeloosheid oorweldig Kassie. Gaan hulle die bliksem ooit kry?

Hulle ry terug van Benita se partytjie af. Dis byna twaalfuur, sien Sylvia op haar horlosie.

Johan moet hard op die pad konsentreer, want die eerste reën wat vir die naweek voorspel is, het in vlae begin uitsak. Die aankomende verkeer se ligte is verblindend en weerspieël bedrieglik op die blinknat teer.

Die partytjie kon nie beter afgeloop het nie, dink sy met genoegdoening. Johan het maklik ingeskakel by Benita se vriende. 'n Ware heer wat gesorg het dat Sylvia se glas vol bly en selfs een keer vir Benita in die kombuis gaan help het. Sy kon sien hoe van die vroue onderlangs na hom kyk. Hy was 'n lus vir die oog in daardie leerbaadjie en jeans en het die ander mans baie vaal laat lyk.

Wat ook 'n groot indruk op almal moes gemaak het, was hoeveel aandag hy aan Cara gegee het. Sy het later op sy skoot aan die slaap geraak. Sylvia is verlig dat Cara opgewonde was oor die vooruitsig om vir die naweek by Benita te bly. Dié sal haar natuurlik tot in die afgrond bederf.

Haar vriendin het op pad uit na Johan se bakkie in haar oor gefluister: “Sylvia, as jy nie hierdie man vat nie, vat ék hom!” Sy’t gegiggel. “Ek sal net eers ’n total make-over moet kry voor hy in my sal belang stel.”

Hoe nader hulle aan Groenpunt kom, hoe meer bou die spanning in haar op. Nou vir die oomblik van waarheid – sy het besluit om niks te sê terwyl hy bestuur nie, maar vanaand gaan sy nie kleinkoppie trek nie.

Hulle klim uit in die woonstelblok se kelderparkade en hy neem haar hand, wat haar hart vinniger laat klop.

In die hyser trek hy haar nader en hulle soen passievol. Sy voel skoon bedwelm en haar knieë is letterlik lam. Sy sal haar maar net te gewillig oorgee aan hierdie man.

Toe sy haar woonsteldeur oopsluit, oorweeg sy dit vir 'n oomblik tog maar om hom eers môre te vertel. Maar nee, dis nou of nooit.

Sy sit die leefkamer se ligte aan.

Hy neem haar liggies aan die arm om haar weer nader te trek, maar sy keer.

“Johan, ek ... ek moet jou iets vertel. Dis vir my belangrik dat jy dit weet.”

Daar is 'n flikkering in sy oë.

“Kom ons sit,” sê sy.

Hy neem plaas op 'n stoel en sy op die bank regoor hom. Sy skop haar skoene uit en vou haar bene onder haar in. Haar keel trek toe. Doen sy werklik nou die regte ding?

Hy glimlag. “Ek luister graag.”

Sylvia haal diep asem. Dan begin sy by die begin en laat niks uit nie. Sy vertel hom van Eric, Lionel, Chris, Manie, Wiaan, Ronnie, Gerhard, Ewert en Benjamin Beyers.

Hy sit met 'n effe geboë kop en luister. Verstel net een keer sy bene.

“Gerhard was die kwaai man wat my nou die aand by die fliek in die voorportaal gekonfronteer het.” Sy skep weer asem. “Jy sal nie weet hoe die selfverwyd my al opgevrete het oor daardie onbesonne daad nie. Maar dit hét gebeur en ek kan dit nie wegwens nie. Ek vertel jou dit alles omdat ek nie wil hê jy moet dit later uitvind nie. As ons verhouding gaan groei, wil ek niks oor my verlede vir jou wegsteek nie.”

Hy kyk op, betrag haar ondersoekend.

“Dis goed jy het my vertel. Ek waardeer dit.” Sy verbeel haar sy stem is 'n bietjie skor.

Hy staan op. “Ek moet gaan. My Amerikaanse vennote soek my seker al teen hierdie tyd.”

Sylvia weet nie wat om van die situasie te maak nie. Sy gesig is uitdrukkingloos. Sy oë glinster nie meer nie. Sy was oortuig hy gaan vanaand by haar slaap.

By die voordeur steek hy vas, glimlag. “Ek sien jou darem seker weer môreand? My sakevennote pla my nooit op Saterdagande nie.”

Verligting spoel oor haar.

* * *

Kassie gaap en staan op agter sy lessenaar. Hy pak die seëls wat hy gekatalogiseer het in die kluis. Tyd om die kooi te slaat. Dis al middernag.

In die bed is sy gedagtes weer by vanmiddag se muntveiling. Hy is teleurgesteld dat dit niks opgelewer het nie. Hy het ná die veiling gaan praat met meneer Jacobs, die afslaersfirma se eienaar. Hom in sy vertroue

geneem en vertel waarom die polisie daar was. Jacobs het hom grootoog aangehoor.

“Het jy ’n lys van die mense wat per telefoon gebie het?” het Kassie gevra.

“Ja, maar ongelukkig net die name en adresse van inbellers wie se bod suksesvol was. Dit was ’n hele klompie, maar ek het dit nie nou al beskikbaar nie. My mense verwerk nog al die gegewens. Dit gaan maar dol om soveel admin af te handel. Ons het byvoorbeeld môreoggend nog ’n groot veiling van antieke meubels. Ek behoort eers teen laat môre al die besonderhede vir jou te hê.”

Kassie het vir hom sy besigheidskaartjie gegee. “Bel my asseblief op my selfoon sodra jy die telefoonbieërs se name het, ongeag die feit dat dit môre Saterdag is. Ek sal vir jou oproep wag.”

Hy hoop vuriglik dat daar iemand met die voornaam Johan onder hulle is. En dat die afslaers sy adresbesonderhede sal hê.

* * *

Hy maak sy woonstel deur oop, maar sit nie die ligte aan nie. Hy strompel slaapkamer toe.

Hy haal swaar asem. Kan voel hoe sweetdruppels op sy voorkop uitslaan. Spanning sit oral in sy ledemate.

Hy syg op die bed neer en sy liggaam ruk van die woede wat in hom opwel. Hoekom het sy hom vertel? Daarmee is sy nuwe, vreedsame bestaan in ’n oogwink omvergewerp.

Sy kakebeen span styf.

Dan, asof ’n gordyn toegetrek word, vervaag alles in die kamer. Hy sluit sy oë. Sy asem ruk by sy keel uit.

Hy is dertien jaar oud. Die voordeurklokkie van hulle huis in Sassenheim lui. Hy hardloop soontoe, want hy dink dis sy vriend Klaus wat kom speel het.

Maar dit is ’n onbekende man wat voor die deur staan toe hy oopmaak – fors gebou en met ’n blonde kuif wat laag oor sy voorkop hang. Borshare kartel by die bokant van sy hemp uit. Hy hou ’n gereedskapskissie vas.

Voor hy met die man kan praat, is sy ma by die deur.

“Ik ben blij dat je zo snel gekomen bent,” sê sy met ’n blos op haar wange.

Sy beduie die man na die hoofslaapkamer toe. Hy hoor haar sê die een badkraan in die en suite-badkamer se kop het morsaf gebreek. Dit is vir hom vreemd, want sy het dit nie vir hom genoem nie.

Hy gaan staan in die gang en kyk hulle agterna. Sy ma kyk vlugtig om na hom en trek die slaapkamerdeur half agter haar toe.

Terug in sy kamer is sy ore gespits. Hy hoor hulle stemme. Ná 'n ruk klink daar ander geluide op wat hom laat frons.

Hy sluip in die gang af na die hoofslaapkamer en kom tot stilstand voor die halfoop deur.

Die man se steungeluide is rukkerig. Sy ma giggel.

Hy is met weersin gevul, maar staan soos 'n soutpilaar voor die deur. Die man in die pornografiese video wat hy en Klaus nou die aand skelm by dié se huis gekyk het, het net so gesteun. En die vrou het presies net so gegiggel.

Die beeld van twee blink, kaal lywe wat op die bed wriemel, die vrou met haar bene om die man se middel geklem, hy wat hortend en steunend al pompende op en af beur, kom weer helder by hom op.

Hy draai om en hardloop in die gang af na sy badkamer. Hy kniel net betyds by die toilet voor hy braak. Sy ingewande ruk en sy rug trek krom van die konvulsies. Ná 'n ruk staan hy op en spoel sy mond by die wasbak uit. Sy bene is wankelrig.

Terug in sy kamer sluit hy die deur en gaan lê op die bed. Druk sy ore met die kussing toe. Hy wil hulle nie dalk weer hoor nie.

Sy vermoede was dus reg. Sy ma verneuk sy pa. En nie net met een man nie, maar met baie.

Sy gedagtes tuimel die verlede in.

Die bakker is een van hulle. Hy moes eendag voor die bakkery vir sy ma wag. Die bakker, 'n jong, skraal man met 'n bokbaard, het haar na 'n agterste kamertjie geneem om kwansuis sy vars produkte vir haar te gaan wys. Die gebak in die uitstalkas was glo nie so vars nie.

Hulle het lank daar vertoef. Toe sy ma uitkom, het sy dieselfde blos op haar wange gehad as toe sy nou die man met die gereedskapskissie by die voordeur gesien het. Sy het haar klere reggetrek voor hulle huis toe is.

En dan was daar die man by die koffierestaurant. Hy en Klaus het met hulle fietse Albert Heijn toe gery om lekkers te gaan koop. Toe sien hy sy ma by 'n tafeltjie op die voorstoepie van De KoffieMeulen sit. 'n Onbekende man met breë skouers en rooi hare se hand was op sy ma s'n.

Toe sy ma opkyk en hom sien, het sy haar hand vinnig onder die man s'n uitgeruk en vir hom gewaai. Hy het gemaak of hy haar nie sien nie.

Toe het hy nog getwyfel, maar nou weet hy.

Sy ma is 'n hoer.

Stadig kom hy uit sy beswyming en staan van die bed af op. Die weer rammel in die verte. Sy mond is droog. Hy het te veel bier by Benita se partytjie gedrink.

In die kombuis sluk hy gulsig van die gebottelde water in die yskas.

Sy liggaam bewe onbedaarlik toe hy in die donkerte voel-voel terug kamer toe loop. Die drang het hom omarm, weet hy, want die wraaklus oorheers nou sy denke.

Klein Cara verdien óók nie 'n hoer vir 'n ma nie.

Sy het al twee keer vanoggend gebel, maar Benita antwoord nie haar foon nie. Sylvia het 'n vermoede sy slaap nog ná die laataandpartytjie. Soos sy Benita ken, het sy eers al die skottelgoed gewas en die huis opgeruim voor sy bed toe is.

Tienuur bel sy weer. Dié keer kry sy antwoord.

“Ek wou jou nou net bel, want ek vrek van nuuskierigheid!” val Benita weg.

Sylvia lag. “En waarom is jy nogal nuuskierig?”

“Jy weet goed.”

“Niks het gisteraand gebeur nie, behalwe dat ek hom oor my donker verlede ingelig het.”

“Jy’t wát gedoen?”

“Ek moes, Benita. Ek wil ons verhouding op ’n gesonde grondslag begin. Hy moenie later uitvind nie.”

“En wat was sy reaksie?”

“Hy’t gesê hy waardeer dit dat ek hom vertel het. En toe ’n afspraak vir vanaand gemaak.”

“Slaat my met ’n pap snoek! Ek sou dink jou verlede sal enige man afskrik.”

“Wel, dit het skynbaar nie. Ek is bly ek het deurgedruk. Nou kan ons begin werk aan ’n verhouding waarin ons mekaar kan vertrou.”

“Jy weet nog nie veel van hóm nie.”

“Ek besef dit, maar ek het minstens nou vir hom die weg gebaan om ook teenoor my oop te maak.”

“Jy’s seker reg.”

“Hoe gaan dit met Cara?”

“Die ladytjie is nog in droomland. Ek gaan haar vandag mall toe vat. Sy het geskimp vir ’n nuwe Barbie-pop.”

“Ai, vriendin, moenie dat sy jou arm so draai nie.”

Benita lag. “In ruil daarvoor soek ek net ’n volledige verslag wanneer ek haar môre by jou aflaai.”

* * *

Hy was die hele oggend in sy ontspanningskamer. Hy het die munte sorgvuldig teruggepak en toe sewe van die agt bokse in die Hilux se bak gaan sit.

Terwyl hy besig was, het hy sy bes probeer om nie aan sy ma te dink nie. Want die moorddrang was oorweldigend. Dit het sy hele wese oorgeneem en hy was bang hy tree irrasioneel op. Voortydig.

Hy het probeer om sy gedagtes te kanaliseer na 'n ander groot passie: flieks. Maar die beelde wat by hom opgekom het, het ook met sy ma verband gehou: die pornografiese film wat hy en Klaus as kinders gekyk het; die Dracula-vrou op TV tydens sy jeugjare; die verleidelike Elizabeth Taylor in *A Place in the Sun*; die bylmoord op die ontroue vrou in die TV-fliek die ander dag.

Hy moes weer gaan lê om homself tot bedaring te bring.

Gelukkig was daar tog iets wat sy aandag afgelei het. Hy het stiptelik elke halfuur in sy posbus in die ingangsportaal gaan kyk of sy pakkie al afgelewer is.

Dit moes ná twaalf gekom het, want hy het dit halfeen daar gekry. Hy het die pakkie in die laaste boks gepak voor hy dit ook in die Hilux gaan toesluit het.

Nou pak hy sy klere in die twee tasse wat hy later sal afdra. Hy moet nog die res van die woonstel opruim om seker te maak hy laat niks belangriks agter nie.

Hy doen alles meganies. Sy kop is by wat vanaand gaan gebeur. Hy gee nie meer om oor die gevolge van die daad wat hy gaan pleeg nie. Dit maak ook nie saak dat hy dié woonstel daarvoor opoffer nie. Hy sal wel weer 'n gerieflike plek kry.

Nadat hy vanaand by haar was, sal hy die bokse eers in Milnerton gaan stoor en dan vir 'n dag of twee in sy eenslaapkamerplekkie skuil voor hy verdere toekomsplanne beraam.

In die badkamer spoel hy sy natgeswete gesig by die wasbak af. Hy kyk na sy beeld in die spieël, ontbloot sy tande net-net.

Sy Hannibal Lecter-glimlag.

* * *

Kassie staar na die Vermooten-dossier op die koffietafeltjie langs die rusbank. Hy het nie nou die krag om daardeur te gaan, soos hy gister beplan het nie. Dit sal geen nuwe insigte bring nie.

Sy gedagtes is by Rooi se oproep van gisteraand. Rooi was ná die veiling eers terug kantoor toe. Die brigadier was nog daar. Sy't vir hom gesê dat Teeninligting intussen by die Spookeenheid was en hulle het bevestig haar en Kassie se fone was getap. Vanoggend sou Teeninligting by haar huis bepaal of daar ook 'n meeluisterapparaat aan haar landlyn gekoppel is.

Hy hoop Mukkadem en Restrepo sit lank agter tralies. Die polisie diens het allermens sulke korrupte trogvreters in sy geledere nodig. Boonop twee bliksems wat mense met integriteit soos die brigadier en kommissaris probeer verdag maak het.

Die gedagte lei Kassie se oog terug na die voorblad van die oggendkoerant wat langs hom op die rusbank lê. Dit is wat hom so ontstel het.

In 'n ondersoek is bevind dat byna die helfte van die Wes-Kaapse speurders nie basiese opleiding ondergaan het nie. Meer as negentig persent van die 2 800 het nie gespesialiseerde speuropleiding nie. En van die bykans nege honderd strafregtelike sake wat in die ondersoek gemonitor is, is 85 persent van die hofrol geskrap, hoofsaaklik weens gebrekkige dossierinligting en bewyse. Boonop sit die helfte van die speurders met ongeveer tweehonderd sake op enige gegewe tyd.

En hier is hy en Rooi, twee van die tien persent met gespesialiseerde opleiding, besig met één saak wat hulle nie kan oplos nie.

Die gedagte het hom geruk ... en skuldig laat voel.

Kassie staan op en strek hom uit. Help nie om hom te sit en verknies oor iets waaraan hy niks kan doen nie. Tyd om aandete te maak. Dis al amper halfsewe.

Net toe hy amper by die kombuis is, begin sy selfoon op die rusbank lui. Hy haas hom terug en antwoord.

Dis Jacobs van die afslaers.

“Kaptein Kasselmann, ek's bevrees nie een van die telefoonbieërs se voornaam is Johan nie. Buitendien het nege van die tien suksesvolles uit Gauteng gebel, een uit Port Elizabeth.”

“En onder die ander mense wat by die veiling was? Hoewel dit onwaarskynlik is, kon Vermooten iemand gebruik het om vir hom te biep, en

dan is daar dalk met 'n tjek van Vermooten betaal.” Kassie weet hy hap nou na borrels.

“Nee, geen Johan het 'n munt gekoop nie. En ons aanvaar in elk geval nie meer tjeks nie.”

Kassie sug. “Dan moet ek seker maar daarby berus dat Vermooten nie by julle veiling betrokke was nie.”

“Dit wil so voorkom, kaptein.”

Dan onthou hy: “Daar was een munt van die ou ZAR wat uitgestal is, maar nie beskikbaar was nie. Ek neem aan dis omdat die eienaar dit aan die veiling onttrek het?”

“Nee, toevallig nie. Ons het vroeër vandeewee 'n aanbod vir die munt gekry van 'n beslote korporasie wat spesialiseer in antieke ware. Hulle aanbod was só goed dat ons dit dadelik aanvaar het.”

Kassie frons. “Het een van hulle mense julle kom sien?”

“Nee, die transaksie is via e-pos beklank. Hulle was bereid om vierhonderdduisend vir die munt te betaal. Ons sou nie veel meer as tweehonderdduisend daarvoor op die veiling kon gekry het nie. Ons het die eienaar van die munt gebel en hy het dadelik ingestem dat ons die bod aanvaar. Die bedrag is toe dieselfde dag elektronies in ons bankrekening inbetaal.”

“Wie was die persoon wat julle per e-pos gekontak het?”

“'n Meneer Nel. Geen voornaam verskaf nie.”

“En die naam van die beslote korporasie?”

“Bonnie en Vennote.”

“Bonnie?”

“Ja, Bonnie. B-o-n-n-i-e,” spel Jacobs dit.

“En het een van Bonnie se vennote die munt by julle kom afhaal?”

“Nee, ons het dit vandag by hulle in Groenpunt afgelewer.”

“By 'n kantoor?”

“Ek ... is nie seker nie. Een van my kollegas het die aflewering hanteer. Maar hy is nog hier. Ek vra hom gou.”

Kassie gaan sit op die rusbank. Hy hoor hoe Jacobs met iemand praat. As die aflewering wel by 'n beslote korporasie se kantoor was, jaag hy al weer spookasem.

“Kaptein, die pakkie is by 'n woonstel afgelewer.”

“Het iemand dit daar in ontvangs geneem?”

Jacobs maak 'n geamuseerde geluid. “Nee, dit was nogal vir my kollega 'n vreemde versoek. Hy moes die pakkie deur die gleuf van 'n posbus in die ingangsportaal druk.”

“Iemand betaal vierhonderdduisend rand vir 'n munt en dit word by 'n posbus ingedruk?!” roep Kassie uit.

“Beslis effe vreemd, ja. Maar party versamelaars ... Eksentriek is soms 'n understatement.”

“Is daar 'n veiligheidshek by die woonstelblok? Jou kollega moes tog seker iemand gebel het om vir hom die hek oop te maak?”

“Nel het hom per e-pos laat weet wat die veiligheidshek se kode is.”

“Meneer Jacobs, iets klink hier vir my baie verdag. Kan jy my die adres gee, die kode om in te kom en die posbusnommer?”

“Ek kan.”

Daar is 'n geskuifel van papiere voor Jacobs weer praat.

Kassie gryp 'n pen en skryf die besonderhede neer.

Toe hy aflui, staar hy daarna.

Bonnie?

Hy sit die foon langs hom neer en leun oor na die koffietafeltjie om die dossier op te tel. Iewers lui 'n klok, maar hy is nie seker waar die bel hang nie.

Naarstig blaai hy deur die dossier.

Dan steek hy vas. Vermooten het sy huur vir die woonstel op Langebaan elektronies uit 'n sakerekening aan die eenaar betaal. Die fiktiewe maatskappy se naam ...

Dit was Clyde.

Bonnie en Clyde?

In sy haas om Rooi te bel, vat hy nie dadelik sy selfoon raak nie. Hy swets toe hy dit eers tussen die rusbank se kussings moet uitgrawe.

“En as jy so op 'n Saterdagand bel?” kom die antwoord.

“Ek dink ons hét die bliksem, Rooi!”

Hy kyk by sy leefvertrek se venster uit. Die donker wolke het weer soos gisteraand begin saampak. In die verte flits 'n weerligstraal.

Soos gebruiklik het 'n kalmte sy gemoed ingeneem, maar hy voel tog hoe die adrenalien deur sy are tintel.

Hy stap na die tafel toe, tel sy beursie op en druk dit by sy jeans se sak in. Die rol kleefband is reeds in sy ander sak.

Die bos sleutels is te groot om ook in 'n broeksak te pas. Hy is nou spyt hy het op 'n trui besluit. Hy wik en weeg of hy eers 'n baadjie uit een van sy tasse in die Hilux moet gaan haal, maar besluit daarteen. Hy haal net die woonstelsleutel van die bos af. As hy klaar by haar was, sal hy die ander kom kry voor hy ry.

Hy kyk op sy horlosie. Twee minute oor sewe. Tyd om te gaan.

Hy behoort nie langer as 'n halfuur by haar te wees nie.

* * *

Kassie het nie eens tyd gekry om ander klere aan te trek nie. Hy het net sy polisie-ID en Beretta gegryp en sy rooi windjekker oor sy turkoois sweetpaktop aangetrek en vir Rooi in die straat gaan wag.

Dit was Rooi se voorstel dat hy Kassie sal kom oppik. “Daai Corolla van jou sukkel mos om in sulke koue weer te start en soos ek kan onthou, lek die dak aan die passasierskant. Ek's nie lus om nat te word as die reën uitsak nie.”

Nou, terwyl Rooi die petrolpedaal op die N1 plat trap, is hy bruisend opgewonde. “Dié keer is ek doodseker ons het die regte ou! Bonnie en Clyde! Jy't daar donners flink gedink! En Vermooten is die één bliksem wat kan bekostig om twee keer meer vir 'n munt te betaal as wat dit werd is.”

“Net die scaly manier waarop hy daarvoor betaal het en dit by sy woonstel laat aflewer het, het my laat besef die kanse is goed dis hy. Hy het seker gemaak hy kom nie van aangesig tot aangesig met een van die afslaers nie.”

“Uitgeslape wetter. Nie ’n wonder mens sukkel so om hom vas te trek nie.” Rooi gee ’n laggie. “Waar wat jy anderdag gesê het. Ons moet net geduldig bly. Die een of ander tyd gaan hy ’n fout maak. En nou hét hy.”

* * *

Sylvia nooi Johan in en is nogal teleurgesteld dat hy haar nie soen nie.

“Moes jy toe nog laas nag werk?” vra sy toe hulle in die leefvertrek gaan sit.

“Ja, ek het eers teen vieruur vanoggend tot rus gekom. Moes nog ’n klomp uitvoertransaksies op die rekenaar afhandel.”

“Jy moet my eendag vertel presies wat jy alles uitvoer. Dit klink na ’n interessante werk.”

Hy antwoord nie, snuif-snuif net in die lug. “Hmm ... ek ruik kerrie.”

Sy lag. “Jy’s reg. Ek het ’n lam-en-groentebredie aanmekaar geslaan. Altyd lekker op so ’n koue aand.”

Hy glimlag. “Ek’s versot op kerrie.”

“Dan is ek bly ek het daarop besluit.”

Hy staan op, beduie na die bronsbeeld op die hoektafel. “Nou die dag al my oog gevang. Dis ’n besondere beeld.”

“Kom uit die Ooste. Dis ’n geskenk van ’n vriendin.”

Hy stap soontoe en tel die beeld op, weeg dit in sy hand. “Nogal swaar ook.”

“Ja, dit weeg ’n ton,” lag sy en kom orent. “Verskoon my vir ’n oomblik, ek wil net gou ’n draai in die kombuis maak.”

Sylvia stap kombuis toe en lig die pot se deksel. Die bredie lyk heerlik. Sy moet nou net die rys in die mikrogolfoond sit.

Sy kyk om toe sy voetstappe op die teëlvloer hoor. Sy frons toe sy sien Johan hou die bronsbeeld vas.

Hy gee ’n verleë laggie, skud sy kop. “Nou skoon ingedagte gewees. Loop met die ding in my hand rond.” Hy sit dit op die lae tafeltjie langs die stel kombuismesse neer.

Hy stap nader en kom staan agter haar. “Jy lyk besonder mooi vanaand.”

Hy druk sy lyf liggies teen haar rug vas.

’n Warm gevoel spoel oor haar toe hy een arm om haar middel sit. Hy trek haar stywer teen hom vas en sy laat haar agterkop teen sy skouer rus.

Dan kom sy hand op na haar gesig toe. Sy sien die strook kleefband, probeer losruk uit sy greep, maar kan nie. Haar kreet word gesmoor toe hy

die kleefband hardhandig oor haar mond vasplak.

* * *

Kassie en Rooi vat die trappe na die tweede verdieping.

Toe hulle om die draai kom, staan 'n bejaarde vrou daar vir die hysbak en wag.

“Kan u ons help? Ons is op soek na Johan se woonstel. Hy bly in nommer 202,” sê Kassie.

Sy beduie in die gang af. “Hy bly op die punt, maar julle sal hom nie nou daar kry nie. Ek het 'n tydjie gelede gesien hy gaan by sy buurvrou se woonstel in. Sy's in 201.”

“Baie dankie,” sê Rooi. “Johan se van is Nel, nè?”

Sy knik. “Ja, hy het eers onlangs hier ingetrek.”

Die hyserdeur gaan oop en sy stap in.

Hulle skarrel in die gang af.

By 201 se deur steek Kassie vas.

“Kom ons wag hier vir hom. Beter om hom in die gang te oorrompel as wat ons dit in haar woonstel probeer doen.”

Rooi knik. “Solank hy net nie 'n eeu neem om uit te kom nie.”

* * *

Hy gooi haar ru op haar rug langs die tafeltjie neer en is dadelik op haar, met sy knieë wat haar arms vaspen. Sy een hand omklem haar keel en sy kan beswaarlik asemhaal.

Hy lig hom effens op om iets van die tafeltjie af te haal, wat haar kans gee om haar regterarm onder sy knie uit te kry. Sy gryp na die tafeldoek se punt en pluk. Die bronsbeeld, stel messe en glasblompot val alles donderend op die teëlvloer.

“Fokken hoer,” prewel hy en druk haar arm hardhandig terug onder sy knie in. Toe hy oor haar leun om te strek vir iets op die vloer, is sy volle gewig op haar arms.

Hy leun terug met die lang vleismes in sy hand.

Sy grynslag laat die bloed in haar are stol.

Die kleefband het in die geworstel losgetrek aan een kant van haar mond. Sy wil so hard gil as wat sy kan, maar hy druk weer haar mond toe.

* * *

Kassie haal sy selfoon uit sy sak. “Om onself te cover gaan ek die Seepunt-polisie vra om ’n paar uniforms te stuur. Ons sal ’n vangwa nodig –”

Hy word onderbreek deur ’n geraas uit die woonstel.

“Bliksis, wat de fok was dit?!” roep Rooi uit en pluk sy Beretta uit die holster.

Hulle staan ademloos en luister.

Dan kom daar iets soos ’n gedempte kreet.

Kassie hamer aan die deur. “Maak oop! Polisie!”

Hulle hoor ’n voetval, maar niemand maak oop nie.

Rooi hamer ook teen die deur. “Polisie!”

Hy kyk na Kassie. “Moet ons die slot oopskiet?”

Kassie, met sy oor teen die deur en sy Beretta ook nou in die hand, skud sy kop. “Ek hoor iemand nader kom,” fluister hy.

Die sleutel draai in die slot en die deur gaan oop.

’n Wasbleek vrou sukkel om ’n stuk kleefband van haar een mondhoek los te trek. Haar oë is wydgesper en sy bewe soos ’n riet. Daar is rooi merke aan haar nek.

Sy praat hygend. “Hy ... het berserk geraak. Wou my met ’n mes steek.”

“Waar’s hy nou?” vra Kassie dringend.

Sy beduie na agter. “Moes by die venster uitgeklim het.”

Hulle storm in, Berettas voor hulle uitgehou.

Die grootste venster in die leefkamer staan wawyd oop. Die sterk, yskoue wind laat wapper die gordyne.

Kassie kyk by die venster uit. ’n Reuse-denneboom se dik sytak is naby genoeg – Vermooten moes daarop geklim en toe met die ander takke langs afgeklim het.

Kassie tuur die donkerte in. Hy hoor niks. Vermooten kan nie ver wees nie.

Dan sien hy ’n donker figuur oor die veiligheidsmuur klim.

“Rooi, bly by haar en bel die Seepunt-polisie!” skree hy toe hy deur toe hardloop. “Hy’s oor die veiligheidsmuur, ek gaan hom soek.”

“Vat my kar se sleutels!” skree Rooi agterna, maar Kassie steur hom nie daaraan nie. Hulle het op die parkeerterrein vir besoekers aan die agterkant van die gebou stilgehou en dit gaan te veel tyd neem om nou soontoe te gaan.

Hy hardloop teen die trappe af. By die veiligheidshek sleutel hy die kode in. Dit voel vir hom of die ding ’n uur vat om oop te gaan.

In die straat kyk hy in alle rigtings. Geen teken van Vermooten nie. Hy moet iewers op die sypaadjie agter 'n boom wegkruip, of hy is al om die hoek.

Een goeie ding is dat die straat verlate is. Die slegte weer hou mense binne. Dit gaan sy taak makliker maak om Vermooten te gewaar.

Groot, vet druppels begin donker kolle op die sypaadjie maak. Die aandlug is koud op sy gesig.

Hy besluit om na die straathoek te draf. Dis die mees voor die hand liggende ontsnaproete, want dis net 'n hanetree soontoe.

Elke vesel in sy liggaam is snaarstyf gespan. Sy oë skeer oor die omgewing, maar die reën begin meteens dringender neersak en dit word moeiliker om dinge uit te maak.

Om die hoek lyk die systraat ook verlate. 'n Paar meter verder staan daar egter 'n hawelose man onder 'n winkel se afdakkie. Kassie draf tot by hom.

“Het jy dalk iemand hier sien verbyhardloop?” vra hy. “Dis 'n groot ou,” voeg hy vinnig by.

Die man staar verskrik na die Beretta in sy hand.

“Moenie worry nie, ek's van die polisie.” Hy wys hom sy ID.

“Ja, meneer, hy's nou nét hier verby.” Die man beduie straatop. “Da' het 'n taxi van voor af gekom. Toe spring hy sommer voor 'ie taxi in om dié in sy tracks te stop. En toe klouter hy in. Die taxi het toe 'n U-turn gemaak.”

Hy beduie met sy wysvinger. “Da' innie verte kan meneer nog sy rooi agterliggies sien.”

Fok, Vermooten gaan wegkom, besef Kassie.

Rooi wag Kassie by die woonstel deur in.

“Bliksis, ek’t geworry oor jou! Bly om te sien jy’s veilig terug. En jy sal my nie glo nie, maar die donnerse Seepunt-polisie antwoord nie hulle foon nie. Ek het al vyf keer gebel.”

“Hulle hoef eintlik nie meer te kom nie. Ek wou hê hulle moet die omgewing patroleer, maar dis nou te bleddie laat.” Hy vertel Rooi wat die hawelose man gesien het.

“Shit!”

“Ons moes uniforms saamgebring het. Hulle kon die woonstelblok buite-om dopgehou het,” sê Kassie.

Rooi skud sy kop. “Onthou net, as ons nog uniforms van die Middestad-polisie moes organise, sou ons baie langer gevat het om hier uit te kom. Jy weet self hoe tydsaam daai donners is. Dan was die vrou lankal ’n goner. Die toeval was ongelooflik. Dat ons juis op daardie moment hier aangekom het, was niks anders as ’n bestiering nie. En as sy nie haar een arm onder sy knie losgekry het om die tafeldoek af te pluk en toe ’n geluid gemaak het nie, het ons nie ’n bleddie clue gehad wat hier aangaan nie. Die slag wat ons gehoor het, was van ’n moerse lot goed wat van die tafeltjie afgeval het. En die kleefband het halfpad losgetrek, sodat ons haar kon hoor. Was dit nie daarvoor nie, sou ons voor die deur vir Vermooten bly wag het terwyl hy haar eers met ’n mes in die gesig gestee het en dan met ’n moerse swaar bronsbeeld pap geslaan het.” Hy fluit saggies deur sy tande. “Beslis nog nie haar tyd gewees om die langbome te besoek nie.”

“Dit laat my minstens beter voel oor die uniforms. Hoe gaan dit nou met haar?”

“Nog nie iemand só getraumatiseer gesien nie.”

“Sal ons al met haar ’n sinvolle onderhoud kan voer?”

Rooi trek sy skouers op en beduie na waar die vrou ineengedoke op die rusbank sit, haar kop in haar hande. Haar liggaam ruk onbeheersd.

Hy sit nie die ligte aan nie, want hy wil nie hê mense moet weet hy's hier nie.

Net 'n genade dat hy 'n spaarsleutel onder 'n potplant gelos het. Anders sou hy by sy eie plek moes inbreek.

Hy maak die koskas in die kombuis oop, voel-voel daarin. Die blikkieskos, 'n noodvoorraad, behoort minstens 'n week te hou.

Die straatlig skyn by die gangvenster in en hy loop sonder moeite kamer toe.

Hy gaan lê op die bed, sy gedagtes 'n warboel.

Hulle gaan sy munte in die Hilux kry. Die pyn wat daardie wete hom aandoen, is onbeskryflik. 'n Muntversameling wat hy van kindsbeen af sorgvuldig en met soveel passie opgebou het, is daarmee heen. Hy kreun hardop.

Hoe het hulle uitgevind waar hy bly? Het Sylvia hulle laat weet sy weet dit is hy? Dis onwaarskynlik. Sy was tot oor haar ore verlief op hom. En sy het niks laat blyk toe hy daar aankom nie. Was dit een van die ander bewoners wat hom na aanleiding van die identikit geëien het? Of een van die partytjiegangers by Benita se huis?

Dit help nie hy tob daaroor nie.

Hy sal planne moet beraam om uit hierdie gemors te kom. Gelukkig het hy sy beursie. Daarin is genoeg bankkaarte om nie alleen 'n nuwe voertuig te kan aanskaf nie, maar hom op 'n ander plek te vestig. Die meeste ander kaarte is in 'n bankkluis in Johannesburg, wat hy wel in die toekoms sal moet gaan haal. Intussen sal hy darem by internetkafees geldoordragte kan doen.

Maar vir eers moet hy in hierdie krot van 'n eenslaapkamerplekkie laag lê.

* * *

Die opsigter het hulle 'n sleutel gegee om by Vermooten se woonstel in te kom.

“Dieselfde storie as op Langebaan. Boggherol wat as 'n leidraad kan dien. Dis duidelik hy het die plek ontruim, wou natuurlik dadelik scram ná die moord,” sê Rooi.

“Snaaks dat hy dié bos sleutels hier gelos het. Hier is 'n karsleutel aan,” sê Kassie.

“Hy was seker van plan om dit ná die moord te kom haal.”

Kassie kyk nog 'n slag rond. “Sy klerekaste en bedkassie is leeg, wat moet beteken hy het sy goed solank in sy bakkie gaan sit. Iets in een van die tasse kan ons dalk weer op sy spoor plaas.”

“Nou kom ons gaan kyk in die parkade. Sylvia sê dis 'n silwer Hilux. As jy my vra, is dit dieselfde bakkie wat hy op Langebaan gehad het, net met 'n spraypaint job en ander nommerplate,” sê Rooi.

Hulle stap verby Sylvia se deur, wat nou gesluit is. Sy het gevra dat hulle eers by haar moes wag tot haar ouers van Malmesbury af kom. Kassie het gesê dit sal veiliger wees as sy 'n ruk lank by hulle gaan bly. Sy het hulle ook vertel van haar dogtertjie wat vir die naweek by 'n vriendin in Kampsbaai bly, dieselfde plek as waar sy en Vermooten gisteraand was vir 'n partytjie. Kassie het gesê sy moet dié vriendin vra om minstens vanaand by vriende te gaan oorslaap, want Vermooten is tot enigiets in staat.

Toe Sylvia begin bedaar het, kon hulle beter gesels. Soos al die ander mense wat met Vermooten kontak gehad het, was sy stomgeslaan dat so 'n “wonderlike, bedagsame en beeldskone man”, op wie sy kennelik verlief was, 'n berugte reeksmoordenaar is. Dit het haar amper van voor af paniekerig gemaak en sy het lank gehuil.

Hulle het afgespreek om binne 'n dag of twee op Malmesbury 'n meer volledige onderhoud met haar te gaan voer.

Rooi beduie na die verste hoek toe hulle in die kelderparkade kom. “Daar is hy.”

Hulle stap na die silwer Hilux toe. Die bakkie het 'n toesluitkap oor die bak.

Kassie haal die bos met 'n stuk of tien sleutels uit sy sak. Met die derde probeerslag sluit hy die kap oop.

Rooi fluit deur sy tande. “Wat de hel sou hy in die bokse hou?”

Kassie maak een oop.

Weer fluit Rooi. “Dis sy flippen munte!”

Kassie maak die twee tasse oop en keer dit in die bak om. “Net klere,” sê hy teleurgesteld nadat hy daardeur gevroetel het.

“Dit help nie ons krap nou hier in die bokse rond nie,” sê hy. “Ons sluit eerder weer die kap en kry die Middestad-polisie om die bakkie te kom haal en in hulle skut agter slot en grendel te hou. Ons kan Maandag rustig deur als gaan.”

Hy bekyk die bos sleutels. “Hier is een wat die moeite werd is om op te volg. Dit het sy eie houertjie aan.” Hy wys dit vir sy kollega.

“Storage Panda. Unit 12,” lees Rooi.

* * *

Vandat sy tjommie van Langebaan hier was, het Vleis niks weer geslaap nie.

Dié het gisternag oor die muur geklouter, deur die erf gesluip en aan sy study se venster kom klop. Vleis het sy gat af geskrik, toe deur ’n skrefie in die gordyne geloer en tot sy verligting gesien dis Mervin.

Hy het die agterdeur vir hom oopgemaak en hulle het in fluisterstemme in die kombuis gesels. Vleis wou nie hê sy vrou moet hoor hy’t ’n visitor nie. “Wat doen jy hier?” wou hy weet.

“Hulle het my laat kom. Hulle wil my Maandag ondervra.”

“Teeninligting?”

“Wie fokken anders, Vleis? Ek hoop nie jy’t op my gesplit nie, nè?”

“Nooit nie!” het Vleis hom verseker.

“Hulle het my vanoggend by die stasie gebel. Gesê as bevelvoerder van die Langebaan-polisiestasie was ek mos oorhoofs in charge van die saak toe Kasselman-hulle die Vermooten case daar investigate het. Hulle het gesê hulle het ’n paar vrae vir my.”

“Jy sê net jy’t nooit met my gepraat in daardie tyd nie.”

“En sê nou hulle het ons station se phone records getrek? Dan’s ek én jy in die moeilikheid.”

“Hulle sou nie,” het Vleis gesê, maar sonder groot conviction. Hulle sal dit tien teen een al klaar gedoen het.

Hy worry nie as hy daaroor verder in die kak by Teeninligting kom nie. Hy is klaar tot by sy nek toe daarin. Dis die ander ding wat Mervin gesê het wat hom in cold sweat laat uitslaan het en maak dat hy nou glad nie kan slaap nie.

“My nefie, Tjokkas, wat by een van Giraffe se nightclubs werk, sê Giraffe het nou underground gegaan. Daar’s geen kans dat die polisie hom gaan kry nie. Tjokkas sê Giraffe het ’n fit van outrage geslaat toe hy by sy contacts uitvind van jou en Mukkadem se fokop. Hy’t revenge gesweer, sê Tjokkas. Dog ek inform jou maar net sodat jy versigtig kan trap.”

Sylvia en Benita sit in 'n sonkolletjie op die agterstoep van haar ouers se huis op Malmesbury.

Benita het Cara vanoggend kom aflaai. Sylvia is bly haar ouers het haar saamgeneem kerk toe.

“Genade, Sylvia, om te dink jy kon ook 'n slagoffer van daardie monster gewees het! 'n Mens sal vir die res van jou lewe nagmerries daaroor kry! Ek sou nooit weer 'n oog kon toemaak nie! Net die gedagte dat daardie vuilgoed Vrydagaand in my huis was en my nogal in 'n stadium alleen in die kombuis met die slaai gehelp het, gaan my tot in ewigheid bybly. Wie sou kon dink dat so 'n bedagsame man 'n koelbloedige wreedaard is? Wys jou, jy kan daardie spesie maar net nie vertrou nie.”

Sy maak haar oë groot. “En om te dink Caratjie was 'n paar keer aan hom blootgestel! Sy't Vrydagaand tot op sy skoot aan die slaap geraak! Kan jy dink wat hy aan die arme kind kon gedoen het as sy gisteraand in jou woonstel was?”

Sylvia sug. Sy voel emosioneel gedreineer en doodmoeg van 'n nag sonder slaap. “Kan ons nie maar oor iets anders gesels nie? Ek wil eintlik nooit weer aan daai vent herinner word nie.”

“Sorry, jong, maar ek is nog só ontsteld dat dit al is waaraan ek kan dink.”

Sylvia staan op toe haar selfoon in die aangrensende sonkamer lui. “Wie sal nou so op 'n Sondag lastig wees?” mompel sy op pad soontoe.

Dis 'n onbekende selfoonnommer, maar sy besluit om te antwoord. Kan een van die speurders wees.

“Hallo, Sylvia. Dis Bill Swart wat praat,” kom die stem aan die ander kant.

Sy verstyf. Dis onverwags! Wil die vieslike vent om verskoning vra? is die eerste gedagte wat by haar opkom.

“Ek het iets ernstigs om met jou te bespreek,” sê hy, geen teken van berou in sy stem nie.

“Ja? Wat is –”

“Luister nou mooi,” onderbreek hy haar. “Laat ek sommer begin deur te sê ek is uiters teleurgesteld in jou!”

“Jy in my? Ek sou dink dit moet andersom wees.”

“Moenie jou slim hou met my nie, juffertjie. Jy is niks anders as ’n bedrieër nie.”

Haar keel trek toe. Sou hy iets oor haar verlede uitgevind het?

“Jy het op jou CV gelieg. En dis iets wat ons by Ashfin nie duld nie. Glo my goed, oneerlike werknemers is nie by ons welkom nie.”

“Wat bedoel jy?”

“Ek het ’n kontak in die Kaap wat soms vir my ondersoekwerk doen om te bepaal of daar leuenaars soos jy in ons geledere is. Hy het uitgevind dat die persoon wat jy as ’n verwysing opgegee het, ’n Benita Ackerman, net soos jy lieg. Sy het nooit ’n sakeonderneming besit waarvoor jy promosiewerk kon gedoen het nie. Julle is albei swendelaars van formaat.”

Sylvia het yskoud geword.

“Dit laat jou met een van twee keuses: óf jy stel jou bloot aan ’n dissiplinêre verhoor, waar jou derms behoorlik uitgeryg gaan word, óf jy dien dadelik jou bedanking in. En daarvoor hoef jy nie eens in te gaan werk toe nie. Jy kan jou bedanking per e-pos aan my stuur. Ek verkies dat jy nie weer jou gesig daar wys nie.”

* * *

Kassie druk sy selfoon dood. Hy is verlig dat sy gesprek met die brigadier verby is. Hy kon dit nie tot môre uitstel nie, want die brig het dan ’n hoofdevergadering by die kommissaris.

Toe hy haar vertel hoe Vermooten weggekom het, was haar eerste vraag waarom hulle nie uniforms saamgevat het nie. Sy was duidelik ontsteld daaroor. “Hoe gaan ek dit vir die kommissaris verklaar, Kassie? Dis tog staande prosedure om uniforms in só ’n geval saam te vat.” Maar hy het haar kalmeer toe hy verduidelik dat dit ’n bedekte seën was. “Ons sou minstens ’n halfuur vir die Middestad-polisie moes wag, wat beteken dat die vrou klaar vermoor sou gewees het. En die Seepunt-polisie was nie beskikbaar om na Vermooten te help soek nie. Rooi het hulle vyf keer sonder sukses gebel.”

Sy het hom darem krediet gegee oor sy Bonnie-afleiding. “Dit was bleddie skerp van jou!”

Kassie trek weer sy selfoon nader. Rooi het gisteraand laggend gevra dat hy hom moet laat weet wat die brig sê. “As sy gatvol gaan wees, soos wat ek verwag, weet ons immers die ware brigadier is terug.”

Maar Kassie wil eintlik om ’n ander rede met sy kollega praat. Hy wil hom iets spesifieks vra, maar dit soos ’n nagedagte laat klink.

Toe Rooi antwoord, vertel hy hom hoe sy en die brigadier se gesprek verloop het.

“So, ons gaan darem nie voor ’n vuurpeloton beland nie?” vra Rooi.

“Klink nie so nie.”

“Dankie dat jy gebel het, Kassie. Nou kan ek darem ook ontspan. Geniet die res van jou Sondag.”

“Rooi, wou jou nog iets anders vra. Weet jy of Torretjie dalk bewus is van ’n lekker romantiese restaurantjie in die Seepunt-omgewing? Of selfs in die stad? Dis ’n vriend van my wat navraag gedoen het. En soos jy weet, is ek die lááste een wat hom met so iets sal kan help.”

Rooi bly ’n lang ruk stil. “En wie’s dié vriend nogal?”

“Dis ... dis ’n ... neef ...”

Rooi lag. “Daar dop jy weer die toets! Ek ken jou hopeloos te goed. Daai gestamelry beteken jy lieg. Jy wil jou spesiale vriendin neem na ’n romantiese restaurant, nè?”

“Jaaa, jong.”

“Hoekom sê jy nie net so nie?”

“Weet jy van so ’n plek?”

“Torretjie is ’n kénner op daardie gebied. Sy verslind alle artikels op webwerwe en in koerante oor fancy restaurante, wat ons natuurlik nie kan bekostig om te besoek nie. En glo my, sy herinner my gereeld daaraan. Maar sy sal beslis vir jou ’n kortlys saamstel om uit te kies. Ek bring dit môre saam kantoor toe.”

“Thanks, Rooi.”

Kassie druk die foon dood. Hy weet self nie hoekom hy nie met Rooi eerlik kon wees oor Amalia nie.

Dalk wil hy homself beskerm? As sake tussen hulle nie uitwerk soos hy hoop nie, wil hy nie hê almal moet daarvan weet nie.

Hy sug. Om vlerk te sleep is nie vir sissies nie.

“Sal wat wil gee om te weet wat hierdie muntversameling werd is,” sê Rooi.

Kassie trek sy skouers op. Hy is teleurgesteld dat daar niks van belang in een van die agt bokse was nie – niks wat hulle op Vermooten se spoor gaan sit nie. Die bokse bevat net die munte in hulle plastiekhouertjies en handgeskrewe notas oor elkeen se agtergrond. Dit het hulle die hele oggend geneem om deur die bokse te werk, wat nou ’n vermorsing van tyd blyk te wees.

Nou vestig Kassie sy hoop op die sleutel van daardie stooreenheid. Hulle het op Google gesien Storage Panda is in Milnerton geleë.

“Kom ons kry ons ry,” sê hy.

Terwyl hulle kar toe stap, lui sy selfoon.

Die brigadier.

“Hoe gaan dit by die skut?” wil sy dadelik weet.

Kassie lig haar in.

“Shit. So gehoop daai bokse gaan iets oplewer. Die kommissaris is nervous die storie kom by die media uit. Hy sê dit gaan ons weer eens sleg laat lyk.”

“Toemaar, hierdie keer was ons fone nie getap nie. Niemand sou dit aan die media kon lek nie. Sylvia het boonop nie ’n amptelike klag by ’n polisiestasie ingedien nie.”

Sy gee ’n laggie.

“Van fone gepraat. Tydens ons hoofdevergadering het Teeninligting die kommissaris gebel. Hulle het vanoggend vir Mervin Berhardien, die bevelvoerder van die Langebaan-polisie, onder kruisverhoor geneem. Hy het erken dat Vleis Restrepo heeltyd telefonies met hom in kontak was toe julle op Langebaan was. Vleis het hom opdrag gegee om uit te vind of julle die Vermooten-dossier en bewyse by die stasie gestoor het. Die bevelvoerder het by die niksvermoedende Gehasi navraag gedoen, wat toe gesê het die goed is by julle in die gastehuis.”

“Ek het altyd vermoed daai slagpat bevelvoerder het ’n vinger in die paai gehad.”

Toe hy aflui, vertel hy vir Rooi.

“Hoop hulle fire die bliksem, want Gehasi verdien ’n beter bevelvoerder as daai donner,” merk dié op.

Kassie knik. “Kom ons gaan kyk wat lewer daai stoorplek op.”

* * *

Oor een ding is hy dankbaar – die herinneringe het gewyk. Hy kan nou al sy aandag aan sy huidige dilemma gee.

Die media behoort weer op loop te raak met sy storie. En Sylvia gaan die polisie ’n beter beskrywing van hom kan gee as waarvoor die identikit in die koerante gesorg het.

Hy sal nie kan bekostig om die volgende week uit hierdie plek te kom nie. En as hy dit daarna waag, sal hy sy pistool by hom moet hê.

Destyds in Centurion was hy nie daarop voorbereid toe die polisie hom in die kroeg vastrap nie. Hy kon geen weerstand bied nie.

Nadat hy uit die psigiatriese hospitaal ontsnap het, het hy hom voorgeneem om nooit weer so maklik te kapituleer nie. In sy tyd op Langebaan het hy die Heckler & Koch aangeskaf en dit hier kom wegsteek. Hy het geweet as hy eendag hier moet kom wegkruip, sal dit slegs wees omdat die polisie kort op sy hakke is.

Hierdie keer sal hy nie sonder ’n geveg oorgee nie. Niemand gaan hom weer in ’n malhuis sit nie.

Óf hy skiet sy pad oop en vlug, óf hy verloor sy lewe.

Daar is geen ander opsie nie.

* * *

Daar is net een boks in die stoor en dit staan in ’n hoek onder ’n dik stoflaag. Dit is met kleefband toegeplak.

“Bliksis, maar die ding is vuil,” sê Rooi en blaas die stof af. “Beslis nie ’n boks wat hy onlangs hanteer het nie.”

Hy trek die kleefband af en maak die boks oop.

Binne-in is ’n pakkie wat met bruin papier toegedraai en met kleefband toegeplak is. Hy haal die pakkie uit en oorhandig dit aan Kassie. “Die eer is joune.”

Kassie trek die kleefband los en skeur die papier af.

Vier boeke, wat soos dagboeke lyk.

Hy maak die boonste een oop. “Annette Vermooten,” lees hy voorin.

“As ek reg onthou, was dit sy ma se naam,” sê Rooi.

Kassie knik. “Volgens die datum is hierdie dagboek agt-en-dertig jaar gelede begin, toe Vermooten gebore is.” Hy neem aan hulle is in volgorde, maar sal later kyk. Met ’n eerste blik sien hy ’n paar keer die naam Pieter.

“Hier wag baie leeswerk. Dit sal ons insig gee in sy kinderjare, maar ek twyfel of dit regtig gaan help.”

Kassie neem die boeke en hulle sluit die stoor.

“Ek sal dit vanaand by die huis lees,” sê Kassie toe hulle in die kar klim.

“Ek deps dit ná jou,” lag Rooi.

Hulle ry in stilte terug stad toe.

Die dag het soveel belofte ingehou, dink Kassie, maar niks het gerealiseer nie. Daar bly twee dinge oor waarop hy sy hoop vestig: die Bonnie-bankstate wat die handelstak vir hulle moet kry, en Sylvia. As die bankstate wys dis ’n aktiewe rekening waaruit Vermooten byvoorbeeld by OTM’s geld trek, kan hulle daardie rekening bly monitor en dalk ’n ligging kry waar hy hom bevind. Tweedens kan Sylvia hulle ’n beter beskrywing gee wat tot ’n meer lewensgetroue identikit behoort te lei.

“Kassie, gee jy om as ek net gou in Langstraat stop? Ek moet iets vir Torretjie by ’n winkel afhaal. Ek sal gou maak,” onderbreek Rooi sy gedagtes toe hulle die middestad binnery.

“Reg so. Ek sal solank deur die eerste dagboek blaai.”

Ná ’n gesoek kry Rooi ’n parkeerplek. “Dis nou wel drie flippen blokke van hier af, maar ek is seker lucky om ’n stilhouplek te kry,” sê hy en klim vervaard uit.

Kassie kyk sy drawwende kollega kopskuddend agterna. Torretjie dra die broek in daai huishouding, want as sy iets gedoen wil hê, spring Rooi soos ’n bok met ’n leeu op sy hakke.

Dan verstar hy.

Op die oorkantste sypaadjie sien hy Amalia langs ’n man stap – ’n lenige, breedgeskouerde en bruingebrande kêrel. Hulle gesels laggend. Die man neem haar liggies aan die arm toe hulle by ’n restaurant se deur ingaan.

Ná aandete het Sylvia verskoning gemaak om na haar kamer in haar ouerhuis te gaan.

“Ons sal Caratjie besig hou, my kind. Gaan klim jy vroeg in die bed. Jy’t rus nodig. ’n Mens kom nie gou oor so ’n aaklige ding soos wat jy in daai woonstel deurgemaak het nie,” het haar ma gesê.

Sy het op haar skootrekenaar haar bedanking getik en dit vir Swart gestuur. Vroeër was sy so platgeslaan daaroor dat sy nie die krag gehad het om die nuus met Benita te deel nie. Benita sou dalk nog boonop skuldig gevoel het omdat dit haar voorstel was om op die CV te lieg oor Sylvia se promosie-ondervinding. Sy het net goed bedoel.

Haar ouers hoef ook nie te weet sy het bedank nie, besluit sy. Sy het klaar vir haar ma gelieg deur te sê sy het ’n week se verlof geneem.

Terwyl sy nou op die bed lê, is haar gedagtes by Swart. Hy was natuurlik bang sy sal ’n klag van seksuele teistering teen hom aanhangig maak en moes besluit het aanval is die beste manier van verdediging. Toe moes sy “ondersoeker” haar gegewens op die CV fynkam en het hy gekry wat hy gesoek het – ’n rede om van haar ontslae te raak.

Sylvia twyfel ook nou of sy die werk sou gekry het as dit nie vir haar lae hals was tydens die onderhoud nie. Dit het natuurlik die jagse bliksem se oordeel beïnvloed, want op papier was sy nie ’n wonderlike kandidaat nie.

Gaan nie help om haar daaroor te verknies nie. Die feit van die saak is dat sy sonder werk sit. Haar toekoms is duister. Sy sal nooit weer ’n geleentheid soos by Ashfin kry nie.

Met haar pa wat haar verblyf in Groenpunt borg en Cara se oppasser betaal, het sy egter nie onmiddellike finansiële krisis nie. Nogtans kan sy nie so aangaan nie. Sy en Cara moet eet en daar is ander uitgawes. Sy kan nie altyd bakhand by haar pa wil staan nie.

Trane wel in haar oë op. Sy kan net haarself blameer vir hierdie gemors waarin sy beland het.

Nou sal sy, en sy alleen, daaruit moet kom.

Hy herinner Kassie aan Cary Grant. “Tall, dark and handsome,” soos sy ouma aan sy pa se kant altyd van haar gunstelingakteur gesê het terwyl sy droomverlore na sy geraamde portret in haar naaldwerkkamer staar. Grant het ’n ereplek tussen foto’s van Jan Smuts en Danie Craven teen die muur gehad – in laasgenoemde geval ’n greinerige afdruk van die Springbok se bekende duikaangee.

Dié donner het nes Grant ’n kuiltjie in die ken, kon Kassie uitmaak in die paar sekondes wat hy hom gesien het.

Nou, terwyl hy knibbel aan ’n vetterige vleispastei vir aandete, onthou hy wat Amalia gesê het oor Vermooten se besoek aan haar woonstel. *Hy is ’n lang, sterkgeboude kêrel ... Moet sê, as ek tien jaar jonger was, sou ek ook in dié ou belang gestel het.*

Kassie moet aanvaar sy hou van lang, sterkgeboude mans en dat sy nou haar droomman ontmoet het. Hy staan nie ’n kans teen so ’n hunk nie.

Hy was so seker daar is ’n vonk tussen hulle. Om nou te besef dit was bloot ’n verbeeldingsvlug, is ’n helse skok vir sy sisteem. Dit voel of sy hart in ’n duisend skerwe lê. Hy gaan nie gou oor hierdie ding kom nie.

Die nostalgiese liedjie van die Voortrekker Danskwartet wat van die hoëtroustel in die kombuis kom, help niks om sy gemoedstoestand te verbeter nie. Een van die vier, onder begeleiding van ’n konsertina en twee kitare, sing lustig:

“Loekie, Loekie, Loekie – is jy kwaad?

Het jou nooientjie jou verlaat?

Loekie, Loekie, Loekie – kom sê vir my, ou maat.

Miskien gee ek goeie raad.”

Kassie snork. Hy’t niemand om by raad te vra nie. Voorheen kon hy by sy ma gaan kers opsteek. Maar sedert sy twee jaar gelede Alzheimer se siekte gekry het, herken sy hom skaars.

Hy staan op en stap met gekromde skouers kombuis toe om sy bord in die wasbak te gaan sit. In die verbyloop sit hy die hoëtroustel af. Hy raap die velletjie papier met Torretjie se kortlys van romantiese restaurante wat Rooi vanoggend vir hom gebring het van die kombuistafel op, frommel dit op en gooi dit met ’n sierlike boog in die vullishouer.

Hoe swaar dit ook al is, hy moet maar aanvaar dat Amalia hom nie beskore is nie. Sy en Cary Grant het heeltemal te opgetrek met mekaar gelyk.

Terug in die sitkamer tel hy Vermooten se ma se stapeltjie dagboeke op en gaan sit-lê op die rusbank, met sy voete op die koffietafeltjie. Hy is bly hy het homself met hierdie taak opgesaal. Dit gaan help om sy gedagtes van Amalia af te lei.

Hy blaai eers vlugtig deur al vier. Dis nie dagboekinskrywings in die ware sin van die woord nie. Sommige inskrywings, elkeen met 'n datum by, is selfs maande uitmekaar. Party behels enkele sinne en ander is weer twee of drie bladsye lank. Die inskrywings strek oor 'n tydperk van veertien jaar en dek nie die Vermootens se verblyf in Suid-Afrika nie, sien hy op die laaste bladsy van die vierde dagboek.

Daardie laaste inskrywing lees: *Môre vertrek ons Johannesburg toe! Ek is só opgewonde om weer in sonnige Suid-Afrika te gaan bly!*

* * *

Vleis sit peinsend in sy study.

Sy vrou praat van gisteraand af nie meer met hom nie. Daarenteen smile die kinders van oor tot oor. Om indefinitely uit die skool te bly, is 'n bonus wat hulle nie expect het nie.

Vleis het geen ander choice gehad nie. Hy moes haar inform van wat Mervin se neef, Tjokkas, gesê het – dat Giraffe daarop uit is om revenge te neem.

Sy't 'n gasket geblaas toe hy sê sy en die kinders mag van nou af nie 'n tree uit die huis gee nie. “Dis jy wat hierdie gemors veroorsaak het, nie ons nie!” het sy uitgeroep.

“Dis nie hoe Giraffe se kop werk nie. Nie net ek nie, maar jy en die kinders kan ook 'n target wees,” het hy gesê. “Laas jaar het Mighty Louw, 'n bouncer by Giraffe se main nightclub, opgeslip toe hy een van die Sexy Boys se gangster-lede toegang gegee het tot daai club. Dié het daar kom spy, maar die arme Mighty het nie geweet hy's 'n sergeant by die Sexy Boys nie. Toe Mighty besef watse balls-up hy gemaak het, het hy die pad gevat en in sy huis gaan wegkruip. Hy't geweet Giraffe sal sy bloed wil trek. Maar terwyl Mighty agter sy barricaded mure, gewapen tot die tanne toe, op 'n onslaught sit en wag het, het hy die fout gemaak om sy kids nog te laat skoolgaan. Sy laaitie van agt is 'n week later in 'n stormwatersloot in Delft gekry, keelaf gesny.”

Die storie het sy vrou hysterical gehad. Sy't Vleis name toegesnou wat Satan sou laat blush het.

En toe kom die blame en die accusations.

En nou het die paranoia haar ook aan die throat beet, soos dit hom lankal het.

“Ons mure is nie barricaded nie. En jy moes jou skietding by die polisie ingee. Wat maak ons as daai maniac hier by ons instorm? Hoe sal ons in die nag weer ’n oog kan toemaak?”

Noodgedwonge moes Vleis ’n wag kry. Hy’t op Dragon Arendse besluit. ’n Ex-cop wat in die ou dae saam met hom by die Mitchells Plain-stasie gewerk het, maar intussen gefire is toe hy deel was van ’n armed robbery in Kaapstad se city centre. Hy’t maar verlede maand eers uit die tjoekie gekom en Vleis het geweet hy’s werkloos. Dragon was maar te bly om die nagskof-job by Vleis se huis te kry. Hy’s ’n intimidating character – groot van lyf en mean-looking. Niemand gaan somer met hóm kak soek nie.

En met sy gesteelde Smith & Wesson is Dragon ten minste gewapen.

Vleis se opdrag was dat hy enige stranger wat net lyk of hy dit consider om oor die huis se muur te klim, vol lood moet jaag. No questions asked.

Die brigadier en Rooi is die ene ore.

“Ek het vier uur aaneen geles aan haar dagboeke. Soms het dit my asem weggeslaan,” sê Kassie.

“Gee vir ons die opsomming,” sê die brigadier.

“Op tweejarige ouderdom het hy al vreemd teenoor sy ma begin optree. Hy het haar weggestoot as sy hom wil liefkoos, maar hy’t sy pa se toenadering altyd verwelkom. Hy kon ure lank op dié se skoot sit. Sy ma skryf dit het vir haar gevoel of die kind ’n weersin in haar ontwikkel het, wat haar hewig ontstel het. Sy het uit haar pad gegaan om sy liefde te probeer wen, maar dit was tevergeefs.

“Later jare het hy haar verskeie kere beskuldig van aaklige dinge wat sy kwansuis aan hom gedoen het. Volgens haar was dit van alle waarheid ontbloot. En as sy hom daarmee konfronteer wanneer hy kalm is, het hy abnormaal opgetree.”

“Hoe ... abnormaal?” vra Rooi.

“Dit was asof hy in ’n beswyming gegaan het. Hy het gebewe en onsamehangend begin stotter. Daar was ’n doodsheid in sy oë. Sy ma skryf dit het komplete gelyk of hy ’n aanval van ’n aard kry. Dan het hy weerloos voorgekom. As gevolg daarvan het sy hom later nooit meer oor sy vals aansprake gekonfronteer nie. Sy het aanvaar dat hy ernstige sielkundige probleme het.”

Die brigadier frons. “En sy het nooit iets daaraan gedoen nie?”

“Sy het hom op ’n keer na ’n sielkundige geneem, maar dié het bevind daar’s nie fout met hom nie. Hy het Pieter se onvermoë om te besef wat die werklikheid is, en die algemene simptome van vals oortuigings, hallusinasies en verwarde denke afgemaak as oormatige rebelsheid. Hy het gesê dit sal later van tyd oorwaai en die ma gerusgestel dat al die ander tekens tog daarop dui dat haar seun normaal is. Hy was ’n aktiewe kind wat aan die skoolbedrywighede deelgeneem het, op die sportveld uitgeblink het, sosiaal goed aangepas was en oor die vermoë beskik het om hom uitstekend uit te druk.”

“Duidelik het die sielkundige die pot mis gesit,” sê Rooi.

“Sy ma het ook so gevoel. Sy wou Pieter na ’n psigiater neem vir ’n tweede mening, maar haar man het vasgeskop. Gesê sy verbeel haar dinge. Daar’s nie fout met hulle seun nie. Sy het toe maar die stryd gewonne gegee.”

“Arme vrou,” sê die brigadier.

Kassie knik. “Ja, uit haar inskrywings is dit duidelik dat sy deur hel is. Sy vals beskuldigings was soms verregaande. Hy het haar as ’n wrede en gevoellose vrou uitgebeeld, en sy kon niks doen om daardie persepsie te verander nie.”

Die brigadier frons. “Wil jy vir my vertel sy haat vir vroue is na aanleiding van hierdie waanbeelde en hallusinasies oor sy ma in sy jeugjare?”

“Dit wil so voorkom.”

Rooi kug. “Ek dink nou skielik aan iets. Kaptein Callie van As het mos genoem dat Vermooten se ma ietwat van ’n sosiale vlinder was. As ek reg onthou, is dit wat sy tante vir Van As gesê het. Wat jy tot nou vertel het, gee ’n mens nie daardie indruk nie. Dit klink eerder of sy ’n baie sorgsame en goeie ma was en dat haar sosiale lewe nie ’n prioriteit was nie.”

“Ek het ook aan die tante se woorde gedink, maar Vermooten se ma verwys nooit na sosiale byeenkomste nie. Sy maak net een keer melding van ’n teepartytjie vir vriendinne by haar huis, wat deur haar seun se toedoen versuur is.”

“Wat het gebeur?” vra Rooi.

“Haar vriendinne het daarop aangedring om die toe vyfjarige Pieter te sien. Sy ma het hom in die kamer gaan haal. Die vroue het oor hom gekoer. Een het vir hom ’n stuk appeltert op ’n bordjie aangegee. Hy het dit gevat en sonder rede sy ma daarmee gegooi, toe huilend teruggehardloop na sy kamer. Sy wou gaan hoor wat fout is, maar die deur was gesluit en hy het geskree hy haat haar.”

“So ’n klein bliksem!” sê Rooi.

“Kêrels, ons verval nou in onbenullighede,” roep die brigadier hulle tot orde. “Wat het jy nog wys geword uit die dagboeke, Kassie?”

“Die inskrywings het ’n paar goed bevestig wat ons reeds weet.”

“Soos?”

“Sy skryf hy was altyd baie beskermend teenoor en besorg oor kleiner kinders. Hy kon dit nie verdra as groter kinders die kleintjies boelie nie. En

hy was in meer as een geveg omdat een afgeknou is. Die kleintjies was glo versot op hom. Zilla Levenson het juis gesê hy het 'n slag met kinders.

“Dan het sy ma ook op verskeie plekke daarvan melding gemaak dat sy gemoedstoestand dramaties verander het in gure weersomstandighede. Hy het hom dan gewoonlik in sy kamer gaan toesluit en het soms geweier om te eet.

“Juis op so 'n stormagtige dag het hy sy ma toegesnou dat as sy 'n blondine was, hy dalk meer van haar sou gehou het. Toe sy vra hoekom hy so sê, het hy gebrom dat vampiere nie blonde hare het nie.”

Rooi fluit deur sy tande. “Vampiere! Hierdie ou het 'n ernstige kortsluiting in sy kopbedrading, hoor!”

Kassie tik op een van die dagboeke. “O ja, voor ek vergeet. Dit is duidelik dat hy as kind al 'n ywerige muntversamelaar was. Sy pa het die stokperdjie by hom aangewakker deur vir hom munte saam te bring wanneer hy van buitelandse besoeke terugkeer. Volgens sy ma was daardie versameling sy heiligdom.”

Die brigadier tuur lank voor haar uit. “Als interessante gegewens, maar dit gaan ons ongelukkig nie veel help nie.”

Kassie weet sy's reg.

* * *

Dis frustrerend om die hele dag in die halfskemerte te moet sit, maar hy kan nie bekostig om die gordyne oop te trek nie. Hy is bang van die bure sien hier is iemand.

Sy gedagtes keer terug na die Groenpunt-woonstel. Wie sou hom geëien het? Dalk die nuuskierige ou vrou wat oorkant Sylvia gebly het? Sy was gereeld in die gang bedrywig as hy uitgekom het. Ook Saterdagmiddag toe hy na Sylvia toe is. Sy het nog vir hom gewaai voor hy ingegaan het. Móét sy gewees het wat die polisie verwittig het.

Daar is geen ander manier waarop hulle hom sou kon opspoor nie. Niemand het toe byvoorbeeld geweet hy is 'n muntversamelaar nie, dus sou die polisie beslis nie by die afslaers sy adres kon gekry het nie. Nou weet hulle dit wel, want hulle moes die bokse in die Hilux gekry het.

Dit val hom by dat sy Panda Storage-sleutel ook aan die bos sleutels was. Die polisie sou gaan kyk het wat hy daar stoor.

Hy glimlag. Dit sal hulle nie ver bring nie. Ná sy ouers se noodlottige ongeluk het sy tante destyds vir hom 'n toegedraaide pakkie gegee. Sy het

gesê sy vermoed dis iets persoonliks van sy ma. Sy wou nie self kyk nie, al het sy ma dit skynbaar nie as vertroulik beskou nie. Daar was 'n notatjie in sy ma se handskrif aan die pakkie geheg wat net gelui het: *Heil die leser*.

Hy het die notatjie weggegooi en nooit die moeite gedoen om te kyk wat in die pakkie is nie. Hy het eenvoudig nie belang gestel nie. In 'n stadium het hy oorweeg om die pakkie weg te gooi, maar hy het nooit sover gekom nie. Toe hy destyds die stoorruimte kry om sy munte in te stoor, het hy die pakkie in 'n boks gesit en daar gelos.

Trouens, hy't nooit weer daaraan gedink nie.

Tot nou.

Hy haal sy skouers argeloos op. Wat ook al in die pakkie is, sal die polisie nie bevoordeel nie.

Hy staan van die bed af op, neem sy pistool en stap kombuis toe, bly dat hy destyds 'n bottel Nescafé saam met sy voorraad blikkieskos gekoop het. Wat hy in hierdie tyd sonder kafeïen sou doen, wil hy nie weet nie.

Kassie het gistermiddag met 'n poelkar huis toe gegaan sodat hy en Rooi vanoggend tyd kan spaar deur reguit van Goodwood af Malmesbury toe te ry.

Toe hy Sylvia gister bel, het hy gevra of hy en Rooi haar by haar werk kan kom spreek. Sy het gestamel en toe gesê sy het eintlik 'n dag se verlof geneem en sal by haar ouers op Malmesbury wees, maar hulle is welkom om soontoe te kom. Hy't 'n vermoede sy het eers ná sy oproep dié dag se verlof ingesit. Wou seker nie hê haar kollegas moet sien die polisie is by haar nie. Wat te verstane is. Hy het haar gevra om steeds soos die graf te swyg oor haar nagmerrie-ervaring, anders kan dit die ondersoek verongeluk as die media daarvan te hore kom.

Hulle hou voor die huis op Malmesbury stil, en loop op 'n kronkelende klippaadjie deur 'n netjiese tuin na die voordeur.

Sylvia maak die deur oop en nooi hulle in.

Sy lyk afgerem, merk Kassie toe hulle in die sitkamer plaasneem. Daar is donker kringe onder haar oë.

“My ouers en dogtertjie is nie vanoggend hier nie,” sê sy ongevraagd.

“Reg, kom ons val weg,” sê Kassie. “Wanneer het jy en Vermooten vriende geword?”

Sy vertel hulle kortliks. “Hy het ook toe pas daar ingetrek. Soos bure maar doen, het ons begin gesels en ek het hom een aand genooi om by my te kom eet. My dogtertjie was ook daar en ek was verstom oor hoe gou sy by hom aanklank gevind het. Sy's gewoonlik baie sku vir vreemde mense. Hy het ons toe ook later na sy woonstel genooi om te gaan pannekoek eet.”

“Het hy nooit vreemd opgetree nie? Iets wat jou dalk afgeskrik het nie?” vra Rooi.

“Hoegenaamd nie. Trouens, ek het hom as 'n baie aangename mens opgesom. Hy het wel nooit na sy verlede verwys nie. My afleiding was dat hy onlangs geskei is en nog nie gereed was om daaroor te praat nie.”

“Het julle gereed oor en weer gekuier?” vra Kassie.

“Nie regtig nie. Hy het my wel voorverlede Vrydag uitgenooi om saam met hom te gaan flik. My ouers het my dogtertjie daardie aand by die

woonstel opgepas. Johan ... Vermooten het my ouers ook ontmoet. Hulle was baie beïndruk met hom – veral omdat hy soveel aandag aan Cara gegee het.”

“En toe is hy laas Vrydag saam met jou na jou vriendin se partytjie in Kampsbaai,” sê Kassie.

Sy knik.

“Het jou dogtertjie daardie aand by jou vriendin oorgeslaap?”

“Ja.”

“Hoekom?”

Sy lyk ongemaklik. “Wel ... my vriendin het gedink dit sal my en Johan ... Vermooten kans gee om mekaar beter te leer ken. Sonder Cara in die woonstel.”

“Kan ek aanneem julle was in die proses om ’n verhouding aan te knoop?”

“Ja, jy kan seker so sê.”

“Jammer dat ek so direk vra, maar het Vermooten Vrydagaand by jou geslaap?”

Kassie sien sy wil haar vererg, maar sy herstel gou. “Nee, hy het gesê hy het werk om te doen – iets van sy Amerikaanse vennote met wie hy op sy rekenaar sake moet doen.”

“Dit was ’n leuen,” sê Rooi. “Hy’t nie eens ’n rekenaar besit nie. Sy sogenaamde uitvoerbesigheid is ook ’n versinsel.”

Kassie kan die verbasing op haar gesig sien.

“En hoe het dit gekom dat hy Saterdagdaand weer by jou was? Het jy hom uitgenooi?” vra Kassie. “Want ons het gesien jy het spesiaal kos gemaak.”

“Hy het gesê hy wil my graag weer sien.”

Kassie kyk peinsend na haar. “Ons gaan jou nie weer uitvra oor die aaklige gebeure van Saterdagdaand nie. Jy’t ons volledig genoeg daaroor ingelig. Maar is daar éniets anders, hoe gering ook al, wat jy dink ons behoort te weet? Dalk iets wat jy Vrydagaand gesê het wat hom kon laat besluit het om jou die volgende dag te vermoor?”

“Nee ... ek ... kan aan niks dink nie.”

Sy’t weggekyk toe sy dit sê, flits dit deur Kassie se kop – sy eie reaksie wanneer hy leuens aan Rooi verkoop.

“Is jy honderd persent seker daarvan?” vra Rooi fronsend.

“Ja,” sê sy, maar vermy ook sý blik.

Kassie kom orent. “Reg, dan gaan ons jou nie verder pla nie. Jy onthou nog dat daar vanmiddag van ons lede na jou toe gaan kom om ’n nuwe identikit van Vermooten saam te stel?”

“Ek onthou, ja.”

Toe hulle terug na die kar toe stap, fluister Rooi: “Sy’t gekok met daai laaste vraag van jou.”

“Selfs ek het dit agtergekom, Mister Lie Detector.”

Hulle klim in die kar. “Aan haar leuen kan ons nie veel doen nie. Hoop net die handelstak het al die Bonnie-bankstate vir my ge-e-pos,” sê Kassie.

* * *

Sylvia kyk deur ’n skrefie in die gordyne hoe die kar wegtrek. Sy’s verlig toe dit in die straat af verdwyn.

Sy voel sleg dat sy nie die volle waarheid gepraat het nie. Sy het juis vroeër oor die naweek se gebeure nagedink – en gewonder of die waarheid oor haar donker verlede nie die vonk verskaf het vir Vermooten om te wil moor nie. Dalk het hy haar as ’n vrou met losse sedes beskou. Sy het gister op die internet gelees hy’t ook verskeie prostitute vermoor.

Maar hoekom wou hy dan nie al Vrydagaand ná hulle gesprek nie?

Moontlik sy munte wat hom weerhou het. Adjudant Els het genoem dat hulle sy adres met behulp van afslaers opgespoor het. Sy het Vermooten juis Saterdagoggend deur haar kombuisvenster ’n paar keer met ’n boks in die arms die gang sien afstap. Het dit natuurlik in sy bakkie gaan toesluit sodat hy ná die moord vinnig kon wegkom.

Sylvia beleef weer die oomblik toe Vermooten die mes in sy hand hou en haar met siellose oë aangeluur. Sy ril.

Was dit nie vir die toeval van die volgende paar oomblikke nie, was sy nou geskiedenis.

Daarom voel sy bleddie skuldig omdat sy nou vir die speurders moes jok. Maar daar is tog geen manier waarop sy hulle kon vertel nie. Dat sy mans vir geld afgepers het, is ’n strafbare oortreding.

* * *

Voor Kassie by die kantoor kans kry om op sy rekenaar in te gaan, bel Gehasi.

“Ek wou jou net laat weet dat my bevelvoerder blykbaar geskors is,” sê hy.

Kassie besef opnuut hoe vinnig nuus in die SAPD versprei. Die brigadier het hom eers gister daaroor ingelig en vandag weet Gehasi al.

Gehasi gaan onverpoos voort: “Hy’t so wraggies ’n hand gehad in die diefstal van die dossier en bewyse uit jou kamer by die gastehuis. Teeninligting het hom gister ondervra en hulle het glo maklik die pitte van die stronk verwyder. Toe hy uitvind hulle het ons stasie se telefoonrekords getrek, het hy soos ’n kanarie gesing.”

Toe hy aflui, skud Kassie sy kop glimlaggend. *Hulle het glo maklik die pitte van die stronk verwyder.* Gehasi se uitdrukkings behoort geboekstaaf te word.

Hy’s verlig om te sien die handelstak het ’n e-pos gestuur. Sonder om na die bankstate te kyk, druk hy twee stelle uit en oorhandig een aan Rooi.

Dié begin gretig daarna kyk. “Laat ons sien of ons lucky is.”

Dis twee verskillende bankrekenings se state. Op die Bonnie-rekening was daar die afgelope ses maande bykans geen aksie nie. Dit het R10 000 in gehad. In meer as vyf maande is geen inbetalings of onttrekkings gedoen nie. Maar voor die muntveiling is R400 000 uit ’n rekening met die naam Ran in die Bonnie-rekening inbetaal. Kort daarna is dié geld aan Jacobs-afslaers oorbetaal.

Die handelstak het ook toegang tot die Ran-rekening verkry, waarin daar voor die onttrekking van die R400 000 altesaam R500 000 was. In ses maande se tyd was daar geen ander aksie op dié rekening nie.

“Bliksis, hierdie ou is uitgeslape! As jy my vra, het hy honderde vals rekeninge geskep waarin sy miljoene versprei is. Ons gaan hom nooit só vastrek nie.”

’n Nota van die handelstak bevestig dat dit albei geregistreerde beslote korporasies is, maar dat die eienaars se name en adresse vals is. Die name – J.J. Boonzaier, R.B. Meyer, A.K. Vermeulen en M.W. Pretorius – lui ook geen klokkie by Kassie nie en stem nie ooreen met enige van die vals rekenings wat in die ou dossiere gelys is nie.

Rooi is reg. Dis ’n donnerse verlore stryd.

Vleis trek die vullisdrom tot by die buitehek. Hy sluit die hek oop en trek die drom tot op die sypaadjie. Dis al donker en hy sien Dragon nie in die nabyheid nie.

Dan hoor Vleis iemand sy naam roep. Dis Dragon se stem. Hy kyk rond. Dragon staan twee huise in die straat af by 'n geparkeerde swart panel van. Hy wink Vleis nader. “Kom check bietjie hier,” sê hy met 'n moerse grin op sy gesig.

Vleis stap soontoe. Hy kan nie sien of daar iemand agter die panel van se stuurwiel sit nie, want die ruite is donker getint. Die skuifdeur staan oop.

“Wat’s dit?” vra Vleis.

Dragon glimlag nog breër en beduie na die oop deur. “Jy sal jou oë nie kan glo nie.”

Vleis staan nader en loer in. Hy sien niks in die agterste ruimte nie.

Dan druk daar iets hard teen sy rug. “Klim in, Vleis. Jy moet 'n entjie gaan ry. En moenie wil upstairs raak nie, want ek het geen behoefte om jou te skiet nie.”

Dragon stamp hom vorentoe. “Toe, toe. Fok, man, klim in.”

Hy gehoorsaam. Hy bewe van die vrees en besef hy’t headlong in 'n trap gestap.

Die skuifdeur word agter hom toegemaak. Daar’s twee mans in die voorste seats. Vleis ken die een in die passenger seat met 'n pistool in sy hand. Dis Giraffe se man, die een wat hy en Mukkadem gebruik het om die Vermooten investigation te bedonner.

Hy lyk meaner as ooit met daai vieslike scar op sy gevreet. Hy beduie met die pistool se loop na Vleis. “Sit nou soos 'n mooi soet seun en jy sal niks oorkom nie.”

“Waarheen ... gaan ons?” vra Vleis. Sy tong kleef aan sy verhemelte.

Hy antwoord nie, gee net die bestuurder opdrag om die panel van se engine te start.

Hulle vat hom na Giraffe toe, maal dit deur Vleis se gedagtes. Hoekom werk Dragon saam met hulle? Hulle kom dan al so 'n lang pad saam. Hy’t Dragon met sy hele hart vertrou.

Dan strike dit hom. Die 26s of 28s moes in die tronk vir Dragon in hulle claws gekry het. Hy's nou een van hulle, deel van die nommer-gangsters.

Vleis byt sy onderlip vas om nie in trane uit te bars nie. Hy's gefok. Dragon het dalk ook nog die instruction gekry om sy vrou en kinders vanaand uit te haal.

Hy oorweeg dit om die pistool uit Scarface se hand te probeer gryp, maar die distance is te groot. Hy sal die sneller kan trek die oomblik as Vleis 'n movement maak. Die paniek hamer teen sy slape. Hier's geen way out nie.

Hulle ry in doodse stilte, wat hom nog meer panicky maak.

Hulle draai by 'n industrial area in. Die strate is verlate, die geboue donker.

Hulle stop voor 'n klein geboutjie. Daar is nie 'n bord wat aandui watse plek dit is nie.

Die bestuurder klim uit, loop om die panel van en maak die skuifdeur oop. Hy't 'n yster in sy hand en beduie Vleis moet uitklim.

Scarface-hulle boelie hom, ysters in sy rug, na die ingang toe.

Die deur word oopgemaak ná Scarface drie vinnige kloppe gegee het.

Hulle stap 'n swak beligte vertrek binne.

Giraffe en nog drie mans wag hulle in.

Vleis val dringend weg: "Ek kan explain, Giraffe! Dit ... was nie ek wat jou gedrop het nie. Dis Mukkadem wat –"

"Sjarrap," snou Giraffe hom toe.

Hy stap nader en druk die loop van 'n pistool met 'n lang silencer teen Vleis se voorkop vas. "Maak weer jou bek oop en ek jaag hierie bullet tussen jou oë in!"

Hy glimlag, maar dis 'n koue smile.

"Start solank die mixer!" blaf hy vir een van sy handlangers.

Vleis se oë volg die man verskrik. In die hoek van die vertrek staan 'n groot sementmenger. Visions van Die Pilaar in Giraffe se office laat hom yskoud word.

"Jissis, seblief, Giraffe! Ek sal enigiets vir jou doen, maar –"

"Sjarrap!" skree Giraffe en stamp die loop hard teen sy voorkop. Dan sis hy deur sy tande: "Trek uit jou klere, vetgat."

Vleis voel hoe die warm pis teen sy bene afloop.

* * *

Kassie sit voor sy skootrekenaar in die woonstel. Hy het die string vals eiernaam van die beslote korporasies Bonnie en Ran op Google ingetik, maar dit het niks opgelewer nie. Geeneen hou enigsins verband met Vermooten se vorige aliasse nie. Dis duidelik hy het lukraak name gekies.

Hy gaap en kyk op sy horlosie. Negeuur. Te vroeg om bed toe te gaan. As hy nou gaan slaap, is hy môreoggend drieuur wakker. Niks is dodeliker as om in die vroeë oggendure te lê en wag dat die son opkom nie. En hy weet nou al dat Amalia sy gedagtes sal oorheers. Dit wil hy ten alle koste vermy. 'n Smartvolle hart en die donkerte is nie pasmaats nie.

Dalk moet hy koffie gaan maak? Hy kom orent uit sy stoel.

Dan onthou hy iets wat Sylvia vanoggend gesê het: *Hy het my wel voorverlede Vrydag uitgenooi om saam met hom te gaan flik.* Sou films 'n ander passie van Vermooten wees? *Bonnie and Clyde* was immers op sy dag een van die gewildste rolprente.

Hy tik *Ran* op Google in.

Sy mond gaan weer oop, dié keer van verbasing. Dít het hy nie verwag nie! Sommer al die eerste inskrywing gaan oor die “epic period drama” *Ran*. Kassie het nooit van die bestaan van so 'n flik geweet nie. Hy lees dat dit 'n Frans-Japannese film is wat in 1985 uitgereik is. Dis grootliks op Shakespeare se *King Lear* gebaseer.

Hy sug. Hierdie “ontdekking” gaan nie veel help nie. Hy kan tog nie al die fliks van die afgelope klompie dekades lys en die handelstak vra om vas te stel of daar sulke bankrekenings is nie. Hoeveel tyd sou dit nie in beslag neem nie? Om nie eens van al die red tape te praat wat met so 'n oefening gepaard gaan nie.

Daar móét 'n manier wees om hierdie aspek op te volg. Sy brein werk in hoogste versnelling.

Dan gryp hy sy selfoon en gaan op sy kontaklys in. Sy behoort darem nog nie te slaap nie.

Sy antwoord ná 'n paar luie: “Zilla Levenson wat praat.”

“Mevrou Levenson, dis kaptein Kasselmann. Verskoon tog dat ek so laat bel.”

Sy lag. “Jy hoef nie verskoning te maak nie, kaptein. Ek's 'n regte ou nagwolf. Jy kon my middernag ook gebel het.”

“Ek wil jou iets oor Vermooten vra.”

“Ek het aangeneem dit gaan oor hom. Vra maar, dalk kan ek help.”

“Het hy baie van rolprente gehou?”

“O ja, vrééslik baie. Nie dat ons gereeld na teaters toe is nie, maar hy het byna elke aand op ’n videomasjien ’n fliék gekyk. Hy’t ’n magdom rolprente op VHS-bande gehad.”

“Was *Bonnie and Clyde* onder hulle?”

“Ja, noudat jy dit noem, ek onthou goed dit was een van sy gunsteling. Hy het dit meer as een keer gekyk.”

“En *Ran*?”

“Bedoel jy Ayn Rand, die skrywer? Nie geweet daar’s ’n rolprent oor haar gemaak nie.”

“Nee, net *Ran*.” Kassie spel dit vir haar.

“Jinne, nee, dit lui nie ’n klokkie nie.”

“Dis ’n Frans-Japannese film.”

“Ek onthou hy het baie van Franse films gehou – met onderskrifte. Dit kan wel wees dat hy dit gehad het.”

“Enige ander fliëks waarvan hy baie gehou het?”

“Sjoe, dit ... was lank terug. Nie wat ek nou dadelik kan herroep nie.”

“Dink asseblief mooi. Dis belangrik.”

Sy sug. “Ek weet nie of ek jou sal kan help nie. My brein het nou behoorlik gevries.”

“Bel my asseblief terug as iets jou byval.”

“Ek maak so, kaptein.”

“Shit,” sê Kassie toe hy aflui. Hy sit sy foon op die lessenaar neer en besluit om koffie te gaan maak.

Op pad kombuis toe hoor hy hoe dit begin lui. Hy hardloop terug en raap dit op.

Zilla.

“Dit val my nou nét by, kaptein! Een van sy gróót gunsteling was *Thelma and Louise*, daai een waarin Geena Davis en Susan Sarandon gespeel het. Ek onthou hy’t dit tot vervelens toe gekyk. Altyd gesê Sarandon is die beste aktrise in Hollywood.”

Sylvia beskou die paar uitrustings in haar kas. Volgens die weerkantoor gaan dit 'n sonnige dag wees. Gistermiddag ná die polisie se besoek om 'n nuwe identikit saam te stel, het sy haar ouers gevra om saam met haar na die Groenpunt-woonstel te kom. Sy moes skoon klere vir haar en Cara kom haal.

Haar ouers dring daarop aan dat sy en Cara minstens nog 'n week op Malmesbury bly, wat Sylvia pas. Dit maak haar hande los om te doen wat sy van plan is om te doen.

Gisteraand het sy lank oor haar benarde situasie nagedink. Sy't 'n wilsbesluit geneem. Sy gaan haar selfbejammering en selfverwynt eens en vir altyd begrawe. So 'n patetiese houding hoort nie by haar nie. Dis tyd dat sy weer beheer van haar lewe neem. Die afgelope tyd het sy te veel ander mense laat besluit.

Sy haal die liggroen rok uit die kas – die een met die báie lae hals.

* * *

Die nuwe identikit lyk meer soos 'n mens as die vorige robotagtige een, dink Kassie.

Hoewel die struktuur van die kop met die sterk kaak en vierkantige kennebak dieselfde is, het Vermooten nou 'n borselkop en stoppelbaard. Sy oë en neus verskil ook merkbaar van die vorige weergawe. Daar is selfs fyn lagplooitjies langs sy oë – 'n innemende gesig as hy al ooit een gesien het.

Hy oorhandig dit aan Rooi. “Sal jy dit asseblief vir die media stuur? Ek wil gou met die handelstak reël om te kyk of daar 'n Thelma- of Louise-bankrekening opgespoor kan word.”

“Bliksis, Kassie, dit was skerp van jou om Zilla Levenson te bel. Ek sou nooit daaraan gedink het nie.”

“Weet nie of dit iets gaan oplewer nie,” sê hy, maar in sy binneste klou hy krampagtig vas aan die hoop dat daar sulke rekenings bestaan en dat hulle daaruit iets sal leer. Sy opsies om die brigadier tevrede te hou, raak al hoe minder. Volgens haar is die kommissaris ook op hete kole. Die minister

wil glo nou resultate hê, anders sal die kommissaris 'n ander plan moet maak, het sy gesê. Dit beteken dat hy die saak vir 'n ander speurspan sal moet gee.

“En dit wil ons onder geen omstandighede laat gebeur nie, nè?” het sy op haar kenmerkend vasbeslote manier gesê.

Rooi kyk na die identikit. “Dalk moet ek Vermooten se beskrywing weer saam uitstuur?”

“Goeie idee, maak so.”

“Moet ons byvoeg dat hy 'n muntversamelaar is?”

Kassie skud sy skop. “Nee, ek's bang hy kry 'n koerant onder oë. Hy sal dan dalk die afleiding kan maak dat ons weet van die Bonnie-rekening. Beter dat hy onbewus daarvan bly.”

Rooi knik, maar hy huiwer nog voor Kassie se lessenaar. Dis duidelik hy't iets op die hart.

“Kassie, ek wou ... nog vir jou sê. Dis dalk beter dat ... jy weet.”

“Wat?”

“Maandag toe ons in Langstraat gestop het, het ek jou vriendin gesien toe ek uit die kar klim. Sy ... wel, sy het saam met so 'n aantreklike ou gestap. So effens voorgekom asof hulle van mekaar hou. Ek het net gedink ... as 'n vriend ... dat ek dit tog vir jou moet noem.”

Kassie haal sy skouers ongeërg op. “Ek waardeer dit, maar dit pla my nie. Amalia het baie ander manskinder.”

“Beteken dit jy het tou opgegooi?”

“Nee, ek het maar net intussen tot ander insigte gekom. Sy's nie regtig my soort girl nie.”

Kassie is tevrede dat hy Rooi se blik heeltyd gehou het. Anders het sy ingeboude leuenverklapper weer afgegaan.

Rooi stap na sy lessenaar. “Daar's in any case baie ander visse in die dam. Jy sal wel nog die regte een uittrek.”

“Jy's reg,” sê Kassie en tel die gehoorbuis op om die handelstak te bel. Hy het geen begeerte om 'n donnerse ander vis uit te trek nie.

* * *

Die konstante onrustigheid in sy gemoed maak dat hy heeltyd die pistool saamdra – al besoek hy net die badkamer.

Hy het nog altyd die selfvertroue gehad om te weet hy kan die gereg uitoorlê, maar nou voel dit of hy in 'n hoek vasgekeer is. Die skok om

amper op heterdaad in Sylvia se woonstel betrap te word, het nou eers ten volle ingeskop.

Hy sidder as hy daaraan dink.

Was dit nie vir die taxi wat op daardie oomblik in die straat afgery het nie, het hulle hom gehad.

Hy weet hoe oordrewe dit is om die skietding permanent by hom te hê in 'n plek waar sy veiligheid gewaarborg is, maar het hom voorgeneem om niks aan die noodlot oor te laat nie.

Hy moet te alle tye gereed en bedag wees.

* * *

Die brigadier storm by Kassie en Rooi se kantoor in.

“Julle sal my nie glo nie! Pas van die kommissaris verneem dat Vleis Restrepo en sy hele gesin spoorloos verdwyn het. Hy was veronderstel om soggens agtuur by sy naaste polisiestasie aan te meld, soos ek ook moes toe Teeninligting my onder huisarres geplaas het.

“ ’n Konstabel het toe by sy huis gaan ondersoek instel. Volgens hom het die gesin als net so gelos. Lyk nie of daar eens ingepak is nie. Selfs Restrepo en sy vrou se karre staan nog in die motorhuis. Volgens sy bure was daar die afgelope paar aande ’n wag voor sy huis, maar dié is ook nou skoonveld.”

“Die bliksem sal nie ver kom nie,” sê Rooi.

Die brigadier knik. “Maar weet jy hoe desperaat iemand moet wees om al sy aardse besittings net so te los!”

“Is Mukkadem darem nog by sy huis?” vra Kassie.

“Nee, hy bly by ’n familielid. Glo om praktiese redes – omdat die stasie waar hy moet aanmeld net om die draai van hulle huis is.”

Sy glimlag. “Maar van Mukkadem gepraat. Kaptein Callie van As van die Spookeenheid in Joburg het my vroeër gebel. Die nuus oor Mukkadem-hulle het daar uitgekom. Van As sê hy kon nie verstaan hoekom Mukkadem hom gevra het om al die Vermooten-dossiere vir hom te faks nie. Hy het dit bevraagteken, gesê die Spookeenheid in die Kaap ondersoek die saak mos. Mukkadem het met ’n bullshit-storie gekom dat Misdaadintelligensie hulle eie analise van misdaadpatrone doen. Hy het Van As die dood voor oë gesweer as hy dit aan ons noem. Glo gesê Misdaadintelligensie wil nie die indruk skep dat hulle in ons besigheid inmeng nie.”

“Skelm bliksem!” roep Kassie uit.

“Het Teeninligting al op daai gangster partner van Mukkadem-hulle toegeslaan?” vra Rooi.

“Nee, dié is volgens sy onderdane glo iewers in ’n buurland. As jy my vra, gaan hulle hom nooit opspoor nie. Kry hulle hom wel, sal dit ook maar bleddie moeilik gaan om hom by die komplot te betrek. Soos julle weet, maak sommige bendebase se invloed en geld hulle onaantasbaar.”

Sy gaan sit op die rand van Kassie se lessenaar. “Maar kom ons praat oor belangriker dinge. Wat sê die handelstak?”

“Hulle sal al die stops uittrek. Ons sal binne ’n dag of twee weet of die name Thelma en Louise iets oplewer.”

“En as dit nié, Kassie?”

“Dan vestig ons ons hoop op Vermooten se nuwe identikit wat môre in die media verskyn.”

Sy staan op en stap deur toe. “Mooi, solank al die wiele aan die rol bly, is ek gelukkig en kan ek die kommissaris kalm hou.”

“Dis die enigste wiele wat ons het,” mompel Kassie toe sy die deur agter haar toegetrek het. “As hulle pap is, is daar nie eens ’n bleddie spaarwiel om op terug te val nie.”

“Só het ’n hele dag gekom en gegaan en Vermooten se identikit het wéér ’n bleddie muis gebaar,” sug Rooi toe hy Vrydagoggend by die werk aankom.

Kassie knik. “Maar dis darem bemoedigend om te weet hierdie een is baie meer lewensgetrou. Dalk moet ons net geduldig wees.”

Hulle het gister, kort ná die verskyning van die oggendkoerante, ’n paar telefoonoproepe ontvang – almal van mense in Groenpunt wat Vermooten aan sy identikit herken het. Die bestuurder van die Kwikspar, ’n kelnerin by die restaurant Mario’s, ’n werknemer by ’n kafee en twee inwoners van die woonstelblok waar Vermooten gebly het, het gesê hulle herken hom. Dit was die goeie nuus. Die slegte nuus was dat nie een hom ná Saterdagand gewaar het nie.

“Ek sal vandag ons mediakantoor bel om te hoor of hulle daai identikit wyd op die sosiale media kan versprei, en om die TV-nuuskanale te versoek om dit te –”

Rooi word onderbreek deur die skril gelui van Kassie se telefoon.

Kassie antwoord. Hy sluk toe hy hoor dis Terblanche van die handelstak.

“Kaptein, ek het vir jou móérse goeie nuus!”

“Dis wat ek vandag nodig het! Vertel!”

“Ons het ’n Thelma-bankrekening opgespoor. Beslote korporasie. En jy sal nie raai wie die eienaars is nie?”

“Wie?”

“J.J. Boonzaier en M.W. Pretorius, twee van die name wat hy by onderskeidelik die Bonnie- en Ran-rekenings ingespan het.”

Kassie is effe teleurgesteld. “Ek hoop nie dis ál wat jy vir my het nie?”

Terblanche lag. “Darein nie, die nuus is véél beter. Op die Thelma-bankrekening gaan ’n maandelikse debietorder vir die Kaapse munisipaliteit af. Ons het met behulp van die verwysingsnommer by die munisipaliteit navraag gedoen. Dis vir die erfbelasting, water en krag van ’n huis in Observatory, wat in die name Boonzaier en Pretorius geregistreer is.”

Sylvia was die hele Woensdag in die stad. Vir haar ouers gesê sy het 'n paar dinge om af te handel, wat sy nie gedoen gaan kry wanneer sy weer by Ashfin inval nie.

Dit het haar in staat gestel om rond te bel, subtiel navraag te doen by van haar kontakte en 'n woonadres te kry. Sy het ook kans gehad om vanoggend al vroeg voor die huis te parkeer en dit rustig te bespied. Dit het vrugte afgewerp. Sy het gesien wat sy wou.

Terwyl sy die besigheidskaartjie tussen haar vingers rol, aarsel sy 'n oomblik. Doen sy die regte ding?

Die werklikheid van haar situasie laat die vertwyfeling gou verdwyn. Sy het nie 'n keuse nie.

Sy neem haar selfoon en voeg die naam op haar kontaklys.

Sy haal diep asem voor sy die nommer skakel.

* * *

Kassie en Rooi is drieuur terug by die kantoor ná 'n verkennende besoek aan Observatory. Hulle het verby die huis gery om hulle van die omgewing te vergewis. Die huis is in 'n doodloopstraat en grens aan 'n klein parkie.

Met die vinnige verbyry kon hulle sien dis 'n piepklein huisie, die erf kwaai verwaarloos en oortrek met kniehoogte gras en onkruid. 'n Heuphoogte steenmuur omring die plek, maar aan die parkie se kant is 'n hoër Vibracrete-muur.

Die plek lyk verlate, gordyne dig toegetrek en die vensters beveilig met stewige diefwering. Op die oog af geen teken van lewe nie.

Kassie het die drang onderdruk om by die bure navraag te doen. "Beter dat ons nie slapende honde wakker maak nie," het hy gesê.

"Bliksis, dit lyk in elk geval nie of daar 'n siel is nie," het Rooi teleurgesteld opgemerk.

"Dit kan ons nie aanneem voor ons ondersoek ingestel het nie. Onthou, Vermooten sal beslis nie adverteer hy's daar nie."

Terug by die kantoor keer Lettie hulle in die ingangsportaal voor.

"Julle kan direk na die brig se kantoor gaan. 'n Uniform van die Middestad-polisie is al by haar."

Toe hulle die kantoor binnestap, is die brigadier en adjudant Reynders, met wie Kassie-hulle al in die verlede saamgewerk het, besig om na haar rekenaarskerm te kyk.

“Kom staan nader, manne. Ons besigtig die plek nou net op Google Maps. Nogal afgesonder, wat julle taak dalk makliker kan maak,” sê sy.

Kassie en Rooi skud hand met Reynders en kyk op die skerm. Die huis verskil nie van wat hulle gesien het nie. Toe Google Maps die plek afgeneem het, was dit reeds verwaarloos.

Kassie gee hulle ’n kort opsomming van sy indrukke.

“Lyk nie vir ons of daar iemand is nie,” sê Rooi.

“Wel, dit sal julle vanaand uitvind,” sê die brigadier. Sy beduie na Reynders. “Die adjudant sê hy sal julle met vyf konstabels en twee voertuie kan ondersteun. Ons moet nou net ’n plan van aksie opstel om te bepaal waar hulle ontplooi moet word. Dié keer moet ons seker maak die wetter ontsnap nie.”

“Het brigadier al die lasbrief vir die deursoeking van die huis gekry?” vra Kassie.

“Dis op pad.” Haar aandag is gou weer op die rekenaarskerm gevestig. “Het jy voorstelle, Kassie?”

Kassie beduie na die aangrensende parkie. “Ons sal minstens twee manne agter die Vibracrete-muur in die park moet ontplooi. Dis die mees voor die hand liggende ontsnappingsroete. Dan sal twee manne in die straat agter die huis moet waak. Hy kan maklik oor die muurtjie na sy agterste buurman se erf oorklim en só probeer wegkom. Die oorblywende konstabel kan dan saam met adjudant Reynders die voorkant dek. Ek en Rooi sal die huis binnegaan.”

“Hoe kom julle in?” vra die brigadier. “Julle gaan tog sekerlik nie klop nie?”

“Sal die deur so vinnig moontlik moet oopbreek,” sê Kassie. Hy kyk na Reynders. “Bring vanaand ’n byl saam. Ons wil nie tyd mors met stelle lopers nie.”

“As ons daar aankom, sal ons die laaste gedeelte van die straat na sy huis toe moet afsper. Mens wil nie verkeer daar hê nie,” sê Reynders.

“Goeie voorstel,” sê die brigadier.

“Hoe laat kry ons mekaar?” vra Reynders vir Kassie.

“Teen ongeveer agtuur behoort dit donker genoeg te wees. Ek en Rooi kry julle kwart oor sewe by julle stasie. Dan ry ons van daar af. Ek hoop julle het ongemerkte karre?”

Reynders glimlag. “Die enigste twee beskikbares is klaar geboek.”

“Onthou om julle koeëlvaste baadjies te dra. Mens weet nie of hy gewapen is nie,” maan die brigadier.

Kassie knik. “Sal so maak. Kom ons hoop net hy’s daar.”

Die stilte en donkerte vang hom. Hy is bly dis Vrydag.

Môre kan hy aanbeweeg. Dan is hy al 'n week hier. Hy sal sy stoppelbaard afskeer, die bril met die getinte lense dra wat hy hier aanhou, en die wolmus laag oor sy kop trek.

Hy sal 'n taxi neem sodat hy by sy kontak se chop shop kan uitkom. Dié sal 'n geskikte kar hê. Hy het gewoonlik 'n wye verskeidenheid gesteelde voertuie wat onnaspeurbaar is. Met 'n nuwe ryding kan hy vinnig wegkom. Hy het afgesien van sy planne om in Gordonsbaai 'n plek te soek. Hy's uitgebak in die Wes-Kaap. Gaan veiliger wees om direk Durban toe te verkas.

Hy staan van die bed af op, neem sy pistool en stap kombuis toe. Hy is so moeg vir blikkieskos dat hy iets kan oorkom.

In die kombuis maak hy die klein yskassie se deur op 'n skrefie oop sodat net genoeg lig deursyfer vir hom om op sy horlosie te kan sien hoe laat dit is.

Vier minute oor agt. Hy sug. Dit gaan weer eens 'n lánng aand wees om om te kry, want hy het vanmiddag geslaap. Hy weet nie hoekom hy dit aan homself doen nie.

Dan verstar hy.

Ademloos luister hy na naderende voetstappe op die voorstoepie se klipteëls.

* * *

Met twee magtige swaaie van die byl spat die voordeur aan skerwe. Reynders, byl in die hand, staan terug sodat Kassie en Rooi kan ingaan.

“Ek wag op die stoep!” skree hy agterna.

Met hulle Berettas voor hulle uitgehou, storm hulle in. Kassie voel dadelik vir die ligskakelaar langs die deur. 'n Dowwe dakliggie verlig 'n klein sitkamer – twee geroeste tuinstoele die enigste meubels.

'n Doodse stilte heers in die huis. Die plek ruik bedompig en muf. Hier is lanklaas ruite oopgemaak. Kassie se moed sak in sy skoene. Vermooten is

nie hier nie.

Hy loer behoedsaam in by die deur wat na die res van die huis lei. Hy voel-voel vir 'n ligskakelaar en sit dit aan. 'n Kort gang word verlig. Drie deure is sigbaar. Slaapkamer, badkamer en kombuis, neem hy aan.

Hy beduie dat hy links af in die gang sal gaan en Rooi moet regs af beweeg.

Kassie hou die Beretta voor hom uit toe hy die badkamerdeur, wat halfpad toe is, oopskop. Die skynsel van die ganglig belig 'n storthokkie. Niemand in die vertrek nie.

Dan hoor hy 'n geluid agter hom. Iets val kletterend op 'n teëlvloer. Hy swaai om, maar daar is niemand in die gang nie.

“Rooi!” roep hy.

Stadig verskyn Rooi in die deur, asvaal, sy oë wydgesper. Daar is 'n arm om sy bors geklem en 'n hand wat 'n pistool teen sy slaap vasdruk.

Die man agter hom kom ook te voorskyn. Onmiskienbaar Vermooten – lank, breedgeskouerd en met 'n borselkop en stoppelbaard. Hy troon bo Rooi uit.

Sy gesig is uitdrukkingloos toe hy praat: “Laat val jou pistool.”

Kassie buk en sit die pistool voor hom neer.

“Skop dit in die badkamer in en trek die deur toe,” kom nog 'n bevel. Kassie gehoorsaam.

“Beveel die man op die stoep om net daar te bly. Waag iemand anders dit in die huis, dan trek ek die sneller,” dreig hy, hoewel hy nie sy stem verhef nie.

“Bly net daar, Reynders!” skree Kassie. “Ons het 'n ... 'n situasie ... hier.”

“Reg, kaptein, ek maak so!” antwoord Reynders van die stoep af, met paniek wat in sy stem deurslaan.

Kassie kyk na Vermooten. “Die huis is omsingel. Jy gaan nie jou pad kan oopskiet nie. Die polisielede buite se opdrag is om te skiet as hulle jou sien. Ons kan 'n grootskaalse bloedbad vermy as jy jou oorgee.”

Vermooten aarsel 'n oomblik. “Ek is nie van plan om dit te doen nie.” Sy blik deurboor Kassie.

Die situasie is nou op 'n mespunt gebalanseer, besef Kassie. Dit kan enige kant toe swaai. As die vent Rooi heeldyd gyselaar hou, sal niemand dit kan waag om te skiet nie. Hy kan aandrang op 'n kar om mee weg te kom, met Rooi as sy bestuurder. Dan is hulle totaal en al gefok.

Sy kop werk oortyd. Hy móét Vermooten se aandag op 'n manier aflei.

Woorde uit sy ma se dagboeke kom by hom op: *Elke keer as ek hom konfronteer oor sy vals aansprake, is dit asof hy in 'n beswyming gaan. Sy liggaam het gebewe en hy het onsamehangend begin stotter. Daar was 'n doodsheid in sy oë. Dit het komplete gelyk of hy 'n aanval van 'n aard kry. Hy het weerloos voorgekom.*

Sal hy dit waag?

Vermooten se lippe beweeg om iets te sê, maar Kassie spring hom voor. “Ek het jou ma se dagboeke gelees,” sê hy.

Vermooten frons. “Dagboeke?”

“Ons het dit in die stoor in Milnerton in 'n boks gekry. Klink nie of jy geweet het dis wat dit is nie.”

Vermooten sê niks, staar net met geskreefde oë na hom.

“Jou ma skryf daarin jy het 'n goeie hart. Jy het altyd opgekom vir die kleiner kinders. Selfs baklei om hulle teen die boelies te beskerm.”

Daar is 'n effense flikkering in Vermooten se oë, maar sy gesig bly emosieloos.

“Jou ma het jou ontsettend liefgehad.”

Hy lek oor sy lippe. “Dis 'n leuen.”

“Hoekom sal sy in haar dagboekinskrywings jok? Sy't hulle nooit vir iemand anders gewys nie. Dit is bloot persoonlike herinneringe wat sy neergepen het. Sy het herhaaldelik geskryf hoe lief sy vir jou is en hoe sy jou hart probeer wen. Dit het haar baie seergemaak dat jy haar verstoot het.”

“Sy't verdien om verstoot te word.” Sy stem is skor.

Kassie skud sy kop. “Jou verbeelding het met jou op loop gegaan, wat veroorsaak het dat jy talle situasies verkeerd geïnterpreteer het.”

“Soos wát?” Sy stem styg.

“Onthou jy toe die loodgieter by julle huis was om die kraan in jou ouers se badkamer reg te maak?”

Hy staar fronsend na Kassie.

“Ná die tyd het jy haar daarvan beskuldig dat sy en die loodgieter seks gehad het. Sy en jou pa het die aantyging amusant gevind. Wat werklik gebeur het, was dat sy haar wou doodgiggel omdat die loodgieter so gesteun het terwyl hy met die kraan sukkel. As jy mooi terugdink, sal jy onthou dat jy hulle nooit in die slaapkamer iets sien doen het nie. As jong seun het jy bloot die verkeerde gevolgtrekking gemaak na aanleiding van die geluide wat jy gehoor het. Sulke dinge gebeur.”

'n Spiertjie spring in Vermooten se wang. Die pistool se loop is minstens nie meer teenaan Rooi se kop nie, nou 'n entjie weg, maar wys nog soontoe, sy vinger om die sneller gekrul.

“Jy het jou ma daarvan beskuldig dat sy nooit 'n kind wou hê nie, dat sy niks vir jou voel nie en jy 'n onwelkome indringer in haar lewe is. Jy het dit gebaseer op 'n gesprek tussen jou ouers wat jy afgeluister het. Maar hulle het gepraat oor een van jou ma se vriendinne wat haar kind gruwelik afgeskeep het.”

Vermooten se stem raak yskoud. “Wat van die bakker en die man wat haar hand by die koffieplek vasgehou het?” Hy verstel sy greep op die pistool.

Kassie het nie die vaagste benul waarvan hy praat nie, maar besluit om voort te gaan, want hy hét nou Vermooten se volle aandag.

“Jou ma skryf swaar donderweer het jou altyd hewig ontstel. Sy het die indruk gekry dit het jou vreesbevange laat raak. Jy het een aand tydens 'n storm na jou ouers se kamer gehardloop en aan haar kant van die bed ingeklim. Sy het jou bewende lyfie styf teen haar vasgedruk. Jy het jou losgewikkel en uit die bed geval, jou kop nog teen die bedkassie gekap. Sy wou jou weer op die bed help, maar het gesien hoe jy verskrik agteruit probeer wegkom toe 'n weerligstraal die kamer verlig.”

'n Uitgerekte kreun diep uit Vermooten se maag laat Kassie se nekhare rys. Rooi se gesig wys dat hy sy gat af geskrik het. Vermooten gluur Kassie aan, tande ontbloom soos 'n roofdier wat sy prooi wil verslind.

Kassie se kopvel kriewel. Hy probeer die plofbare situasie verlig deur 'n laggie te gee en kalm verder te praat: “Dis normaal om skrikkerig te wees vir swaar weer as jy klein is. Ek onthou hoe ek geskrik het toe my ma een nag in my kamer kom tydens 'n donderstorm. 'n Blitz het toe ook die kamer verlig. Sy het vir my op daardie oomblik soos 'n vampier gelyk. Ek het aan die skreeu gegaan,” lieg Kassie. “In daardie onnatuurlike lig lyk dinge mos baie meer onheilspellend as wat dit werklik is.”

Die aggressiewe uitdrukking het Vermooten se gesig verlaat. Daar is nou 'n vaagheid in sy oë. Sy ma het gepraat van 'n doodsheid.

Die pistool in sy hand dobber liggies.

Kassie besef hy moet voortgaan hiermee. Die vent is besig om te crack. Hy dink naorstig wat Vermooten se ma nog geskryf het.

“Sy sê jy was 'n uitsonderlik goeie sportman. Sy was ontsettend trots op jou. Sy het in detail geskryf hoe jy jou eerste sokkerdoel as tjokkertjie

aangeteken het. As ek reg onthou, het sy geskryf jy het 'n hele paar seuns gepypkan met die bal voor jou voete, en toe het jy dit oor die doelwagter se grypende hande sekuur in die doelhok geskop. Sy het van blydschap op en af gespring en jou naam uitgeroep. Ná die tyd het jy gesê sy't gelieg, sy het dit nie gesien nie. Maar jy moes jou verbeel het. Iemand wat nie gekyk het nie, sou jou doel nooit in sulke fyn besonderhede kon weergee nie."

Vermooten se gesig is skielik weer verwring. Hy lek oor sy lippe en sy onderkaak bewe liggies.

"Sy het jou ook nooit geklap omdat jy haar 'n leuenaar genoem het nie. En jy het nooit jou oogbank oopgeval soos jy beweer het nie. Toe jou pa 'n week later by die huis kom, was daar geen litteken sigbaar nie. Ek dink jy wou maar net by hom simpatie wek. Dis normaal dat kinders so optree."

'n Ysingwekkende kreet kom uit Vermooten se keel. "Dis leuens ... dis als leuens!" Daar is skuim by sy mondhoëke.

Kassie besluit om aan te hou. "En dan was daar die keer toe jy by jou ma se teepartytjie –"

"Bly fokken stil!" gil Vermooten. "Ek het genoeg gehoor!"

Die arm om Rooi se lyf het verslap. Hy laat los die gespe van Rooi se koeëlvaste baadjie wat hy nog die hele tyd vasgeklou het. Die pistool dobber wild in sy hand rond, die loop nou op die plafon gerig.

Kassie en Rooi se oë ontmoet.

"Go!" skree Kassie.

Rooi reageer dadelik. Hy ruk los uit Vermooten se greep en gryp met albei hande sy pols vas, beur die hand boontoe. 'n Skoot gaan donderend af en laat Kassie se ore suis. Stof dwarrel uit die gat in die plafon. Dit lyk of Vermooten die oorhand gaan kry, want die pistool se loop begin stadig terug in Rooi se rigting sak. Dié blaas soos hy Vermooten se hand in die lug probeer hou.

Kassie besef daar is nie tyd om sy eie pistool in die badkamer te gaan soek nie. Hy hardloop voluit en wurm hom agter die stoeiende Vermooten in. Hy kry hom met die arm om die keel beet en druk so hard as wat hy kan.

Vermooten probeer Kassie hygend van hom afskud, maar hy klou vir die vale, wat die groot man se aandag verdeel. Toe Vermooten se vinger van die sneller af kom, kap Rooi sy kneukels hard teen die deurkosyn. Die pistool tuimel uit sy hand en land kletterend op die blokkiesvloer.

Rooi duik daarvoor, gryp dit en rig dit op Vermooten wat steeds sukkel om Kassie se arm van sy nek los te kry.

“Op jou maag op die vloer, jou hande voor jou uitgestrek!” beveel Rooi blasend.

Op daardie oomblik bars Reynders en nog ’n uniform in die gang in, pistole op Vermooten gerig.

Kassie los Vermooten en dié sak af op sy hurke.

Rou snikke ontsnap uit sy keel terwyl hy koponderstebo in ’n patetiese bondeltjie bly sit. Skielik lyk die bliksem heeltemal weerloos, dink Kassie.

Op sy bevel gaan lê Vermooten op die vloer en Reynders boei sy hande agter sy rug. Sy liggaam ruk onbeheers en dit klink of hy huil.

Reynders en die konstabel kry hom met groot moeite op sy voete.

Sy oë staan wild in hulle kasse en daar is traanstrepe oor sy wange, maar sy gesig is sonder die rou emosie van vroeër.

“Dis leuens, dis als leuens ... leuens ... leuens ...” prewel hy.

Rooi vee die sweet van sy voorkop af. “Wat nié leuens is nie, is dat jy ’n hele klomp onskuldige vroue wreedaardig vermoor het. Dit is ongelukkig onweerlegbare feite, fokker. En daarvoor gaan jy lewenslank sit.”

Vermooten ignoreer hom, stamel net iets onhoorbaars.

Dan stap hy koponderstebo voor hulle uit na buite.

Toe hulle op die voorstoep kom, is daar ’n rammeling in die verte.

Sylvia lê op die bed. Dit het begin reën, sien sy toe sy venster se kant toe kyk.

Maar ten spyte daarvan en die feit dat dit al negeuur is, kleef die hitte van die dag nog aan haar lyf, die beddegoed en die kamer. Sy het nie krag om op te staan om die lugversorger aan te sit nie.

Sy't eintlik krag vir niks nie. Dis asof hierdie ding al haar energie getap het, haar van alle emosie gestroop het.

Selfs die deeglike voorafbeplanning kon haar nie opbeur soos in die verlede nie. Sy het dit meganies uitgevoer – Woensdag se gesprek met hom in die hyser, die oproepe om meer oor hom te wete te kom, hoe sy hom dopgehou het toe hy sy vrou liefdevol soen op die voorstoep van hulle mansion in Rondebosch, die foongesprek met hom vanoggend.

Die resultaat daarvan so voorspelbaar.

Sy hoor hoe die storkraan toegedraai word, kyk op toe hy uit die badkamer kom. Sy hare hang in slierte oor sy voorkop. Waterstraaltjies loop nog oor die kontoere van sy vet, bleekwit pens. Sy bene lyk komieklik dun om só 'n lywige torso te ondersteun.

Hy leun oor die bed, nekhamme wat liggies dril, en vryf met 'n nat klou oor haar regterbors.

“Tyd vir my om te gaan, my skat.” 'n Waterdruppel val op haar wang.

“Wanneer sien ons mekaar weer?” vra sy. Sy forseer 'n glimlag.

Hy lag. “As dit van my afhang, elke dag.”

Hy loop na die houpie klere wat hy langs die stoel laat val het, buk en haal 'n dagboekie uit sy baadjiesak. Hy blaai daardeur. “Hmm ... laat ons sien. Aha, Woensdagaand. Dis my vrou se maandelikse brugaand by een van haar vriendinne. Altyd dan maklik om vir 'n paar uur weg te glip.”

Sy knik. “Kry ek jou weer hier by die hotel?”

Hy skud sy kop, glimlag skalks. “Kom ons kry mekaar eerder by my huis in Clifton?”

Sy maak of sy verbaas is. “Nie geweet jy het daar ook 'n plekkie nie!”

“Nie 'n plekkie nie, my skat, 'n plék. Séwe slaapkamers.”

* * *

“Dit moet die eerste keer in die SAPD se geskiedenis wees dat ’n speurder ’n reeksmoordenaar met woorde ontwapen,” lag Rooi toe hulle in die brigadier se kantoor gaan sit.

Toe Kassie vroeër vanaand bel om haar die nuus oor Vermooten mee te deel, het sy daarop aangedring dat hulle haar by die kantoor kry. “Al is dit hóé laat, moet ek julle sien. Ek is hopeloos te nuuskierig om te wag tot Maandag voor die amptelike nuuskonferensie.”

Rooi kan nie uitgepraat raak nie. “Dit was die slimste move van die eeu, brigadier. Ek het aanvanklik geskrik toe Kassie so uit die bloute oor die dagboeke begin praat. Met die pistool teen my kop, was ek bang die donner strip sy moer vir hom en trek die sneller.”

“Sorry, Rooi, maar ek het ’n berekende kans gewaag. Ons situasie het in elk geval hopeloos gelyk,” sê Kassie. “Sy ma se verwysing daarna in haar dagboekinskrywing dat hy abnormaal optree as sy hom oor sy vals aansprake konfronteer, het die idee by my getrigger.”

Rooi glimlag breed. “Goeie dinkwerk en ’n berekende kans wat afgekom het. Dis duidelik hy het nooit sy ma se dagboeke gelees nie. Toe jy die voorvalle uit sy jeugjare so begin uitryg, moes dit hom vir die eerste keer in sy volwasse lewe anders aan die dink gesit het. Dalk het hy toe eers besef dat hy die situasies in sy jeug verkeerd geïnterpreteer het, of dalk was hy verbaas om te hoor sy ma lieg tot in haar dagboekinskrywings, soos hy ná die tyd nogal geprewel het.”

Die brigadier frons. “Ek dink dis beslis eersgenoemde. Die waarheid het hom so ontstel dat hy skoon sy fokus verloor het om jou as gyselaar nog stewig vas te hou.” Sy skud haar kop. “Wil julle vir my sê as hy net ná sy ma se dood daardie dagboeke gelees het, het hy hom dalk nooit tot reeksmoorde gewend nie?”

Kassie haal sy skouers op. “Dit weet ’n mens nie, maar dat my vertellings hom van die begin af gerattle het, was duidelik. Dis toe dat ek besef het ek moet daarmee aanhou.”

“Hoe het dit gebeur dat hy jou oorrompel het, Rooi?” vra die brigadier.

“Ek het by die kombuis ingestap. Dit was pikdonker en ek het teen die muur af beweeg om te voel vir die ligskakelaar. Hy’t my van agter af gegryp, my Beretta uit my hand geforseer. Hy is so sterk soos ’n flippen bees. Ek kon my nie roer nie.”

“Dank Vader als het goed uitgewerk,” sê sy en vryf haar hande teen mekaar. “Ons moet nou ’n kort uitreiking saamstel om vanaand nog vir die media te stuur. Ons kan daarin sê ons sal meer besonderhede op Maandag se nuuskonferensie verskaf.”

“Weet die kommissaris al?” vra Kassie.

“Natuurlik, ek het hom dadelik ingelig toe ek die nuus van julle kry. Die ou man was verheug. Hy het vroeër vandag ’n direkte opdrag van die nasionale kommissaris gekry om ’n nuwe speurspan aan te wys. Hy het geen ander keuse gehad nie – hy kon julle nog nét die naweek kans gee om ’n deurbraak te maak.”

Saliger kan geen Saterdag wees nie, dink Kassie terwyl hy in die studeerkamer voor sy lessenaar inskuif.

Tyd om te kyk wat gaan aan op sy Facebook-blad en dan die seëls te katalogiseer wat hy twee maande gelede op 'n bankrotveiling gekoop het.

Hy teug versigtig uit die beker stomende koffie, sy gedagtes onwillekeurig terug by Vermooten.

Dit was 'n bleddie vermoeiende saak. Veral omdat hy tussendeur nog die brigadier se eer ook moes red. Om te multi-task was nog nooit een van sy sterk punte nie.

Die deurbrake het boonop drupsgewys gekom. Was dit nie vir die kroegman op Langebaan nie, het hulle nooit geweet Vermooten is 'n muntversamelaar nie. En het Vermooten nie daardie ZAR-munt by Jacobs se veiling gekoop nie, sou hulle onbewus gebly het van die Bonnie-bankrekening, wat hom laat dink het om Zilla oor Vermooten se fliksmaak uit te vra.

Die Thelma-bankrekening was toe die finale spyker in sy doodskis. Soms het 'n mens sulke klein gelukkies in die lewe nodig om 'n saak op te los. Geduld bly maar die sleutel tot speursukses, het hy weer eens besef.

Kassie sit sy skootrekenaar aan en neem nog 'n sluk koffie.

Toe 'n foon begin lui, voel hy outomaties in sy sweetpaktop se sak, maar besef dan sy selfoon laai in die slaapkamer. Dis die landlyn se gekerm.

Kassie weet nie of hy moet optel nie. Kan net 'n orige joernalis wees wat bel in verband met gisteraand se kort nuusuitreiking. Wil natuurlik meer uitvind.

Maar dit kan ook die versorgingsoord wees met nuus oor sy ma.

Hy raap die gehoorbuis op.

“Bly om te hoor jy’s by die huis, want jy antwoord nie jou selfoon nie.”

Sy hart bokspring. Amalia!

“Ek ... het lanklaas van jou ... gehoor,” sê hy.

“Vergewe my tog, Kassie, maar ek was nog nooit in my lewe só oorval deur besoekers nie. Net ná my niggie weg is, het my suster en haar man van die Karoo af ongenooïd hier by my kom afpak. Hulle is eers vanoggend

vort. Met Anrich wat die leisels nou so mooi vasvat daar op die plaas, het hulle besluit om 'n kort vakansiebreek in die Kaap te neem. En die twee het my omtrént besig gehou.”

“Ek ... het jou onlangs in Langstraat sien stap. Saam met 'n ... man. Lang, aantreklike kêrel. Julle het saam by 'n restaurant ingegaan.”

Sy lag. “O, dis Nic.”

“Nic?”

“Nic, my swaer. My suster het daar vir ons gewag. Sy't haar hare laat doen en toe vra Nic dat ek vir hom die interessante winkeltjies in Langstraat moet wys om die tyd om te kry.”

Kassie gee 'n verleë laggie. “Ek het gedink dis 'n kêrel.”

“Jy's seker laf!”

Dis uit voor hy dit kan keer: “Wat ... doen jy vanaand?”

“Oe, ek is só bly jy vra. Absoluut niks. Wil jy oorkom?”

“Nee ... ek het gedink dit sal lekker wees om jou uit te neem vir ete.”

“Wonderlik! Het jy 'n restaurant in gedagte?”

“Ja, maar ek hou dit vir 'n verrassing.”

“Ek is mál oor verrassings!”

Toe Kassie aflui, hardloop hy kombuis toe en maak vervaard die vullisdrom oop. Hy swets toe hy onthou hy't die vullis al gister uitgesit. Hy staan vir 'n oomblik besluiteloos voor hy kamer toe hardloop.

Hy raap die selfoon langs sy bed op, gaan op die kontaklys in en bel.

Rooi antwoord ná 'n paar luie.

Kassie groet vinnig. “Rooi, ek't die lysie van die restaurante wat Torretjie aanbeveel het ongelukkig iewers verlê. Kan jy haar vra watter een van daai lot sy dink die beste is?”

“Bliksis, maar jy klink skoon uitasem! Het jy gaan draf?”

“Rooi, ek het nie nou tyd om met jou te hanna-hanna nie. Gaan vra haar net asseblief!”

Terwyl hy wag, wonder hy hoe vinnig 'n mens 'n kar kan huur. Daar is geen manier dat hy Amalia met sy skedonk kan gaan optel nie.

Rooi is terug met 'n naam en telefoonnommer. Kassie krabbel dit neer. “Thanks, Rooi.” Hy lui dadelik af, bang sy kollega vra ongemaklike vrae.

Voor hy kan bel om 'n bespreking te maak, lui sy selfoon. Sy moed sak in sy skoene toe hy sien dit is Doempie van die Boeremusiekgilde, alombekend daarvoor dat hy nie gou tot die punt kom nie.

“Hallo, Doempie. Jong, ek is nou ’n bietjie haastig, maar ek bel jou môre eerste ding,” maak hy voorbrand vir ’n blitsgesprek.

“Maar ... maar hoe dan nou, Kassie? Ek sien jou mos vanaand by jou paartie.”

“Mý paartie?”

Doempie lag. “Jy trek nou my been, want jy het beslis nie vergeet dat die gilde vanaand jou goue penning aan jou oorhandig nie! Ek bel eintlik net om te hoor of jy jou toespraak klaar voorberei het. Ek verstaan van die voorsitter dit gaan ’n helse spoggerige affêre wees, hoor! ’n Stadsraadslid van Bellville is ook daar. Hy gaan selfs ’n speech hou. En *TygerBurger* se verslaggewer het laat weet sy kom ook om ’n onderhoud met jou te voer. Volgende week is jy weer in die nuus, ou maat!”

“Fok! Fok! Fok!”

Doempie gee ’n laggie. “Moenie dááror stres nie. Jy’s mos gewoond aan onderhoude met verslaggewers.”

Naskrif

Aan: Lt.genl. Petrus Radeba, Wes-Kaapse polisiekommissaris

Van: Dr. Bertus Erlank, hoof: Wes-Kaapse Psigiatriese Dienste:
Departement van Gesondheid
Geagte generaal

Hierdie skrywe is om u op hoogte te bring van die rede vir my afdeling se dringende aansoek gister by die Kaapse hooggeregshof om die Pieter Vermooten-saak vir minstens nog 'n maand uit te stel. Soos u self weet, sou dit môre 'n aanvang geneem het.

My span het Vermooten die afgelope vyf weke by die psigiatriese geriewe van die Departement Korrektiewe Dienste geëvalueer. Dit het voorgekom asof Vermooten sy volle samewerking gee. Hy het selfs daarop aangedring om sy ma se dagboeke breedvoerig te bespreek. Hy het erken dat sy ma se weergawe van sy jeugjare korrek was, en dat hy as opstandige kind bloot haar houding teenoor hom verkeerd geïnterpreteer het. Hy het egter nie aanvaar dat dit aan 'n sielkundige afwyking te wyte was nie. Ons het die indruk gekry dat hy verkies om die gevolge van sy wandade te dra en nie agter redes wil skuil nie, wat natuurlik prysenswaardig is. Hy het ook opregte berou getoon oor sy wandade van die verlede.

Dr. Carien Wassenaar, een van my assistente, het die afgelope drie weke Vermooten se evaluering alleen hanteer om namens ons afdeling 'n finale verslag vir die hof voor te berei.

Ek moet bieg dat ek 'n oordeelsfout begaan het deur 'n jong vrou vir hierdie taak toe te wys. 'n Kollega het twee dae gelede onder my aandag gebring dat dr. Wassenaar na sy mening smoorverlief is op Vermooten. Hy het inderdaad nóg 'n hart verower.

Ek was hewig ontsteld daaroor en het dr. Wassenaar, 'n aantreklike 30-jarige donkerkop, dadelik na my kantoor ontbied. Sy het toegegee dat sy “gevoelens jeens Vermooten koester”, maar het gesê dat dit hoegenaamd geen invloed op haar evalueringsverslag gehad het nie. Ek het dieselfde

dag nog haar voorlopige verslag gelees en was tevrede dat dit objektief hanteer is.

Gisteroggend het dr. Wassenaar haar laaste sessie met Vermooten in die ondervragingslokaal gehad. 'n Beampte van Korrektiewe Dienste is ook altyd teenwoordig tydens sulke sessies.

Vermooten het gevra of dit moontlik is om vir hom water te bring. Die beampte het dit in die kombuis gaan haal, wat 'n hele entjie van die ondervragingslokaal af is.

Toe hy met die water terugkeer, moes hy met afgryse sien dat Vermooten vir dr. Wassenaar op die vloer vasgepen het en besig was om haar met 'n balpunte in die gesig te steek. Met die hulp van twee portiere wat naby was, is Vermooten van haar afgetrek. Sy het veelvuldige ernstige steekwonde aan haar gesig opgedoen en het die gebruik van haar een oog verloor.

In die lig van hierdie skokkende voorval moes ons uiteraard by die hooggeregshof uitstel vra om 'n volledige herevaluering van Vermooten se toestand te doen.

Dit is duidelik dat ons hier met 'n erg geestelik versteurde en uitgeslape man te doen het, wat selfs 'n span psigiaters die afgelope vyf weke lelik om die bos gelei het. Ons sal ook moet probeer bepaal of die dagboeke van Vermooten se ma die ware gebeure tydens sy kinderjare weergee. Ná sy aanval op dr. Wassenaar bevraagteken van my kollegas nou die geloofwaardigheid daarvan ernstig.

Die uwe

Bertus Erlank

Erkennings

My dank gaan eerstens aan almal wat waardevolle bydraes gelewer het om die manuskrip te verbeter: in die besonder Hester Carstens, my uitgewer by Queilleries, en Kerneels Breytenbach. Voorts groot dank aan François Bloemhof, wat die redigering hanteer het, die proeflesers Brenda Barrow en Liesl Roodt vir hul deeglike leeswerk, en Michiel Botha vir sy treffende voorbladontwerp.

Ek gee ook graag erkenning aan lt.kol. Anton Rabe van die Forensiese Laboratorium in Platteklou, wat altyd bereid is om te help as ek op sy nommer druk. Dieselfde geld vir lt.kol. Fienie Nimb van die Bellville-polisie.

Die eerste twee hoofstukke het as kortverhale in *Vrouekeur* verskyn, en was die vonk vir die skryf van hierdie boek. My dank aan Melt Myburgh, toe die verhaleredakteur, wat my genader het om bydraes vir die tydskrif te lewer. Was dit nie daarvoor nie, het dié spesifieke boek nooit verskyn nie.

Laastens wil ek my gesin – in die besonder my vrou, Lize – en familieleden en vriende bedank vir hulle volgehoue ondersteuning en meelewing. En natuurlik die lesers vir hulle positiewe terugvoering ná elke nuwe boek – dit dien as my groot inspirasie om aan te hou skryf.

Bronne

Boeke:

- Berry-Dee, Christopher. *Talking with Serial Killers – A Chilling Study of the World's Most Evil People*. John Blake Publishing, Londen. 2003.
- Pistorius, Micki. *Profiling Serial Killers – and Other Crimes in South Africa*. Penguin, Kaapstad. 2018.

Internet:

- <https://www.telegraph.co.uk/news/uknews/crime/10148003/Impulsive-murderers-are-less-intelligent-than-calculated-killers-says-study.html>
- https://en.wikipedia.org/wiki/Serial_killer
- <https://www.omicsonline.org/open-access/dissociative-identity-disorder-theory-explaining-serial-murder-and-murderers-2167-1222-S4-019.php?aid=61075>
- <http://www.bestcounselingdegrees.net/serial-killer/>
- https://pdfs.semanticscholar.org/e4ac/8f483f610c967b1f24b81_a835dd53353a5ca.pdf
- https://www.lycoming.edu/schemata/pdfs/soc_criminology_schemata_fall09.pdf/news/ct-brian-dugan-serial-killer-interview-met-20141212-story.ht
- http://www.scielo.br/scielo.php?pid=s1516-44462006000600005&script=sci_arttext&tlng=en
- <https://www.forbes.com/sites/alexknapp/2012/01/16/scient-ists-uncover-the-mathematics-of-serial-killers/#59162ec12804>
- <https://www.scienceofpeople.com/psychopath/>
- http://www.aijernet.com/journals/Vol_4_No_3_March_2014/11.pdf
- <https://www.sciencedirect.com/science/article/pii/S1359178914000305>
- <https://www.quora.com/Are-there-serial-killers-who-only-kill-for-the-fun-of-it-without-having-an-impulse-or-obsession>
- <https://www.forensicscolleges.com/blog/resources/dangerous-minds-criminal-mental-illness>
- <https://www.grunge.com/110562/traits-serial-killers-eerily-common/>
- <https://www.medicaldaily.com/serial-killer-criminal-mind-brain-scans-374994>
- <https://www.bustle.com/articles/115697-the-difference-between-mass-spree-and-serial-killers>
- https://af.wikipedia.org/wiki/Ted_Bundy
- <https://www.network24.com/Nuus/Misdaad/ontbind-span-kyk-na-hul-bedryghede-20190125>
- <https://www.network24.com/Nuus/Misdaad/binnegevegte-in-polisie-opod-lid-glo-gedreig-20190128>
- <https://www.network24.com/Nuus/Misdaad/brig-hansraj-onderzoek-kollega-20190124>
- <https://www.network24.com/Nuus/Misdaad/kaalvuus-ingeklim-in-w-kaapse-polisiekring-20190119>
- <https://www.network24.com/Nuus/Misdaad/speurder-vrees-vir-sy-lewe-20190109>
- <https://www.network24.com/Nuus/Hof/iemand-trek-toutjies-in-uitsmytersaak-20180124>
- <https://www.network24.com/Nuus/Misdaad/kaapse-nagklubs-dwelhandel-teiken-van-bende-en-sakegroepe-20180113>
- <https://www.network24.com/Nuus/Misdaad/bandopname-impliseer-glo-2-polisie-hoes-20180103>
- <https://www.network24.com/Nuus/Hof/polisielid-in-hof-weens-nog-korrupsieklagte-20190516>
- <https://www.network24.com/Stemme/Aktueel/die-monopolie-van-geweld-20190322>

<https://www.netwerk24.com/Nuus/Hof/hoe-in-polisie-het-glo-geld-gekry-vir-gunsies-20190509#loggedin>
<https://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/blitspatroolie-begelei-glo-polisie-hoe-kerk-toe-20190624>
<https://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/nuwe-eenheid-wil-integriteit-in-sapd-herstel-20160202#loggedin>
<https://ewn.co.za/2019/07/11/saps-considered-most-corrupt-institution-in-sa-survey>
<https://www.netwerk24.com/Nuus/Hof/oudbevelvoerder-weer-vir-korrupsie-gevonniss-20191202>
<https://www.netwerk24.com/Nuus/Misdaad/helfte-van-speurders-in-w-kaap-nie-opgelei-20190726#loggedin>
<https://www.netwerk24.com/Nuus/Politiek/jula-kry-in-jou-maai-brief-van-sitole-20190730>
https://en.wikipedia.org/wiki/South_African_Police_Service
<https://www.netwerk24.com/Sake/Muntslim/Beleggings/silwermunte-glinster-vir-slim-versamelaars-20170910>
<https://www.netwerk24.com/Nuus/Algemeen/r26-miljoen-vir-skaars-munte-uit-kluis-20170829>
<https://cointrader.co.za/articles/most-valuable-south-african-coins>
<https://www.marktplaats.nl/a/postzegels-en-munten/munten-nederland/m1361258485-1-00-gulden-koningin-juliana-1967.html>
<https://celltrackingapps.com/how-to-tell-if-your-landline-phone-is-tapped/>
<https://scroll.in/article/810148/how-easy-is-it-to-tap-someones-phone>

Opsomming

'n Berugte reeksmoordenaar jag by stormweer onder die Kaap se vroue, en dis Rooi en Kassie wat hom moet vastrek.

Maar hoe spoor jy 'n miljoenêr-ontsnapping op wat die polisie al jare lank ontglip, geen digitale spoor los nie, nie eens 'n selfoon besit nie en hope vals ID's het? En boonop sy slagoffers se harte steel deur hulle net een kyk te gee?

Die Hartedief kom met moord weg, en dan is Kassie se volle aandag ook nie eintlik by die saak nie, want hy is smoorverlief op 'n aanvallige mede-seëlversamelaar. Om vlerk te sleep is nie vir sissies nie, en sy eie hart is in gevaar.

Om sake vir hom en Rooi te vererger word hul baas by die Spesiale Spoekeenheid daarvan verdink dat sy hul ondersoek doelbewus in die wiele ry. Kassie weet hy moet haar onskuld bewys.

Intussen word nóg Kaapse vroue wreedaardig vermoor wanneer daar onweer broei.

Oor die skrywer

Rudie van Rensburg woon in Kaapstad en het al nege uiters gewilde spanningsverhale geskryf: *Slagyster*, *Kopskoot*, *Judaskus*, *Pirana*, *Kamikaze*, *Ys*, *Medusa*, *Vloek* en *Merk*, en die komiese romans *Hans steek die Rubicon oor* en *Hans gee Herklaas horings*. *Kamikaze* was die 2018-wenner van die ATKV Woordveertjie vir Spanningsfiksie.

Ander boeke deur Rudie van Rensburg, steeds in druk:

Misdaadfiksie

Slagyster

Kopskoot

Judaskus

Pirana

Kamikaze

Ys

Medusa

Vloek

Merk

Piranha (Engelse vertaling)

Humor

Hans steek die Rubicon oor

Hans gee Herklaas horings

Ander boeke deur Rudie van Rensburg, ook beskikbaar in e-boekformaat:

Misdaadfiksie

Slagyster

Kopskoot

Judaskus

Pirana

Kamikaze

Ys

Medusa

Vloek

Merk

Piranha (Engelse vertaling)

Humor

Hans steek die Rubicon oor

Hans gee Herklaas horings

Queillerie
is 'n druknaam van NB-Uitgewers,
'n afdeling van Media24 Boeke (Edms.) Bpk.,
Heerengracht 40, Kaapstad 8001
www.queillerie.co.za

© Rudie van Rensburg 2021

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie elektroniese boek mag sonder die skriftelike verloff van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Omslagontwerp deur Michiel Botha
Omslagfoto's deur Shutterstock
E-boekontwerp deur Wouter Reinders

Ook beskikbaar in druk:
Eerste uitgawe in 2021
ISBN: 978-0-7958-0241-6

Epub-uitgawe:
Eerste uitgawe in 2021
ISBN: 978-0-7958-0242-3 (epub)

Inhoudsopgawe

1. [Titelblad](#)
2. [Hoofstuk 1](#)
3. [Hoofstuk 2](#)
4. [Hoofstuk 3](#)
5. [Hoofstuk 4](#)
6. [Hoofstuk 5](#)
7. [Hoofstuk 6](#)
8. [Hoofstuk 7](#)
9. [Hoofstuk 8](#)
10. [Hoofstuk 9](#)
11. [Hoofstuk 10](#)
12. [Hoofstuk 11](#)
13. [Hoofstuk 12](#)
14. [Hoofstuk 13](#)
15. [Hoofstuk 14](#)
16. [Hoofstuk 15](#)
17. [Hoofstuk 16](#)
18. [Hoofstuk 17](#)
19. [Hoofstuk 18](#)
20. [Hoofstuk 19](#)
21. [Hoofstuk 20](#)
22. [Hoofstuk 21](#)
23. [Hoofstuk 22](#)
24. [Hoofstuk 23](#)
25. [Hoofstuk 24](#)
26. [Hoofstuk 25](#)
27. [Hoofstuk 26](#)
28. [Hoofstuk 27](#)
29. [Hoofstuk 28](#)
30. [Hoofstuk 29](#)
31. [Hoofstuk 30](#)
32. [Hoofstuk 31](#)
33. [Hoofstuk 32](#)
34. [Hoofstuk 33](#)
35. [Hoofstuk 34](#)

36. [Hoofstuk 35](#)
37. [Hoofstuk 36](#)
38. [Hoofstuk 37](#)
39. [Hoofstuk 38](#)
40. [Hoofstuk 39](#)
41. [Hoofstuk 40](#)
42. [Hoofstuk 41](#)
43. [Hoofstuk 42](#)
44. [Hoofstuk 43](#)
45. [Hoofstuk 44](#)
46. [Hoofstuk 45](#)
47. [Hoofstuk 46](#)
48. [Hoofstuk 47](#)
49. [Hoofstuk 48](#)
50. [Hoofstuk 49](#)
51. [Hoofstuk 50](#)
52. [Hoofstuk 51](#)
53. [Hoofstuk 52](#)
54. [Hoofstuk 53](#)
55. [Hoofstuk 54](#)
56. [Hoofstuk 55](#)
57. [Hoofstuk 56](#)
58. [Hoofstuk 57](#)
59. [Hoofstuk 58](#)
60. [Hoofstuk 59](#)
61. [Hoofstuk 60](#)
62. [Hoofstuk 61](#)
63. [Hoofstuk 62](#)
64. [Hoofstuk 63](#)
65. [Hoofstuk 64](#)
66. [Hoofstuk 65](#)
67. [Hoofstuk 66](#)
68. [Hoofstuk 67](#)
69. [Hoofstuk 68](#)
70. [Naskrif](#)
71. [Erkennings](#)
72. [Bronne](#)

- 73. [Oor die boek](#)
 - 1. [Opsomming](#)
 - 2. [Oor die skrywer](#)
- 74. [Ander boeke deur Rudie van Rensburg](#)
- 75. [Ander e-boeke deur Rudie van Rensburg](#)
- 76. [Kolofonbladsy](#).

Table of Contents

[Titelblad](#)

[Hoofstuk 1](#)

[Hoofstuk 2](#)

[Hoofstuk 3](#)

[Hoofstuk 4](#)

[Hoofstuk 5](#)

[Hoofstuk 6](#)

[Hoofstuk 7](#)

[Hoofstuk 8](#)

[Hoofstuk 9](#)

[Hoofstuk 10](#)

[Hoofstuk 11](#)

[Hoofstuk 12](#)

[Hoofstuk 13](#)

[Hoofstuk 14](#)

[Hoofstuk 15](#)

[Hoofstuk 16](#)

[Hoofstuk 17](#)

[Hoofstuk 18](#)

[Hoofstuk 19](#)

[Hoofstuk 20](#)

[Hoofstuk 21](#)

[Hoofstuk 22](#)

[Hoofstuk 23](#)

[Hoofstuk 24](#)

[Hoofstuk 25](#)

[Hoofstuk 26](#)

[Hoofstuk 27](#)

[Hoofstuk 28](#)

[Hoofstuk 29](#)

[Hoofstuk 30](#)

[Hoofstuk 31](#)

[Hoofstuk 32](#)

[Hoofstuk 33](#)

[Hoofstuk 34](#)
[Hoofstuk 35](#)
[Hoofstuk 36](#)
[Hoofstuk 37](#)
[Hoofstuk 38](#)
[Hoofstuk 39](#)
[Hoofstuk 40](#)
[Hoofstuk 41](#)
[Hoofstuk 42](#)
[Hoofstuk 43](#)
[Hoofstuk 44](#)
[Hoofstuk 45](#)
[Hoofstuk 46](#)
[Hoofstuk 47](#)
[Hoofstuk 48](#)
[Hoofstuk 49](#)
[Hoofstuk 50](#)
[Hoofstuk 51](#)
[Hoofstuk 52](#)
[Hoofstuk 53](#)
[Hoofstuk 54](#)
[Hoofstuk 55](#)
[Hoofstuk 56](#)
[Hoofstuk 57](#)
[Hoofstuk 58](#)
[Hoofstuk 59](#)
[Hoofstuk 60](#)
[Hoofstuk 61](#)
[Hoofstuk 62](#)
[Hoofstuk 63](#)
[Hoofstuk 64](#)
[Hoofstuk 65](#)
[Hoofstuk 66](#)
[Hoofstuk 67](#)
[Hoofstuk 68](#)
[Naskrif](#)
[Erkennings](#)

[Bronne](#)

[Oor die boek](#)

[Opsomming](#)

[Oor die skrywer](#)

[Ander boeke deur Rudie van Rensburg](#)

[Ander e-boeke deur Rudie van Rensburg](#)

[Kolofonbladsy](#).